


Vertaalteoretiese benaderings by Kinderbybelvertaling

TP Brink

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad MPhil in Vertaling
aan die Universiteit van Stellenbosch



**Studieleier: Prof A.E. Feinauer
Maart 2010**

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

.....
TP Brink

.....
Datum

Opsomming

In hierdie tesis word die belangrikheid van kennis omtrent vertaalteorieë tydens die voorbereidingsfase van 'n vertaalprojek ondersoek. Teoretici is dit eens dat vertaalde kinderliteratuur in die algemeen en Kinderbybels in die besonder draers is van kulturele en ideologiese norme, en dat brontekste daarom in mindere of meerdere mate herskryf word wanneer hulle vertaal word. Hierdie tesis is 'n poging om vas te stel in watter mate kennis van verskeie teorieë wat insigte lewer oor vertaling as herskrywing en ook vertaalteorieë wat meer spesifiek op Bybelvertaling fokus, 'n vertaler in die voorbereidingsfase in staat kan stel om uiteindelik 'n deurdagte produk te lewer waarin sy haar vertaalkeuses en -strategieë kan motiveer en verantwoord.

Om dit te kan doen word eerstens die teorieë van die Manipulasieskool, Venuti se insigte oor domestikering en vervreemding en die teorieë van Nida, Nord en Gutt oor Bybelvertaling beskryf. Daarna word 'n gevallestudie van 'n vertaalprojek gedoen deur die brontekste, die *Read and Learn Bible* deur Eva Moore, en die doeltekste, die *Lees-en-Leer Bybel*, te analiseer en vas te stel in watter mate kennis van die verskillende vertaalteorieë kan lei tot 'n funksionele vertaling.

Abstract

In this thesis the importance of knowledge about translation theories during the preparatory phase of a translation project is examined. Theorists agree that translated children's literature in general and children's Bibles in particular are transmitters of cultural and ideological norms, and that source texts are therefore to a greater or lesser degree manipulated when they are translated. This thesis is an attempt to ascertain in which ways insight into various translation theories regarding translation as manipulation as well as theories about Bible translation empowers a translator to deliver a functional target text in which she can motivate and defend her translation choices and strategies.

For this reason manipulation theories, Venuti's insights about domestication and foreignisation and the theories of Nida, Nord and Gutt about Bible translation are described. A particular translation project is then analysed by comparing the source text, the *Read and Learn Bible* by Eva Moore, with the target text, the *Lees-en-Leer Bybel*, to discover in which ways insight into the various translation theories can lead to a functional translation.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Inleiding	1
1.1 Voorbereiding vra meer as teksanalise	1
1.2 Kinderbybels as veld van ondersoek	4
1.3 Kinderbybels se ambivalente posisie in die literêre polisteem	6
1.4 Probleemstelling	7
1.5 Metodologie	10
1.6 Hoofstukindeling	11
Hoofstuk 2: Literatuurstudie	14
2.1 Inleiding	14
2.2 Die manipulasie-groep en vertaalstudie	14
2.2.1 Inleiding	14
2.2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die manipulasie-groep	15
2.2.3 Die fokus van die manipulasie-groep	16
2.2.3.1 Letterkunde as 'n sisteem	18
2.2.3.2 Interaksie tussen teorie en praktyk	18
2.2.3.3 Deskriptiewe benadering tot literêre vertaling	19
2.2.3.4 Doelgeoriënteerd en funksioneel	20
2.2.3.5. Norme wat die produksie en ontvangs van vertalings beheer	20
2.2.3.6. Vertalings as deel van 'n polisteem	22
2.2.3.7. Herskrywing	24
2.3. Domestikering en vervreemding	28
2.4 Gevolgtrekking	30
2.5 Teoretiese benaderings ten opsigte van Bybelvertaling	31
2.5.1 Nida en funksionele ekwivalensie	31
2.5.2 Funksionalisme en Bybelvertaling	35
2.5.2.1 Vermeer se skopos-teorie	36
2.5.2.2 Nord en die vertaalopdrag	37
2.5.2.3 Lojaliteit en verantwoordbaarheid	38
2.5.3. Ernst-August Gutt se relevansie-teorie	40
2.5.4 Gevolgtrekking	43
2.6 Slot	44

Hoofstuk 3: Die vertaling van kinderliteratuur	45
3.1 Inleiding	45
3.2 Definisie van kinderliteratuur	46
3.3 Manipulasie-teorie en kinderliteratuur	47
3.3.1 Kinderliteratuur word vir twee stelle lesers geskryf	48
3.3.2 Beperkings waaraan kinderliteratuur onderhewig is	49
3.3.3 Die ontwikkeling van gekanoniseerde kinderliteratuur	50
3.4 Vertaalde kinderliteratuur	52
3.4.1 Status van vertaalde kinderliteratuur	54
3.4.2 Die verhouding tussen bron- en doelteks	55
3.4.3 Die herskryf van die teks	57
3.4.4 Domestikering en vervreemding van tekste	60
3.5 Die didaktiese funksie van kinderliteratuur	63
3.5.1 Moet kinderlesers teen die negatiewe beskerm word?	64
3.6 Kindbeskouing en tekste vir die kind	67
3.7 Vertaling van Kinderbybels	70
3.7.1 Kinderbybels as draers van sosiale en kulturele norme	71
3.7.2 Kinderbybels as opvoedkundige hulpmiddel	71
3.7.3 Afrikaanse Kinderbybels as vertaalde tekste	73
3.7.3.1 Die bronteks van Kinderbybels	74
3.7.3.2 Herskryf van die teks	75
3.7.3.3 Probleme en uitdagings	76
3.7.3.4 Status van Kinderbybels	77
3.7.3.5 Ouer as tussenganger	78
3.7.3.6 Kinderkarakters in Bybelverhale	78
3.7.3.7 Die Suid-Afrikaanse teikenmark	79
3.7.4 Gevolgtrekking	79
Hoofstuk 4: 'n Historiese perspektief	81
4.1 Inleiding	81
4.2 Die ontstaan van Kinderbybels	81
4.2.1 Vroeë prototipes	83
4.3 Grepe uit die geskiedenis van Kinderbybels	84
4.3.1 Kinderbybels in Duitsland	84
4.3.2 Kinderbybels in Frankryk	85
4.3.3 Kinderbybels in Nederland	86
4.3.4 Kinderbybels in Engeland	87

4.3.5	Kinderbybels in die VSA	89
4.4	Die geskiedenis van Kinderbybels in Suid-Afrika	89
4.4.1	Afrikaanse Kinderbybels in die neëntiende en twintigste eeu	89
4.4.2	Afrikaanse Kinderbybels in die begin van die 21ste eeu	91
4.5	Voorbeelde van teksmanipulasie	93
4.5.1	Gesag van die vader	94
4.5.1.1	Abraham, die vader wat sy seun offer	94
4.5.1.2	Dawid, die onbevredigende ouer	96
4.5.1.3	Vaders en dogters	97
4.5.1.4	Respek vir vaders	98
4.5.2	Veranderende sosiale norme	99
4.5.2.1	Josef en Potifar se vrou	99
4.5.2.2	Dawid en Batseba	100
4.5.3	'n Kindbeeld van onskuld	101
4.6	Gevolgtrekking	102
	Hoofstuk 5: Die voorbereidingsfase van 'n vertaalprojek	104
5.1	Inleiding	104
5.2	Die vertaalopdrag	105
5.3	Analise van die bronteks op makrovlak	106
5.4	Paratekstuele elemente in die bronteks	107
5.4.1	Inleiding	107
5.4.2	Voorblad	107
5.4.3	Agterblad	109
5.4.4	Voorwoord	110
5.4.5	Voetnote	112
5.4.6	Wenke vir ouers	115
5.4.7	Funksie van die teks	117
5.5	Analise van die teks van die <i>Read and Learn Bible</i>	118
5.5.1	Inleiding	118
5.5.2	Doellesers	119
5.5.3	Keuse van verhale	120
5.5.3.1	Verhale uit die Ou Testament	121
5.5.3.2	Verhale uit die Nuwe Testament	123
5.5.4	Opskrifte van hoofstukke	123
5.5.5	Reduksie	124
5.5.5.1	Die Bybel as Amerikaanse suksesverhaal	125

5.5.5.2	Seksuele elemente	126
5.5.5.3	God se wese	127
5.5.5.4	Sonde	129
5.5.5.5	Kinderkarakters	131
5.5.6	Uitbreiding van die bronteks	135
5.5.7	Verskillende tekstipes in die bronteks	137
5.5.8	Doeltekstkultuur	139
5.5.9	Geloofskultuur	140
5.5.10	Domestikering	143
5.6	Gevolgtrekking	143
Hoofstuk 6: Die herskryf van die doelteks		146
6.1	Inleiding	146
6.2	Vertaalopdrag	147
6.3	Paratekstuele elemente van die doelteks	148
6.3.1	Voorblad, agterblad en voorwoord	148
6.3.2	Voetnote	148
6.4	Herskryf van die doelteks	151
6.4.1	Taalvlak van die lesers	152
6.4.1.1	Idiomatiese Afrikaans	152
6.4.1.2	'n Teks vir voorlees	152
6.4.1.3	Die volgorde van gebeure	153
6.4.1.4	Woordspeling en beeldspraak	154
6.4.1.5	Godsdiensttaal	155
6.4.1.6	Moderne taal	155
6.4.1.7	Die implisiete eksplisiet gemaak	156
6.4.2	Die eis van Skrifgetrouheid	157
6.4.2.1	Herskryf volgens die NAV	157
6.4.2.2	Keuses met leerstellige implikasies	162
6.4.3	Die rol van tradisie	164
6.4.4	Amerikaanse geloofskultuur	166
6.4.5	Die Afrikaanse kulturomgewing	168
6.5	Gevolgtrekking	169

Hoofstuk 7: Gevolgtrekking	170
7.1 Inleiding	170
7.2 Die rol van vertaalteorie in die voorbereiding van 'n vertaalprojek	170
7.2.1 Die kulturele konteks van tekste	170
7.2.2 Kinderbybels as veld van ondersoek	173
7.2.3 Die vertaling van kinderliteratuur	174
7.2.4 Kindbeskouing	175
7.2.5 Samevatting	175
7.3 Verdere navorsingsmoontlikhede	176
Bronnelys	180
Bylae 1. Vertaalopdrag	189
Bylae 2. Kinders se ontwikkeling tot volwassenheid	190
Bylae 3. Uittreksels uit die bronteks, <i>Read and Learn Bible</i>	192
Bylae 3.1 Voorblad	192
Bylae 3.2 Voorwerk en Voorwoord	192
Bylae 3.3 Inhoudsopgawe	193
Bylae 3.4 Wenke vir ouers	195
Bylae 3.5 Agterblad	196
Bylae 4. Uittreksels uit die doelteks, Lees-en-Leer Bybel	197
Bylae 4.1 Voorblad	197
Bylae 4.2 Voorwerk en Voorwoord	197
Bylae 4.3 Inhoudsopgawe	198
Bylae 4.4 Wenke vir ouers	200
Bylae 4.5 Agterblad	201

Lys van afkortings

NLV: *Die Bybel Nuwe Lewende Vertaling.*

NAV: *Die Bybel Nuwe Vertaling.*

LB: *Die Lewende Bybel.*

NKJV: *Holy Bible containing the Old and New Testaments, New King James Version.*

CEV: *Holy Bible: Contemporary English Version.*

KJV: *The Holy Bible containing the Old and New Testaments, Authorised King James Version.*

DB: *Die Boodskap. Ou en Nuwe Testament.*

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Voorbereiding vra meer as teksanalise

Christiane Nord (1991:1) is van mening dat algemeen aanvaar word dat dit belangrik is dat 'n vertaler haar¹ bronteks intensief sal analiseer ten einde te verseker dat sy die bronteks goed en korrek verstaan. Sy stel dan 'n vertalingsgeoriënteerde teksanalise voor wat sy in besonderhede beskryf.

Alhoewel haar model baie nuttig is en wyd gebruik word, is dit die aanspraak van hierdie tesis dat 'n vertaler ook veel kan baat by die insigte van vertaalteoretici, eerstens om die proses en praktyk van vertaling beter te verstaan en tweedens om insig te verkry in haar denkprosesse en dus haar motivering vir bepaalde vertaalmetodes en -keuses. Sodoende kan hierdie keuses deurdag en gemotiveerd gemaak word, wat lei tot 'n vertaling wat funksioneel en relevant is, oftewel beantwoord aan die spesifieke doel daarvan en geskryf met die doelleser in gedagte.

Vertaalteoretici van die Manipulasieskool het byvoorbeeld aangetoon hoe vertaling altyd binne 'n sekere kulturele konteks plaasvind, en aangevoer dat daardie konteks ondersoek moet word omdat dit 'n belangrike effek op die doelteks het. Wanneer tekste vertaal word, en dus tussen verskillende kulture beweeg, vind oordrag tussen die kulture plaas (Pym 2001). Die vertaler is die persoon wat die teks interpreteer en dan 'n nuwe teks skep vir 'n nuwe situasie en lesergroep. Elke vertaling is anders as die oorspronklike, is in der waarheid 'n nuwe teks. Oittinen (2006:42) noem 'n vertaling "an act of change and rewriting". In die geval van kinderliteratuur tree vertalers boonop wetend of onwetend op volgens hul persoonlike kindbeeld, en reflekteer hul vertalings hul siening van die kind en sy wêreld. "Ideology and ethics always go hand in hand in translating for children, which is no innocent act" (Oittinen 2006:43).

Die Manipulasieskool sien ook vertaalde letterkunde as 'n stelsel binne groter sosiale, literêre en historiese sisteme in 'n bepaalde kultuur. Dit bring mee dat daar sekere beperkings ("constraints") op 'n vertaler is, en sy op verskillende maniere aan druk onderwerp word om

¹ In hierdie tesis word deurgaans na die vertaler as "sy" en die kind as "hy" verwys. Dit word gedoen om die enigsins lomp hy/sy-stelwyse uit te skakel en ook om te onderskei tussen die twee groepe. Dit is bloot 'n praktiese besluit, en wil geensins impliseer dat alle vertalers vroulik of alle kinders manlik is nie. Wanneer daar na ander persone verwys word, word die hy/sy-stelwyse wel gebruik.

volgens die norme van die literêre en ander sisteme van die doelkultuur te vertaal. Die vertaalde teks het op sy beurt weer 'n effek op die nasionale letterkunde van die doelkultuur. Hierdie sienings is deur Itamar Even-Zohar as die polisisteamteorie ontwikkel, en hierdie teorie is verder ontwikkel deur onder andere Toury, Lambert, Van Gorp, Chesterman en Lefevere. Hulle het beskrywend te werk gegaan, en dit is juis hulle insigte in die proses van vertaling en die konteks waarin dit plaasvind wat vir elke vertaler van waarde kan wees wanneer sy 'n teks vir vertaling analiseer.

José Lambert (1995:100) sê: "Translation, as part of the collective unconscious, is part of cultural dynamics." Die manipuliste beskryf die aard en funksie van vertaling as 'n kulturele en historiese verskynsel. Die vertaling moet in die konteks van sy kultuur gesien word, en die vraag word gevra: Wie vertaal wat, wanneer, hoe, vir wie en in watter konteks? Hulle ondersoek die hele proses, van die besluit om te vertaal of nie te vertaal nie tot by die ontvangs van die vertaling. Hulle kom dan tot die gevolgtrekking dat alle vertaalde tekste in mindere of meerdere mate "manipuleer" is, en is van mening dat dit belangriker is om vas te stel in watter mate en op watter maniere 'n teks manipuleer is as om 'n waardeoordeel oor die sogenaamde korrektheid of getrouheid van die bronteks te vel.

Susan Bassnett en André Lefevere ondersoek gesamentlik (1990) en afsonderlik (Bassnett 1991; Lefevere 1982 en 1985) ook die teks in sy kulturele omgewing en fokus op die interaksie tussen vertaling en kultuur, en op die manier waarop 'n kultuur 'n vertaling beïnvloed en beperk. Kwessies soos die konteks waarin die vertaling plaasvind, die geskiedenis van die bron- en van die doelteks, die plek van die teks in die bronkultuur en die plek wat die vertaling in die doelkultuur sal inneem, moet in ag geneem word, want vertaling is 'n herskryf van die bronteks, en wel vanuit 'n bepaalde kulturele konteks en met sekere sosiokulturele doelwitte. Hierdie skuif van vertaling as teks na vertaling as kultuur en ideologie noem Mary Snell-Hornby (2006) die "cultural turn" van vertaalstudie. Die vertaalproses word gesien as 'n kommunikasieproses, en die vertaler kyk verder as die teks na die kultuur waarin die teks funksioneer. In hierdie tesis wil ek aantoon dat dit juis hierdie verder kyk is wat belangrik is tydens die voorbereidingsfase van 'n vertaling.

Hermans (1999:96) is van mening dat "when translation occurs [...] it always does so as a particular type of translation, culturally and ideologically circumscribed and often institutionally transmitted. Translators never 'just translate'". Alle vertaling is 'n vorm van herskryf (Hermans 1985:11). Dit kan doelbewus wees of as gevolg van druk wat uitgeoefen word deur verskillende linguïstiese, literêre en kulturele kodes wat op mekaar inwerk. Baie lesers lees slegs die nuwe teks en vir hulle is die vertaalde werk "die" teks.

Vertaling kan ook gesien word as “a weapon in the struggle for supremacy between various ideologies, various poetics” (Lefevere 1985:234). Lefevere het gekyk na die dinge wat ’n vertaling beïnvloed, soos die status van die oorspronklike, die beeld wat die doelkultuur van sigself het, tipes tekste wat waardig geag word, taalvlakke wat aanvaarbaar is, die leser vir wie vertaal word, die kulturele tekste (“scripts”) waarmee die lesers identifiseer of waarvan hulle sal leer, die vertaler se ideologie, en lojaliteit teenoor sekere vorms van teksreproduksie. Herskrywing is vir Lefevere enige verwerking van ’n teks, hetsy in dieselfde of ’n ander taal. ’n Groot deel van ons kulturele kennis is gebaseer op ons kontak met ’n verskeidenheid vorme van herskrywing. Lefevere beywer hom dus vir ’n tipe navorsing van letterkunde wat nie net die letterkunde op sigself bestudeer nie, maar ook die maniere waarop herskrywing plaasvind.

Lawrence Venuti fokus op die onsigbaarheid van vertaling en die vertaler in die Brits-Amerikaanse kulture, en op die strategieë van “domesticating” (domestikering) en “foreignization” (vervreemding) wat vertalers kan toepas. Venuti meen dat vertaalstudie altyd die waardegedrewe aard van die sosiokulturele raamwerk waarbinne ’n vertaling funksioneer, in ag moet neem. Die gebruik om ’n vloeiende, deursigtige (“transparent”) vertaling te lewer, verdoesel belangrike aspekte van die betekenis van die bronteks en skep ’n illusie dat die leser ’n oorspronklike teks lees (Venuti 1995:1). Dit lei ook tot die sogenaamde onsigbaarheid van die vertaler. Hierdie onsigbaarheid word verder veroorsaak deur die manier waarop vertaalde tekste gelees word – dit word as aanvaarbaar beskou wanneer dit die indruk skep dat dit die skrywer se persoonlikheid of intensies of die teks se essensiële betekenis weergee. Dit moet lees soos ’n oorspronklike teks, nie soos ’n vertaling nie. Die oorspronklike skrywer se status is onaantasbaar; die bronteks word verhef tot “die” teks, die vertaling is van mindere gehalte en belang. Venuti voel dat die leser van die vertaalde teks juis iets van die vreemde kultuur te wete moet kom deur die lees van die vertaalde teks, en daarom moet die vertaler die vreemdheid behou en die leser bewus maak van die vertaalproses (ook dat dit voordele en nadele inhou) en van die “unbridgeable gaps between cultures” (Venuti 1995:306).

Hierdie kort aantekeninge gee reeds ’n aanduiding dat ’n vertaler daarby sal baat om die bronteks sowel as haar eie denkprosesse tydens voorbereiding en vertaling in ’n wyer konteks te sien, en dat die insigte van die Manipulasieskool van vertaalteoretici waarde tot haar werk kan toevoeg.

1.2 Kinderbybels as veld van ondersoek

In hierdie tesis word 'n Kinderbybel² gebruik om ondersoek in te stel na die mate waarin dit belangrik is dat 'n vertaler die insigte van vertaalteoretici soos die manipuliste te berde bring tydens die voorbereidingsfase van 'n vertaling. Waarom juis 'n Kinderbybel?

Sleutelkonsepte of metafore van die Christelike geloof word op twee maniere oorgedra: deur die rituele waaraan Christene deelneem en deur die stories waarin die metafore ingebed is. Stories vorm die brug tussen die konsepte en die individu. En hierdie stories vorm die tradisies waarin Christene lewe, die Christelike kultuur (Tilley 1985:5). Hulle wil antwoorde gee op die vrae van die mensdom: Waar kom ons vandaan? Wat maak ons hier? Waarheen gaan ons?

Die “stories” van die Christelike geloof staan opgeteken in die Bybel – die waarhede en wette van hierdie godsdiens word dus van een geslag tot die ander oorgedra deur die geskrewe woord. Die Bybel is geskryf binne 'n bepaalde kultuur, naamlik dié van die Midde-Ooste van meer as 2000 jaar gelede. Vir volwasse Christene is dit dikwels moeilik om die verhale wat in 'n kultuur so ver van hul eie geskryf is, te verstaan en die relevansie daarvan vir die lewe van die 21ste eeu in te sien. Ouers en opvoeders wat die geloofswaarhede of leerstellings wat in die Bybel voorkom aan kinders wil oordra en verstaanbaar wil maak, doen dit meestal deur die verhale van die Bybel vir kinders oor te vertel. Die verhale wat in die Bybel vir volwassenes van 2000 jaar gelede geskryf is, word dan herskryf of vertaal sodat dit vir kinders van vandag sin sal maak. Ouers en opvoeders gebruik meestal Kinderbybels om hulle hiermee te help. Verskillende oorvertellings of verwerkings van die Bybel is dan ook 'n belangrike afdeling van die meeste Christelike uitgewers, en ouers kan kies en keur uit 'n wye verskeidenheid kleurvolle tekste.

Omdat die Bybel beskou word as die heilige skrif van die Christene, geïnspireerd deur die Heilige Gees, word die woorde van die teks dikwels gesien as van wesenlike belang. Protestante het na die Hervorming toenemend klem gelê het op die gebruik van die juiste woorde van die Bybel. Die titels van Kinderbybels het dan ook meestal impliseer dat die spesifieke boek “getrou” was aan die woorde van die Bybel. Nadere ondersoek toon egter dat die skrywers selde by hierdie beginsel bly en net soos dié van ander kinderliteratuur baie vry met die bronteks omgaan. Bottigheimer (1996:xi-xii) en Du Toit en Beard (2005b:568-569) meen dat die aandrang van die uitgewers dat Kinderbybels “heilige skrif” is, of dat dit ten minste die goedkeuring van gesaghebbende teoloë wegdra, juis spruit uit die feit dat die

² In wetenskaplike diskoers word die name van heilige skrifte dikwels met kleinletters geskryf. Ook voornaamwoorde wat op God betrekking het, word meestal met kleinletters geskryf. In hierdie tesis word die genoemde voornaamwoorde en die woorde Bybel, Kinderbybel, Ou Testament en Nuwe Testament egter in navolging van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* deurgaans met hoofletters geskryf. In ooreenstemming hiermee word name van ander heilige skrifte dus ook met hoofletters geskryf.

Bybelse verhale oorvertel is met sosialiseringdoelwitte en dus heel dikwels gewysig is om by heersende sosiale en kulturele norme aan te pas.

Ouers en opvoeders gebruik Kinderbybels om die waarhede omtrent die Christelike geloof aan die volgende geslag oor te dra, sien hierdie tekste dikwels as heilige skrif self, en is onbewus van die mate van herskryf wat daarin plaasvind. Dit sal interessant wees om vas te stel in watter mate baie volwassenes se persepsie van wat in die Bybel staan, in werklikheid nader is aan die teks van die Kinderbybel waarmee hulle grootgeword het as die teks van die Bybel self. Die vertaling van 'n Kinderbybel is dus nooit, in die woorde van Oittinen (2006), 'n onskuldige aktiwiteit nie. Dit is, soos Hermans (1985) dit stel, die herskryf van die bronteks met nuwe sosiokulturele doelwitte. Wanneer 'n vertaler insig het in hierdie proses kan dit reeds in die voorbereidingsfase verreken word, kan die herskryf bewus gedoen word, en kan deurdagte, gemotiveerde vertaalkeuses gemaak word.

In hierdie ondersoek na die vertaling van 'n Kinderbybel word aangetoon hoe kennis van teorieë oor vertaling 'n vertaler se werk kan rig en waarde tot die uiteindelijke doelteks kan toevoeg. Juis omdat die bronkultuur en doelkultuur in die betrokke geval so ver van mekaar verwyder is, en omdat die doelteks 'n sleutelrol in die oordra van belangrike geloofskennis speel (en ideologiese en sosiokulturele doelstellings het), kan die Kinderbybel as doelteks gebruik word om aan te toon hoe die insigte van die manipulistiese vertaler se voorbereiding kan vorm en sodoende die hele vertaalproses beïnvloed. Deur middel van die gevallestudie word ondersoek ingestel na sommige van die maniere waarop kultuuroordrag deur middel van die twee Kinderbybels geskied, en na sommige van die strategieë wat bronteks- en doelteksskrywers/vertalers toegepas het om dit te bewerkstellig. Daar word ondersoek ingestel na die maniere waarop die skrywers/vertalers die verhale van die Bybel gebruik het om die vrae oor die mens se herkoms, doel en bestemming vir kinderlesers te probeer beantwoord, met ander woorde na die maniere waarop die vertalings deur kultuur beïnvloed is. Daar word dus beskryf op watter manier die kultuur waarin die Kinderbybel moet funksioneer die teks van die Kinderbybel beïnvloed.

Dit lei dan tot sekere gevolgtrekkings oor die maniere waarop vertalers kan baat wanneer hulle vertaalteoretici se insigte in hul teksanalise kan aanwend.

1.3 Kinderbybels se ambivalente posisie in die literêre polisie

Vir die doel van hierdie tesis word 'n Kinderbybel beskou as 'n versameling verhale wat gekies word uit die narratiewe gedeeltes van die Bybel en spesiaal verwerk of oorgeskryf word vir kinderlesers van verskillende ouderdomsgroepe (Bottigheimer 1996:4; Du Toit & Beard 2007:301-302). Daar word gewoonlik breedweg onderskei tussen Kinderbybels vir voorlees (vir lesers tot ongeveer agt jaar) en dié vir selflees (vir lesers tussen agt en twaalf). Aangesien die twee Kinderbybels wat ondersoek word vir kinders tussen vyf en agt geskryf is, word daar hoofsaaklik op hierdie ouderdomsgroep gefokus.

'n Kinderbybel is egter ook 'n teks wat as't ware op baie stoele moet sit: Dit is kinderliteratuur spesifiek geskryf vir 'n sekere ouderdomsgroep, maar – omdat dit geloofswaarhede moet oordra – ook opvoedkundige, teologiese en ideologiese teks. Dit word selfs beskou as niks minder nie as heilige skrif.

Bottigheimer het gevind dat die voorwoord van 'n Kinderbybel dikwels beweer dat die verhale “Skrifgetrou” is. Omdat die boek derhalwe die stempel van goddelike gesag dra, neem dit 'n spesiale plek in, verhewe bo “gewone” kinderliteratuur. Dit is dus te verstane dat die skrywer, oorteller of vertaler van die Kinderbybel 'n ondergeskikte plek inneem, en dikwels nie eers erkenning kry nie. Volgens Du Toit en Beard (2007:301) is die onderskeid tussen hierdie drie persone dikwels ook nie duidelik nie.

Kinderbybels word dikwels as vereenvoudigde vorms van die Bybelteks beskou, en dus deel van die kanon of heilige skrif (Du Toit & Beard 2007:301). Teoloë beskou Kinderbybels egter selde as geldige ondersoekveld. Volgens Du Toit en Beard is Kinderbybels vir teoloë die domein van kinders en hul versorgers, en dus nie deel van die tradisionele teologiese ondersoekveld nie. Kinderbybels word ook deur literêre navorsers ignoreer, en bibliograwe sluit Kinderbybels selde in wanneer kinderliteratuur ondersoek word. Du Toit en Beard (2007:302) noem byvoorbeeld dat Wybenga en Snyman se gids tot Afrikaanse kinderliteratuur, wat in 2005 verskyn het, glad nie Kinderbybels bespreek nie. Dit beteken nie dat Kinderbybels 'n onbeduidende plek in die uitgewersbedryf inneem nie. Alhoewel die aantal Afrikaanse kinderboeke wat jaarliks gepubliseer word, skerp afgeneem het, word 'n verskeidenheid Afrikaanse Kinderbybels steeds elke jaar uitgegee en is dit volgens uitgewers van hul beste verkopers (Du Plessis 2004).

Dit blyk dus dat Kinderbybels 'n belangrike deel van die boekemark is, maar selde akademiese aandag kry.

Kinderbybels is altyd vertalings. Alhoewel daar dikwels in die voorwoord geïmpliseer word dat die betrokke teks dieselfde is as die bronteks, en dus heilige skrif of Bybel self is, is dit kennelik nie waar nie. Dit is meestal 'n oorvertelling of verwerking van 'n vertaling van die bronteks. Hierdie reeds vertaalde bronteks is gewoonlik óf een van die bestaande Bybelvertalings vir volwassenes óf 'n ander Kinderbybel.

Die bestudering van 'n vertaalde Kinderbybel na aanleiding van die teorieë van die Manipulasieskool van vertaalstudie behoort dus lig te werp op hierdie proses van vertaling van vertalings van 'n bronteks met kanonieke status. In watter konteks vind die vertaling of herskryf van Kinderbybels plaas? Is Kinderbybels inderdaad getrou aan hul bronteks, of beïnvloed ideologiese druk van buite die inhoud daarvan?

Kinderbybels is ook 'n tipe Bybelvertaling, hetsy van die Hebreeuse en Griekse brontekste, 'n moderne vertaling van die brontekste of 'n anderstalige Kinderbybel. Teorieë ten opsigte van Bybelvertaling moet dus ook in ag geneem word tydens die voorbereidingsfase sowel as tydens die vertaalproses self. Nida se teorie van funksionele ekwivalensie het 'n diepgaande en durende invloed op Bybelvertaling gehad, en noop steeds die vertaler om te vra in watter mate die doelteks vir die doelleser in sy kulturele konteks sin sal maak. Sy moet haar ook afvra of die vertaling aan sy skopos of funksie voldoen, en in watter mate die doelteks vir sy lesers relevant sal wees. Wat moet uit die teks weggelaat, bygevoeg of selfs verander word sodat dit relevant kan wees? In watter mate mag of kan dit gebeur?

Die antwoorde op hierdie vrae behoort lig te werp op die wyse waarop die vertaler se denke tydens die voorbereidingsfase van 'n vertaling kan baat by kennis van vertaalteoretiese insigte.

1.4 Probleemstelling

Bottigheimer (1996:4) beweer dat uitgewers van Kinderbybels deur die eeue meestal twee doelwitte gehad het: "Social utility thus joined soul saving, as it would in children's Bibles in each country and every century in which they appeared³." Sy toon dan aan hoe die doelwit van sosialisering deur die eeue verander het, en dat dit ook die inhoud en aanbiedingswyse van Kinderbybels beïnvloed het (Bottigheimer 1996:51-52, 71). Dit gebeur ten spyte daarvan dat die meeste Kinderbybels aanspraak daarop maak dat hulle "Skrifgetrou" is. Die vraag is nou in watter mate dit gebeur het en steeds gebeur in Afrikaanse Kinderbybels, waar die kwessie van

³ Geloofsopvoeding en sosialisering word inderdaad meestal as een saak gesien: 'n Gelowige kind bewys sy geredde toestand deur sosiaal aanvaarbaar op te tree ("soet te wees"). En "soet" is geensins in elke kultuurgroep (of subgroep) dieselfde nie. Die skryf en/of vertaal van 'n Kinderbybel is nooit 'n onskuldige aktiwiteit nie.

Skrifgetrouheid volgens die meeste voor- en agterblaaie baie belangrik is. Bottigheimer meen dat alle Kinderbybels geredigeer word deur middel van weglating, byvoeging, herformulering en transposisie (1996:96), en dit is natuurlik waar: alle Kinderbybels bestaan uit gedeeltes wat uit die Bybel oorgeskryf is. In watter mate kom die keuses van die samesteller neer op sosialisering van die kinderleser en dus kultuuroordrag?

Zohar Shavit sê: “As a result of society’s concept of childhood, children’s literature, unlike adult literature, was considered an important vehicle for achieving certain aims in the education of children” (1986:ix). Sy sien kinderliteratuur as deel van die literêre polisteem waar die posisie van elke afdeling in die sisteem bepaal word deur sosioliterêre beperkings (“constraints”). Kinderliteratuur is ’n integrale deel van die samelewing se kultuurlewe, tree op bepaalde maniere binne die literêre polisteem op, en ontwikkel altyd binne ’n bepaalde kulturele konteks. Die samelewing se veranderende kindbeeld lei dus daartoe dat daar groot verskille tussen kinderboeke van verskillende tydperke is. Kinderboeke word ook daardeur beperk dat die skrywer altyd vir twee gehore skryf – vir kinders sowel as vir die volwasse keurders en kopers van kinderliteratuur. Kinderbybels as deel van kinderliteratuur vorm ook deel van die literêre polisteem, en tree op binne ’n bepaalde kulturele konteks. In hierdie tesis wil ek aan die hand van die polisteemteorie ondersoek instel na die wyse waarop Kinderbybels ook binne ’n bepaalde kulturele konteks optree, en beïnvloed word deur die kulturele norme van die samelewing.

Kinderboeke word met ’n sekere kindbeeld in gedagte geskryf. Wanneer die kindbeeld van ’n samelewing of kultuur verander, verander tekste wat vir kinders geskryf word, ook (Shavit 1986:7). Die kulturele begrip van die kind as afsonderlike kategorie het maar eers in die sewentiende eeu in Europa ontstaan. Dit was ook die tyd toe die skool as manier om kinders te onderrig ontstaan het, en die tyd toe afsonderlike leesstof vir kinders ontwikkel is. Spesiale uittreksels uit die Bybel is van daardie tyd af spesifiek geskryf om in skole vir die onderrig van kinders gebruik te word. Die kwessie van die kindbeeld in die 21ste eeu, en veral die invloed wat dit op die keuse en aanbod van die teks het, is ’n belangrike aspek van enige ondersoek van Kinderbybels. Die kind se begripsvermoë en die temas waaraan hy/sy blootgestel moet/kan word, is hier te sake. Shavit het gevind dat hierdie twee aspekte veral ’n invloed het op die toon van die teks, karakterisering, die invoeg of weglaat van onvanpaste en/of ongeskikte gebeurtenisse, die veronderstelde sosiale norme van die teks en besluite oor wat vir die kinderleser geskik is (1986:28).

Wanneer ’n Kinderbybel bespreek word, beweeg ’n mens tussen twee genres, naamlik dié van kinderliteratuur en dié van godsdienstige tekste. Williams en Chesterman (2002:11) onderskei twee kwessies wanneer religieuse tekste ondersoek word, naamlik die groot kulturele afstand tussen die brontekstlesers en die doeltekstlesers, en die kwessie van die Bybel as kanon of

heilige teks. Hierdie twee kwessies is ook belangrike oorwegings in die ondersoek wat hier gedoen word. Die manier waarop die Bybel – 'n heilige teks wat uit heilige woorde bestaan – herskryf is tot 'n teks spesifiek gemik op kinders as teikenlesers en die wyse waarop die kultuur van die bronteks oorgedra word aan die kinderlesers van die 21ste eeu moet beslis ondersoek word. Ek sal probeer vasstel watter aanpassings gemaak is, en hoe die teks herskryf is of nie herskryf is nie om die hedendaagse konteks van die lesers in ag te neem.

Die twee Kinderbybels wat ondersoek word, die *Read and Learn Bible* en die *Lees-en-Leer Bybel*, is albei bedoel vir kinders tussen vyf en agt jaar oud. Voorheen is Kinderbybels vir spesifieke geloofsgroepe geskryf; daar was Kinderbybels vir Protestante, Rooms-Katolieke en Joodse kinders. Vandag het hierdie onderskeid meestal verval, hoofsaaklik omdat uitgewers verkies om die grootste moontlike mark te bereik. Wat wel byna deurgaans gedoen word, is om verskillende Kinderbybels vir verskillende ouderdomsgroepe uit te gee. Hierdie gebruik het reeds in die 19de eeu ontstaan (sien hoofstuk 4), en nou, in die 21ste eeu, dui bykans elke Kinderbybel aan vir watter ouderdomsgroep dit bedoel is.

Die Amerikaanse teks van die *Read and Learn Bible* is volgens die voorwoord (sien bylae 3.2) gebaseer op twee Engelse vertalings van die bronteks, naamlik die *Contemporary English Version* en die *King James Version*. Die skrywer van die teks word slegs in die voorwerk (sien bylae 3.2) in baie klein skrif aangedui, en sy word ook nie as skrywer erken nie; sy het die verhale slegs oortel: “Stories retold by Eva Moore” (*Read and Learn Bible* 2008:voorwerk). Dit is volgens Du Toit en Beard (2007:301) 'n algemene praktyk in Kinderbybels, en deel van die poging van die uitgewers om die Kinderbybel kanonieke status te gee: Die kinders het hier met niks minder as die Bybel self te doen nie. Die boek word trouens op die voorblad en ook in die voorwoord ondubbelsinnig 'n Bybel genoem. Hoe dit ook al sy, die Engelse teks is 'n vertaling of dan herskryf van twee Engelse Bybeltekste: die *King James* wat reeds in 1611 verskyn het (die uitgewers dui nie aan of die hersiene uitgawe van 1979 gebruik is nie) en die *Contemporary English Version*, 'n Bybel wat geskryf is vir mense met 'n graad 4-leesvlak.

Die Afrikaanse teks is 'n vertaling van die Engelse teks, wat reeds 'n vertaling is. Ook hier dui die voorblad (sien bylae 4.1) egter aan dat die leser met die Bybel self te doen het, en noem die Voorwoord die boek selfs “'n unieke Bybel vir jong lesers” (sien bylae 4.2). Die Afrikaanse teks noem ook in die voorwerk dat die verhale “oortel” is deur Eva Moore, maar die vertaler ontvang nêrens enige erkenning nie (sien bylae 4.1, 4.2 en 4.5).

Die vraag ontstaan dan in watter mate die oortelende verhale steeds as “Bybel” gesien kan word, en in watter mate hulle herskryf en 'n nuwe teks is. Watter invloed het die kulturele konteks waarin al twee boeke geskep is en die kulturele konteks van die doelleser op die teks gehad? Om hierdie vrae te kan beantwoord, sal die doelwitte van die twee tekste bepaal word,

en ondersoek ingestel word na maniere waarop die skrywer en vertaler hierdie doelwitte deur middel van die teks verwesenlik.

Met die analise van die twee Kinderbybels word daar dan vasgestel in watter mate hulle herskryf is volgens die kulturele norme van die skrywer en vertaler se spesifieke kulturele konteks, en ook volgens die bepaalde kindbeeld van elkeen (wat ook bepaal en gevorm is deur elkeen se kulturele konteks). Daarmee wil ek aantoon dat 'n vertaler se kennis van vertaalteorieë 'n baie positiewe invloed op die doeltteks kan uitoefen, en dat hierdie kennis onontbeerlik is in die voorbereidingsfase van die vertaling, wat dan 'n makro-analise van die teks insluit. Dit is egter nie genoeg dat die vertaler daardie kennis het nie; al die persone wat betrokke is by die projek (keurders van die teks, uitgewer, projekbestuurder, redigeerder en proefleser) se besluite en optredes word bepaal deur hulle persepsies en sosiokulturele konteks, en daarom sal selfs 'n mate van insig in die teorie in verband met die vertaalproses ook tot 'n beter produk lei.

Ek stel die volgende hipotese: Kennis van vertaalteorie is noodsaaklik in die voorbereidingsfase van 'n vertaalprojek.

1.5 Metodologie

Die uitgangspunt van hierdie tesis is dat Kinderbybels 'n baie goeie illustrasie bied van die invloed wat kultuur en sosiale norme op 'n vertaling het, selfs in gevalle waar die bronteks kanonieke status as heilige teks het, en dat dit nodig is dat die vertaler reeds in die voorbereidingsfase hiervan kennis sal neem.

Die tesis is hoofsaaklik 'n gevallestudie, waar 'n vertaalde Kinderbybelteks krities-evaluerend ondersoek word om aan toon watter invloed kennis van die teorieë wat die manipulasie of herskryf van tekste impliseer op die vertaalkeuses en strategieë van die vertaler het, en op watter manier dit dus tot 'n meer deurdagte en gemotiveerde vertaling lei. Verskeie van hierdie teorieë (onder andere die manipulasieteorie, die polisisteamteorie, die kwessie van domestikering en vervreemding, funksionele ekwivalensie, funksionalisme en die relevansieteorie) word beskryf en dan gebruik om 'n teks te analiseer. Daarna word afleidings gemaak ten opsigte van die praktyk van die vertaling van Kinderbybels in Afrikaans en die nut van die teorie vir die denke van die vertaler in haar voorbereiding van die vertaling.

Twee Kinderbybels word volgens die teorieë analiseer en bespreek. Die *Read and Learn Bible* is geskryf deur Eva Moore en oorspronklik in die VSA deur die American Bible Society uitgegee. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die kopiereg bekom, die teks in Afrikaans,

Xhosa en Zulu laat vertaal en dit toe saam met 'n Engelse weergawe in Suid-Afrika uitgegee. Die Engelse teks gebruik metrieke mate en gewigte en die Britse spelwyse, maar is verder onveranderd gelaat. Ek het die Afrikaanse vertaling in opdrag van die Bybelgenootskap gedoen.

Die twee tekste is gekies omdat hulle in sowel die VSA as Suid-Afrika deur Bybelgenootskappe uitgegee word, en dus onmiddellik 'n soort "amptelike" status het.

Eerstens sal die voorbereidingsfase van die vertaalprojek beskryf word, en daar sal aangetoon word in watter mate die verskillende vertaalteorieë vertaalkeuses en -strategieë bepaal en gerig het. Daar sal ondersoek ingestel word na die mate van herskrywing in die bronteks, die *Read and Learn Bible*, na die invloed van ideologie op die keuses wat die skrywer gemaak het, en op die mate van vervreemding en domestikering wat plaasvind. Paratekstuele elemente soos aantekeninge, voorwoord of agterblad-opmerkings sal ook ondersoek word ten einde leidrade te vind omtrent die doel en funksie van die bronteks sowel as die werksmetode van die skrywer. In navolging van funksionalistiese teorieë sal die vertaalopdrag ook in hierdie fase bestudeer word, afleidings gemaak en besluite geneem word. Laastens sal afleidings gemaak word oor die kulturele konteks van die skrywer en moontlik ook oor maniere waarop dit haar teks beïnvloed het. Wanneer die doelteks, die *Lees-en-Leer Bybel*, dan ondersoek word (steeds aan die hand van teorieë in verband met teksmanipulasie en Bybelvertaling), sal vasgestel word in watter mate kennis van vertaalteorieë die vertaler se besluite en keuses beïnvloed het. Hieruit word dan afleidings gemaak ten opsigte van die waarde van vertaalteoretiese kennis vir die vertaler.

1.6 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 van die tesis dien as inleiding tot die kwessie wat ondersoek word en probleemstelling. In hoofstuk 2 en 3 word 'n literatuurstudie gedoen. In hoofstuk 2 word teorieë ten opsigte van vertaling as herskrywing soos geformuleer deur veral aanhangers van die Manipulasieskool kortliks bespreek. Bassnett en Lefevere ondersoek byvoorbeeld die teks in sy kulturele omgewing en fokus op die interaksie tussen vertaling en kultuur. Venuti fokus weer op die onsigbaarheid van vertaling en die vertaler in die Brits-Amerikaanse kulture, en op die strategieë van "domesticating" (domestikering) en "foreignization" (vervreemding). Die ondersoek dui op die belangrikheid daarvan vir die vertaler om haar te vergewis van hierdie insigte sodat sy 'n gemotiveerde vertaling van haar bronteks kan doen.

Kinderbybels is 'n oorskryf van 'n bronteks wat vir volwassenes bedoel is, maar hoofsaaklik in vertaalde vorm gelees word, en drie teorieë ten opsigte van Bybelvertaling, naamlik Nida se teorie van funksionele ekwivalensie, Nord se teorieë oor die funksie van die doeltteks en Gutt se relevansieteorie, word dus ook in hierdie hoofstuk bespreek.

In hoofstuk 3 word die plek van kinderliteratuur (en Kinderbybels as onderafdeling van kinderliteratuur) in die literêre polisteem ondersoek, met verwysing na die werk van Shavit en Lathey. Van Coillie en Verschuere het veral gekyk na die vertaling van kinderliteratuur. Die spesiale plek wat Kinderbybels in die literêre polisteem inneem as sowel kinderliteratuur as heilige skrif is deur Bottigheimer, Du Toit en Beard ondersoek. Daar word deurgaans aangetoon dat vertaling van kinderliteratuur nie 'n eenvoudige, meganiese taak is nie, maar altyd kultureel en ideologies gedrewe is.

Kinderbybels funksioneer nie in isolasie nie, maar as deel van die literêre polisteem. Deur na die geskiedenis van Kinderbybels te kyk, kan die Kinderbybel wat ondersoek word, meer doeltreffend binne konteks gesien word. In hoofstuk 4 word die geskiedenis van Kinderbybels dus kortliks nagegaan, want die insigte wat hieruit verkry kan word, kan ook van waarde wees vir huidige vertalers. Ruth Bottigheimer het byvoorbeeld 'n omvattende ondersoek na die ontwikkeling van Kinderbybels in Europa gedoen, Cornelia Roux het in die tagtigerjare die geskiedenis van Afrikaanse Kinderbybels kortliks beskryf, en meer onlangs het uitgewers soos die Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) en Du Toit en Beard navorsing gedoen oor die huidige stand van sake ten opsigte van Afrikaanse Kinderbybels. Volgens verskeie navorsers word vertalers van kinderliteratuur se werk veral bepaal deur hul kindbeeld, en daarom word daar in hierdie hoofstuk ook ondersoek ingestel na die kindbeeld wat in enkele Afrikaanse Kinderbybels van die twintigste eeu raakgesien kan word, veral na aanleiding van hul uitbeelding van kinders en gesagsfigure.

Hoofstuk 5 beskryf die voorbereidingsfase van 'n vertaalprojek, met die klem op die effek wat kennis van vertaalteorieë op die vertaler se breë vertaalstrategie het. Die funksie van die bronteks word eerstens bepaal, en daar word ondersoek ingestel na maniere waarop die skrywer haar doelwitte deur middel van die teks verwesenlik. Paratekstuele elemente soos die voorblad, voetnote, en voorwoord of agterblad-opmerkings word met die oog hierop ondersoek. Op makrostrukturele gebied word gekyk na die keuse van temas en verhale, en die gebruik van metafore en simbole in die teks. Daar word ook ondersoek ingestel na die mate van uitbreiding, reduksie, herformulering en transposisie, na die invloed van ideologie op die keuses wat die skrywer maak, en op die mate van vervreemding en domestikering wat plaasvind. Die vertaalopdrag word bestudeer en afleidings wat hieruit gemaak is, beskryf. Ook hier word aangetoon hoe vertaalteorieë die interpretasie van die vertaalopdrag vergemaklik en verruim.

In hoofstuk 6 word daar dan aangetoon hoe die kennis wat in die voorbereidingsfase opgedoen is, in die vertaling toegepas is deur die doelteks te analiseer. Die mate waarin die funksie van bron- en doelteks ooreenkom of verskil, en maniere waarop die funksie van die doelteks die herskryf van die teks bepaal het, word ondersoek. Besluite ten opsigte van verskillende aspekte van die vertaling wat deur vertaalteorieë bepaal is, word beskryf en met voorbeelde toegelig.

Hoofstuk 7 is 'n samevatting en vooruitskouing. Eerstens word die gevolgtrekkings wat gemaak kan word uit die twee tekste wat ondersoek is, bespreek, en daarna kom vrae wat hieruit voortspruit kortliks aan bod. Verdere studie-onderwerpe sal hieruit afgelei word.

Hoofstuk 2

Literatuurstudie

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n literatuurstudie gedoen. In die tesis word die aanspraak gemaak dat 'n vertaler wat bewus is van vertaalteorieë soos dié van die Manipulasieskool, dit in haar voorbereiding kan verreken en sodoende op deurdagte en ingeligte wyse verantwoordelikheid vir haar teks kan aanvaar en haar vertaalkeuses en -strategieë deeglik kan verdedig en motiveer. Voordat daar aangetoon kan word op watter maniere 'n vertaler hierdie teorieë tot voordeel van haar vertaling kan aanwend, moet verskillende tersaaklike aspekte daarvan eers beskryf word. Dit word dan vervolgens gedoen.

Die tekste wat in hoofstuk 6 analiseer word, is twee Kinderbybels. Omdat 'n Kinderbybel kinderliteratuur sowel as 'n tipe Bybelvertaling is, word die literatuur in verband hiermee ook ondersoek. In paragraaf 2.5 word kortliks verwys na drie teorieë in verband met Bybelvertaling, naamlik dié van Eugene Nida, Hans Vermeer, Christiane Nord en Ernst-August Gutt, en na die redes waarom hulle insigte ook van belang is by Kinderbybelvertaling. Volgens al drie is 'n Kinderbybel wel 'n tipe Bybelvertaling, alhoewel die skopos of funksie daarvan verskil van dié van 'n Bybelvertaling vir volwassenes en die vertaling dus op 'n ander manier as laasgenoemde aangepak word.

Die vertaling van kinderliteratuur is 'n studieveld op sy eie, en 'n literatuurstudie oor sekere aspekte daarvan word in hoofstuk 3 gedoen.

2.2 Die manipulasiegroep en vertaalstudie

2.2.1 Inleiding

Vertaalteoretici is na die Tweede Wêreldoorlog sterk beïnvloed deur taalwetenskap en vertaling is gesien as 'n proses van linguistiese transkodering en 'n linguistiese oefening om kommunikasie te bewerkstellig. Volgens hierdie teorieë word grammatikale en leksikale

elemente in 'n bronteks tydens die proses van vertaling vervang met ekwivalente grammatikale en leksikale elemente in die doelteks, sodat die nuwe teks gelyk of dan ekwivalent aan die bronteks kan wees.

Dit was 'n normatiewe en preskriptiewe benadering, en elke vertaling, synde 'n poging om ekwivalensie tussen tekste te verkry, kon dus beoordeel word. Die bronteks was die ideaal waaraan die vertaling gemeet is. Riglyne vir vertalers is opgestel en oplossings vir vertaalprobleme gesoek. Die eenheid van vertaling was die kleinste segment van die brontaaltekste waarvoor 'n ekwivalente segment in die doeltaal verkry kon word, soos morfeme, woorde en frases.

In die sewentigerjare van die vorige eeu het 'n groep navorsers begin wegbeweeg van hierdie benadering en 'n meer deskriptiewe benadering voorgestel. Hulle wou vertaling bestudeer "as it actually occurs, now and in the past, as part of cultural history" (Hermans 1999:7). Vir hulle was die konteks waarin 'n teks funksioneer dus van belang.

2.2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die manipulasiegroep

Die deskriptiewe benadering tot vertaling kan teruggevoer word na Russiese formaliste soos Tynianov en Jakobson asook 'n Tsjeggiese groep akademici (Hermans 1999:7). Hulle was geïnteresseerd in strukturalistiese literêre teorie, die rol van vertalings in literêre geskiedenis en die eienskappe van vertalings in verhouding tot ander metatekste. Die Amerikaner James Holmes was ook een van die akademici wat hom met hierdie sienings bemoei het. Wetenskaplikes soos Itamar Even-Zohar en Gideon Toury in Tel Aviv en Vlaamse akademici soos José Lambert (Leuven) en André Lefevere (Antwerpen en Austin in Texas) het hulle idees verder gevoer.

Die nuwe idees en teorieë het beslag gekry in 'n reeks konferensies in Leuven in 1976, in Tel Aviv in 1978 en in Antwerpen in 1980. Sleuteltekste was die konferensieverslae (gepubliseer as *Literature and translation* in 1978, in 'n spesiale uitgawe van *Poetics Today* in 1981 en in die joernaal *Dispositio* in 1982) asook Even-Zohar se *Papers in historical poetics* (1979) en Toury se *In search of a theory of translation* (1980) (Hermans 1999:7-16). *The manipulation of literature* (Hermans 1985) het artikels van belangrike rolspelers bevat en die benadering meer algemeen bekend gestel. Mary Snell-Hornby beskryf die Manipulasieskool as 'n belangrike benadering in *The Turns of Translation Studies* (1988). Peter Newmark (1988) is weer baie krities teenoor die benadering.

In die 1990's was daar 'n toename in publikasies wat die benadering beskryf en kwessies bespreek. 'n Spesiale uitgawe van *Poetics Today* in 1990 het 'n versameling van Even-Zohar se essays bevat, en Toury het *Descriptive translation studies and beyond* in 1995 gepubliseer (Hermans 1999:12). Belangrike artikels van Lambert is in 2006 byeengebring in *Functional approaches to culture and translation* (Delabastita, D'hulst, & Meylaerts 2006). Die manipulasiegroep ondersoek veral die breë politiese en kulturele konteks waarin vertalings funksioneer, die kwessies van mag en die manipulasie van tekste. Bassnett en Lefevere het institusionele en ideologiese faktore ondersoek, terwyl Lambert ook na die massamedia en die ideologie daaragter gekyk het.

Hermans (1999:13) is van mening dat die gevallestudies van die 1990's (byvoorbeeld uit Finland, Korea en Turkye) die paradigma se potensiaal vir navorsing getoon het. Hierdie potensiaal is bevestig deur die uitbreiding van teoretiese en metodologiese konsepte soos dié van norme, en die ondersoek van nuwe domeine soos vertaling in die media. By die Universiteit van Göttingen is histories-deskriptiewe studies gedoen wat die Manipulasieskool as uitgangspunt geneem het. Ook gender- en postkoloniale studie en poststrukturalisme het uit die Manipulasieskool ontwikkel (Hermans 1994:16).

2.2.3 Die fokus van die manipulasiegroep

Die benaming “manipulasiegroep” het volgens Lambert toevallig tydens een van hul konferensies ontstaan as 'n privaat grap; ander benamings is beskrywende vertaalstudie (“descriptive translation studies”), die Lae Lande-groep (akademici van Tsjeggo-Slowakye en Israel volg egter ook hierdie benadering) en die polisisteembenadering (Hermans 1999:8). In die literatuur word die verskillende benamings nie altyd duidelik afgebaken nie en Hermans, wat 'n belangrike rol gespeel het om die sienings van die manipulasiegroep bekend te stel, gebruik die terme trouens “more or less interchangeably, depending on the context” (Hermans 1999:9). Hy sien deskriptiewe vertaalstudie as 'n paradigma, en die Manipulasieskool as 'n teorie binne hierdie paradigma (Hermans 1999:42).

Die naam “manipulasiegroep” spruit uit die siening dat “from the point of view of the target literature, all translation implies a degree of manipulation of the source text for a certain purpose” (Hermans 1985:11). 'n Vertaler wil die doeltteks in ooreenstemming met 'n sekere model in die doelkultuur bring en sal die bronteks manipuleer om dit te doen en sodoende sosiale aanvaarding en erkenning in die doelkultuur te verkry. Dit is dan die fokus van die manipulasiegroep: om vertaalde tekste te ondersoek om te bepaal in watter mate en op watter manier dit manipuleer is. Hulle bydrae tot die ontwikkeling van die vertaalwetenskap is hul

fokus op die doeltteks, asook hulle ondersoek van norme, herskrywing en polisisteme (Shuttleworth & Cowie 1997:102).

Die manipulasiegroep verkies die term “translation studies” vir hulle ondersoekveld en vir Holmes het hierdie veld twee doelwitte: om die verskynsel “vertaling” te beskryf, en om algemene beginsels ten opsigte van vertaling te bepaal (Holmes 1994:194). Snell-Hornby (2006) het hierdie term gebruik as ’n oorkoepelende naam vir die dissipline wat die totale veld van vertaling ondersoek.

Die manipulasiegroep wil nie ’n normatiewe posisie inneem nie, maar die aard en funksie van vertaling as ’n kulturele en historiese verskynsel beskryf. Hulle wil nie individuele vertalings beoordeel nie, maar “vertaalgedrag” (“translational behaviour”) beskryf en verklaar. Die vertaling moet bestudeer word in die konteks van die kultuur waarbinne dit funksioneer, en die vraag word gevra: Wie vertaal wat, wanneer, hoe, vir wie en in watter konteks? Hulle ondersoek die hele proses, van die besluit om te vertaal of nie te vertaal nie tot by die ontvangs van die vertaling. Ook tekste wat onvertaald van buite ingevoer word, moet in berekening gebring word.

Norme kom egter wel ter sprake. Vertalers het prioriteite en strategieë wanneer hulle tussen alternatiewe moet kies. Wat en hoe ’n vertaler in ’n gegewe sosiokulturele situasie kies, is die norm van daardie vertaling. Norme is geïnternaliseerde en algemeen aanvaarde riglyne (maniere van optrede) wat lede van ’n samelewing in sekere omstandighede van mekaar verwag en wat hulle as gepas en korrek beskou. Die manipuliste is van mening dat die vertaalproses dit ten doel het om die doeltteks in ooreenstemming met die norme van die literêre sisteem van die doelkultuur te bring – om dus te herskryf (sien byvoorbeeld Hermans 1999:84).

Hermans (1985:10) beskryf die verskillende aspekte wat vir die manipuliste van belang is:

What they have in common is, briefly, a view of literature as a complex and dynamic system; a conviction that there should be a continual interplay between theoretical models and practical case studies; an approach to literary translation which is descriptive, target-oriented, functional and systemic; and an interest in the norms and constraints that govern the production and reception of translations, in the relation between translation and other types of text processing, and in the place and role of translations both within a given literature and in the interaction between literatures.

Sommige van hierdie aspekte word vervolgens in meer besonderhede beskryf.

2.2.3.1 Letterkunde as 'n sisteem

Die manipuliste se teorieë sluit aan by die sisteem-teorie oor letterkunde (Lefevere 1992:12). Hiervolgens is 'n literêre werk altyd deel van 'n literêre sisteem, en 'n literêre sisteem is weer deel van 'n sosiale, kulturele, letterkundige en historiese raamwerk of polisisteem. Van belang is die verhoudings van al die sisteme binne die polisisteem.

Die verskillende literêre genres en tradisies van 'n land vorm 'n nasionale literêre polisisteem, en daar is voortdurende spanning tussen die “kanon” (gewoonlik die groep of stelsel wat geïnstusionaliseerd is en aanvaar word as “die beste”, dikwels ook konserwatief of “behoudend”) en ander innoverende vorms op die periferie van die stelsel. Eersgenoemde wil sy sentrale posisie behou, terwyl laasgenoemde dit wil “oorneem”. Om die dinamika van die hele polisisteem te verstaan, moet gekyk word na al die vorms van letterkunde in die polisisteem (“hoë” en “lae” letterkunde, en al die permutasies tussenin). Letterkundige vertalings is “one element among many in the constant struggle for domination between the system’s various layers and subdivisions” (Hermans 1985:11). Vertalings word gewoonlik op die periferie van 'n literêre polisisteem gevind, maar kan van tyd tot tyd 'n meer sentrale posisie inneem.

Lefevere (1985: 223) sê dat “a systems approach to literature is consistent, relatively easy to explain [...] and potentially productive: research that is based on it could be seen to move towards the solution of the problems it deals with.” Een van die voordele van die benadering vir hom is dat dit 'n neutrale raamwerk verskaf sodat letterkundes uit nie-Europese lande ook daarby geïntegreer kan word – iets wat wel gebeur het, as 'n mens na die vele gevallestudies en artikels uit verskillende wêrelddele kyk.

Kinderliteratuur as afsonderlike literêre sisteem en Kinderbybels as subsisteem daarvan word in die volgende hoofstuk in meer besonderhede ondersoek.

2.2.3.2 Interaksie tussen teorie en praktyk

Die Russiese formaliste het geglo dat teorieë slegs 'n apparaat vir analise is, en dat hulle vervang moet word sodra hulle ontoereikend word. Hierdie gewilligheid om te hersien en aan te pas word ook by die manipuliste gesien. Toury het byvoorbeeld sy idee van 'n “adequate translation” laat vaar toe hy vind dat dit nie werkbaar is nie, en Lefevere het ook sommige van sy idees (byvoorbeeld die term “refraction”) gewysig. Die manipuliste het hul teoretiese modelle op spesifieke situasies of op tekste getoets. Gevallestudies sou die geskiktheid van die teorie en die toepassingsmoontlikhede daarvan, al dan nie, uitwys. Hulle het teorie inderdaad meestal

gesien in terme van die toepassingsmoontlikhede daarvan as navorsingsinstrument, vandaar hul klem op metodologiese kwessies.

Lefevere stel byvoorbeeld 'n hipotese voor vir letterkundige navorsing. Wanneer hierdie hipotese dan taamlik algemeen aanvaar word, omdat dit sekere eienskappe beter verklaar as ander hipoteses, kan 'n mens begin met "vindicating the hypothesis by testing its usefulness in the field" (Lefevere 1985:220). Die hipotese is slegs nuttig as dit in die praktyk getoets kan word en nuttig bevind word.

In hierdie tesis word die manipulasie se teorieë toegepas op 'n gevallestudie, en vasgestel in watter mate dit kan lei tot 'n vertaling wat aan die vertaalopdrag (of skopos) voldoen.

2.2.3.3 Deskriptiewe benadering tot literêre vertaling

Dat die benadering van die manipulasiegroep deskriptief en nie preskriptief is nie, is een van sy belangrikste eienskappe. Dit wil nie waardeoordele oor vertalings maak, advies gee of kriteria neerlê ten opsigte van "goeie" en "swak" vertalings nie. Dit wil vertalings as vertalings ondersoek. Hulle veld van ondersoek is verder wat vertalers doen en sê, en wat dosente en resensente van vertaling doen en sê (Hermans 1999:35).

Wat is dan die uiteindelijke doel van vertaalstudie? Vir Toury was dit om die "wette" van vertaling te ontdek, maar nie een van die ander akademici binne die groep het wette probeer formuleer nie. Hulle wou slegs insig in die teoretiese onderbou en die historiese relevansie en impak van vertalings verkry.

Manipuliste het gesê dat hulle neutrale, onbetrokke waarnemers van die verskynsel vertaling is. Daar was byna 'n oorbeklemtoning van die neutraliteit van hul waarneming. Vandag word hierdie siening bevraagteken, en word algemeen aanvaar dat neutrale beskrywings in die geesteswetenskappe waarskynlik onmoontlik is (Hermans 1999:36).

Deur die manipulasie se teorieë te gebruik om haar eie vertaling, haar denkprosesse tydens voorbereiding en die vertaalproses self te ondersoek, kan 'n vertaler dus insig verkry in haar werkwyse en vertaalkeuses, en sodoende ten minste bewus word van haar eie kulturele vooroordele en veronderstellings, sodat sy haar werkwyse en keuses teenoor die doelleser kan verklaar en motiveer.

2.2.3.4 Doelgeoriënteerd en funksioneel

Wanneer manipuliste die term “doelgeoriënteerd” gebruik, wil hulle daarmee die doeltteks status gee as volwaardige teks. Die manipulasiegroep fokus op vertalings as tekste in eie reg, en wil daarmee die studieveld as waardige studieveld toe-eien. Manipuliste wil vasstel “what the problem was that a given translation was intended to solve. Why did Voltaire translate Shakespeare? Why did he do it in the way he did?” (Hermans 1999:38). Die antwoorde op sulke vrae, sê die manipuliste, kan nie gevind word as ’n mens bloot Voltaire se vertaling met Shakespeare se drama vergelyk nie. Voltaire het Shakespeare se teks in ’n bepaalde sosiokulturele milieu vertaal en die bronteks boonop as middel tot ’n doel gebruik, en ’n mens kan nie sy vertaling (en keuses en strategieë) verstaan as jy nie die milieu sowel as sy doel met die vertaling of die probleem wat hy wou oplos, in ag neem nie.

Waarom lyk ’n vertaling soos dit lyk? Dit is belangrik om vas te stel wat die bedoelde funksie is, maar ook om na die doeltteks self te kyk en die vertaler se werk te kontekstualiseer (Hermans 1999:39). Toury het gesê dat dit belangrik is om die vertaalde teks se aanvaarbaarheid in die doelkultuur te ondersoek en dit te vergelyk met soortgelyke tekste in dieselfde genre asook met andere vertalings voordat die bronteks bygehaal word. Vertalings word gewoonlik gedoen met ’n leser in gedagte, en vertaalkeuses word gemaak volgens wat die vertaler oordeel die leser se behoeftes en verwagtings is. Die navorser moet dus ook hierdie veld in sy studie van ’n vertaling betrek (Hermans 1999:40). Toury gaan selfs so ver as om by herhaling te sê “translations are facts of one system only: the target system’s” (Hermans 1999:40). Hierdie aanname kan egter bevraagteken word. Daar is tweetalige uitgawes van tekste wat die aanleer van ’n vreemde taal bevorder en dus nie in ’n enkele kultuur inpas nie; skrywers se aansien in hul eie kultuur word verhoog wanneer hulle vertalings ook sukses behaal in ander kulture.

Die kontekstualisering van die Kinderbybelvertalings wat ondersoek word, ’n ondersoek na die aanvaarbaarheid daarvan in die doelkultuur, die behoeftes en verwagtings van die doellesers (in hierdie geval sowel kinder- as volwasse lesers) en ’n vergelyking met ander tersaaklike vertalings is alles belangrike elemente van die vertaler se voorbereiding en die vertaalproses self en dit word in hoofstuk 4 en 5 in meer besonderhede beskryf.

2.2.3.5. Norme wat die produksie en ontvangs van vertalings beheer

Die deskriptiewe benadering beskou norme as “reflections of the translation practice which typifies the translations produced by a certain translator, school of translators or entire culture” (Shuttleworth & Cowie 1997:113). Norme is vir Toury (1995) die strategieë wat ’n vertaler

meestal binne 'n gegewe kulturele of tekstuele stelsel gebruik en word gerekonstrueer uit die vertaalde tekste of uit 'n korpus tekste, of uit verduidelikings van die vertaler. Lambert (1995:103) beskryf norme as “tools for the observation of interdisciplinary and intercultural interactions, distinctions, legitimations”; dit het volgens hom veral te doen met sosiokulturele patrone.

Manipuliste het die klem laat val op historiese studie as deel van die kontekstualisering van vertaling. Die geskiedenis van 'n samelewing se denke oor vertalings werp lig op die samelewing se veranderende norme ten opsigte van taal, identiteit en die Ander. Dit help ons ook om ons eietydse denke oor vertaling te verstaan en te beoordeel. Dit is om hierdie rede dat 'n ondersoek na die geskiedenis van Kinderbybels in hoofstuk 4 gedoen word.

Manipuliste kyk na norme as objekte van navorsing. Hulle teoretiseer daarvoor en analiseer dit om te sien hoe dit die praktyk van vertaling beïnvloed. Vertaling word gesien as 'n proses waar daar gedurig besluite geneem word, en elke besluit het 'n impak op daaropvolgende besluite. Gesamentlik bepaal al die besluite die uiteindelige vorm van die teks, en dit bepaal weer die leser se persepsie van die bronteksskrywer. Vertalers neem besluite wat gegrond is op sekere norme – imperatiewe wat uit hulle lees van die bronteks spruit sowel as sekere voorkeure en verwagtinge by die doelteklesers. Die patrone wat hier te voorskyn kom, word beskou as norme. Norme is dus “part of the answer to the question why translators tend to make certain decisions rather than others” (Hermans 1999:74). Die geskiedenis van vertaling kan ook gesien word as 'n reeks normkonflikte – norme word gedurig aangepas volgens die heersende siening van wat gepas is (Hermans 1999:84). Navorsers by Göttingen het juis gekyk na vertalings uit die geskiedenis en hul onderliggende norme.

Die konsep van norme dra by om vertaling as sosiale praktyk te verstaan. Die konvensies, norme en reëls wat vertaling rig, definieer dit ook – dit trek die grense van wat as vertaling beskou word. Vertaling hou altyd verband met waardes – sienings oor korrekte vertaling is nie neutraal nie, maar word deur die kultuur bepaal. Vertalings projekteer die onderliggende waardestelsel van hul kultuur op hul weergawe van die bronteks – die vertaler herskryf die bronteks volgens sy/haar eie norme. 'n Mens sou selfs kon sê dat vertalings meer sê oor die vertaler en die lesers as oor die oorspronklike bronteks.

Die konsep van norme vestig die aandag op die “colouring, the slant, the ideological weighting of translation” (Hermans 1999:97) en op die hele kwessie van manipulasie van 'n teks. Die gender- en postkoloniale studies het met vrug verder aan hierdie aspek aandag gegee.

Die analise van die Kinderbybels wat ondersoek word, wil vasstel of daar konsekwent by die norme vir die spesifieke vertalings gehou is, of daar konflikterende norme was, en watter invloed hierdie norme op die uiteindelijke doeltjeks gehad het.

2.2.3.6. Vertalings as deel van 'n polisisteem

Die manipulasiegroep ondersoek vertalings as deel van 'n polisisteem, en daar word gekyk na die posisie wat vertaalde werke in hierdie polisisteem inneem, en ook na die bewegings binne die sisteem en tussen sisteme. 'n Teks kan 'n primêre of sekondêre posisie in die polisisteem inneem. As dit 'n primêre posisie inneem, neem dit aktief deel aan die vorming van die sentrum van die sisteem. Vertalings neem dan 'n belangrike plek binne die letterkundige sisteem in, toonaangewende skrywers doen die "belangrike" vertalings, en vertalings vorm nuwe modelle in die inheemse letterkunde. Volgens Even-Zohar (1990:200-201) neem vertalings gewoonlik 'n primêre posisie in wanneer 'n bepaalde letterkunde "jonk" is en pasklaar modelle soek. Dit gebeur ook wanneer 'n letterkunde "swak" is of op die periferie lê, en dus genres invoer, wanneer 'n sekere kultuur deur 'n ander, sterker een oorheers word, en wanneer 'n vakuum in 'n heersende letterkunde bestaan of wanneer die bestaande modelle nie meer as voldoende gesien word nie.

Wanneer vertalings op die periferie van 'n literêre sisteem lê, het dit nie juis 'n invloed op die hoofstelsel nie, of dien dit slegs om die heersende literêre norme te verstewig en te bevestig. Dit is volgens Even-Zohar (1990:202) die normale posisie van vertalings. Hy sê ook dat die posisie van 'n vertaling die vertaalstrategie beïnvloed. Indien die vertaling 'n primêre posisie inneem, sal vertalers meer geneë wees om bestaande modelle te verontagsaam en om bestaande konvensies oorboord te gooi. By vertalings in 'n sekondêre posisie geld die teenoorgestelde weer. Wanneer vertalings op die periferie van 'n sisteem lê, word oorspronklike tekste meestal hoër geag as vertaalde werke. Dit lei tot 'n preskriptiewe benadering tot die vertaalde werk – dit word beoordeel volgens sekere kriteria van ekwivalensie.

Die konsep van letterkunde as polisisteem kan gebruik word om ondersoek in te stel na redes waarom vertalers op 'n spesifieke manier vertaal, of waarom sekere vertalings meer suksesvol is as ander (Hermans 1999:32). Shakespeare se werke is byvoorbeeld al verskeie kere in Afrikaans vertaal. Deur ondersoek in te stel na die tyd waarin die vertalings gedoen word en na heersende ideologieë kan spesifieke vertalings na waarde geag word.

Die klem op letterkunde as sisteem en vertalings as afdeling van 'n komplekse polisisteem het daartoe gelei dat klem gelê is op die feit dat navorsing in die doelkultuur gedoen moet word as

'n volledige beeld van vertaling verkry moet word. Daar is benewens die verhouding tussen bron- en doeltteks ook ander verhoudings wat ondersoek moet word: tussen verskillende vertalings van 'n werk, tussen ooreenstemmende vertalings, tussen vertalings en onvertaalde tekste, tussen vertalings en die diskoers oor vertaling.

Omdat sisteme en dus verskillende belangegroepes altyd in 'n magstryd is, is rolspelers by vertalings se motiewe ook van belang. Vertaling is 'n instrument wat rolspelers kan gebruik om mag te vestig of te behou of te ondermyn. Lefevere was veral geïnteresseerd in die meganismes waarmee beheer uitgeoefen word en hy kom tot die gevolgtrekking dat “translation can no longer be analysed in isolation, but [...] should be studied as part of a whole system of texts and the people who produce, support, propagate, oppose, censor them” (Lefevere 1985:237).

Hierdie benadering het 'n diepgaande invloed op die navorsing oor en van vertalings gehad. Vertalings is in die konteks van die kulturele en letterkundige stelsels waarin hulle funksioneer, ondersoek. Omdat die benadering deskriptief is, word die term “ekwivalensie” gedefinieer volgens die historiese en kulturele situasie van die teks. Horisonne is verbreed, omdat alle aspekte wat verband hou met vertaling nou ondersoek is. Verder het dit 'n meer doelgerigte tipe ondersoek moontlik gemaak – dit vind plaas binne 'n spesifieke siening van wat letterkunde is en bly bewus van die interaksie tussen teorie en praktyk.

Die benadering het ook implikasies vir die vertaler van 'n Kinderbybel: Sy kan nie net die bronteks bestudeer en seker maak sy verstaan dit goed nie. Sy moet ook ondersoek instel na die verhouding tussen die bronteks en die kultuur waarin dit funksioneer, en ook na die bronne van die bronteks. Dit sal die vertaler van 'n Kinderbybel verder baat om ander Kinderbybelvertalings te ondersoek, asook die brontekste van die Kinderbybel in die doeltaal (met ander woorde die Bybeltekste wat in die doelkultuur bestaan). Sy moet kennis neem van die diskoers oor die vertaal van die Bybel, en spesifiek oor die vereistes wat in die doelkultuur aan Kinderbybels gestel word. Sy moet nadink oor die plek wat Kinderbybels in die literêre polisteem van die bron- sowel as die doelkultuur inneem. Omdat Kinderbybels op die periferie van die teologiese polisteem en van kinderliteratuur lê, word wat as die bronteks beskou word (die volwasse Bybelvertaling), baie hoog geag, en is daar 'n belangrike imperatief dat die Kinderbybelteks as getrou aan daardie teks gesien moet kan word. Die saak word verder gekompliseer deur die feit dat die bronteks as heilige skrif funksioneer. Hierdie saak sal noodwendig 'n ingrypende invloed op die vertaalkeuses en -strategieë van die vertaler uitoefen. Kinderbybels word dikwels hoofsaaklik beoordeel volgens hierdie getrouheidseis, alhoewel hulle in der waarheid meestal nie aan die Bybelteks getrou is nie (sien 3.7.1).

Daar bestaan 'n menigte Kinderbybels in Afrikaans, en 'n vertaler kan met vrag kennis neem van die verskillende vertalings. Deur te kyk na die tyd waarin die vertalings verskyn het, kan belangrike gevolgtrekkings gemaak word ten opsigte van die heersende ideologieë (veral teologiese en opvoedkundige ideologieë) en die plek van Kinderbybels in die kinder- en godsdienstige literatuur van die tyd. Dit kan weer lig werp op die vereistes wat gestel word ten opsigte van die vertaling wat sy moet doen, en in die motiewe en doelwitte van die verskillende rolspelers in die vertaalproses. Alhoewel Kinderbybels 'n perifere posisie in die literêre en teologiese polisteme inneem, is hulle in aanvraag by ouers en opvoeders. Die uitgewers van Kinderbybels speel 'n belangrike rol in die opdragging, maar die vertaler moet in gedagte hou dat hulle motief waarskynlik veral ekonomies van aard is, en die invloed wat dit op die vertaling en vertaalstrategieë het, ook in berekening bring.

Die vertaler moet veel meer in ag neem as die bronteks op sigself; en kennis van die Manipulasieskool se teorieë kan bepaald help om haar navorsing tydens die voorbereidingsfase te rig.

2.2.3.7. Herskrywing

Volgens Hermans (1985:11) behels alle vertaling 'n vorm van herskrywe. Dit kan doelbewus wees of gebeur as gevolg van druk wat uitgeoefen word deur verskillende linguistiese, literêre en kulturele kodes wat op mekaar inwerk. Herskrywing is “the adaptation of a work of literature to a different audience, with the intention of influencing the way in which that audience reads the work” (Hermans 1999:27). Herskrywing kan ook gesien word as “a weapon in the struggle for supremacy between various ideologies, various poetics” (Lefevere 1985:234).

André Lefevere het die siening van vertaling as refraksie of herskrywing in verskeie artikels sedert die vroeë 1980's ontwikkel, soos *Mother Courage's cucumbers: Text, system and refraction in a theory of literature* (1982), *Why waste our time on rewrites?* (1985) en *Translation, rewriting and the manipulation of literary fame* (1992). Hy meen vertalings skep 'n beeld van hulle bron wat altyd op een of ander manier gemanipuleer is. Verder vervang 'n vertaalde teks selfs die bronteks. Vir mense wat nie Russies magtig is nie, is 'n Engelse vertaling van Tolstoy dié Tolstoy-tek. Net so is die film “Pride and prejudice” vir mense wat nie die boek gelees het nie, *Pride and prejudice*, of 'n strokiesprent oor Moby Dick die eintlike *Moby Dick*. Vir hulle is die herskrewe teks die oorspronklike teks (Lefevere 1982: 252). Die vraag kan dus gevra word: In watter mate is 'n Kinderbybeltek vir volwassenes steeds gelyk aan die Bybeltek? Dit het natuurlik belangrike implikasies vir die vertaler van 'n Kinderbybel.

Herskrywing is vir Lefevere enige verwerking van 'n teks, hetsy in dieselfde of 'n ander taal. Dit sluit kritiek, resensies, opsommings, bloemlesings, verandering na 'n strokiesprent of film of radioteks, verwerking vir 'n nuwe gehoor en vertaling in. 'n Groot deel van ons kulturele kennis is gebaseer op ons kontak met 'n verskeidenheid vorme van herskrywing. Hy sê:

There have always been different attempts at interpretation undertaken on the basis of a certain concept of what the world should be like (ideology) as well as a certain concept of what literature should be like (poetics), and these attempts [...] have always been transient. They have accepted or rejected works of literature on the basis of the ideology and the poetics they happened to be serving but, much more often, they have adapted works of literature, 'rewritten' them until they happened to fit their own poetics, their own ideology (Lefevere 1985:217).

Lefevere vind geen fout met die praktyk nie; dit kan slegs veroordeel word as die skrywer onbewus is daarvan, of bewus is maar dit nie erken nie. Dit is oneerlik as 'n teks voorgee om objektief te wees terwyl dit eintlik altyd subjektief is. Lefevere beywer hom dus vir 'n tipe navorsing van letterkunde wat nie net die letterkunde op sigself bestudeer nie, maar ook "the ways in which what is written gets rewritten, in the service of which ideology, which poetics, and with what results" (Lefevere 1985:219). Herskrywing speel 'n belangrike rol in die evolusie van die letterkundige kanon van 'n kultuur. Skrywer en herskrywer is gelyke vennote in en selfs gesamentlik verantwoordelik vir hierdie proses van evolusie. Letterkundige teorie behoort die beperkings waaraan beide skryf en herskryf onderhewig is, te verduidelik en te wys hoe die interaksie tussen skryf en herskryf sekere skrywers en werke kanoniseer en ander verwerp, en ook 'n letterkunde in 'n sekere rigting kan stoot.

Hiermee word 'n belangrike saak vir vertalers van Kinderbybelskrywers aangeraak. Indien die Kinderbybel voorgee om Bybel te wees, gee dit daarmee te kenne dat dit nie bestaan uit gedeeltes wat (waarskynlik) op arbitrêre manier uit die bronteks gekies is nie, en dat die doelteks glad nie die bronteks (die Bybel) op enige manier herskryf het nie. Die ideologie van die opdraggewers, bronteks, en vertaler word ook glad nie verreken nie (sien 5.2 vir verdere bespreking). Insig in Lefevere se teorieë kan die vertaler egter help om bewus te word van haar eie (onbewuste) manipulasie van die teks om ooreen te stem met haar eie ideologie en kultuur.

In enige letterkunde is daar sekere beperkings of "constraints" op die leser, skrywer en herskrywer (waaronder die vertaler), en Lefevere onderskei drie daarvan: professionele persone binne die literêre stelsel, patronaat buite die stelsel en die heersende poëtika ("poetics").

Professionele persone

Hulle is onder andere die kritici en resensente wie se opinies die ontvangs van 'n werk beïnvloed, die opvoedkundiges wat bepaal of 'n werk bestudeer sal word of nie en vertalers wat oor die poëtika en selfs oor die ideologie van 'n vertaalde werk besluit.

Patronaat

Dit is die persone en instellings wat die lees, skryf en herskryf van literêre werke kan bevorder of verhinder. Hulle kan 'n individu met baie mag (byvoorbeeld bekeermhere soos pouse en konings of magshebbers soos Stalin), uitgewers, 'n politieke party, 'n sosiale klas en die media wees. Dit kan ook instellings wees wat die verspreiding van letterkunde en literêre idees reguleer, soos akademiese instellings, akademiese joernale en die onderwysstelsel.

Die patronaat het drie komponente. Die ideologiese element bepaal die onderwerpkeuses en ook die manier waarop dit aangebied word. Dit maak seker dat die literêre stelsel in pas met die res van die samelewing bly. Die patronaat is veral ideologies van aard – dit bepaal wat die verhouding tussen letterkunde en ander sosiale sisteme behoort te wees. Dit het egter ook 'n ekonomiese komponent, want skrywers en herskrywers, resensente en onderwysers ontvang almal betaling vir hul werk. Die status-komponent beteken dat die persoon wat 'n opdrag uitvoer aan die beskerm persoon (“patron”) se verwagtinge moet voldoen.

Die patronaat is ongedifferensieerd as al drie komponente deur dieselfde persoon of groep verskaf word (byvoorbeeld in die geval van 'n totalitêre heerser). In Turkye in die 1940's het die staat in die vorm van 'n vertaalburo persone aangestel en betaal om vertalings van belangrike Westerse literêre werke te doen. Die buro het die werke uitgesoek, die vertaalbeleid vasgestel, en status aan die gekose vertalers verleen (Aksoy 2001:1–11). Die patronaat is egter gedifferensieerd as die drie komponente onafhanklik van mekaar optree – die skrywer van 'n populêre roman kry miskien baie geld, maar het min status by die literêre magshebbers. Die “patron” meng gewoonlik nie direk in 'n literêre sisteem in nie, maar delegeer beheer aan die kenners soos die kritici, resensente, dosente, en ander professionele persone.

Heersende poëtika

Hier onderskei Lefevere twee elemente. Literêre instrumente is al die genres, simbole, leitmotiewe en prototipes van situasies en karakters wat bestaan. Die rol van letterkunde is die

verhouding tussen die letterkunde en die sosiale stelsel waarin dit bestaan, 'n idee van hoe letterkunde in 'n samelewing behoort te funksioneer. Hier is die stryd om dominansie tussen die verskillende literêre vorms ter sprake. Lefevere kyk ook na die rol wat instellings speel om die poëtika te bepaal – hulle wil die dominante poëtika van 'n tydperk afdwing deur dit te verhef as norm waarteen alle ander werke gemeet moet word. Sekere werke is volgens hierdie maatstaf “klassiek” en ander nie.

Interaksie tussen poëtika, ideologie en vertaling

Volgens Lefevere sal die ideologie van die vertaler of die ideologie wat op die vertaler afgedwing word asook die dominante poëtika van die doelkultuur die vertaalstrategie en die oplossing van vertaalprobleme bepaal.

Lefevere het later die konsep van “universe of discourse” of “cultural script” by sy ander beperkings gevoeg. Hiermee bedoel hy die aanvaarde gedragspatrone wat van mense in sekere posisies in 'n kulturele sisteem verwag word: “the knowledge, the learning, but also the objects and the customs of a certain time” (Lefevere 1985:232). 'n Mens kan dit ook omskryf as “the collection of acceptable ways in which things can be said” (Hermans 1999:128). Vertaling moet hierdie beperkings in berekening hou, en daarmee saam ook die beperking van taal.

Al die beperkings is ter sprake by vertalings, maar hulle is nie absoluut nie – vertalers kan kies of hulle hulle daaraan steur of nie; hulle kan hulle aan die maghebbers onderwerp of hulle teenstaan. Lefevere se gevallestudies dui egter daarop dat vertalers meestal die dominante ideologie of poëtika onderskryf – hulle dien selfs as 'n barometer van literêre modes en tendense (Hermans 1999:129). “When selecting and processing imported messages, a given ‘target’ culture tends to make the imported text readable (i.e. conventional!) according to its own principles” (Lambert 1995:88). 'n Vertaling moet dus altyd ondersoek word met die beperkings op die vertaler in gedagte, sodat die navorser kan aantoon hoe hulle die vertaler beïnvloed het in die herskryf van die teks.

Vertalings (of die afwesigheid daarvan) het vir Lambert eerstens te doen met mag: Maghebbers bepaal wat vertaal word en hoe dit vertaal word. Kwessies soos sensuur en toesig kom ter sprake. “The key question is: Where, when, how, why does censorship occur and who is responsible for it?” (Lambert 1995:96).

Volgens Lefevere is vertalings 'n goeie manier om die openheid van 'n literêre sisteem te beoordeel. Vertaling is ook 'n manier om 'n bestaande sisteem te ondergrawe en te transformeer – daarom dat vertalings dikwels streng gereguleer word (1985:237).

In Suid-Afrika, waar Kinderbybels 'n perifere posisie in die literêre en teologiese sisteme inneem, sou 'n mens reken dat die vertaler redelik vry van beperkings kan werk. Die ekonomiese beperking is egter 'n werklikheid. Omdat Kinderbybels 'n belangrike bron van inkomste vir uitgewers is, is hulle ook voorskriftelik ten opsigte daarvan, en kry vertalers meestal 'n baie spesifieke opdrag. Kinderbybels word gekies en vertaal met die oog op die mark en op die uiteindelijke verkoopbaarheid van die boek. Dit is dus te verstane dat hulle geneig sal wees om Kinderbybels te kies wat in die buiteland goed verkoop het en wat hulle reken hier te lande eweneens suksesvol sal wees.

Die Bybelgenootskap voer egter aan dat hulle nie in die eerste plek ekonomiese oogmerke het nie, maar werke uitgee volgens behoeftes wat in die mark bestaan. Die Bybelgenootskap wil ook geken wees as 'n organisasie wat ideologies neutraal is, iets wat volgens die manipuliste onmoontlik is. In watter mate ideologie of dan poëtika 'n invloed op die rolspelers by die skryf en vertaal van die *Read and Learn Bible* en die *Lees-en-Leer Bybel* uitgeoefen het, en in watter mate hierdie ideologie konsekwent toegepas word, word in hoofstuk 5 verder ondersoek.

2.3 Domestikering en vervreemding

Lawrence Venuti vorm nie deel van die manipuliste nie, maar omdat hy met ideologiese beperkings gewerk het, word sommige van sy teorieë in die literatuurstudie ingesluit. Hy fokus veral op die onsigbaarheid van vertaling en die vertaler in die Brits-Amerikaanse kulture, en op die strategieë van “domesticating” (domestikering) en “foreignization” (vervreemding) wat vertalers kan toepas.

Venuti (1995:1) meen dat vertaalstudie altyd die waardegedrewe aard van die sosiokulturele raamwerk waarbinne 'n vertaling funksioneer, in ag moet neem. Die gebruik om 'n vloeiende, deursigtige (“transparant”) vertaling te lewer, verdoesel belangrike aspekte van die betekenis van die bronteks en skep 'n illusie dat die leser 'n oorspronklike teks lees. Dit lei ook tot die sogenaamde onsigbaarheid van die vertaler. Hierdie onsigbaarheid word verder veroorsaak deur die manier waarop vertaalde tekste gelees word – dit word as aanvaarbaar beskou wanneer dit die indruk skep dat dit die skrywer se persoonlikheid of intensies of die teks se essensiële betekenis weergee. Dit moet lees soos 'n oorspronklike teks, nie soos 'n vertaling nie. Die oorspronklike skrywer se status is onaantasbaar; die bronteks word verhef tot “die” teks, en die vertaling is van mindere gehalte en belang. Venuti voel dat die leser van die vertaalde teks juis iets van die vreemde kultuur te wete moet kom deur die lees van die vertaalde teks, en daarom moet die vertaler die vreemdheid behou en die leser bewus maak

van die vertaalproses (en dat dit voordele en nadele inhou) en van die “unbridgeable gaps between cultures” (Venuti 1995:306).

Soos Lefevere ondersoek Venuti die rol van regerings en ander ideologies gedrewe instellings (wat sensuur toepas of bevorder), asook dié van uitgewers wat werke kies en opdragte gee, die vertalers betaal en dikwels die vertaalmetode voorskryf. Verder kyk hy na die rol van letterkundige agente, bemarkers en resensente (wie se resensies in 'n mate bepaal hoe vertalings binne 'n sekere kultuur gelees en ontvang word). Les bes is die vertaler self deel van 'n kultuur, hetsy sy dit aanvaar of verwerp.

Dit is juis hierdie bewustheid dat haar keuses kultuurgedrewe is wat vir 'n vertaler belangrik is, ook in die voorbereidingsfase. Deur sowel die bron- as doeltteks in die konteks van hul onderskeie kulture te plaas, kan sy tog 'n mate van afstand van haar werkwyse kry, en kan sy haar keuses en strategieë aan die lig bring en motiveer, as deel van die openheid teenoor die doelttekslesers wat beide Venuti en Lefevere voorstaan.

Venuti sluit aan by Schleiermacher: Die vertaler kan óf die teks na die leser bring (dit dus “leservriendelik” maak of domestikeer), óf die leser na die teks neem (die teks behou as vreemde teks uit 'n vreemde kultuur). In die Brits-Amerikaanse letterkunde is domestikering feitlik sonder uitsondering die keuse, en Venuti meen dit beteken “an ethnocentric reduction of the foreign text to [Anglo-American] target-language cultural values” (Venuti 1995:20). Vervreemding beklemtoon egter die vreemdheid van die bronteks en bronkultuur aan die Brits-Amerikaanse kultuur. Met so 'n vertaling dwing die vertaler die leser om sy eie kultuurwaardes te meet aan die vreemde kultuurwaardes, of ten minste net verskille waar te neem. Die vertaler moet haar teenwoordigheid sigbaar maak deur die vreemde identiteit (“foreign identity”) van die bronteks duidelik te maak en dit teen die ideologiese oorheersing deur die doelkultuur te beskerm. Hierdie metode noem Venuti ook “resistance” of weerstand.

'n Domestikerende vertaling word gekritiseer “for the exclusionary impact it can have on source culture values” (Hatim 2001:46). Stereotipes en spesifieke persepsies van die bronkultuur word dikwels deur so 'n vertaling bevestig en versterk. Vertaalstrategieë wat domestikering weerstaan, word egter dikwels uitgesluit uit die literêre kanon, en dit verhinder denke oor kulturele, literêre of ideologiese alternatiewe.

Venuti gee toe dat vervreemding noodwendig 'n mate van domestikering insluit omdat die vertaler altyd vir 'n doelkultuur vertaal en ook afhanklik is van doelkultuurwaardes – die vertaling word sigbaar juis deur van die heersende kultuurwaardes af te wyk. Hy verkies egter oorwegend vervreemdende vertalings, omdat hulle ten minste eerlik is oor hul identiteit en metodes. Hulle lig die verskille tussen die twee kulture en tale uit, terwyl 'n domestikerende

vertaling die vreemde teks in die doeltaal en -kultuur probeer assimileer. In sy kritiek op Venuti noem Pym (2001) die feit dat min vertalers sal kan oorleef as hulle daarop aandring om slegs vervreemdende vertalings te lewer. Hy noem ook dat die vereistes van “fluency” en “transparency” (dus domestikering) oral oor die wêreld geld, nie net in die Brits-Amerikaanse kultuur nie, en lei daaruit af dat vertaling vandag meestal domestikerend is ongeag die relatiewe mag van die bron- en doelkulture.

'n Kinderbybelvertaler in Suid-Afrika het die taak om 'n teks wat ongeveer 2 000 jaar gelede geskryf is vir volwasse lesers van 'n kultuur wat baie ver verwyderd is van hedendaagse omstandighede hier te lande vir kinderlesers te herskryf. Sommige van hierdie lesers word boonop in 'n westerse kultuur groot terwyl ander in 'n meer tradisionele kulturomgewing leef waar gedrukte boeke dikwels 'n rariteit is. Sy moet gedurig keuses maak ten opsigte van domestikering en vervreemding. Haar keuses kan egter baat vind by 'n kennis van die teorieë van skrywers soos Venuti, sodat sy verantwoordbare besluite kan neem en haar lesers (volwasse sowel as kinderlesers) kan insluit by haar denkprosesse en hulle dus ingeligte deelnemers kan wees aan die proses van kultuuroordrag wat tydens vertaling plaasvind.

2.4 Gevolgtrekking

Lefevere noem vertaling “probably the most radical form of rewriting in a literature, or a culture” (1985:241). Hermans (1999:96) is van mening dat “when translation occurs [...] it always does so as a particular type of translation, culturally and ideologically circumscribed and often institutionally transmitted. Translators never ‘just translate’”.

Hierdie twee opmerkings onderstreep die manipuliste se siening dat vertalers nooit “net vertaal” nie, en is die rede waarom hulle dit ten doel gehad het om te probeer vasstel wat vertalers dan eintlik doen en waarom hulle dit doen. Hulle werk het die studie van vertaling verruim. 'n Teks word nie meer slegs linguisties beoordeel volgens norme van ekwivalensie of getrouheid nie, maar gesien as deel van 'n wyer konteks en groter geheel, deel van 'n sisteem en polisisteem.

Hulle werk kan ook die vertaler se denke verruim. Wanneer sy (soos in die huidige geval) byvoorbeeld 'n Kinderbybel moet vertaal, kan sy nou na die bron- en doeltteks in hul onderskeie kontekste kyk, bewus wees van die beperkings wat haar opgelê word en die redes daarvoor, ingeligte en gemotiveerde besluite neem oor die mate van herskryf wat sy noodwendig moet doen, en ook die kwessie van domestikering en vervreemding in konteks ondersoek en ten minste probeer om konsekwente besluite hieroor te neem. Les bes is sy bewus daarvan dat sy haar besluite moet kan verantwoord aan die uitgewer en uiteindelik aan haar lesers, en kan sy

dus openhartig oor haar eie kulturele konteks (en gepaardgaande uitgangspunte en/of vooroordele) wees.

In die geval van die vertaling van 'n Kinderbybel word die saak gekompliseer omdat die bronteks ook, benewens teologiese teks, kinderliteratuur is. Kinderliteratuur funksioneer meestal as aparte sisteem in die literêre polisteem, met sy eie norme en beperkings. Hierdie saak word in die volgende hoofstuk in meer diepte ondersoek, wat 'n literatuurstudie is van die vertaling van kinderliteratuur en die lig wat die Manipulasieskool se teorieë daarop werp.

Voordat die vertaling van kinderliteratuur in besonderhede bespreek word, is dit egter nodig om die kwessie van Bybelvertaling kortliks te ondersoek.

2.5 Teoretiese benaderings ten opsigte van Bybelvertaling

Die eerste vraag wat ter sake is, is of 'n Kinderbybel wel 'n Bybelvertaling is. Indien dit wel 'n Bybelvertaling is, is die volgende tersaaklike vraag of 'n Kinderbybel dan wel kinderliteratuur is. Die tweede vraag kan eerste beantwoord word: Aangesien dit 'n teks is wat spesifiek vir kinders geskryf is, moet dit as kinderliteratuur funksioneer, alhoewel dit 'n perifere en selfs onsekere plek in die literêre kanon van kinderliteratuur inneem (sien 3.7.3.3 en 3.7.3.4). Net soos bibliograwe meestal die bestaan van Kinderbybels ontken, ontken teoloë ook soms dat 'n Kinderbybel wel 'n tipe Bybel is (sien 3.7.3.4). Daarom is dit des te meer interessant om ondersoek in te stel na die menings van drie gerekende teoretici oor Bybelvertaling: Nida se funksionele ekwivalensie, Vermeer en Nord se funksionalisme en Gutt se relevansieteorie.

2.5.1 Nida en funksionele ekwivalensie

Die Bybelvertaler Eugene Nida se teorieë oor vertaling word vandag meestal deur vertaalteoretici as verouderd beskou, maar omdat dit in die praktyk steeds in baie Bybelvertalings 'n rol speel, veral by die skryf van Kinderbybels, word enkele aspekte daarvan kortliks aangeraak. Die Engelse Kinderbybel onder bespreking (*Read and Learn Bible* deur Eva Moore) dui as een van twee bronne die *Contemporary English Version* aan, 'n Bybelvertaling wat volgens Nida se beginsels vir 'n baie spesifieke doelleser (iemand met leesvaardigheid op 'n graad 4-vlak) geskryf is. Die bronteks waarop die vertaler van die *Lees-en-Leer Bybel* naas die Engelse bronteks (*Read and Learn Bible*) gesteun het, is die *Nuwe Afrikaanse Vertaling*, 'n Afrikaanse Bybelteks wat ook volgens Nida se beginsels uit die brontale vertaal is. Sy

beginsels sal dus ten minste indirek in die twee Kinderbybels weerklink, en dit sal die vertaler baat om daarvan kennis te neem.

Alhoewel Nida se benadering hoofsaaklik linguisties was, het hy tog ook die verhouding tussen taal, kultuur en samelewing in ag geneem. Vir hom was dit belangrik om kennis te neem van beide die brontekstuur en die doeltekstuur wanneer die Bybel vertaal word. Die vertaler analiseer die boodskap van die brontekstuur “into its simplest and structurally clearest forms” en herstruktureer dit dan in ’n vorm van die doeltaal wat die geskikste is vir die lesers van die nuwe teks (Nida 1964:63-69). In die herstruktureringproses moet die vertaler ’n styl en vorm kies “appropriate to the receptor language and to the intended receptors” (Nida & Taber 1969:206).

Volgens Nida is daar twee vorms van ekwivalensie in vertalings: formele en dinamiese (later funksionele) ekwivalensie. By formele ekwivalensie is die fokus op die vorm en inhoud van die boodskap. Die klem is op akkuraatheid en korrektheid. Die doelteks moet so na moontlik aan die bronteks wees. Wetenskaplike voetnote word gebruik om die leser in te lig oor die taal en gebruike van die brontekstuur. Aangesien die fokus op die vorm van die bronteks is, is die vertaling bronteks-georiënteerd en die boodskap in die doeltaal moet so na moontlik aan die elemente van die brontekstuur wees.

Dinamiese of funksionele ekwivalensie is gebaseer op Nida se beginsel van “equivalent effect”. Die effek van die doelteks op die leser moet dieselfde wees as die effek van die bronteks op die oorspronklike leser. Nida en Taber (1969:12) sê: “Translating consists in reproducing in the receptor language the closest natural equivalent of the source language message, first in terms of meaning and secondly in terms of style.” Volgens die skrywers verwys “ekwivalent” na die brontekstuur en “natuurlik” na die doeltaal terwyl “naaste” die twee oriëntasies saambind op die basis van die hoogste mate van ooreenstemming. Een van Nida se voorbeelde om dinamiese ekwivalensie te illustreer, is die term “lam van God”. Vir Eskimo’s is hierdie konsep betekenisloos; hulle gebruik die rob as ’n simbool van onskuld. In die Eskimo-Bybel sou ’n dinamiese ekwivalensie vir “lam van God” (“rob van God”) dus meer sin maak as ’n formele ekwivalent. Nida het egter later gevoel dat sekere terme – soos bogenoemde – so wesenlik tot die Christendom is dat dit nie verander behoort te word nie (De Waard & Nida, 1986:37).

Dinamiese ekwivalensie is gerig op die doeltaalleser se taal- en kulturele behoeftes. Omdat die fokus op die doeltaalleser is, kan die teks aangepas word ten opsigte van die grammatika, leksikon en kulturele inligting. Die vreemdheid (“foreignness”) van die teks word uitgeskrif, sodat die doelteks uiteindelik so natuurlik as moontlik voorkom. Nida het dus die beginsels van domestikering wat Venuti later sou beskryf, vooruitgevoel (sien 2.3).

Vir Nida is daar vier vereistes waaraan 'n vertaling moet voldoen: Dit moet sin maak, dit moet die gees en manier van die oorspronklike oordra, dit moet natuurlik en maklik lees, en dit moet 'n soortgelyke respons by die leser ontlok (Munday, 2001:42). Om aan dié vereistes te voldoen, moet die vertaler dinamiese ekwivalensie nastreef.

Nida gee toe dat daar soms konflik tussen inhoud en vorm sal wees, en lê die beginsel neer dat ooreenkoms in betekenis voorkeur geniet bo ooreenkoms in styl. Met sy klem op die ekwivalente respons het Nida egter ander faktore wat ook belangrik is by vertaling op die agtergrond geskuif, soos onder andere akkuraatheid en die historiese agtergrond van die bronteks.

By funksionele ekwivalensie moet die impak van 'n vertaling op 'n leser dieselfde wees as wat die skrywer van die bronteks bedoel het dit op die brontekslesers moes hê. Om dit te bewerkstellig en dus funksionele ekwivalensie te bereik, is dit aanvaarbaar om inligting by te voeg of weg te laat, die materiaal te verander, voetnote by te voeg, en elemente in die bronteks wat as vreemd of onverstaanbaar beleef sal word, uit te laat sodat die kommunikasiekanaal nie geblokkeer of oorlaai word nie (Nida 1964:131). Hierdie tegnieke word gereeld toegepas by die (her-)skryf van Kinderbybels om die boodskap van die Bybel so oor te dra dat kinders dit kan verstaan. Uitgewers en vertalers beroep hulle ook graag op Nida se beginsel van funksionele ekwivalensie om aan te voer dat hulle teks steeds Skrifgetrou oftewel funksioneel ekwivalent aan die bronteks, die Bybel, is (sien 5.3.6).

Volgens Nida is vertaling kommunikasie, en die vertaler moet nie net die betekenis van 'n teks verstaan nie, maar ook die wyse waarop die ontvangers van die doelteks dit in die doeltaal sal verstaan. Om deur middel van 'n vertaling te kan kommunikeer, moet ekwivalensie tussen die twee tekste verkry word deur op die funksie van die bronteks te fokus, vandaar die term “funksionele ekwivalensie”, wat beskryf word as: “... thoroughly understanding not only the meaning of the source text but also the manner in which the intended receptors of a text are likely to understand it in the receptor language” (De Waard & Nida, 1986:9). 'n Teks het meestal meer as een kommunikatiewe funksie en die rol van die vertaler is om al hierdie funksies te kommunikeer. Vertalers kan hulle egter nie allerhande vryhede met die teks veroorloof nie:

All translating, whether in the foreign language classroom or in the rendering of the Scriptures, should aim at the closest natural equivalent of the message in the source language. In other words, a translation should communicate. This means not only the equivalent content of the message but, in so far as possible, equivalence of form. To ascertain equivalence, either of content or form, one must focus upon the functions involved. In other words, what functions does a text perform? And how are these functions communicated by the lexical, grammatical, and rhetorical structures? (De Waard & Nida, 1986:11).

Nord en die funksionaliste het op hierdie idees omtrent die funksie van die teks voortgebou en aangetoon hoe die funksie wat 'n teks in die doelkultuur sal hê, bepalend is vir die vorm en selfs inhoud daarvan (sien 2.5.2.2).

Volgens De Waard en Nida is dit belangrik dat die Bybelteks vir homself praat. Dit is eweneens belangrik om die kulturele konteks van Bybelse tye korrek weer te gee. As die Bybel skryf dat die son stilstaan, moet die vertaler dit ook sê. As Matteus sê die ster het voor die wyse manne uitgegaan, mag dit nie verander word omdat moderne mense weet dat sterre nie beweeg nie (De Waard en Nida, 1986:25).

Die rol van die vertaler is om die bedoelings van die oorspronklike skrywer te kommunikeer. Sy moet egter deurentyd ook bewus wees van die subtiele invloede wat inwerk op haar voorneme om onbevooroordeeld te wees en van haar onkunde. "A spirit of humility combined with intellectual honesty can be the best insurance against the tendency to promote by means of Bible translating the cause of a particular theological viewpoint, whether deistic, rationalistic, immersionist, millenarian, or charismatic" (De Waard en Nida, 1986:33). Hierdie siening word vandag as idealisties beskou, veral as dit gelees word teen die agtergrond van Lefevere (1992) se siening dat vertaling herskryf is en dat daardie herskryf altyd 'n sekere ideologie en poëtika weerspieël, en Hermans (1999:96) se siening dat 'n vertaalde teks sonder uitsondering deur kultuur en ideologie beïnvloed word en dat dit eintlik onmoontlik is vir 'n vertaler om nie haar eie kulturele en ideologiese oortuigings in haar vertaling te laat klink nie.

2.5.1.1 Die waarde van Nida se werk

Nida se waarde lê daarin dat hy wegbeweeg het van die konflik tussen akademici oor letterlike en vrye vertalings. Sy konsepte van formele en dinamiese ekwivalensie was 'n nuwe blik op die vertaalproses en het 'n belangrike basis gevorm vir latere bewegings weg van die teks na die leser van die doeltteks deur onder andere die manipuliste en ook funksionaliste.

Van die belangrikste kritiek teen Nida is die feit dat hy vertalers aanmoedig om te besluit wat die boodskap van die bronteksskrywer sou wees, en dan ter wille van funksionele ekwivalensie te besluit watter aspek van daardie boodskap die leser sal sien. Nida het egter ingesien dat 'n vertaling altyd vir 'n spesifieke doelleser geskryf word, en dat dit die doeltteks noodwendig beïnvloed. Meer as een Bybelvertaling kan immers van die brontekste gemaak word: "There are three kinds of translations: first, a liturgical translation; second, a common-language translation that almost everybody can read and understand; third, translations for particular constituencies – children, for example. All major languages need these three types of translation" (Neff 2002).

Hy het baie van die sake waaroor die manipuliste later in diepte sou skryf, voorsien, en oplossings vir sommige probleme aan die hand gedoen. Hy het erken dat vertalers beïnvloed word deur hulle eie kultuur, en dat dit vir 'n vertaler bykans onmoontlik is om nie bevooroordeel te wees en die bronteks (sy dit onbewus) in ooreenstemming met die doelkultuur of haar eie ideologie te bring nie. Hy wou dit trouens beperk deur beperkings te plaas op die tipe wysigings wat 'n vertaler mag aanbring ten einde funksionele ekwivalensie te bewerkstellig. Hy het die effek van die doelteks op die doellesers beklemtoon en vertalers bewus gemaak daarvan dat hulle nie op die bronteks alleen kan konsentreer nie. Sy model het vertalers in staat gestel om die betekenis van 'n teks te analiseer en aan die effek van die teks op lesers te dink. Dit is steeds een van die dinge wat Kinderbybelvertalers in hulle tekste in berekening moet bring.

By Kinderbybels is die fokus op die doeltaalleser, 'n kinderleser met beperkte taalvermoë en kennis van sy eie wêreld en feitlik geen kennis van die wêreld waarin die Bybelse gebeure afgespeel het nie. Omdat die kinderleser se behoeftes en kennis in ag geneem word, kan die teks aangepas word ten opsigte van die grammatika, leksikon en kulturele inligting. Die teks word relevant (sien ook Gutt hier onder) gemaak vir die kind, en die vreemdheid van die Bybelse kultuur word uitgeskryf of verklaar sodat die doelteks uiteindelik oënskynlik 'n oorspronklike teks is wat spesiaal vir die kind geskryf is. Dit kan gebeur dat die Kinderbybel in so 'n mate die doelleser en sy/haar kultuur in ag neem dat die kultuur waarin die bronteks geskryf is, heeltemal verlore raak. Hoe die vertalers van die *Read and Learn Bible* en die vertaling daarvan, *Die Lees-en-Leer Bybel*, hierdie saak probeer oplos het, word in hoofstuk 5 in meer besonderhede bespreek.

2.5.2 Funksionalisme en Bybelvertaling

Funksionalistiese vertaalteorieë van die sewentiger- en tagtigerjare het die klem geplaas op vertaling as 'n handeling van interkulturele kommunikasie en op die doel of skopos van daardie handeling. Vermeer se skoposteorie, waar die vertaalstrategie bepaal word deur die funksie van die doelteks in die doelkultuur, het hieruit ontwikkel. Vermeer (1989 en 1998) en ook Nord (1991, 1997 en 2001) se werk het die bronteks as't ware onttron: Volgens hulle teorieë word 'n vertaling beoordeel nie aan ekwivalensie aan die bronteks nie, maar aan die mate waaraan die doelteks aan sy funksie of skopos (soos in die vertaalopdrag beskryf) beantwoord.

2.5.2.1 Vermeer se skoposteorie

Hans Vermeer het die doel van 'n vertaling en die vertaalhandeling ondersoek. Vermeer se skoposteorie fokus op die doel van 'n vertaling, wat dan die vertaalmetodes en -strategieë bepaal. Die vertaler word gesien as 'n sleutelspeler in die proses van interkulturele kommunikasie en die produksie van die doelteks. Die skopos van 'n vertaling moet duidelik in die opdrag beskryf word, en die opdraggewer en vertaler onderhandel dan oor die doel van die vertaling en die maniere waarop die doel verwesenlik moet word. In hierdie onderhandelinge word kulturele kwessies en verskille hanteer.

Vermeer se siening van vertaling as 'n aktiewe handeling bring volgens hom mee dat die getroue weergawe ("faithful 'replication'") van die bronteks nie meer die hoofsaak van 'n vertaler is nie (Vermeer, 1998:48). Sy uitgangspunt is: "To make oneself understood is more important than to faithfully imitate another text written for other recipients" (Vermeer, 1998:43).

'n Vertaling is inligting wat in die doeltaal en doelkultuur aangebied word oor inligting wat in die brontaal en bronkultuur aangebied is. Die skopos van die doelteks kan presies dieselfde of heeltemal anders as die skopos van die bronteks wees. 'n Vertaling funksioneer oplaas onafhanklik van die bronteks en dié se bronkultuur-bewoording, doel en ontvangers.

"'Faithfulness' in translating is relative and, what is more, it depends on the 'skopos' (purpose / aim envisaged) of the translation" (Vermeer, 1998:44). Die skopos bepaal die vertaalstrategie, maar beperk dit nie, want 'n teks moet bo alles funksioneel vir 'n gegewe doel wees.

Die klem op die skopos vergroot die rol van die vertaler. "A translator should have the freedom to design the target text not only in accordance with the agreed skopos but also with his/her own coherent interpretation of the source text" (Chesterman, 1998:156).

Die vertaler het die vryheid om 'n nuwe teks te skep volgens die vereistes van die vertaal-skopos, maar Vermeer beklemtoon dat dit nie "vryheid van" is nie, maar "vryheid om te", wat verantwoordelikheid veronderstel. Die vertaler is verantwoordelik daarvoor om 'n optimale vertaling in die gegewe omstandighede te produseer. Die lesers moet herinner word dat hulle nie die skrywer se teks lees nie, maar die vertaler se interpretasie van die skrywer se teks plus die vertaler se bewoording van haar interpretasie van die teks.

2.5.2.2 Nord en die vertaalopdrag

Christiane Nord het voortgebou op Vermeer se teorie. Vir haar was die analise van die bronteks belangrik, en sy het onderskei tussen dokumentêre en instrumentele vertalings. Eersgenoemde “serves as a document of a source culture communication between the author and the ST recipient, conveying a message directly from the ST author to the TT recipient” (Nord 1991:72). Voorbeelde hiervan is ’n letterkundige vertaling (die leser weet hy/sy lees ’n vertaling), woord-vir-woord en letterlike vertalings, asook ’n vervreemdende vertaling waar kultuurspesifieke items uit die bronteks in die doelteks behou word. ’n Instrumentele vertaling “serves as an independent message-transmitting instrument in a new communicative action in the target culture” (Nord 1991:73). Die doelteksleser lees die teks asof dit ’n oorspronklike teks geskryf in sy/haar eie taal is. Die funksie daarvan mag dieselfde of heeltemal verskillend van dié van die bronteks wees.

Volgens haar definisie is ’n Kinderbybel dus ’n instrumentele vertaling. Alhoewel die volwasse leser waarskynlik bewus is van die bronteks van die Kinderbybel, lees (of hoor) die kinderleser dit as ’n nuwe teks. Die funksie van ’n Kinderbybel verskil ook van dié van ’n Bybel vir volwassenes – dit word spesifiek vir kinderlesers geskryf, en daarom word die taal en ook die inhoud aangepas om relevant vir die kind te wees. Alhoewel die uiteindelijke funksie van ’n Kinderbybel en volwasse Bybel dieselfde is (om belangrike feite omtrent die Christelike geloof oor te dra), word die bronteks in die geval van ’n Kinderbybel volgens heersende opvoedkundige uitgangspunte en doelwitte aangepas, gereduseer en uitgebrei. Die ambivalente status van ’n Kinderbybel word egter ook hier gou duidelik: Vir sommige lesers is dit ’n oorspronklike teks, maar die volwasse lesers lees dit as ’n vertaling; die Kinderbybel se funksie is anders as dié van die Bybel, maar uiteindelik tog ook dieselfde. Die feit dat skrywers en vertalers van Kinderbybels dikwels nie erken word nie, dui verder op die feit dat die teks as oorspronklike, nievertaalde teks aangebied word. En hierdie ambivalensie maak dit des te meer noodsaaklik dat ’n duidelike vertaalopdrag ontwikkel word, sodat sowel opdraggewer as vertaler presies weet wat die skopos van die doelteks is. Soos in hoofstuk 6 aangetoon word, is dit ook vir die redigeerder van die vertaalde teks noodsaaklik om nie net bewus te wees van die vertaalopdrag nie, maar ook van die motivering van die vertaler se keuses en strategieë.

Vertaling het ’n kommunikasie-doelwit, maar daar is kulturele afstand tussen ten minste twee van die partye betrokke in die kommunikasie-handeling.

The translator’s role is that of a mediator who makes communication possible in spite of the cultural gap. But the cultural gap does not disappear. The participants do not ‘jump over’ it; they stay where they are and remain where they are, members of their own cultural community (Nord 2001:187).

In die geval van interkulturele instrumentele vertalings is die doelteksleser onbewus dat die teks vertaal is. Die vertaalde teks word volgens die kulturele konvensies van die doelkultuur geskryf. By dokumentêre vertalings is die vertaler wel teenwoordig in die kommunikasie-handeling (al is dit net as naam bo of onder die teks of op die voorblad).

Alle belanghebbendes is aangewese op hulle teorieë en aannames oor vertaalde werk (of – volgens Nord – “mediated communication”). Hulle beoordeel die teks volgens hierdie teorieë en aannames, selfs wanneer hulle nie die bronteks kan gebruik om te vergelyk nie. Dit is veral waar van Bybelvertalings, ’n gemeenskap se heilige skrifte. Die vertaler moet hierdie subjektiewe verwagtings in ag neem (Nord 2001:195), en bereid wees om haar eie uitgangspunte te stel en te verdedig.

2.5.2.3 Lojaliteit en verantwoordbaarheid

By vertalings vind daar dikwels ’n verandering in funksie plaas. Die funksionaliste wil hierdie verandering (of herskrywing) eksplisiet aan die orde stel. ’n Vertaling word beoordeel aan die vraag of die vertaalde teks aan die bedoelde funksie (soos uiteengesit in die vertaalopdrag) voldoen. Hierby moet die vertaler egter lojaal bly aan sowel brontaalskrywer as doeltaalleser, en moet besluit of die opdrag versoen kan word met die brontaalskrywer se oorspronklike intensie. Deur die skopos van die vertaling en sy kriteria te verduidelik, maak die vertaler haar teorie en werkwyse deursigtig. Sodoende word lesers (wat moontlik ander funksies vir die teks het) nie om die bos gelei nie, en bly die vertaler ook lojaal aan die lesers.

Moontlike skopoi vir ’n vertaling is om die vreemdheid van die vreemde kultuur verstaanbaar te maak, en om die kulturele afstand tussen die twee kulture te verklein. Aan die ander kant kan die vertaling juis op die vreemdheid fokus en die afstand tussen die twee kulture bewaar deur middel van ’n eksotiserende of vervreemdende vertaling. Dit word alles bepaal deur die skopos van die vertaling.

Die skopos van die vertaling sal beskryf wat die vertaler moet doen en hoe sy moet aanpas by die doelkultuur. “The primary aim (skopos) of translating is to design a target text capable of functioning optimally in the target culture. (The optimum depends on the translator’s subjective estimate)” (Vermeer 1998:50). Die vertaler is die kundige in transkulturele kommunikasie en bikultureel, maar ook die vennoot van die opdraggewer. Saam besluit hulle (deur onderhandeling) op ’n strategie om die vertaalskopos te bereik. Die besondere omstandighede sowel as die doelkultuur het ’n groot invloed op die uiteindelijke vertaling.

Nord het ook aandag gegee aan die interpersoonlike interaksie van die vertaalproses. 'n Inisieerder (die kliënt, bronteksskrywer, doelteksleser of vertaler) begin die hele proses deur die vertaler te nader omdat daar 'n sekere behoefte in die doelkultuur bestaan. Die vertaalopdrag sit die skopos van die doelteks uiteen, en neem derhalwe 'n sentrale plek in as essensiële element in die ontwikkeling van vertaalkeuses (Harvey 1998:272). Die vertaler analiseer die skopos van die vertaling soos in die vertaalopdrag uiteengesit en maak 'n oorsigtelike studie van die bronteks om te sien of 'n vertaling wel prakties uitvoerbaar is. Dan analiseer sy die bronteks aan die hand van vrae om inligting oor verskillende aspekte van die bronteks en doelteks te kry. Die vertaalopdrag bepaal en die vertaler besluit watter elemente van die bronteks behou en watter aangepas of uitgelaat moet word. Die vertaler gebruik dus net die elemente van die bronteks wat vir die skopos van die doelteks nodig is, sodat die doelteks op die ou end die gegewe doel in die doeltaal sal bereik.

Dit is duidelik dat die vertaler so ver van die bronteks af kan beweeg as wat die vertaalopdrag vereis. Om die vertaler tot vertaling te beperk, om die konvensies van die betrokke kultuurgemeenskap in ag te neem, en om die funksies van die doelteks te beperk, het Nord die konsepte van lojaliteit en konvensie ontwikkel. Lojaliteit vra van die vertaler om die funksie van die bronteks en die vereistes van die doelteks in balans te hou: "Loyalty commits the translator bilaterally to both the source and the target side" (Nord, 2001:195). Die vertaler is uiteindelik verantwoordelik vir die vertaling wat sy gedoen het, en sy moet lojaliteit en heersende konvensies van die doelgemeenskap sowel as die kommunikatiewe doelwitte van die bronteksskrywer in ag neem. Die vertaler se doelwit is om 'n funksionele doelteks te lewer wat voldoen aan die inisieerder se opdrag en ook in die doelkultuur aanvaarbaar sal wees. Lojaliteit teenoor bronteksskrywer en doeltekslesers vra dat die vertaler sal verduidelik watter aspekte van die bronteks behou is, en watter verwerk of uitgelaat is. Nord het byvoorbeeld in die Bybelvertaling wat sy saam met haar man gedoen het, 'n voorwoord van 30 bladsye geskryf om haar vertaalbeginsels uiteen te sit en met voorbeelde te illustreer.

Vir Nord is vertaling 'n kommunikatiewe interaksie tussen mense wat verhinder word deur 'n kulturele gaping. Die vertaler oorbrug die gaping en maak kommunikasie moontlik (Nord 2001:187). Sy neem nie die gaping weg nie, en die deelnemers hoef ook nie oor die gaping te spring nie; hulle bly lede van hul eie kulturele gemeenskap. Die skoposteorie wys daarop dat die vertaler verder bewus moet wees van die diskoers oor vertaling, asook van ander tekstuele en buite-tekstuele faktore. Met die analise op makro-vlak van die *Read and Learn Bible* (hoofstuk 5) wil ek aantoon dat die skoposteorie van deurslaggewende belang is vir Kinderbybelskrywers en -vertalers: Hulle moet besluite neem ten opsigte van die keuse van geskikte materiaal en die kontekstualisering van die materiaal; hulle is besig met kultuuroordrag en moet 'n teks skep wat optimaal in 'n nuwe kultuur kan funksioneer.

2.5.3. Ernst-August Gutt se relevansieteorie

Ernst-August Gutt wou 'n teorie van vertaling daarstel, en het nie veel te sê gehad oor die praktyk van vertaling nie. Vertaling is vir Gutt 'n vorm van sekondêre kommunikasie tussen verskillende tale waar die vertaler probeer om die gedagtes van die oorspronklike skrywer getrou in 'n ander taal weer te gee. Sy moet dus die bronteks interpreteer, besluit wat daarin kommunikeerbaar is, en die doelteks aanpas by die doellesers se kognitiewe omgewing (Heltai 2008:160).

Gutt onderskei eerstens tussen kovert ("covert") en sigbare ("overt") vertaling. Eersgenoemde vertaling funksioneer as 'n oorspronklike teks in die doeltaal, en die bronteks dien slegs as 'n gids vir die skep van die doelteks. Die vertaler hoef nie noodwendig die betekenis van die bronteks getrou weer te gee nie. Om korrekte inligting oor te dra is belangriker as die betekenis van die bronteks, en haar taak is nie in die eerste plek om die gedagtes van die bronteksskrywer in 'n ander taal weer te gee nie. Gutt sluit alles wat gewoonlik as verwerkings en aanpassings (byvoorbeeld advertensies, pamflette en gebruikershandleidings) beskou word, hierby in, en besluit dan dat dit uitgesluit kan word by sy teorie oor vertaling aangesien dit volgens sy definisie nie 'n ware vorm van vertaling is nie. In hierdie opsig verskil Gutt van die manipuliste (sien 2.1), vir wie alle vorms van herskrywing vertalings is, net soos alle vertaling volgens hulle 'n mindere of meerdere mate van herskrywing is. Hy sluit egter aan by die linguïstiese benadering se gebruik van die term "translation proper".

Daar is volgens Gutt twee benaderings tot ware of sigbare ("overt") vertaling: direkte en indirekte vertalings. Beide behels die interpreterende gebruik van taal en is dus ware vertaling.

'n Direkte vertaling behou al die kommunikatiewe leidrade van die bronteks, en die doelleser moet die indruk kry dat hy of sy die doelteks in die doeltaal lees maar in die konteks van die bronteks. Dit is 'n teks waar die vertaler moet probeer "to somehow stick to the explicit content of the original" (Gutt 2000:129). Idiomatiese uitdrukkings moet dié van die doeltaal wees, maar afleidings wat die brontaalleser uit die bronteks sou gemaak het, moet nie eksplisiet aan die doeltaalleser verduidelik word nie.

By 'n indirekte vertaling dra die vertaler nie al die aannames van die bronteksskrywer oor nie, maar slegs dié wat as relevant vir die doeltaalleser beskou word (Smith 2002:112). Aangesien maksimum relevansie vir die doellesers belangrik is, kan frases herformuleer word om maksimum kontekstuele effek te verseker. Smith (2002:112) beskryf 'n indirekte vertaling volgens Gutt se teorie as "an accurate, though incomplete, representation of the content of the source text in the receptor language". Al die aannames van die bronteks hoef nie oorgedra te word nie, maar dié wat wel oorgedra word, moet van die bronteks afkomstig wees.

Volgens Gutt se teorie kan Kinderbybels beskou word as óf 'n koverte (“covert”) vertaling (en dus nie 'n vertaling nie) óf 'n indirekte vertaling. Indien 'n mens van die standpunt uitgaan dat 'n Kinderbybel die bronteks slegs as gids gebruik, en dat korrekte inligting belangriker is as die betekenis van die bronteks, moet sommige Kinderbybels as koverte (“covert”) vertalings gesien word. Die Joodse Bybelverhale wat later bespreek word, val moontlik in hierdie kategorie (sien 3.7.2). Die meeste uitgewers van Kinderbybels sou egter hulle Kinderbybels as ware (“overt”) alhoewel indirekte vertalings sien: Die doelteks gee wel nie die inhoud van die bronteks volledig weer nie, maar wat wel aangebied word, is volgens uitgewers sonder uitsondering 'n getroue weergawe van die bronteks (sien 3.7.3.1). Reduksie is volgens Gutt wel 'n aanvaarbare manier om die bronteks so aan te bied dat dit relevant vir die betrokke doellesers is, maar daar mag geen byvoegings wees nie. Wanneer die *Read and Learn Bible* en die *Lees-en-Leer Bybel* in hoofstuk 5 analiseer word, sal vasgestel word of die aansprake van die uitgewers geldig is en of die Kinderbybels wel volgens Gutt as indirekte vertalings gesien kan word.

Uit Gutt se teorieë kan daar ook enkele bykomende implikasies vir Kinderbybelskrywers afgelei word.

Hy sê byvoorbeeld dat die eksplisiete betekenis van 'n teks soos die punt van 'n ysberg is (Gutt 2006:3). Om die woorde op 'n bladsy te verstaan, benodig die leser baie meer inligting as wat daar gegee word. Al die relevante kennis wat die leser nodig het, is die gedeelte van die ysberg wat onder die water weggesteek is. Die vertaler se taak is om die inligting te identifiseer wat nodig is om die betekenis van die bronteks te ontsluit, vas te stel oor watter gedeelte van daardie inligting die doeltekslesers reeds beskik (die vertaler moet met ander woorde die doelkultuur ken) en dan te besluit watter deel sy moet verskaf (Gutt 2006:11). Wanneer met Bybeltekste gewerk word, moet die vertaler meestal bepaal watter ekstra inligting die doellesers nodig het om die doelteks bevredigend te kan interpreteer. Dit geld ook vir Kinderbybels, maar hier moet die vertaler ook besluite neem ten opsigte van teks wat uitgelaat moet word sodat die betekenis van die bronteks ten beste vir die kinderlesers ontsluit kan word.

Vir Gutt is die implikasie hiervan dat interaksie tussen antropoloë en vertalers in die geval van Bybelvertaling nodig is om kommunikasieprobleme tussen die bronkultuur en doelkultuur op te los. Kulturele navorsing is van die uiterste belang. Die Bybelteks is binne 'n bepaalde kultuur geskryf, en moderne lesers moet “kultureel geletterd” wees indien hulle die teks wil verstaan. Lukraak brokkies inligting is nie genoegsaam nie, aangesien die meeste mense geen kognitiewe model van daardie kultuur het nie. Bybelvertalers moet dus 'n strategie ontwikkel om Bybellesers geletterd in die Bybelse kultuur te maak. Gutt (2006:15) gee toe dat dit 'n “daunting task” is, maar voer ook aan dat dit groot belofte inhou vir die impak van Bybelvertalingstrategieë.

Vir die Kinderbybelskrywer is die implikasies nog meer verreikend, aangesien die vertaler 'n twee duisend jaar oue kultuur (waarvan hulle waarskynlik geen kennis het nie) aan kinderlesers moet verduidelik. Dit impliseer nie alleen kennis van die bronkultuur nie, maar ook kennis van die leefwêreld van die kinderleser.

Mona Baker (2006:321-337) sluit by Gutt aan wanneer sy kontekstualisering in vertalings bespreek. Dit is volgens haar (2006:333) soms nodig om 'n teks te herkontekstualiseer en sy meen navorsers kan veel ontdek deur herkontekstualisering in 'n bepaalde teks te ondersoek. Hiermee sluit sy dan aan by manipuliste soos Lefevere en Hermans (sien 2.1). Die betekenis van 'n teks kan gemanipuleer word en aangesien betekenis afhanklik is van konteks, beteken dit dat manipulasie van betekenis ook manipulasie van die konteks behels. "The same event can be strategically placed in a number of different contexts by different participants, depending on their relevant agendas" (Baker 2006:335). Hierdie saak kan nie in die geval van Bybelvertaling ignoreer word nie, aangesien Bybelvertalers van die standpunt uitgaan dat die teks wat hulle vertaal die leser se heilige skrif, en dus bepalend vir sy of haar lewe is. Deur die proses van kontekstualisering te ondersoek, kan 'n mens veel wys raak omtrent die doelwitte van elke deelnemer aan die proses, en ook wat hulle met hulle bepaalde keuses wil bereik. Aangesien kontekstualisering gesien kan word as sosiale optrede, sal die proses ook lig werp op die deelnemers (in hierdie geval Kinderbybelskrywers en -vertalers) se sosialiseringsdoelwitte met die doeltteks (sien veral 3.7.1).

Kasprzak (2008:171) lewer kommentaar op Gutt deur te vra of dit altyd moontlik en nodig is om die proesseringspoging ("processing effort") van die doelleser te verminder om optimale kontekstuele effekte te verkry en dus die teks se relevansie vir die lesers te verhoog. Hy ondersoek die vertaling van terminologie of name van byvoorbeeld voëls of natuurverskynsels, en vind dat vertalers soms ter wille van relevansie vir die leser feite verdraai of verkeerde inligting gee. Hulle domestikeer die teks ten koste van wetenskaplik korrekte feite om die proesseringspoging van inligting te vergemaklik (Kasprzak 2008:185). Indien 'n mens die beginsel van "hoe kleiner die proesseringspoging, hoe groter die relevansie" (Gutt 2000:31) toepas, minag jy eintlik die leser, want jy verhinder intertaalige (en interkulturele) ontwikkeling (Kasprzak 2008:171). Hy vra ook of dit nie in die geval van kinderliteratuur oorbeskermend teenoor die jong lesers is om slegs bekende konsepte aan te bied en so kinders se ingebore weetgierigheid te demp nie (Kasprzak 2008:183). Hy meen ook dat volwassenes se natuurkennis in hul kinderjare vasgelê word en dat foutiewe, "gedomestikeerde" kennis en terminologie sodoende vassteek en selfs na die volgende geslag oorgedra word. Dit is moontlik ook waar van die kennis wat mense omtrent die Bybel via Kinderbybels opdoen; 'n mens kan maar net die hardnekkige vassteek van konsepte soos Eva en die appel, Gam se gelag, en die drie wyse manne hier ophaal. Sekere leerstellige wanpersepsies steek moontlik ook op hierdie manier vir

geslagte lank vas, en die saak kan moontlik met vrug ondersoek word. Die kwessies wat Kasprzak bespreek, behoort beslis in gedagte gehou te word wanneer 'n teks soos 'n Kinderbybel vir jong doellesers relevant gemaak word.

Grzegorzewska (2008:266) bespreek Gutt se gevolgtrekking dat 'n vertaler nie net moet besluit hoe om 'n teks te vertaal nie, maar ook wat om te vertaal. Sy vra dan wie behoort te besluit oor wat essensieel is en wat ignoreer kan word in die interpretasie en vertaal van komplekse tekste soos die Bybel of Milton se *Paradise Lost*. Haar gevolgtrekking is dat hierdie besluite altyd ideologies gedrewe is, en altyd "ideological compromises" (Grzegorzewska 2008:269) en ideologiese manipulasie insluit. Vir haar is die probleem nie dat dit gebeur nie (sy sien dit as onvermydelik) maar dat Gutt se teorie hierdie prosedures sou verdoesel (Grzegorzewska 2008:280). Vir haar is Gutt se model dus 'n onvolledige beskrywing van die komplekse onderhandelings wat betrokke is in die proses van vertaling. Sy sluit hiermee aan by Venuti wat 'n vertaling voorstaan wat eerlik is omtrent die ideologiese uitgangspunt daarvan (sien 2.3) en ook by Nord se funksionalisme (sien 2.5.2). Grzegorzewska se besware ten opsigte van Gutt se teorie behoort in ag geneem te word by die vertaal van 'n Kinderbybel – juis omdat die vertaler gedurig besluite neem oor wat om te vertaal, word die doelteks oplaas 'n verklaring van die vertaler se ideologie, en nie van dié van die bronteks nie.

2.5.4 Gevolgtrekking

Die drie navorsers wat hier bo bespreek is, het elkeen 'n invloed op denke oor Bybelvertaling uitgeoefen. Alhoewel hierdie bespreking slegs kursories is, dien dit tog om twee kwessies te onderstreep:

Die beginsels wat hierdie drie teoretici neergelê het, het in die geval van Nida die teorieë wat die manipuliste later sou formuleer, vooruitgeloop, en in die geval van Nord en Gutt, bevestig. Nida het reeds in die sestigerjare ingesien dat 'n teks nie los te maak is van die sosiokulturele omgewing waarin dit funksioneer nie, en dat dit in 'n vertaling verreken moet word. Nord het klem gelê op die doel of funksie van 'n vertaling, en die vraag van die manipuliste ("Wie vertaal wat, wanneer, hoe, vir wie en in watter konteks?") uitgebrei toe sy haar bekende model vir die vertaalopdrag ontwikkel het. Hierdie model stel haar in staat om die bronteks deeglik te ontleed en om vas te stel hoe sy dit moet herskryf om te voldoen aan die funksie van die doelteks. Gutt, wat 'n linguistiese benadering volg, het ook beklemtoon dat 'n vertaling relevant vir die leser moet wees. Volgens sy teorie kan 'n Kinderbybel as 'n ware, indirekte vertaling gesien word, waar relevansie vir die leser die vertaler toelaat om sekere dele van die bronteks uit die doelteks te laat. Navorsers oor sy teorie het egter aangetoon dat sy teorie tot slordige of bedekte manipulasie van die bronteks kan lei.

Tweedens dui die werk van hierdie teoretici daarop dat die Kinderbybelvertaler met vrug van die insigte van die manipuliste kennis kan neem, en veral die kwessies van sosiokulturele konteks, herskrywing, en domestikering en vervreemding moet verreken in haar voorbereiding en vertaling.

2.6 Slot

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na die menings en insigte van verskeie vertaalteoretici van die Manipulasieskool, sowel as dié van drie teoretici wat hul insigte op Bybelvertaling van toepassing gemaak het.

Uit die kort ondersoek het dit reeds geblyk dat die beginsels en teorieë wat geformuleer is, uiters relevant is vir die vertaalpraktyk wanneer 'n vertaler 'n Kinderbybelteks moet vertaal.

Voordat die teorieë egter deur middel van 'n gevallestudie getoets word aan 'n werklike vertaling, is daar eers 'n bespreking van die literatuur oor die vertaling van kinderliteratuur.

Hoofstuk 3

Die vertaling van kinderliteratuur

3.1 Inleiding

Kinderliteratuur het begin ontwikkel toe die konsep van die kinderjare as aparte fase in 'n mens se lewe ontstaan het. Kinderbybels en kinderliteratuur het saam ontwikkel; trouens, verhale uit die Bybel vir kinders oorvertel was van die eerste literatuur wat vir kinders beskikbaar was (Bottigheimer 1996; Bekkering *et al.* 1990; Jackson 1989) (sien 4.2 en 4.3). Vertaalde werke was ook van die begin af 'n belangrike segment van kinderliteratuur.

Verskil die vertaling van kinderliteratuur van ander tipes vertaling? Indien kinderliteratuur as aparte sisteem in die literêre polisteem gesien word, sal vertaalde kinderliteratuur waarskynlik eiesoortige kenmerke hê. In hierdie hoofstuk word hierdie kenmerke deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek en beskryf, en daar word vasgestel in watter mate dit op die vertaling van Kinderbybels betrekking het.

Mary Wollstonecraft het in 1790 in die voorwoord van 'n Duitse kinderboek wat sy vertaal het, geskryf:

... beside making it an English story, I have made some additions, and altered many parts of it, not only to give it the spirit of an original, but to avoid introducing any German customs or local opinions. My reason for naturalizing it must be obvious – I did not wish to puzzle children by pointing out modifications of manners, when the grand principles of morality were to be fixed on a broad basis (Lathey 2006b:5).

Sy verander name en kossoorte, en voeg ook 'n ekstra verhaaltjie in om 'n alternatiewe siening van die Amerikaanse inboorlinge te bewerkstellig (“to lead children to consider the Indians as their brothers”). Haar vernaamste oogmerk is die oordra van “grand principles of morality” en nie 'n getroue weergawe van die bronteks, of dan 'n “adequate” of “foreignised” vertaling nie (sien 2.3). Baie navorsers is van mening dat Wollstonecraft se sienings vandag nog geld, dat vertalers van kinderliteratuur hulle heelwat vryheid veroorloof wanneer hulle vertaal, en dat hierdie aspek steeds kenmerkend van vertaalde kinderliteratuur is. Hierdie maklike herskryf van die bronteks is volgens navorsers soos Bottigheimer, Gold, Du Toit en Beard by uitstek 'n kenmerk van Kinderbybels, en sal dus in hierdie hoofstuk in meer besonderhede ondersoek word. Omdat die insigte van die deskriptiewe vertaalstudie en die manipulasieteorie (soos beskryf in hoofstuk 2) hul baie goed leen tot hierdie tipe ondersoek, sal ek veral daarop steun.

Die Romantiek van die laat agtiende en neëntiende eeu het groot veranderinge in die kindbeskouing van opvoedkundiges teweeg gebring. Kinders moes nie meer so gou moontlik groot word nie, en hulle is nou ook anders as grootmense behandel. Hulle is weggehou van negatiewe aspekte van die samelewing, en moes hul kinderjare so lank moontlik geniet. Sentimentaliteit en verbeeldingrykheid het baie kinderliteratuur gekenmerk, onderwerpe wat as onvanpas beskou is, is nooit geopper nie, en verder is eenvoudige antwoorde op vrae gegee. Seks, geweld en ongeregtigheid is as taboe beskou, tensy dit as 'n feëverhaal en dus nie as werklikheid nie aangebied is (Kingsley het byvoorbeeld sy roman *The Waterbabies* as 'n fantasieverhaal aangebied sodat hy daarin sosiale kritiek kon lewer). Realistiese verhale was altyd optimisties, met 'n positiewe uitkyk op die lewe (Ghesquiere 2006:23). Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n verandering in hierdie sienings gekom: Onderwerpe wat voorheen slegs in volwasse literatuur ter sprake gekom het, het ook in kinderboeke begin verskyn. Probleme, moeilike kwessies en sosiale kritiek is alles in kinderliteratuur behandel. Kinderliteratuur was selfs veronderstel om tradisionele sosiale waardes soos stereotiepe genderrolle of gesagsverhoudings te bevraagteken. Die sekulariseringsproses en emansipasiebewegings (soos feminisme) het gelei tot meer openheid ten opsigte van voorheen verbode onderwerpe (Ghesquiere 2006:24). Vertalings het hierdie proses aangehelp. Omdat die invloed van 'n bepaalde kultuur en tydperk se kindbeskouing so 'n groot invloed op vertalings van kinderliteratuur het, word die invloed van die veranderende kindbeskouing ook hier onder ondersoek.

Literatoure sowel as vertalers is vandag bewus daarvan dat baie westerse boeke wat in ontwikkelende lande as vertalings aangebied word, deel is van die koloniseringsproses en bedekte politieke en sosiale propaganda bevat (Ghesquiere 2006:31). 'n Interessante aspek van Kinderbybels is dat hulle juis ter wille van die "boodskap" of ideologie daarin vertaal en vir kinders aangebied word; dit is trouens die belangrikste oorweging by die vertaling daarvan. Alhoewel die meeste volwassenes meen dit gaan net om die Christelike boodskap, is daar heelwat bedekte sosiale boodskappe in Kinderbybels verskuil. Die kwessie van manipulasie van Bybeltekste vir kinders en die ideologiese motivering daarvoor word dus ook in hierdie tesis ondersoek.

3.2 Definisie van kinderliteratuur

Kinderliteratuur is literatuur wat vir kinders geskryf of bedoel is. Hierdie voor die hand liggende definisie is egter bedrieglik, want kinders is geensins die enigste rolspelers nie. Kinderliteratuur word deur volwassenes geskryf en deur volwassenes (soos ouers, onderwysers, uitgewers en resensente) sowel as kinders gekies, gelees en beoordeel. Al die volwassenes wat betrokke is

by die produksie, verspreiding en lees daarvan, het boonop 'n bepaalde kindbeskouing en sekere oortuigings oor literatuur wat vir kinders geskik is. Hierdie aspekte word in die res van die hoofstuk bespreek.

In Afrikaans word daar dikwels onderskei tussen kinderliteratuur (vir kleuters tot kinders van min of meer tot twaalf jaar) en jeugliteratuur (vir tieners). Wetenskaplikes wat in Engels skryf, gebruik deurgaans die term “children’s literature” en alhoewel hulle selde beskryf wat hulle met “children” bedoel, word dit uit die tekste wat bespreek word duidelik dat die woord die totale kinderfase van kleuters tot tieners insluit. In die literatuurstudie wat volg, word daar nie onderskeid getref tussen kinder- en jeugliteratuur nie, maar in die analise van 'n spesifieke Kinderbybel in hoofstuk 5 en 6 word gefokus op kinders tussen vyf en agt jaar aangesien die Afrikaanse Kinderbybelteks vir daardie ouderdomsgroep bedoel is.

Intussen volstaan ek by twee definisies of beskrywings, omdat dit betrekking het op wat in die res van die hoofstuk volg. Saxby (1987a:4) meen dat die begripsvermoë en ervaring van die jong kind 'n invloed het op die literatuur wat vir hom/haar geskik geag word. Sy sê:

If literature has integrity ... the end product becomes an image of life, and potentially a metaphor for living ... When the image or metaphor is within a child’s range of sensory, emotional, cognitive and moral experience and is expressed in linguistic terms that can be apprehended and comprehended by young readers, a book becomes classed as a children’s one.

Norst (1987:313) meen weer dat onderrig 'n belangrike komponent van kinderliteratuur is:

In general, human beings also seem to agree on the principal function of story: to shape personal and communal experience in order to share and remember it. The transmission of story to those who were not actual witnesses of the event is intended to involve them in our existence. This would seem to explain why everywhere and always we are intent on using story to teach the next generation what we consider memorable whether it be our exploits and achievements or simply our way of doing things.

Hierdie twee aspekte van kinderliteratuur, naamlik die kind se vermoë en die onderrigfunksie van die teks, word by herhaling betrek wanneer vertaalde kinderliteratuur ondersoek word, en tree dikwels as norme na vore wanneer vertaalkeuses gemaak of vertalings ondersoek word.

3.3 Manipulasieteorie en kinderliteratuur

Zohar Shavit (1986) het die insigte van die Manipulasieskool op kinderliteratuur toegepas en probeer om patrone wat wêreldwyd kenmerkend is van kinderliteratuur te beskryf. Sy beskou kinderliteratuur as deel van die literêre polisistiem en dus 'n integrale deel van 'n gemeenskap se kulturele lewe. Sy ondersoek die aard van kinderliteratuur en hoe dit in die literêre

polisistiem optree, sowel as die konteks waarbinne kinderliteratuur ontwikkel. Kinderliteratuur is vir haar die produk van beperkings opgelê deur verskillende kulturele stelsels soos onderwys- en ideologiese stelsels. Sy ondersoek verder die wyse waarop veranderende konsepte van die kind kinderliteratuur beïnvloed, en die wyse waarop die kulturele posisie van kinderliteratuur sekere gedragspatrone vestig, soos 'n geneigdheid tot eenvormigheid, 'n geneigdheid om slegs bekende modelle te aanvaar, en die nodigheid om 'n kinderboek vir twee stelle lesers te skryf.

3.3.1 Kinderliteratuur word vir twee stelle lesers geskryf

Shavit en verskeie ander wetenskaplikes bespreek die feit dat skrywers en vertalers van kinderliteratuur altyd vir twee stelle lesers skryf: die kinderleser en die volwasse keurder, koper, resensent en voorleser. Ironie en satire in 'n kinderteks is 'n aanduiding van die skrywer se kant af dat sy bewus is van die volwasse leser en elemente inbou sodat laasgenoemde dit ook kan geniet; formule-skryf is weer 'n aanduiding dat die skrywer slegs die kinderleser in gedagte het (Shavit 1986:15).

Dit is volwassenes wat kinderboeke skryf, illustreer, uitgee, versprei, resenseer en koop. Wat in kinderboeke staan, is meestal wat volwassenes meen kinders moet hoor (Dollerop 2003:82). 'n Mens vind die teenstrydigheid by alle kinderboeke dat dit eintlik geskryf word om die sekondêre leser (die volwassene) te plesier en te oortuig om die boek te koop (O'Connell 2006:15).

Kinderboeke word soms oënskynlik vir kinders maar eintlik in die eerste plek vir volwassenes geskryf. Rudvin en Orlati (2006:157-184) meen dat Salman Rushdie se *Haroun and the sea of stories* na die debakel met sy *Satanic verses* as onskuldige kinderboek aangebied is sodat die politieke subteks "onsigbaar" kon word, en die aanval op sensuur wat in die teks verskuil is, nie raakgesien sou word nie. Sulke boeke het 'n ambivalente status – dit is oënskynlik vir kinders bedoel, maar die veelvlakkige struktuur spreek tot die volwasse leser op subtekstvlak.

Om die vlak van sofistikasie te bereik wat nodig is indien 'n skrywer by 'n volwasse gehoor aanklank wil vind, skryf sommige skrywers meer as een teks. Lewis Carroll het byvoorbeeld drie verskillende variasies van *Alice's adventures in wonderland* geskryf. In *The nursery Alice* is alle elemente uitgehaal wat as te gesofistikeerd vir 'n kinderleser beskou is.

Baie boeke wat as "klassieke" kinderliteratuur bekend staan, soos *Gulliver's Travels*, *Robinson Crusoe* en die sprokies van Grimm en Anderson, was aanvanklik vir volwassenes bedoel, en is herskryf voordat dit as geskik vir kinderlesers beskou is. En nou lees min mense die oorspronklike teks; die herskrewende teks word allerweë beskou as die oorspronklike of dan

eintlike teks. Die tekste is so vereenvoudig dat dit voldoen aan al die tradisionele eise van kinderliteratuur, en dus deur die volwasse arbiters van goeie kinderliteratuur aanvaarbaar verklaar kon word (Shavit 1986:78). In die kinderteks word metafore en allegorie meestal uitgeskryf, en die teks vereenvoudig tot 'n eenvlakkige verhaal. Dollerop (2003:85) beweer dat die boeke gewoonlik aangepas word om die norme van die volwassenes wat daarby betrokke is (hetsy as uitgewers, oorskrywers of kopers) te verteenwoordig en – veral – te bevorder. In die neëntiende eeu is volksverhale byvoorbeeld volgens heersende middelklasnorme herskryf sodat dit altyd met 'n huwelik en verbeterde sosiale omstandighede as beloning vir goeie gedrag, goeie daede en vindingrykheid eindig.

Kinderbybels val ook in hierdie kategorie: die bronteks is vir volwassenes geskryf, maar word al vir eeue lank vir kinderlesers herskryf. Volgens Gold (2004:147) is die bronteks van Kinderbybels, hetsy die Christelike Bybel of die Joodse Tanakh (min of meer ooreenstemmend met die Christelike Ou Testament) 'n baie moeilike teks wat deur herskryf, weglatings, byvoegings en klemverskuiwing meer toeganklik vir kinderlesers gemaak moet word. Die ryk simboliek, metafore, ironie en allegorie van die bronteks word ter wille van die onderrigfunksie en die skrywers/vertalers se kindbeskouing uitgelaat of anders word een interpretasie-opsie gekies en verduidelik. Sodoende word die “les” wat die skrywer/vertaler wil oordra, baie duidelik uitgespel. Aspekte van God se karakter, veral dié wat as moeilik of duister beskou word, word byvoorbeeld eenvoudig uitgelaat, of so herskryf dat dit die skrywer se opvoedkundige doelwitte pas (Gold 2004:133) (sien ook 3.7.3 hier onder).

Die Joodse Kinderbybels wat Gold ondersoek het, is nie as heilige skrif self aangebied nie, en bloot “Bybelverhale”, “Bybelgeskiedenis” of “verhale uit die Bybel” genoem (Gold 2004:95). Vir Protestante is die Bybel egter 'n heilige skrif waaraan nie verander mag word nie – hulle beroep hulle dikwels op die eis van Openbaring 22:18 dat niks tot die teks weggelaat of bygevoeg mag word nie – en Kinderbybels word dus dikwels as onveranderde heilige skrif aangebied (Bottigheimer 1996:51–52; Du Toit & Beard 2005b:568). As 'n mens die Kinderbybels ondersoek, vind jy egter dat didaktiese norme en die vereiste om verstaanbaar vir kinders te skryf, meestal in die praktyk swaarder weeg as die onaantasbaarheid van die bronteks.

3.3.2 Beperkings waaraan kinderliteratuur onderhewig is

Volgens Shavit (1986:33) het kinderliteratuur dieselfde status as volwasse literatuur wat nie tot die literêre kanon behoort nie. Dit het egter 'n unieke posisie omdat dit ook as deel van die opvoedingstelsel gesien word. Bottigheimer en ook Du Toit en Beard sluit hierby aan wanneer

hulle die plek van Kinderbybels in die literêre polistestem bespreek; die kwessie word in 3.7 in besonderhede bespreek.)

Hierdie perifere posisie van kinderliteratuur in die polistestem lê sekere beperkings op tekste, soos die reeds genoemde gelyktydige (maar soms teenstrydige) behoefte om vir twee groepe (kinders en volwassenes) te skryf, die geneigdheid tot eenvormigheid, die uitsluitlike aanvaarding van wat reeds bestaan en bekend is, en 'n onwilligheid om nuwe vorms te aanvaar (Shavit 1986:63).

Een van die grootste beperkings op kinderliteratuur is volgens Shavit (1986:93) die status van die lesers (volwassene en kind) daarvan. Die samelewing bepaal dat die volwassene die kind se meerdere is, en verantwoordelik is vir die besluit of 'n bepaalde teks vir 'n kinderleser geskik is al dan nie. Verder sien die westerse kultuur die kind se leesmateriaal as "crucial for his development and mental welfare" (Shavit 1986:93). Dit lei tot wydverspreide sensuur van kinderliteratuur, of ten minste waardeoordele van volwassenes oor wat geskik is vir kinderlesers. Skrywers van kinderliteratuur moet dus altyd kompromieë aangaan om die volwasse beoordelaars sowel as die kinderlesers tevrede te stel. As hulle hoofsaaklik vir hul kinderlesers skryf, is die teks meestal nie deel van die literêre kanon nie; as hulle hulle veral tot die volwasse lesers rig, het die teks 'n beter kans om deel van die aanvaarde literêre kanon te word. Laasgenoemde groep, wat gekanoniseerde kinderliteratuur wil skryf, probeer gewoonlik binne die bestaande norme van "goeie" kinderliteratuur bly, maar skrywers van die sogenaamde populêre of nie-gekanoniseerde kinderliteratuur word nie hierdeur beperk nie. Populêre kinderliteratuur word dikwels gekenmerk deur 'n storie waarin volwassenes ignoreer word of wat 'n negatiewe houding teenoor volwassenes openbaar. Die kinders in die verhaal daag volwassenes uit, of kom te staan teenoor bose volwassenes, wat hulle dan uitoorlê en op hulle plek sit. In baie van Enid Blyton se boeke seëvier die kinders teen volwasse misdadigers, terwyl die "goeie" volwassenes soos die polisie en ouers afwesig, onbetrokke of te dom is om die kinders te help. Dit dui volgens Shavit juis daarop dat Blyton populêre, nie-gekanoniseerde kinderliteratuur geskryf het.

3.3.3 Die ontwikkeling van gekanoniseerde kinderliteratuur

Shavit vind dat daar by die ontwikkeling van gekanoniseerde kinderliteratuur oral in die wêreld soortgelyke kulturele patrone en instellings betrokke is (Shavit 1986:134, 148). Volgens haar vorm ideologie altyd die basis van die kinderliteratuur van 'n bepaalde kultuur. Volwassenes is van oortuiging dat kinders leesstof nodig het en dat dit opvoedkundig van aard moet wees. Die onderwysstelsel vorm dan die basis van die gekanoniseerde kinderliteratuurstelsel.

Godsdienstige lering was meestal 'n belangrike oorweging vir die eerste publiseerders van kinderliteratuur (Shavit 1986:135). "Puritan children's literature and child-rearing practices had a decisive role in the creation of English juvenile literature and in its subsequent development throughout the 19th century. Various Puritan groups were the first to write and publish books for youthful leisure reading" (Jackson 1989:18).

Soos die eerste Engelse kinderboeke die waardes van die Puriteine weerspieël het, het die eerste kinderboeke in Afrikaans die godsdienstige waardes weerspieël wat die skrywers wou oordra. Die eerste Afrikaanse kindertydskrif het in 1861 op die sendingstasie Genadendal verskyn (Wybenga & Snyman 2005:14), en die eerste Afrikaanse kinderboek was die verhaal van Josef en "n getroue weergawe van die godsdienstige en taalkundige ideale van die GRA" (Wybenga & Snyman 2005:15). Daar was toepaslike sedelesse, die taalgebruik was eenvoudig, en dit is binne 'n Suid-Afrikaanse omgewing geplaas om dit nader aan die leser se leefwêreld te bring. Die eerste skoolboek in Afrikaans (1878) het 'n "sterk godsdienstige gees" uitgestraal terwyl die *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders* van 1879 'n "godsdienstige ondertoon" gehad het (Wybenga & Snyman 2005:15).

Die eerste Kinderbybel in Suid-Afrika is ook uit opvoedkundige oorwegings geskryf: Die skrywer is getref deur die onkunde oor die Bybel wat op die platteland bestaan het, en het toe 'n Kinderbybel geskryf as hulpmiddel vir ouers. Dit moes hulle help om Bybelkennis op 'n geskikte wyse aan hul kinders oor te dra en ook die kinders "oplei" om self die Bybel te lees (Roux 1984:9). Die Kinderbybel wat in 1907 verskyn het, was eintlik 'n uitbreiding op 'n katekisasieboek, dus ook in die eerste plek materiaal om kennis omtrent die kerk se leer oor te dra (Roux 1984:12), en Conradie het sy Kinderbybel in 1912 geskryf met die doel om kennis van die Bybel oor te dra. Hy het sy Kinderbybel trouens 'n "handboek" (Roux 1984:13) genoem – die doel daarvan was klaarblyklik opvoedkundig. Daar was aanvanklik 'n duidelik gestelde doelwit om in te lig en op te voed.

In Engeland was daar sedert die begin van die agtiende eeu veral twee strome: boeke met kommersiële en boeke met moralistiese doelwitte. Volgens opvoedkundiges van daardie tyd moes boeke kinders vermaak en onderrig (Shavit 1986:139). Boeke met kommersiële doelwitte het veral op die doelwit van vermaak gekonsentreer, terwyl die boeke van die gekanoniseerde stelsel weer meer op onderrig en leer ingestel was. Laasgenoemde stelsel het ook deurgaans die heersende opvoedkundige filosofieë weerspieël. Die sogenaamde "chapbooks", goedkoop boeke veral vir arm mense, was meer op vermaak gerig. Toe geletterdheid onder kinders begin toeneem het, het uitgewers gou die gaping in die mark raakgesien, en "chapbooks" spesiaal vir kinders begin uitgee. Alhoewel hulle in die eerste plek moes vermaak, het die uitgewers nie die opvoedkundige beginsels van die tyd vergeet nie, en dus die noodsaaklike volwasse goedkeuring behou. Die eerste uitgewer wat kommersiële sukses met die uitgee van

kinderboeke behaal het, was Newbery (Shavit 1986:166). Een van die dinge wat hy gedoen het om suksesvol met die goedkoop “chapbooks” te kompeteer, was om sy kinderboeke te illustreer. Van toe af was dit ’n algemene verskynsel in kinderliteratuur. Dit het later gelei tot die ontwikkeling van die prentboek, en dit het weer gelei tot die verdeling van kinderliteratuur in ouderdomsgroepe. In die twintigste eeu het dit ’n algemene kenmerk van kinderliteratuur geword, en uitgewers verdeel kinderliteratuur nou al in tweejaargroepe: ’n Mens kry boeke vir twee- tot vierjariges, ses- tot agtjariges, agt- tot tienjariges, ensovoorts (Shavit 1986:167). Dit is ook ’n kenmerk van Kinderbybels. Daar is gewoonlik Kinderbybels vir kleuters of voorskoolse kinders, vir ses- tot tienjariges, en dan vir ouer kinders (agt tot twaalf jaar). Kinders ouer as twaalf word gewoonlik beskou as die tiener- of jeugmark.

3.4 Vertaalde kinderliteratuur

Die Oostenrykse Richard Bamberger, Franse Paul Hazard en Sweedse Göte Klingberg was van die eerste akademici wat kultuuroordrag in vertaalde kinderliteratuur ondersoek het, veral deur middel van die simposiums van die International Research Society for Children's Literature. Navorsers soos Klingberg het ook ondersoek ingestel na die herskryf van kinderliteratuur (hy noem dit kulturele konteks aanpassing of “cultural context adaptation”) om by die norme en gebruike van die doelkultuur aan te pas. Hy is egter van mening dat sodanige aanpassing op ’n gebrek aan respek vir die integriteit van die bronteks dui (Tabbert 2002:338). Hiermee tree Klingberg in gesprek met die manipuliste, veral met Venuti (sien 2.3), wat aangevoer het dat alle vertalings ’n mate van herskryf behels, en dat daar nie fout te vind is met die praktyk nie indien die vertaler haar keuses openlik verduidelik en motiveer. Ook die funksionaliste sou van Klingberg verskil, aangesien hulle van mening is dat die skopos of vertaalopdrag die vorm van die doelteks bepaal, en dat herskrywing die resultaat is van die vertaalopdrag en die skopos van die doelteks, en nie op ’n gebrek aan respek vir die bronteks dui nie (sien 2.5.2 vir ’n bespreking van die funksionalisme). Wetenskaplikes wat krities teenoor sekere aspekte van Gutt se relevansie-teorie staan, voel weer dat verskuilde manipulasie van die bronteks ter wille van relevansie op ’n gebrek aan respek vir die doelleser dui (Kasprzak 2008, Grzegorzewska 2008; sien ook 2.5.3).

Lathey (2006a:4) meen dat vertalings vir kinders in veral twee opsigte verskil van vertalings vir volwassenes: die sosiale posisie van kinders en dus van kinderliteratuur, en die ontwikkelingsaspekte van die kinderjare wat die unieke eienskappe van suksesvolle kinderliteratuur bepaal. Reiß (Tabbert 2002:314) sluit hierby aan wanneer sy drie faktore in vertaalde kinderliteratuur uitsonder wat dikwels daartoe lei dat die bronteks gewysig of herskryf word: kinders se beperkte taalbeheersing, hulle beperkte kennis en ervaring van die wêreld, en

sekere taboes wat opvoedkundiges in stand wil hou. Tabbert voeg hierby 'n vierde faktor, naamlik die kommersiële oogmerke van die uitgewer (sien ook 2.2.3.7).

Heelwat navorsers beskou die feit dat vertaalde kinderliteratuur skynbaar sonder enige probleme herskryf word as kenmerkend daarvan. Verskeie navorsers ondersoek die verskynsel en probeer redes daarvoor bepaal. Volgens Shavit is die rede hiervoor die feit dat kinderliteratuur 'n perifere posisie in die literêre polisteem inneem, en dus min status het. Sy sonder vyf maniere uit waarop 'n teks gemanipuleer word wanneer dit vertaal word: Dit word aangepas by suksesvolle modelle in die doelsisteem (*Gulliver's Travels* was aanvanklik 'n satire, maar word in vertalings vir kinders meestal 'n fantasie- of avontuurverhaal), daar is 'n gebrek aan respek vir die integriteit van die bronteks (die teks word verkort of verander), vereenvoudiging (ironie en woordspel word byvoorbeeld uitgelaat), ideologiese verandering (om aan te pas by die opvoedkundige sienings of sosiale stelsel van die doelkultuur), en stylveranderinge (byvoorbeeld na 'n meer formele of meer informele styl). Puurtinen (2006:54) stem met hierdie siening saam en sê dat die vereiste van getrouheid by die vertaling van kinderliteratuur gekanselleer word deur ander beperkings en vereistes. Sy vind dat vertaalnorme nie altyd dieselfde is as die norme vir die skryf van kinderliteratuur in die doeltaal nie, en dat vertalers hulle nie altyd aan die bronteksnorme onderwerp nie – 'n mate van kreatiewe vryheid word verdra. Hierdie sienings geld moontlik nie meer vir die vertaalpraktyk in Suid-Afrika in die 21ste eeu nie; moontlik het die koms van blitsverkopers soos die Harry Potter-reeks iets hiermee te doen. Hierdie aspek van die vertaling van kinderliteratuur sal 'n interessante navorsingsonderwerp vorm, maar val buite die bestek van hierdie tesis.

Vertaling geskied altyd binne 'n sekere kultuur, en om die kulturele tekens ("cultural signs") van veral kinderliteratuur te dekodeer, is soms moeiliker as semantiese of sintaktiese probleme in die teks (González Cascallana 2006:97). Vertalings word beïnvloed deur die sosiokulturele omgewing waarbinne dit plaasvind en daar is altyd "intercultural traffic" (Hermans se term) tussen die twee kulture waarbinne die tekste funksioneer (González Cascallana 2006: 99). Die linguistiese, kulturele, sosiale, ideologiese en literêre norme of beperkings van 'n kultuur, samelewing en tydperk bepaal die "shifts" of verskuiwings wat die vertaler in die proses van vertaling moet maak. Wanneer hierdie verskuiwings ondersoek en beskryf word, kan die beperkings waaronder die vertaler gewerk het (of dan die vertaalnorme) vasgestel word.

Van Coillie en Verschueren (2006:i–ix) is van mening dat die bemiddelingsrol van die vertaler veral by die vertaal van kinderliteratuur belangrik is. Vertalers moet die sosiale kragte wat op hulle inwerk (norme van die uitgewersbedryf en verwagtings van volwasse rolspelers), hulle eie interpretasie van die bronteks en hulle siening omtrent die doellesers (hulle kognitiewe en emosionele vermoëns, behoeftes en belangstellings) balanseer. Hulle kom dan tot die gevolgtrekking dat die enigste manier waarop die vertaling van kinderliteratuur verskil van die

vertaling vir volwassenes die toelaatbare mate van teksmanipulasie is (Van Coillie & Verschuere 2006:iv), en dit word volgens hulle veral deur die kindbeskouing van die vertaler en die kultuur waarbinne sy funksioneer, bepaal (Van Coillie & Verschuere 2006:vii).

Volgens Oittinen (2006:37) ontbloom 'n vertaalde teks altyd die vertaler se bedoeling, gevoelens en morele waardes, en is 'n vertaling dus inherent 'n etiese kwessie.

3.4.1 Status van vertaalde kinderliteratuur

Vir Shavit (1986) word die groot mate van teksmanipulasie by kinderliteratuur veral veroorsaak deur die feit dat kinderliteratuur op die periferie van die kanon van 'n letterkunde lê, en dus 'n lae status het. Verder is die gekanoniseerde literêre sisteem van 'n kultuur gewoonlik patroniserend teenoor kinderliteratuur. Dit word gesien as die domein van vroue (moeders en onderwyseresse) (O'Connell 2006:18). Vir O'Connell is 'n belangrike rede hiervoor dat kinderliteratuur as formule-skryf gesien word omdat daar ooreenkomste in struktuur, tipe karakters en taal in baie kinderboeke is. Sy is van mening dat kinderliteratuur nie volgens literêre konvensies beoordeel kan word nie en dat 'n nuwe benadering nodig is wat kan wys hoe 'n kinderboek uniek is al lyk dit op die oog af na formule-skryf.

Ook Kinderbybels val dikwels tussen twee stoele wat hul status betref. Dit is nie die "regte" Bybel nie, en teoloë sien dit as stories vir kinders, die domein van vroue en kleuters, en dus nie as 'n teologiese teks nie (Du Toit & Beard 2005b:2); vir hulle het Kinderbybels eintlik geen bestaansreg nie. Literatuurwetenskaplikes, weer, beskou Kinderbybels klaarblyklik as teologie – Kinderbybels verskyn selde in besprekings van of ondersoeke na kinderliteratuur.

Kinderbybels of verhale gebaseer op Bybelse materiaal word byvoorbeeld nêrens genoem in Wybenga en Snyman (2005) se omvattende gids tot die Afrikaanse kinderliteratuur nie. Du Toit (2008) het gevind dat daar min akademiese navorsing oor Kinderbybels is, en skryf dit daaraan toe dat 'n Kinderbybel nóg as kinderliteratuur nóg as teologie gesien word.

Manlike skrywers van kinderliteratuur het aanvanklik anoniem of onder 'n skuilnaam publiseer, maar vroue, wat reeds 'n ondergeskikte posisie in die samelewing beklee het, het onder hul eie name publiseer (Shavit 1986:38). Vandag word mans en vroue in gelyke mate gerespekteer en hul name verskyn op hul boeke. Vertalers is egter steeds meestal anoniem, behalwe as hulle bekende of gerekende skrywers in eie reg is. Kinderbybelskrywers en -vertalers bly ook dikwels anoniem, of hul name verskyn slegs in die voorwerk (sien ook Du Toit & Beard 2007:301 in hierdie verband). Dit het ook met die *Lees-en-Leer Bybel* gebeur: Die vertaler se naam word verswyg.

As gevolg van die Kinderbybel se lae status in sowel die literêre as teologiese polisteseem word die bronteks gevolglik na hartelus aangepas en herskryf, ten spyte daarvan dat vertalers met 'n heilige skrif werk. Uitgewers van Kinderbybels verseker die kopers egter graag dat hulle Kinderbybel "Skrifgetrou" is – dit is immers wat die volwasse kopers en resensente daarvan verwag (Lathey 2006a:8).

'n Verdere aanduiding dat Kinderbybels saam met ander kinderliteratuur ook in die literêre sisteme van al die amptelike tale van Suid-Afrika 'n perifere plek in die literêre kanon inneem, is volgens Du Toit & Beard (2007:305-306) die feit dat daar geen aansporing deur die regering of ander instellings is om boeke in inheemse tale te vertaal nie.

3.4.2 Die verhouding tussen bron- en doelteks

Stolt (Stolt & Klingberg 1980:11) vind dat die kwessie van getrouheid aan die oorspronklike teks op die agtergrond is in die geval van die vertaling van kinderlektuur, en die aanpassing en verandering (herskryf) wat plaasvind, is "grenzloos" (Stolt & Klingberg 1980:9):

Zonder gewetensbezwaar werden weglatingen, toevoegingen en veranderingen toegepast, de stijl werd veranderd en het boek werd bewerkt in overeenstemming met die ideeën van die betreffende uitgever. Deze ideeën waren in hoofdzaak van didaktische aard en al naar gelang de verantwoordelijke persoon het meest begaan was met morele, religieuze of opvoedkundige aspecten werden er aksenten gelegd.

Stolt meen daar kan nie veel gedoen word aan die godsdienstige en politieke taboes waarmee 'n vertaler van kinderliteratuur rekening moet hou nie, en 'n vertaler (en bronteksskrywer) moet daarmee verlief neem. Sy vind egter die herskryf van die bronteks in drie gevalle onnodig.

Dit is onnodig as die teks herskryf word om die opvoedkundige oogmerke van die uitgewer of vertaler te dien. Volgens Stolt is dit nie altyd moontlik om te bepaal of dit die uitgewer of vertaler self is wat aanstoot neem aan sekere uitlatings in die bronteks nie, en of hulle meen kinders moet "opgevoed" word deur middel van die teks en alle negatiewe handeling dus uitgelaat en slegs voorbeeldige optredes ingesluit moet word nie.

Volwassenes het tweedens dikwels vooropgesette idees oor kinderlesers se humor, fantasie en oor wat 'n mens van hulle kan verwag. Dit veroorsaak dat kinderliteratuur dikwels "bleker en tammer" is as wat nodig is. Stolt meen dat uitgewers en skrywers dikwels kinders se "bereidheid om zich bezig te houden met wat nieuw, vreemd of moeilijk is, als het maar opwindend geschreven is" (1980:13) onderskat. Sy meen ook dat eksotiese dinge in die bronteks te dikwels gedomestikeer word, terwyl dit vir die kinderleser juis interessant en natuurlik ook van opvoedkundige waarde kan wees. So gaan 'n geleentheid tot 'n verbreding

van gesigsveld verlore, om nie te praat van die “spanning en betowering” (Stolt & Klingberg 1980:16) van die vreemde konteks van die teks nie.

Laastens vind Stolt (Stolt & Klingberg 1980:16) dat vertalers dikwels die drang het om die bronteks “een beetje mooier en ‘gevoeliger’ te maken dan de schrijver deed”. Hulle vind kinders egter “recht op de man af en realistisch.” Hulle vind mekaar nie aandoenlik, oulik of fraai nie. Waar die skrywer byvoorbeeld ’n toneel vanuit ’n kind se perspektief teken, sal die vertaler dit vanuit dié van ’n volwassene doen, en dan sekere emosionele waardes aan die gebeurtenis heg wat ’n kind self nooit sou doen nie. Dit vind dikwels in die slot van ’n verhaal plaas, waar ’n “gemoedselement” bygehaal word wat die skrywer glad nie in die bronteks ingeskryf het nie. Veral Kinderbybelskrywers voeg hier graag ’n morele les by. Stolt haal Astrid Lindgren aan wat sterk daarvoor gevoel het dat ’n kinderboekskrywer die reg het om te skryf soos hy of sy wil. Sy het ook respek vir kinders, respek vir kinderboeke, en respek vir kinderboekskrywers bepleit, en gevra dat aanpassing slegs gedoen word waar dit absoluut noodsaaklik is, en dan steeds so min moontlik en in samewerking met die skrywer.

Vir Klingberg (Stolt & Klingberg 1980:28) is dit belangrik dat die vertaling in kinderliteratuur op dieselfde vlak as die bronteks moet wees, nie moeiliker of makliker nie, en ook nie minder of meer interessant nie. Hy gee egter toe dat daar wel konteksaanpassings sal wees wanneer daar groot verskille is tussen die kulture waarin die bron- en doelteks funksioneer. Die aanpassings wat na sy mening wel gedoen kan word, is dié van name van persone, titels, geografiese name, plant- en diername, mate, beskrywings van geboue en meubels, maaltye en kos, sedes en gebruike, kinderspeletjies, woordspelings, homofone of homonieme, nuutskeppings of vreemde woorde in die bronteks, mitologie en volksverhale, name en terme met betrekking tot bonatuurlike wesens en gebeurtenisse, historiese en taalkundige sinspelings (Stolt & Klingberg 1980:28). Die vertaler se keuse word bepaal deur die moeilikheidsgraad van die bronteks en die belangrikheid van die doelwit om kennis en begrip van die vreemde kultuur te bevorder. Hy meen dat aanpassing veral op twee gebiede geskied: die teks word gemoderniseer (sodat dit meer relevant vir die veronderstelde lesers word) en die teks word “gesuiwer” of verander om in ooreenstemming met die waardes van die veronderstelde lesers te wees. Laasgenoemde sal eintlik dié van die volwassenes wees wat met die teks werk. Die taal van die bronteks kan moeilik wees om in dié van die doelteks te vertaal sodat dit verstaanbaar is vir die kinderlesers. Verborge of versweë verkorting van die teks, wat dikwels voorkom, kom volgens Klingberg op vervalsing van die bronteks neer.

3.4.3 Die herskryf van die teks

Net soos Hermans (1985, 1999) en Lefevere (1982, 1985, 1992) gaan Oittinen (2003:129) van die standpunt uit dat vertaling herskryf is. “Every time a book is translated, it takes on a new language, a new culture, and new target-language readers.” Sy noem vertaling ’n meerstemmige situasie, waar illustreerders, skrywers, vertalers, uitgewers en lesers mekaar ontmoet en beïnvloed. Daar is konstante interaksie tussen al die rolspelers. ’n Vertaling het ’n doel en funksie, wat die interpretasie van die afsonderlike gedeeltes van die bronteks beïnvloed. Vertalers word beïnvloed deur hul eie ideologie en kindbeskouing en die norme en poëtika van die kultuur waarbinne hulle werk. Dit beïnvloed weer hulle vertaalstrategieë; hulle pas die teks aan volgens die funksie wat hulle daarvoor in die doelkultuur sien. Daarby moet in ag geneem word dat die doelteks twee lesersgroepe het: die kinderlesers sowel as die verskillende volwassenes wat die boek uitgee, verkoop, koop en voorlees.

Dollerop meen ook die praktyk om uitgediende verwysings uit die teks te haal doen nie geweld aan die vertaler se lojaliteit teenoor die skrywer van die bronteks nie. Hy verkies die term “cultural incompatibility” bo “censorship” en “re-writing”, en definieer dit as “the adjustment to new target cultures and target epochs in which some of the morals and beliefs in old stories would be incomprehensible and perhaps even considered reprehensible” (Dollerop 2003:91). Hy het gevind dat dit veral die uitgewers is wat hierdie tipe herskryf vereis, waarskynlik omdat hulle meer ingestel is op die wense en beursies van hul kopers as die vertalers self.

Dollerop (2003:90-92) gaan akkoord met Lefevere (sien 2.2.3.7) wanneer hy sê dat vertalers nie die eerste of finale sê het in hoe ’n doelteks in die doeltaal gaan lyk nie. Hierdie besluit word deur uitgewers en projekbestuurders geneem, en deur markkragte gedryf. (Dit is in ooreenstemming met die beperkings wat professionele persone volgens Lefevere (1985; sien ook 2.2.3.7) op vertalings lê.) Maghebbers by uitgewers kies die boeke wat in die doelkultuur sal verkoop en dus vertaal moet word. Hulle stel vertalers in diens wat die teks moet herskryf vir mense in die doelkultuur wat die boek as geskik vir voorlees sal beskou (ouers, onderwysdepartemente). Mens kan dus aanvaar dat ’n teks wat vir vertaling gekies word, suksesvol in die bronkultuur was, maar dat ’n mate van herskryf nogtans nodig is om sukses in die doelkultuur te verseker (Dollerop 2003:86). Die feit dat vertalings van byvoorbeeld Defoe en Swift ’n groot invloed op die westerse kultuur in die algemeen uitgeoefen het, het volgens Dollerop (2003:89) min te doen met die getrouheid van daardie vertalings. Spesifieke kulture se norme en waardes is in die vertalings ingeskryf. Dit kan maklik met Kinderbybels gebeur, en in hoofstuk 5 en 6 sal ondersoek word of dit inderdaad gedoen word.

’n Bronteks word soms tegelyk op verskillende maniere herskryf, en sogenaamde koproduksies kan so van mekaar verskil dat ’n leser nie eers daarvan bewus is dat hulle van dieselfde

oorspronklike bron af kom nie. Uit een bron kan “relay translations” gedoen word, waar tekste en illustrasies wat van mekaar verskil gelyktydig in verskillende doeltale uitgegee word, of waar verskillende variasies van die bronteks in een doeltaal uitgegee word (byvoorbeeld ’n Kinderbybel vir kleuters en een vir laerskoolleerders) (Dollerop 2003:88).

Wanneer ’n doeltteks bedoel is vir voorlees, voel Dollerop dat die teks herskryf kan word om ’n doeltteks te verseker wat vlot en ritmies voorgelees kan word en wat op die vlak van die spesifieke kind sal wees. “Fluency in the target language and fairly precise linguistic targeting in terms of age are of prime importance” (Dollerop 2003:99). Vir hom is dit selfs noodsaaklik omdat ’n sogenaamde narratiewe kontrak tussen die kind en sy/haar voorlesers gesluit moet word om gesinsbande te versterk. “Narrative contracts are part of a tradition cherished by humans ever since the first story was told. And translation makes a substantial contribution to the development of this tradition” (Dollerop 2003:99). Die voorlees van Bybelverhale wat spesifiek vir kinders geskryf is, is deel van hierdie tradisie, en die aspekte wat Dollerop uitlig, behoort dus verreken te word wanneer hierdie verhale vir kinders oorgeskryf word.

Puurtinen (2006:56) beskryf Toury se raamwerk waarvolgens literêre vertalings in hul konteks bestudeer kan word. Elke vertaling neem ’n sekere posisie in op ’n kontinuum tussen twee pole, dié van geskiktheid (“adequacy” – na aan die norme van die brontaal en literêre polisteseem) en dié van aanvaarbaarheid (“acceptability” – die vertaler hou by die linguistiese en literêre norme van die doelstelsel). Vertaling is gewoonlik ’n kompromis tussen die twee pole, en die vertaling se posisie tussen die twee pole word bepaal deur die vertaalnorme van die vertaler/uitgewer. By kinderboeke plaas die vertaalnorme die doeltteks gewoonlik nader aan die aanvaarbaarheidspool as aan die geskiktheidspool. Volgens Puurtinen het dit te doen met die eienskappe van die doellesers, naamlik kinders wat nog nie goeie leesvermoëns het nie en min lewenservaring het en dus nie vreemde elemente in ’n teks so gemaklik soos volwasse lesers kan verwerk nie. En omdat vertaalde kinderliteratuur ’n sekondêre posisie in die literêre stelsel inneem, steun die vertaler dikwels ook op wat reeds in die doelkultuur as aanvaarbaar bewys is of wat reeds konvensie is (sien 3.3.2).

Verskeie navorsers verskil egter van hierdie siening. Astrid Lindgren het reeds in 1969 die mening uitgespreek dat kinders se vermoëns om die vreemde te verwerk baie beter is as wat die meeste uitgewers en vertalers dink (Stolt & Klingberg 1980:9). Frank (2007:15) wys daarop dat ’n vertaler nie ter wille van leesbaarheid die lesers moet ontnem van die geleentheid om hul kulturele kennis te verbreed nie. ’n Groot mate van domestikering misken die kind se vermoë om in sy verbeelding grense te oorsteek en vreemde plekke en mense te leer ken. “Children’s life experiences might be narrower than those of adults, but this does not equate with an inability to comprehend otherness” (Frank 2007:15).

Manipulasie van 'n teks kan volgens Oittinen (2006:40) positief of negatief wees. Vir Oittinen is dit positief as dit 'n vertaling wil skep wat sy doel of funksie so goed moontlik wil dien. Dit is egter negatief wanneer die vertaalde teks 'n sekere pedagogiese of politieke doel moet dien. Vir haar hou so 'n vertaling ernstige etiese probleme in. In die ou Oos-Duitsland is vertalings byvoorbeeld as gereedskap gebruik om “new socialist beings” te skep, en brontekste is met dié doel voor oë herskryf (Oittinen 2006:40).

Lathey vind dat die oordra van sekere waardestelsels voorheen in Brittanje swaarder gewees het as die outoriteit van die bronteks, en sy sê dat konteks wysiging “continued to this day to be a prominent feature of translations published in the UK, largely because of British children’s limited experience of reading translated texts” (Lathey 2006b:8). Dit het volgens Lathey gelei tot die stereotipering van mense van ander volke en dit het voortgeduur tot na die koloniale era in die laaste helfte van die twintigste eeu. Hoe is dit gedoen? Die vertaler het die posisie ingeneem van 'n kenner wat 'n vreemde kultuur verduidelik, maar dikwels verval in stereotipering van die betrokke kultuurgebruike. Die vertaler kan ook die vreemdheid uitlig deur dit met die doelkultuur te vergelyk. Dit kan weer lei tot 'n versterking van 'n sekere siening van die eie kultuur en die sogenaamde goeie eienskappe daarvan. Albei wil die vreemde hanteerbaar maak deur dit in maklik verteerbare porsies aan te bied (Lathey 2006b:11).

Fernández Lopéz (2006) vind dat kinderliteratuurtekste “onstabiel” is en in vertaalde vorm algaande verander. Soos die meeste ander navorsers skryf sy dit toe aan die lae letterkundige waarde wat aan kinderliteratuur toegeken word. Die bronteks word volgens haar aangepas om in te pas by die sosiale standaarde van die dag en dus die eise van die mark. Daarbenewens pas die skrywer ook die selfsensuur toe wat die doelkultuur vereis. Fernández Lopéz (2006:41) bespreek taboes in die Amerikaanse kinderliteratuur wat deur Macleod (1994:179) opgeteken is. Geweld is toelaatbaar in 'n teks slegs as dit nie lei tot meer geweld nie, kinders mag nie doodgaan nie (behalwe as hulle martelaars of volkshelde is), ouers mag slegs voor die aanvang van die storie doodgaan, en onderwerpe soos egskeiding, geestesiektes, alkoholisme en verslawing, selfmoord en seks word vermy. Daar is selde moordenaars, raskonflikte word net in die verbygaan genoem, en die verhaal het altyd 'n gelukkige einde. Godsdienstige verwysings word normaalweg ook weggelaat. Fernández Lopéz (2006:43) meen hierdie kode is wêreldwyd tot die Tweede Wêreldoorlog toegepas. Daarna het verandering geleidelik ingetree, en deesdae is dit belangrik om sosiale vraagstukke in jeugboeke en soms ook in kinderboeke te hanteer.

Boeke word dikwels verander om te pas by moderne lesers se leefstyl en sosiale gebruike, en Fernández Lopéz (2006:44) meen hierdie proses is veral ideologies gedrewe. Sy het gevind dat vertalings van Enid Blyton en Roald Dahl dikwels verander is om polities korrek te wees. Dit gebeur ook hier te lande. 'n Tyd gelede was daar druk dat rasverwysings soos die

aanspreekvorms “Baas” en “Noi” in Alba Bouwer se kinderboeke verwyder word, en toe die Saartjie-, Trompie- en Maasdorp-reekse herskryf is om aanklank by hedendaagse lesers te vind, is alle rasbenaminge verwyder.

Fernández Lopéz (2006:46) vind verder dat spesifieke kenmerke van die bronkultuur dikwels uitgehaal of vervang word met kenmerke van die doelkultuur. Die teks kry wel ’n universele voorkoms, maar verloor sy spesifieke kultuureienskappe. Sterk literêre stelsels soos die Britse en Amerikaanse stelsels is meer geneig om dit te doen as swakker of kleiner stelsels. Dit is in ooreenstemming met wat skrywers soos Venuti (1995:20) oor die hegemonie van sterk literêre stelsels gevind het (sien ook 2.3).

Laastens noem Fernández Lopéz (2006:48) die gebruik van vertalers/herskrywers om implisiete inligting eksplisiet te maak in die doeltteks. Dit gebeur meestal wanneer die doeltteks vir jonger lesers as die bronteks geskryf word.

Volgens Du Toit (2008:2) word daar in die geval van Kinderbybels drasties herskryf aan die bronteks, onder andere deur middel van opskrifte, uitlaat of wysiging van moeilike of problematiese gedeeltes, byvoegings van byvoorbeeld dialoog, vereenvoudiging, illustrasies, en verandering van die volgorde van gebeure. Du Toit vra selfs of Kinderbybels nog as vertalings van dieselfde bronteks as die volwasse Bybel beskou kan word. Sy bring egter nie die kwessie van funksionaliteit vir ’n nuwe doelleser aan die orde nie, terwyl Nord juis aangetoon het hoe ’n nuwe funksie en nuwe doelleser die herskryf van ’n bronteks noodsaak (sien 2.5.2).

3.4.4 Domestikering en vervreemding van tekste

Die vertaler van kinderliteratuur moet kinders se beperkte kennis van die wêreld in ag neem (Lathey 2006a:7). Daar kan nie van hulle verwag word om dieselfde begrip as volwasse lesers te hê van ander kulture, tale en plekke nie, en daarom moet besluite ten opsigte van domestikering of vervreemding geneem word. Venuti het hierdie saak ondersoek (sien 2.3) en tot die gevolgtrekking gekom dat ’n domestikierende vertaling ’n illusie skep dat die leser ’n oorspronklike teks lees. Daarom moet ’n vertaler die vreemdheid van die bronteks behou sodat die leser bewus kan raak van die vertaalproses en van die onoorbrugbare gaping tussen kulture (Venuti 1995:306).

In die geval van kinderliteratuur gaan voorstanders van domestikering van die standpunt uit dat kinders nie die vreemde name, geldeenhede, kos of plekke sal kan assimileer nie, en die doeltteks dus daarom sal verwerp. Die vraag kan dan gevra word of die bronkultuur van

Kinderbybels nie so ver verwyderd van kinders se leefwêreld is nie dat hulle op geen wyse die vreemdheid sal kan assimileer nie. Astrid Lindgren se uitspraak moet egter ook in gedagte gehou word: “Ik geloof dat kinderen een geweldig vermoogen hebben om, als er een goede vertaler is om ze te helpen, die meest onbekende en ver verwijderde dingen en omstandigheden opnieuw te beleven, en ik geloof dat hun fantasie doorgaat waar de vertaler niet verder kan gaan” (Stolt & Klingberg 1980:9).

Wanneer literatuur wat lank gelede geskryf is, vertaal word, is daar historiese afstand sowel as kulturele afstand van die doelkultuur en doelleser. Dit maak die saak nog meer kompleks.

Tabbert (2002:323) bespreek dimensies in die bronteks wat kulturele afstand bepaal soos gebruike van die bronkultuur (eetgewoontes, tipiese kossoorte), die situasie waarin die verhaal afspeel (die dialek van 'n karakter), fatiese kommunikasie- en aanspreekvorms. By 'n vertaling word hierdie kultuurmerkers in die doelteks behou, geneutraliseer of gewysig, en volgens Tabbert word dit in vertaalde kinderliteratuur selde so konsekwent gedoen dat die vertaling 'n koherente teks is (Tabbert 2002:323). Indien die vertaler egter Nord se vertaalopdrag konsekwent uitvoer, sal haar keuses tussen domestikering en vervreemding ook konsekwent wees (Tabbert 2002:327).

In ooreenstemming met Venuti (1995:20; sien 2.3) voer Oittinen aan dat 'n teks óf aangepas word volgens die doellesers en doelkultuur en die norme en magsverhoudings daarvan, óf die kulturele eiesoortigheid en vreemdheid van die bronteks behou in die doelteks. Geen teks is ooit sonder 'n mate van domestikering nie, en by 'n teks met kinders as doellesers bepaal die eiesoortigheid van hierdie lesers dat die taal en kulturele agtergrond waarskynlik aangepas sal word. Sleutelbegrippe vir haar is teks en konteks (Oittinen 2003:129). Venuti meen lesers moet bewus wees dat hulle 'n vertaling lees, maar Lathey (2006a:11) voer aan dat dit onwaarskynlik is dat vertalers van kinderliteratuur hulle vertaalstrategieë sal verduidelik of motiveer. Venuti voel 'n vertaalde teks moet juis nie vlot lees nie, en daardeur moet die vertaler sigbaar gemaak word in die teks. Sy siening neem egter nie die jong, onervare leser in ag nie, en daar is behoefte aan navorsing om vas te stel hoeveel “vreemdheid” jong lesers kan verdra.

Daar is dikwels verskil van mening oor die mate van domestikering wat gewens is. Sommige wetenskaplikes is byvoorbeeld ten gunste van die domestikering van name om die teks vir die kind toegankliker te maak. Die skrywer Joan Aiken meen daarenteen dat kinders van vreemde woorde hou, dat vreemde name en woorde deel van die kind se leesgenot is, en dat kinderlesers dikwels die konteks gebruik om betekenis van vreemde woorde te raai. Ook Klingberg voel dat as 'n boek opwindend genoeg is, 'n kinderleser 'n vreemde naam as deel van die vreemde, opwindende milieu van die boek aanvaar (Van Coillie 2006:133). Elizabeth Rigby (Hunt 1990:20) haal Sir Walter Scott aan: “There is no harm, but, on the contrary, there

is benefit in presenting a child with ideas beyond his easy and immediate comprehension. The difficulties thus offered, if not too great or too frequent, stimulate curiosity and encourage exertion.”

Die skopos van die doeltteks speel 'n belangrike rol in die besluite ten opsigte van domestikering en vervreemding (Van Coillie 2006:133). Die funksie van die boek kan byvoorbeeld wees om die lesers in aanraking met 'n vreemde kultuur te bring; dan sal daar meer gevalle van vervreemding in die teks wees (Van Coillie 2006:134). Die ouderdom van die doellesers speel ook 'n rol (Van Coillie 2006:135).

Die kwessie van domestikering word verbind aan die didaktiese norme van die doelkultuur. Tradisioneel is die jong leser se kennis van die bronteksteskultuur beskou as te beperk om met 'n vervreemdende teks 'n mate van bekendheid en empatie te kan bewerkstellig. Sedert die 1980's was daar egter 'n reaksie teen hierdie siening, en vandag vorm respek vir die bronteksteskultuur en kontak met vreemde kulture dikwels 'n deel van die vertaalopdrag, sodat 'n mate van vreemdheid tog in die teks behou word (Van Coillie & Verschuere 2006:viii). Øster (2006:150) voer egter aan dat vertalings meestal vereenvoudig word, veral met betrekking tot die meervlakkigheid en bedekte betekenis van die bronteksteskultuur. Ironie, detail, en taalfinesse gaan volgens haar dikwels in vertalings verlore.

Vertalers domestikeer om verskeie redes: politieke druk, sensuur, en ander morele waardes in die doelkultuur.¹ Vir Oittinen (2006:43) het dit voor- en nadele, maar sy is van mening dat domestikering feitlik noodsaaklik is wanneer jy vir kinders vertaal. As die teks vir hulle te vreemd is, sal hulle dit moontlik nie lees nie. Oittinen vind dat vertalers altyd op grond van hul kindbeskouing besluite neem, en dus altyd tot 'n mate domestikeer.

Kinderbybelskrywers domestikeer hul teks deurgaans op grond van die godsdiens van hul teikenlesers. Kinderbybels vir Christenlesers sluit byvoorbeeld meestal verhale uit die Nuwe Testament in, en interpreteer ook die Ou Testament vanuit 'n Christelike siening.

Die gebruik om die taal en gegewens in 'n Kinderbybel aan te pas by die ouderdom en begripsvermoë van die spesifieke leser wat daarvoor voorsien word, is algemeen, en 'n belangrike kriterium waarvolgens Kinderbybels beoordeel word. Uitgewers sê dikwels in hul voorwoord dat die boek oorgeskryf is in taal wat die kind kan verstaan: “eenvoudig en verstaanbaar oorvertel ... vir kinders om self te lees” (Alexander 1991:agterblad), “maklik leesbare taal” (Batchelor 1988:agterblad), “'n Kinderbybel in voorleestaal en later selfleestaal” (Maartens 1996:agterblad) en “'n lekkerlees-styl” (Moore 2008b:agterblad). Dit kom voor asof daar 'n algemene neiging tot domestikering is. Name van mense en plekke in die Bybel is

¹ Hierdie aspekte van domestikering word in 5.4.5 in meer besonderhede ondersoek.

natuurlik reeds meestal gedomestikeer en ook as sodanig bekend. Dit gebeur ook met mate en gewigte. Die Bybelse kultuur is baie ver verwyderd van hedendaagse kulture – lewensuitkyk, gewoontes en norme is dikwels vir volwasse lesers vreemd en onbekend, en des te meer vir kinderlesers. Alhoewel baie daarvan uitgelaat word (sien hoofstuk 5 en 6), kan Bybelse gebruike wat belangrik is vir die verstaan van die storie nie altyd sonder meer verander of weggeskryf word nie. Tollenaars, melaatses, Romeinse soldate, fariseërs en wetgeleerdes is byvoorbeeld in so 'n mate deel van die verhaal van Jesus dat hulle posisies in die kultuur van destyds op een of ander manier verduidelik moet word.

3.5 Die didaktiese funksie van kinderliteratuur

Volwassenes besluit wie 'n kind is en wat sy of haar grense is. Hulle is ook verantwoordelik daarvoor dat kinders sodanig gesosialiseer word dat hulle as volwassenes in 'n bepaalde kultuur opgeneem kan word. Kinders moet dus opgevoed word. Volgens O'Connell (2006:17) behoort kinderliteratuur dus tot beide die letterkundige stelsel en die opvoedkundige stelsel: Dit dien nie net om kinders te vermaak en in te lig nie, maar word ook gebruik as instrument om op te voed, te onderrig, en te sosialiseer. Uit die aard van die saak het hierdie siening 'n belangrike invloed op die skryf en vertaal van literatuur, en bepaal dit trouens dikwels wat en hoe geskryf word, en wat en hoe vertaal word.

Hunt gaan akkoord met O'Connell se siening: "There can be no question that texts in this area are culturally formative, and of massive importance educationally, intellectually, and socially" (Hunt 1990:2). Vir hom het kinderliteratuurtekste benewens hulle funksie om te vermaak ook 'n baie praktiese doelwit, naamlik die bemeester van lees- en sosiale vaardighede (Hunt 1990:5).

Kinderliteratuur word vandag steeds deur die meeste volwassenes beskou as 'n manier om kinders te onderrig en op te voed, en om godsdienstige en morele waardes oor te dra (Lathey 2006a:6). Kinderliteratuur (ook vertalings) sê vir ons of kinders (van enige tyd of plek) beskou word as onskuldige of sondige wesens, watter regte en pligte hulle het, en hoe hulle sosiaal en intellektueel onderrig word. Die keuse van materiaal vir vertaling wys byvoorbeeld die sosiale en kulturele sienings van die uitgewer ten opsigte van die kinderjare uit. Kulturele sienings omtrent die kinderlesers het dikwels in die verlede (en doen dit vandag) gelei tot sensurering van die bronteks, veral ten opsigte van geweld en die skatologiese verwysings waarvan kinders so baie hou. In Grimm se verhaal van Aspoester is die tone en hakke van die lelike susters byvoorbeeld afgesny om in die glasskoen te probeer pas, maar hierdie gegewens verskyn selde in oorvertellings vir kinders. In een van Astrid Lindgren se verhale is verwysings na 'n snotneus heeltemal uit die Amerikaanse vertaling uitgeskryf, en het 'n mishoop in 'n hoop droë

blare verander (Lathey 2006a:6). Wat Bybelverhale betref, word heelparty van die Ou Testamentiese verhale deesdae as te wreed vir kinderlesers bestempel. Penny Schine Gold (2004:ix) het byvoorbeeld besluit om nie meer die verhaal van Noag vir haar seun te lees nie, omdat al die diere wat nie in die ark plek gekry het nie, doodgegaan het. Hierdie verhaal is ook vir die Suid-Afrikaanse teoloog Spangenberg (2004:5) problematies, weliswaar om 'n ander rede: “'n Verhaal wat mens met groot omsigtigheid aan kinders moet vertel, is die Vloedverhaal in Genesis 6–8. Na my mening behoort mens dit nie vir kleuters onder die ouderdom van sewe jaar te vertel nie. Selfs dán moet mens versigtig wees. Alle mense beleef vloede en oorstromings as bedreigend.”

Mary Jackson, wat die geskiedenis van Britse kinderliteratuur tot 1839 ondersoek, gaan van die standpunt uit dat kinderliteratuur voorheen hoofsaaklik as opvoedingsinstrument gesien is. “... children’s literature was rooted in the conditions and imperatives of the adult world and was regarded first and foremost as a tool to shape the young to the needs of the world” (Jackson 1989:xi). Sy is van mening dat kinderliteratuur groot potensiaal het om die sosiale konteks van belangrike literêre tydperke te belig, juis omdat skrywers van kinderliteratuur hul kinderlesers deur hul boeke wou vorm om suksesvolle volwassenes in hul sosiale milieu te word (Jackson 1989:xiii).

Wat Afrikaanse kinderliteratuur betref, het navorsers voorheen die didaktiese daarin beklemtoon en was hulle ook heel voorskriftelik oor wat goeie kinderliteratuur sou behels. Lohann (1972:21) het byvoorbeeld sy mening omtrent 'n goeie kinderboek duidelik gestel: Die positiewe moet beklemtoon word, en die goeie en mooie moet 'n belangrike onderdeel van die verhaal vorm. Dapperheid, eerlikheid, regverdigheid en standvastigheid moet die sentrale tema wees. Die negatiewe kan natuurlik nie heeltemal vermy word nie, maar die kinderleser mag nie twyfel oor wat reg en wat verkeerd is nie: “Die lewe in al sy aspekte moet tot die kind gebring word in sy lektuur. Maar dan moet dit so wees dat die positiewe dinge as goed of mooi of lofwaardig voorgelê word, en die negatiewe dinge moet afkeurenswaardig wees” (Lohann 1972:22). Die waarde van kinderliteratuur lê nie in die eerste plek in ontspanning nie, maar “in die vorming tot 'n gebalanseerde mens”. Lohann voeg egter by dat die goeie nie in die vorm van 'n sedeles aangebied mag word nie.

3.5.1 Moet kinderlesers teen die negatiewe beskerm word?

Die kindbeskouing van die Romantiek het bepaal dat kinders teen alle negatiewe dinge beskerm moet word, en daar was heelwat taboes ten opsigte van wat in hul leesstof mag verskyn. Hierdie siening het in die twintigste eeu geleidelik verander.

Volgens Kingston (1974) trivialisier volwassenes egter kinders se vrese en negatiewe emosies wanneer hulle dit probeer ignoreer. Kinders word nie in die regte lewe van negatiewe en slegte dinge gespaar nie, en hul literatuur kan 'n instrument wees om hulle te help om met lewensprobleme en -vrae te worstel. Dit moet egter geskik vir die kinderlesers – “appropriate for its special audience” (Kingston 1974:3) – aangebied word en op 'n positiewe noot eindig – “end in affirmation” (Kingston 1974:3). Letterkundige tragedies help die jong leser om die lewe se donker ervarings die hoof te bied deur helde te skets wat vrees, verlies en dood met innerlike krag te bowe kom. Om te kan slaag, moet hierdie verhale nie lesse leer of moraliseer nie, maar uitdrukking gee aan die tragiese in die lewe, die aard van mens se natuur ondersoek, en die donker kant van sy ervarings belig (Kingston 1974:168). Oplaas moet dit egter ook die grootsheid van die menslike gees vir die kinderleser uitbeeld – die held se oorwinning oor magte wat sy identiteit wou uitwis. Liggaamlike oorlewing is ondergeskik aan die konfrontering van vrees en die ontdekking van geestelike krag wat ontwikkel wanneer negatiewe omstandighede die hoof gebied word.

Hiervolgens behoort die vertaling van die Bybel vir kinders nie die negatiewe of tragiese daarin uit te skryf nie. Die materiaal moet wel op so 'n wyse vir kinders aangebied word dat die lewensprobleme en -vrae op die kind se vlak aangebied word, en hom daardeur help om die negatiewe en onverstaanbare eerlik te konfronteer en sin te maak uit die skynbaar sinlose. Kingston (1974:171) sê 'n tragiese verhaal vir kinders “does not often go as far as does adult tragedy in probing the depths; this seems reasonable, for a young reader, like an apprentice diver, should not go to the bottom until practice has given the necessary stamina. Tragic moments are an introduction to a great ocean whose dim reaches remain to be discovered.” Ook die skrywer Jan Terlouw (Bekkering *et al.* 1990:340) sien 'n kinderboek as 'n instrument in die opvoeding van 'n kind. Kinderboeke mag nie 'n vals beeld van die werklikheid gee nie, en moet kinders iets leer van die goeie en slegte kant van die samelewing. Winch (1987:20) sien die waarde van kinderboeke daarin dat die kind se verbeelding uitgedaag word deur sy betrokkenheid by die verhaal en interaksie met die karakters. Hy gaan op 'n reis na onbekende streke, en sy begrip van die wêreld en van sy en ander se emosies verdiep. Geoffrey Trease (Hunt 1990:59) het in 1973 die volgende doelwit vir almal wat met kinders werk (en dus ook skrywers en vertalers) gegee: “The respectful and affectionate nurture of the young, and the cultivation in them of a disciplined and informed mind and heart.”

Cech (1992:81) kyk vanuit 'n Jungiaanse perspektief na kinderliteratuur, en lewer skerp kritiek teen mense wat die donker kant van die menslike ervaring uit kinderliteratuur wil hou. Hy meen die oorsaak kan wees dat ons dink kinders sal gewelddadig word as hulle van geweld lees, of dat hulle alle stiefmoeders in 'n negatiewe lig sal sien as hulle byvoorbeeld van Hansie en Grietjie se stiefmoeder lees. Boeke wat ons vrese aan die lig bring of wat etiese en morele

kwessies ondersoek, skep juis vir hom 'n veilige omgewing waarbinne die kinderlesers moeilike probleme kan ondersoek. Kinderliteratuur, veral mites, legendes, volksverhale en ander fantasieverhale asook Bybelverhale help die kind om die reis na binne te onderneem, en help hom of haar ook om die simboliek ("imagery") te ontwikkel wat volgens Cech die grondslag van 'n mens se godsdienstige, estetiese, wetenskaplike en sosiale lewe vorm. Hulle kan die kind help om in Jungiaanse terme mense se skadukant te leer ken. Die skadu verteenwoordig die eienskappe en impulse wat elke mens in homself ontken maar duidelik in ander mense kan sien. Hulle help ook die kind met die begin van die individuasiëproses, die lewenslange proses waardeur ons ons onderbewuste en ook ons "regulating centre" leer ken. In die Bybel word die skadu veral deur die slang of Satan verteenwoordig. Vir Cech (1992:84) verteenwoordig dit alles wat ons nie in ons bewuste kan en wil toelaat nie, al die eienskappe in ons wat ons onderdruk, ontken en nie gebruik nie. "The less you look at it, the stronger it grows, until it can become a menace, an intolerable load, a threat within the soul" (Cech 1992:84). Bybelverhale is dus op 'n sekere vlak die dramatisering van 'n mens se ontdekking van en vredemaak met sy eie skadukant. Dit lei tot die volwasse psigologiese insig dat die skadukant deel is van die mens.

Hierdie wetenskaplikes is dus van mening dat die donker kant van die lewe nie van kinders weggehou behoort te word nie. Die Bybel, wat die mens se ingewikkelde verhouding met die goeie én die bose beskryf, en baie realisties is oor presies hoe mense 'n mengsel van goed en kwaad is, sou dus gebruik kon word om kinders te help om die skadukant in hulleself sowel as die mense om hulle te begin konfronteer. Dit kan hulle ook help om die tragiese en die onregverdiges in hul lewens te verwerk. Hiervan is die inisiatief van James (2007) om gemolesteerde kinders deur middel van die verhaal van Tamar te help, 'n voorbeeld (sien 4.5).

Saxby (1987a:5) sien die rol van boeke en stories in die opvoeding van 'n kind in 'n positiewe lig: "Literature thus becomes central to education in that it contributes to the reader's growing experience – and education is essentially the leading forth, the growth, of an individual through structured experience." Kinders ontwikkel belangrike sosialiseringvaardighede deur middel van stories. Hulle gebruik stories om sin te gee aan hul ervarings, om die plesier daarvan te herleef en om hulle te versoen met die inkonsekwentheid in hulleself en ander. Dit gee hulle die mag om in iemand anders se skoene te gaan staan. Dit gee hulle 'n kykie op ervarings wat in die volwasse lewe op hulle wag. Dit gee hulle die geleentheid om na vreemde plekke te reis, vreemde ervarings mee te maak, die veiligheid van die huis te verlaat, avonture te beleef, en uit te vind hoe om toetse en uitdagings suksesvol die hoof te bied (Saxby 1987a:6). Kinderlesers kan hul eie ervarings en lewe weeg teenoor 'n breër sosiale konteks. Hulle word ook deur die boeke wat hulle lees deel van die samelewing van die mensdom. Deur te lees van die stryd tussen goed en kwaad, kan die kinders ook die skadukant van die mens en die grys areas van

menslike gedrag leer ken (Saxby 1987a:8). Boeke stel lesers bloot aan die “accumulated experience and wisdom of the ages” (Saxby 1987a:6). Wanneer die kinders lees, gaan hulle op ’n geestelike reis, en kom te staan voor die groot dilemmas van die menslike gees en van die samelewing. Op hierdie manier ontwikkel hulle etiese en morele insig. Saxby het oor letterkunde in die algemeen geskryf, maar aangesien die Bybel ’n boek is wat oor die stryd tussen goed en kwaad gaan, en sowel die skadukant van die mens as sy oorwinning daarvoor saaklik en sonder versagting teken, is dit by uitstek ’n verhaal om kinders op hul geestelike reis te vergesel.

Saxby (1987b:121) onderstreep die belangrikheid van mites in hierdie ontdekkingsstog van die kinderleser. Die Christelike mite word natuurlik in die Bybel weergegee, waar die mens se vrae omtrent sy herkoms, toekoms en doel op aarde beantwoord word. Die mites tree verder as modelle van menslike gedrag op, wat help om betekenis en waarde aan die hoorders of lesers se lewe te gee – dit vervul diep psigologiese behoeftes van ’n mens. So gesien, is die verhale van die Kinderbybel belangrik vir kinders se psigologiese groei. Dit kan hulle help om na te dink oor belangrike lewensvrae en om sin te maak van die wêreld. Dit het dus ’n veel belangriker rol om te speel as om kinders bloot te leer wat aanvaarbare gedrag in sekere situasies is.

Kinderliteratuur het die potensiaal om ’n belangrike en positiewe rol te speel in die opvoeding van kinders, om hulle te help om sin te maak van die wêreld waarin hulle hulle bevind. Dit het ook die potensiaal om baie spesifieke didaktiese doelwitte te dien, en die kind in ’n spesifieke kultuur te sosialiseer. Die vraag is of Kinderbybels kinders bekend stel aan die lewensvrae waarvoor die brontekste dit het, en of hulle meer fokus op die kulturele waardes van die skrywer/herskrywer.

3.6 Kindbeskouing en tekste vir die kind

Voor daar kinders was, kon daar nie kinderliteratuur wees nie (Shavit 1986:4). Die kinderfase as aparte fase in die siklus van die mens se lewe het in die begin van die sewentiende eeu ontstaan (Shavit 1986:5). Van toe af is erkenning gegee aan die feit dat kinders eiesoortige eienskappe (veral onskuld en reinheid) het. Kinders en volwassenes is as apart gesien, elkeen met hul eie vorm van kleredrag, tydverdrywe en gewoontes. Volwassenes het ook begin sê dat as kinders onskuldig is, hulle beskerm moes word, en veral dan teen die korrupterende invloed van die volwasse wêreld. Hulle geestelike heil het belangrik geword, en hulle moes gedissiplineer en opgevoed word. Boeke wat spesifiek vir kinders geskryf is, het toe opvoedkundige hulpmiddels geword (Shavit 1986:7).

Van die begin af is kinderliteratuur geskryf met 'n sekere kindbeskouing in gedagte; wanneer daardie beeld verander het, het kinders se boeke ook verander (Shavit 1986:7). Kinderboeke is geskryf volgens die kind se (veronderstelde) begripsvermoë en opvoedkundige behoeftes; wanneer sienings daaromtrent verander het, het kinderboeke dienoooreenkomstig verander.

'n Veranderende kindbeskouing beïnvloed tekste vir kinders op twee maniere. Wanneer sienings omtrent die vermoë van die kind om 'n teks te verstaan, verander, verander tekste. Wanneer sienings omtrent die appèl wat die teks rig (Wat moet die kind daaruit kry? Wat is die opvoedkundige doelwitte daarvan?) verander, verander tekste eweneens (Shavit 1986:17). Hierdie wysigings kom veral tot uiting in die toon van die teks (byvoorbeeld ironies of naïef), die einde van die verhaal (gelukkig, hartseer of oop) en die standpunt waaruit die teks geskryf word (dié van die kind of lerende volwassene) (Shavit 1986:17-18).

In die neëntiende eeu het onderwysienings bepaal dat 'n kind uit elke gebeurtenis, ervaring of verhaal 'n les moes leer. Straf en moraliteit was 'n belangrike deel van dié leerproses (Shavit 1986:22). Die morele les wat 'n kind moes leer, was die belangrikste element in 'n verhaal.

In teenstelling met die Bybel word Kinderbybels gewoonlik gekenmerk deur eenvoud van styl (Shavit 1986:18). Dit is 'n kinderdiskoers (Gold 2004:115), en die teks word dikwels herskryf ter wille van 'n veranderende sosialiseringsproses (Shavit 1986:20). Bottigheimer (1996) toon aan hoe Kinderbybelverhale herskryf is sodat gesagsfigure altyd bo verdenking was, al het hulle hulle in die Bybel skuldig gemaak aan growwe oortredings (sien 4.6.1). Gold (2004) dui weer aan hoe Joodse Bybelverhale geskryf is met die uitdruklike doelwit van karakteropvoeding en karakters dus altyd óf goed óf boos was. Ter wille van die doelwit van inskakeling by die Amerikaanse kultuur is aanknopingspunte met daardie kultuur doelbewus in verhale ingeskryf. Bybelfigure het byvoorbeeld meer demokraties begin optree: Abraham het nie sonder teësprak op 'n outokratiese bevel van God reageer en weggetrek nie, maar na 'n droom eers die saak met sy vrou bespreek, besluit dat die nuwe land beter sou wees as die huidige een, en toe saam met haar besluit om die tog aan te pak. In sy droom het hy gehoor: "Go to the west!" (wat kan meer Amerikaans wees!) en hy gaan daarheen om sy God in vrede te aanbid, dieselfde motief as wat die Pelgrimsvaders gehad het toe hulle Amerika toe verhuis het (Gold 2004:135).

Ouers en ander volwassenes was verantwoordelik vir kinders en moes hulle beskerm. Kinders se hoofsaak was om gehoorsaam te wees aan die betrokke volwassenes. Boeke is gesien as die vernaamste onderwys hulpmiddel, en die volwasse opvoeders het bepaal wat vir kinderoë geskik is. Shavit (1986:26) is van mening dat hierdie uitgangspunt nie in die twintigste eeu verander het nie.

The basic idea about writing for children, that is, that children's books should be written under the supervision of adults and should contribute to the child's spiritual welfare, has not changed since the middle of the eighteenth century [...]. What *has* changed are the specific ideas prevalent in each period about education and childhood. However, the idea that books have to be suitable from the pedagogical point of view and should contribute to the child's development has been, and still is, a dominant force in the production of children's books.

Wat volgend Shavit wel verander het, is spesifieke sienings omtrent opvoeding, en dit het dan tot die herskryf van kinderliteratuur gelei. "The basis for the textual revisions are assumptions held by the editors about childhood, especially about *the child's capacity to understand and the themes to which he should be exposed*" (Shavit 1986:28; skrywer se kursivering). Shavit meen daar is baie redes waarom 'n teks herskryf word, maar sien 'n veranderde kindbeskouing as een van die belangrikstes: "one of the crucial factors in determining the character of the texts for the child was undoubtedly the different concepts of childhood held by society" (Shavit 1986:30).

Alles wat ons vir kinders skep, weerspieël ons beeld van die kind, sê Oittinen (2006:41). Vir haar is die kindbeskouing sentraal wanneer kinderliteratuur vertaal word, want vertalers rig hulle woorde tot 'n sekere soort kind volgens hulle ideologie omtrent kinders. Vertalers moet ook onthou dat kinders nog nie so lank soos volwassenes geleef het nie, en dus minder kennis van die wêreld het, en dat 'n skrywer/vertaler meer moet verduidelik as vir 'n volwasse leser (Oittinen 2006:42). Ook Øster (2006:150) voer aan dat vertalings dikwels herskryf word om aan te pas by die kindbeskouing van die vertaler en van die doelkultuur as geheel.

Daar is heelwat boeke beskikbaar wat almal die woorde "Kinderbybel" of "Bybel vir kinders" op die titelblad het. Wat binne staan, verskil egter drasties. Shavit skryf die verskil toe aan die manier waarop die kind gesien word. "What really counts is the way childhood is perceived by society, for it is society's perceptions that determine to a large extent what actually lies between the covers" (Shavit 1986:31). Wanneer die vertaling van Kinderbybels ondersoek word, is dit dus belangrik om ook kennis te neem van die kindbeskouing van die skrywer/vertaler en van die kultuur waarin die Kinderbybel sal funksioneer. Dit sluit 'n ondersoek in na die kognitiewe prosesse wat betrokke is by die vorm van godsdiensbewussyn en die vestiging van geloof in kinders en die konseptualisering van geloofskwessies by kinders. Daar word vandag aanvaar dat kinders vanaf 'n baie jong ouderdom geloof kan hê, selfs nog voordat hul kognitiewe ontwikkeling voltooi is (Du Toit & Beard 2005b:3). Die middeltydperk van die kinderjare (6-12 jaar) is verder 'n belangrike tydperk vir algemene kognitiewe, sosiale, emosionele, en selfbeeldontwikkeling. Belangrike taalontwikkeling vind plaas, en jong lesers van hierdie ouderdom kan komplekse sinne begin verstaan, hul taal en styl vir sekere kontekste aanpas, en beeldspraak soos vergelykings en metafore verstaan. (Du Toit en Beard 2005b:6; sien ook Bylae 2). Die vraag is nou of Kinderbybelskrywers wel hierdie nuwe kennis omtrent kinders se

ontwikkeling ken en in ag neem, want dit sal 'n invloed hê op wat in 'n Kinderbybel staan en op watter manier die inhoud van die bronteks oorgedra word.

3.7 Vertaling van Kinderbybels

Tekste word herskryf uit een taal of medium in 'n ander, en soms in dieselfde taal of medium (Desmidt 2006:82). In die geval van Kinderbybels vind die herskryf oor meer as twee tale plaas. Dit word gewoonlik gebaseer op 'n volwasse Bybel in dieselfde taal, maar daardie volwasse Bybel is eweneens 'n vertaling van 'n bronteks geskryf in die Grieks en Hebreeus van ongeveer tweeduisend jaar gelede. Soms is 'n Kinderbybel 'n vertaling van 'n andertalige Kinderbybel. Kinderbybels verskyn ook in 'n ander medium as die oorspronklike bronteks, wat handgeskrewe op boekrolle was. Die volwasse Bybel waarop Kinderbybels gebaseer is, is in 'n gedrukte medium, maar Kinderbybels is vandag deurgaans prenteboeke, wat 'n visuele medium bygevoeg het.

Navorsing omtrent die vertaling van kinderliteratuur kan belangrike insigte oplewer wanneer die vertaling/herskryf van Kinderbybels ondersoek word. Die kenmerkende eienskappe van vertaalde kinderliteratuur wat spruit uit die beperkings wat op die vertaling daarvan gelê word, is moontlik ook kenmerkend van Kinderbybels, en kan moontlik lig werp op die vertaalstrategieë van die vertaler, en die doelwitte en besluite van ander rolspelers in die proses. In die voorbereidingsfase van 'n vertaling van 'n Kinderbybel, wanneer die bronteks ontleed word, moet hierdie kwessies dus verreken word.

Jackson (1989:15) beweer dat kinderboeke grotendeels propagandisties is, en gebruik word om kinders te kondisioneer om heersende kulturele norme te aanvaar: "... one fact remained constant, in 1650 and in 1850 (and to this day): Whether subtly or blatantly, children's books were largely propagandistic in nature. They were tools for social, moral, religious, and political conditioning." Alhoewel Jackson se stelling waarskynlik nie meer deurgaans op hedendaagse kinderliteratuur van toepassing is nie, is dit volgens skrywers soos Bottigheimer (1996) en Du Toit (2008:4) steeds waar van 'n spesifieke onderafdeling van kinderliteratuur, naamlik Kinderbybels. Volgens hierdie skrywers is Kinderbybels nooit net Bybelverhale nie. Hulle inkorporeer ook klasspesifieke sosiale waardes in 'n godsdienstige konteks, wat daardie waardes dan goddelike gesag gee. "Children's Bibles are powerfully persuasive handbooks for inculcating social responses" (Bottigheimer 1996:51).

3.7.1 Kinderbybels as draers van sosiale en kulturele norme

Ruth Bottigheimer (1996) het die geskiedenis van Kinderbybels in Europa ondersoek, en tot die gevolgtrekking gekom dat Kinderbybels deurgaans gebruik is om samelewingswaardes van een geslag na die volgende oor te dra, en dat skrywers hul tekste manipuleer het om dit te doen (sien 4.6). Wanneer die kultuurnorme van 'n spesifieke tyd of plek van dié van die Bybel verskil het, is die Bybelteks gemanipuleer sodat dit die gewenste waardes oordra (Bottigheimer 1996:65). Die teks van Kinderbybels deur die eeue toon ook duidelik aan hoe sienings oor die kinderjare algaande verander het, en tekste wat vir hulle as geskik beskou is daarmee saam verander het. Bottigheimer se navorsing bevestig wat ander navorsers oor kinderliteratuur by herhaling vind: dat kinderliteratuur manipuleer en herskryf word om by die skrywers of vertalers se sosialiseringdoelwitte en kindbeskouing te pas. Sy sien Kinderbybels selfs as 'n ryk bron vir analise deur sosiale historici (Bottigheimer 1993:78), want al die veranderinge wat mettertyd ingesluip het, maak hul onuitgesproke doelwitte baie duidelik.

3.7.2 Kinderbybels as opvoedkundige hulpmiddel

Penny Schine Gold (2004) het ondersoek ingestel na die gebruik van verhale uit die Bybel in die Joodse gemeenskap van die begin van die twintigste eeu. Joodse opvoedkundiges het destyds twee doelwitte vir die opvoeding van Joodse kinders (veral die kinders van immigrante uit Oos-Europa) gehad: om hulle deel te maak van die Amerikaanse kultuur, en om hulle terselfdertyd ook te bind aan hul Joodse identiteit. Omdat die meeste Joodse kinders staatskole bygewoon het, is bykomende skole tot stand gebring wat meestal oor naweke gefunksioneer het (soos Protestantse Sondagskole). Joodse onderwys in hierdie skole is egter op professionele voet geplaas: Onderwysers is formeel by staatsinstellings opgelei, en leerplanne is deur professionele opvoedkundiges opgestel. In hierdie leerplanne het die Tanakh (min of meer dieselfde as die Christelike Ou Testament) 'n sentrale plek ingeneem. Dit was 'n teks wat Jode aan mekaar gebind het deur 'n band met hul verlede te lê, en terselfdertyd 'n teks wat die Jode aan hul Protestantse landgenote gebind het. "It was the perfect bridge between tradition and modernity, between continuity and adaptation. How better to fulfill the aims of Jewish education in America?" (Gold 2004:94). Die Tanakh is egter ingrypend herskryf ("fundamentally reshaped") om as hulpmiddel te dien om sekere waardes aan die jong kinders oor te dra (Gold 2004:95).

Om dit suksesvol te kon doen, moes die opvoedkundiges eers heelwat probleme oplos. Die bonatuurlike element in die bronteks het byvoorbeeld gebots met hul rasionele, wetenskaplike kyk na die wêreld, en daar was vir die opvoedkundiges ook dissonansies tussen die morele

waardes van Bybelse tyd (byvoorbeeld poligamie, diereoffers, bloeddorstige oorloë) en dié van die moderne wêreld. Hierdie probleme is opgelos deur die Bybelse teks aan te pas volgens hulle verstaan van kinders se begripsvermoë (Gold 2004:100) en ooreenkomstig die morele waardes wat hulle wou oordra. “Those story elements were selected that could best serve the purposes of ethical training in a modern, American setting” (Gold 2004:109).

Die styl van Bybelse teks, volgens Gold (2004:103) “laconic and ambiguous, with little direct explanation”, is verander en die teks is herskryf tot alleenstaande stories, wat elkeen om een of twee karakters gebou is wat dikwels ’n etiese dilemma moes oplos, morele gedrag openbaar het of ’n heldedaad gepleeg het. Die verhale het opskrifte gekry, en die illustrasie en titel plaas die fokus op die morele kwessie waarom dit gaan. Die taal is vereenvoudig, maar die verhale is dikwels uitgebrei om die kind se belangstelling te prikkel. Verhale is telkens gekies om ’n enkele idee of ideaal te beklemtoon, en die waardes wat gekies is, was dié wat as universeel en ook relevant vir moderne tye gesien is. Negatiewe karaktertrekke in mense en God is meestal uitgelaat. Belangrike persone is ook nie in moreel problematiese situasies beskryf nie, of andersins is verkeerde gedrag duidelik as verkeerd geïdentifiseer. Waar ’n verhaal as te belangrik beskou is om uit te laat (byvoorbeeld Abraham se offer van Isak), het skrywers geïmpliseerde waardes daarin probeer vind (in genoemde geval byvoorbeeld dat menslike offers onaanvaarbaar is). Die Bybelse kultuur is dus vertaal in (herskryf tot) die waardes van ’n ander kultuur: “... to translate biblical culture into the values of yet another cultural setting” (Gold 2004:113).

Die skrywers het ’n kinderdiskoers vir die verhale gekies – die taal was eenvoudig, problematiese of onvanpaste dele is uitgelaat of herskryf, en verduidelikings is bygevoeg om die teks verstaanbaar te maak (Gold 2004:115).

Dele wat as problematies gesien is, is eenvoudig uitgelaat. Die gewilde *Bible tales for very young children* deur Lenore Cohen laat byvoorbeeld die eerste elf hoofstukke van Genesis uit, en begin met die verhaal van Abraham. Waar bonatuurlike gebeurtenisse nie uitgelaat kon word nie, is die aandag daarvan weggelei, en belangrike godsdienstige waarhede was nooit gebaseer op episodes wat bonatuurlike elemente ingesluit het nie (Gold 2004:101). Sommige gebeurtenisse is so oorvertel dat die bonatuurlike element daarin vervang is met ’n “natuurlike” verklaring. Wanneer Samuel uit die dode opgeroep word en met Saul praat, is dit volgens een van hierdie tekste eintlik die heks van Endor wat Samuel se stem namaak. Dit was die wind wat die Rietsee drooggelê het, en ’n ander verhaal vertel hoe die Israeliete eenvoudig in die water gespring het en veilig deurgekom het: “It was as though the water of the sea had parted and formed a wall ...” (Gold 2004:132). Kulturele gewoontes wat vreemd vir twintigste-eeuse kinders is, soos poligamie en diereoffers, en die wette van die boek Levitikus is ook uitgelaat. Gold (2004:124) vind dat die weglatings meestal weldeurdag en konsekwent gedoen is.

God se rol in die lewens van die Israeliete word verklein en sy wese word ook eenvoudiger – slegs eienskappe wat volgens destyds se opvoedkundiges navolgenswaardig was, is ingesluit. Die Israeliete se militêre oorwinnings fokus op die menslike rolspelers, en God se rol as iemand wat direk betrokke raak by mense se doen en late word heelwat afgewater. Hy is eerder iemand wat oor sy mense waghoe as iemand wat ingryp in hul geskiedenis. Alles van Hom wat as arbitrêr, wreed of hard gesien is, is ook uitgelaat.

Die komplekse karakters in die Tanakh is gesien as verwarrend vir die kinders. Die opvoeders wou eenvoudige, duidelike morele lesse oordra. Karakters was dus óf goed óf sleg, en die skrywers het nie gekroom om waarde-oordele oor hulle te vel nie (Gold 2004:142). Die verhale toon baie duidelik watter karaktereienskappe as navolgenswaardig gesien is: kinders moes nie wild, stout of nalatig wees nie, maar gehoorsaam aan hul ouers. Kinderkarakters is gebruik as middel om kinders in die verhaal in te trek. Problematiese morele optrede of kwessies is gereduseer tot eenvoudige keuses tussen goed en kwaad, regte en verkeerde optrede. Slegte daede is gestraf, goeies is gepas beloon. God se optredes is ook so herskryf dat dit sin sou maak vir die kinderlesers, al moes Hy dan gereduseer word tot 'n goeie en liefdevolle Persoon.

Die opvoeders se uitgangspunt was deurgaans om die problematiese brontekste toeganklik vir kinders te maak, en aan te toon dat Bybelse karakters net soos hulle is. Hierdie domestisering is deeglik gemotiveer en verduidelik in artikels, voorwoorde van die verhale en in onderwysershandleidings (Gold 2004:176-178). Dit was 'n deurdagte en ook die algemeen aanvaarde benadering in Joodse onderwys vir die tydperk tussen die wêreldoorloë en selfs daarna (Gold 2004:208), gekies met 'n baie spesifieke doelwit in gedagte.

Hierdie spesifieke Joodse herskryf van die Tanakh het verskil van die Christelike herskryf van die Bybel in die deursigtigheid en gemotiveerdheid van die proses (sien 3.7.3.1 hier onder). 'n Kinderbybelvertaler kan met vrug kennis neem van hierdie proses, veral aangesien dit baie van die insigte van vertaalteoretici oor die manipulerings van tekste bevestig.

3.7.3 Afrikaanse Kinderbybels as vertaalde tekste

Hier te lande is prof. J. du Toit die leier van 'n navorsingsprojek aan die Universiteit van die Vrystaat se Departement van Afro-Asiatiese studie, Gebaretaal en Taalpraktyk oor “Bybelinterpretasie in kinderliteratuur: die oordrag en interpretasie van Bybel- (godsdiens) kennis”. Die projek ondersoek die visuele en literêre aanbieding van die Bybel in kinderliteratuur in Suid-Afrika. Du Toit (2008) en Du Toit en Beard (2005a, 2005b en 2007) lig

in verskeie artikels kwessies uit wat spesifiek met die vertaling/herskryf van Kinderbybels te doen het.

Du Toit (1995) en Roux (1984) het ook sekere aspekte van die skryf van Afrikaanse Kinderbybels ondersoek. Roux (1984) het gevind dat lesers 'n onvolledige beeld van die oorspronklike boodskap van die bronteks in Afrikaanse Kinderbybels kry. Sy het toe 'n "eksegetiese vertelmetode" (Wat beteken die verhaal in die konteks van die tyd toe dit aanvanklik vertel is, en wat beteken dit nou vir die kind?) voorgestel, met ander woorde dat die bronteks noukeurig ondersoek word om die juiste betekenis daarvan vas te stel. Vir haar was daar dus 'n "korrekte" interpretasie, en sy het nie erkenning gegee aan vertaalwetenskaplike navorsing wat daarop wys dat alle vertalings/herskrywings 'n bepaalde kulturele konteks het en ideologies gedrewe is nie. Du Toit (1995) het 'n literêr-semantiese evaluasie van Kinderbybels gedoen. Sy wou vasstel of Kinderbybels kinderliteratuur is en, indien nie, of dit wel bestaansreg het. Sy het aangevoer dat 'n kind se kognitiewe vermoëns en religieuse belewenis 'n teks spesifiek vir kinders geskryf (herskryf) kan regverdig. Sy wou ook vasstel of 'n Kinderbybel as 'n primêre geloofstekes aangebied kan en mag word. Sy het klem gelê op die voorliterêre tradisie van die Bybel, die eienskappe van die bronteks, die mitiese dimensie daarvan en religieus-filosofiese kwessies daarin, en die verskillende literêre genres wat daarin voorkom (Du Toit 1995:142-147). Sy gee ook aandag aan aspekte soos die rol van die skrywer en voorleser. Vir haar is die kruks van die saak die wyse waarop God se wese in Kinderbybels gekommunikeer word; vir haar is dit die primêre fokus (of funksie) van 'n Kinderbybelteks. Alhoewel sy dit betreur dat 'n skrywer/vertaler haar eie denke – meestal didakties of moraliserend – op die teks projekteer (Du Toit 1995:192), koppel sy tog ook 'n bepaalde ideologiese siening aan 'n Kinderbybelteks, as synde die oorkoepelende funksie van die teks.

3.7.3.1 Die bronteks van Kinderbybels

Afrikaanse Kinderbybels noem selde enige primêre brontekste, maar voer meestal aan dat hulle op "die Bybel" gegrond is. Die Bybel as heilige skrif se goddelik geïnspireerde status word daarmee oorgedra aan die Kinderbybel: "[Children's bibles] occupy a normative space immediately adjacent to divine authority itself" (Du Toit & Beard 2007:301).

Van 'n sogenaamde getroue of akkurate vertaling is daar by Kinderbybels volgens Du Toit (2008:2) in werklikheid weinig sprake, en die teks van Kinderbybels verskil bykans sonder uitsondering van dié van die Bybelteks. Kinderbybels word meestal gebaseer op die teks van 'n Bybel vir volwassenes in dieselfde taal, of anders op die teks van 'n Kinderbybel in 'n ander taal. Hulle word selde uit die primêre brontekste vertaal.

Die skrywer van die anderstalige bronteks word meestal net in baie klein druk in die voorwerk genoem (en moontlik net omdat kopieregwette die uitgewer daartoe dwing). Die skrywer erken ook selde spesifieke (Engels- of Afrikaanstalige) bronne, al is die spore van verskillende bronne duidelik in die uiteindelige teks sigbaar (Du Toit 2008:2). Die vertaler se naam word heel dikwels verswyg.

Du Toit (2008:4) vind dat die legitimiteit van die bronteks aan die vertaling oorgedra word ten spyte daarvan dat die bronteks drasties herskryf is. Kinderbybels gee voor om “ware”, “getroue” en “akkurate” maar vereenvoudigde weergawes van die oorspronklike te wees. Daar is dus die veronderstelling van ’n “letterlike” (“getroue”) vertaling (volgens Gutt se teorie ’n direkte vertaling of volgens Nida formele ekwivalensie) alhoewel geen Kinderbybel dit in werklikheid is nie. Du Toit (2008:4) vind dat dit gemotiveer word op dieselfde manier as waarop herskryf in vertaalde kinderliteratuur gemotiveer word: die doelteks word aangepas volgens samelewingsnorme oor wat “goed” vir die kind is, en volgens samelewingspersepsies oor ’n kind se lees- en begripsvermoë. Die teks word dus aangepas om dit vir die kinderleser verstaanbaar te maak, maar bly volgens die uitgewers in wese dieselfde as die Bybelteks.

Volgens Du Toit en Beard (2005b:1) word Kinderbybels nie onderwerp aan die intense teologiese ondersoek wat vertalings van die Bybel gewoonlik te beurt val nie. Die woorde “vertaler”, “oorverteller” en “skrywer” word skynbaar lukraak gebruik. Die keuse van die verhale en opskrifte van verhale word deur die uitgewer/skrywer gedoen, en dit geskied dikwels anoniem en sonder enige motivering. Daarby reflekteer die Bybelverhale in Kinderbybels die waardes en ideologie van die skrywer/oorverteller, alhoewel dit verbloem word deur die aanspraak dat die Kinderbybel die Bybel self is. Die twee skrywers stem saam met Bottigheimer wat van mening is Kinderbybels “teach far more than Bible content” (Bottigheimer 1996:xi). Wat hulle wel leer, is volgens haar gedeelde sosiale waardes, sodat Kinderbybels dus ’n belangrike aandeel het in die oordrag van kulturele waardes van een geslag na ’n volgende. Hierdie aspek sal ook ondersoek word in die ontleding van die Kinderbybel van Eva Moore en die Afrikaanse vertaling daarvan (sien hoofstuk 5 en 6).

3.7.3.2 Herskryf van die teks

Du Toit kon geen maatstaf vind waarvolgens spesifieke verhale vir Kinderbybels gekies word of uitgelaat word nie en ook nie waarvolgens een volwasse Bybelvertaling bo ’n ander as intermediêre bron gebruik word nie (Du Toit 2008:1; vergelyk hiermee die deeglike motivering vir dieselfde proses in die Joodse oorvertellings – sien 3.7.2). ’n Gesaghebbende Bybelvertaling (amptelik deur ’n spesifieke kerk as sodanig aanvaar) sou egter ook gesag aan

die Kinderbybelverwerking daarvan bied. Dit is interessant dat uitgewers in Suid-Afrika meestal net noem dat 'n Kinderbybel op "die Bybel" gebaseer is, en nie spesifieke vertalings uitsonder nie.

Du Toit (2008:7) haal egter vir Gold (2004:103) aan wat gevind het dat die spesifieke styl van die Bybel ("laconic and ambiguous") veroorsaak dat Kinderbybelskrywers dikwels uitbrei op die gegewe in die bronteks om te verseker dat die doelleser die etiese boodskap kry wat hulle wil oordra.

Die maatstaf waarvolgens Kinderbybels vir vertaling gekies word, is volgens Du Toit (2008:4) dieselfde as die rede waarom alle kinderboeke vertaal word: die uitgewer/vertaler kies tekste wat volgens sy/haar wêreldbeskouing moreel opbouend of opvoedkundig waardevol vir kinders is. Ekonomiese oorwegings speel ook 'n rol (Du Toit & Beard 2007:309).

3.7.3.3 Probleme en uitdagings

Du Toit en Beard voer ook aan dat die vertaling of herskryf van Kinderbybels nie 'n eenvoudige taak is nie.

Vertaaltradisies en die gewone beperkings wat op die vertaling van kinderliteratuur gelê word, word in die geval van Kinderbybels gekompliseer deur die feit dat die bronteks as heilige skrif beskou word en ook deur die godsdienstige en kulturele oortuigings van die volwasse bemiddelaars van die teks (die skrywer, vertaler, uitgewer én koper). In aansluiting by Lefevere (1985:217) is Du Toit en Beard van mening dat die probleem hiermee nie die oortuigings van die betrokkenes op sigself is nie, maar dat hierdie ideologiese of sosiokulturele dryfvere selde aan die lig gebring word wanneer Kinderbybels gepubliseer word. "Ideology is therefore always present in the translation of children's bibles, but often disguised in a traditional lip service to literal reading of religious canon" (Du Toit & Beard 2005a:voetnoot op bl 1).

Uitgewers is ook nie altyd seker hoe om die insigte van die ontwikkelingsielkunde oor die kognitiewe vermoëns van die doellesers op die doelteks toe te pas nie. Du Toit en Beard gebruik "cognitive poetics" as raamwerk wanneer die vertaling van kinderliteratuur (insluitend Kinderbybels) bestudeer word (Du Toit & Beard 2005a:1, 2). Hiervolgens word teks en beeld as eenheid gebruik om die boodskap en betekenis van die verhaal aan die kind oor te dra. 'n Belangrike aspek wat volgens hulle in die bestudering van Kinderbybels te berde gebring moet word, is kinders se kognitiewe ontwikkeling, die vorming van 'n godsdienstige bewussyn en die vestiging van geloof in die jong kind (Du Toit & Beard 2005a:3). Juis omdat die illustrasies so belangrik is in die oordra van die boodskap, behoort vertalers én illustreerders volgens hulle

ook baie meer aandag aan die bronteks te gee wanneer verhale gekies word, en dit dan oorvertel (herskryf) en illustreer word (Du Toit & Beard 2005a:8). Hulle wys byvoorbeeld op die King James-vertaling van Genesis 28:12-13 wat volgens hulle foutief is en aanleiding gee tot illustrasies wat nie ontsag en respek vir God oordra nie, bloot omdat Hy meestal in die illustrasies van Jakob se droom as klein figuurtjie bo-op die leer verskyn en nie op so 'n manier dat sy gesagsposisie beklemtoon word nie (soos wel in die bronteks gebeur) (Du Toit & Beard 2005a:11).

Du Toit en Beard noem verskeie ander probleme ten opsigte van die vertaal/herskryf van Kinderbybels. Uitgewers in die klein Suid-Afrikaanse mark het altyd sekere finansiële beperkings wanneer hulle Kinderbybels wil uitgee (Du Toit & Beard 2007:309).

Vertalers/oorvertellers in die Suid-Afrikaanse konteks vind dit nie maklik om geskikte kulturele voorbeelde te vind nie (Du Toit & Beard 2007:309). (Dit veronderstel dat die teks gedomestikeer word, wat Du Toit en Beard dus klaarblyklik voorstaan.) Daar is 'n gebrek aan kennis van die teologiese kwessies wat ter sprake kom wanneer die bronteks via 'n Engelse teks (aangepas by die Amerikaanse of Britse kultuur) in Afrikaans vertaal word. Die grootste probleem wat Du Toit en Beard (2007:310) vind in Kinderbybels wat in Suid-Afrika te koop aangebied word, is egter die gebrekkige begrip van kinders wat die uitgewers en skrywers openbaar.

3.7.3.4 Status van Kinderbybels

Alhoewel die uitgewers op verskillende maniere poog om Bybelse status aan hulle Kinderbybels te gee, beklee Kinderbybels as sodanig volgens Du Toit (2008:1) 'n "dubious" status in die literêre polisteem aangesien dit nóg as kinderliteratuur nóg as teologie gereken word. Daar is dus weinig wetenskaplike besinning daaroor. 'n Verdere moontlike oorsaak vir die gebrek aan navorsing is volgens Du Toit die rol van illustrasies in die teks en die "ongemak" van wetenskaplikes hieroor as gevolg van "the co-dependence of text and picture in the realm of professed Judaeo-Christian aniconism" (Du Toit 2008:1).²

² Illustrasies van Kinderbybels is 'n onderwerp op sy eie, en word weens die beperkte omvang van hierdie tesis nie verder hierin ondersoek nie. Dit is 'n vrugbare veld van ondersoek wat nog braak lê.

3.7.3.5 Ouer as tussenganger

Die rol wat die ouer as tussenganger tussen teks en kind speel, het 'n besliste effek op die teks.

By Kinderbybels vir klein kindertjies wat nog nie kan lees nie is die ouer meestal die voorleser wat ook moeilike morele of etiese materiaal moet verduidelik. Hierdie gebruik van die Kinderbybel sluit aan by die ou Joodse tradisie van mondelinge verduideliking en interpretasie van die Skrif. (Die heel eerste vertalings van die Hebreeuse Skrif het juis in die sesde eeu v.C. ontstaan uit 'n gebruik om die onverstaanbare Hebreeuse teks mondeling in Aramees te vertaal en te interpreteer.) Sommige wetenskaplikes, waaronder Dollerop (2003) en Oittinen (2003), is van mening dat 'n teks wat spesifiek bedoel is vir mondelinge oordrag anders sal lyk as 'n teks wat vir lees bedoel is, en dus spesifiek vir daardie doel herskryf moet word. Hier is die klank en ritme van die teks belangrik, en hierdie vereistes van 'n teks wat vir voorlees bedoel word, word dan as rede gegee waarom daar van die bronteks afgewyk word.

Stander (2003) het gevind dat laerskoolkinders se ouers nie vir hulle uit die Bybel of Kinderbybel voorlees nie. 'n Teks wat vir hulle bedoel is, moet dus hulle beperkte lees- en begripsvermoë in ag neem. Etiese kwessies of kulturele sake moet op een of ander wyse in die teks aan hulle verduidelik word, wat moontlike uitbreiding van die teks kan veroorsaak.

3.7.3.6 Kinderkarakters in Bybelverhale

Om aan te sluit by die kind se leefwêreld, word kinders dikwels in Kinderbybelverhale geplaas (Du Toit 2008:5). Meestal gebeur dit deur klem te lê op kinderkarakters in die Bybel, en die geweld wat in baie van die stories voorkom, dien meestal nie as afskrikmiddel nie. Moderne kinders word ook soms ingesluit. Wanneer Jesus die kinders seën, is daar byvoorbeeld deesdae gereeld kinders van verskillende rasse in die groep. Sommige Kinderbybels gebruik 'n verhaal oor moderne kinders as raam vir die Bybelverhale.

Die "verjonging" van karakters kom ook dikwels voor sodat die kind met 'n karakter kan identifiseer. Wanneer Jakob by Bet-el droom, word hy meestal as baie jong man of tiener geteken, maar volgens Du Toit en Beard (2005a:11) was hy al middeljarig. Volgens Gold (2004:95) is dit egter 'n geldige besluit indien die skopos van die vertelling die oordrag van waardes aan 'n jong kind is. Hierdie verjonging van Bybelkarakters vind ook in die *Read and Learn Bible* plaas (sien 5.3.5.5).

Du Toit (1995:205) is van mening dat die klem op die kinderkarakter in die verhale dikwels daartoe lei dat die eintlike hoofkarakter van die Bybel, God, 'n ondergeskikte rol in die Kinderbybel speel. Die fokus is op die kinderheld, God word amper uit die storie geskryf, en die kind kry nie die geleentheid om Hom in die teks te leer ken nie. Iets soortgelyks het in die *Read and Learn Bible* gebeur, waar die klem op die prestasies en sukses van die kinderkarakters val en nie op God se rol in die gebeure nie (sien 5.5.5.1).

3.7.3.7 Die Suid-Afrikaanse teikenmark

Volgens Du Toit en Beard (2007:305) gee die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf min aandag aan klein lesersgroepe. Kinderbybels word geskryf met die oog op die profiel van die gemiddelde Suid-Afrikaanse boekkoper ('n Engels- of Afrikaanssprekende wit vrou met matriek, ouer as dertig). Ander tale word feitlik heeltemal ignoreer, ten spyte daarvan dat 79% van Suid-Afrika se totale bevolking hulle as Christene definieer en dus moontlik sou belangstel om Kinderbybels vir hul kinders te lees (Du Toit & Beard 2007:303-304).

Die didaktiese behoeftes van die verskillende godsdienstige groeperinge word volgens Du Toit in die huidige uitgewersklimaat ook oor die hoof gesien. Daar is 'n beweging na internasionale koproduksies wat vir alle groeperinge aanvaarbaar sal wees, wat waarskynlik tot gevolg sal hê dat die verhale wat vertel word en die aanbiedingswyse al hoe meer eenvormig word (Du Toit 2008:7). Dit beteken weer dat die behoeftes van spesifieke groepe oor die hoof gesien sal word – iets wat vir Du Toit selfs op 'n miskenning van hul regte neerkom. James (2007) bepleit byvoorbeeld die insluiting van die verhaal van Tamar in Kinderbybels omdat dit gemolesteerde kinders kan help om hul trauma te verwerk. In die huidige opvoedkundige en uitgewersklimaat sal hierdie behoefte van 'n minderheidsgroep (en boonop 'n onsigbare groep) egter waarskynlik oor die hoof gesien word.

3.7.4 Gevolgtrekking

Alhoewel Kinderbybels dus dikwels deur navorsers oor die hoof gesien word as veld van ondersoek, dui die bevindings van navorsers soos Bottigheimer, Du Toit en Gold daarop dat Kinderbybels weens hul lang tradisie en ambivalente status juis met vrug ondersoek kan word aan die hand van die teorieë van wetenskaplikes wat die manipulasie van tekste bestudeer. Die sosiokulturele konteks van 'n Kinderbybel en die wyse waarop kultuuroordrag deur middel van 'n Kinderbybel plaasvind is sake wat van wesenlike belang is vir almal wat met die skep van Kinderbybeltekste gemoeid is.

Soos menige klassieke kinderliteratuurteks is die Kinderbybel ook 'n herskryf van 'n teks wat oorspronklik vir volwassenes geskryf is. Dit het, soos die meeste kinderboeke, baie spesifieke opvoedkundige doelwitte, wat bepaal word deur heersende sienings maar ook deur die persoonlike sienings van die individue wat met die teks werk. Voeg hierby die feit dat die Kinderbybel 'n twee duisend jaar oue kultuur aan kinders moet verklaar, en dat 'n Kinderbybel gebaseer is op die heilige skrif van sy lesers, en dit is duidelik dat geen vertaler eenvoudig die bronteks en vertaalopdrag kan lees voordat sy begin vertaal nie. Nadenke oor teorieë ten opsigte van die vertaling van kinderliteratuur, veral insigte oor die herskryf of manipulasie van tekste, sal verseker dat die proses deurdag en gemotiveerd geskied.

Wat ook duidelik uit die voorafgaande ondersoek na kinderliteratuur blyk, is dat opvoedkundige beginsels en doelwitte en die kindbeskouing wat in die bron- en doelkultuur geld, eweneens belangrike oorwegings is by enige vertaling van 'n teks wat vir kinderlesers bedoel is.

Wanneer 'n vertaalde teks as deel van 'n literêre polissisteem gesien word, is dit vanselfsprekend dat 'n ondersoek na die teks ook geskiedkundige aspekte sal insluit. Die geskiedenis van die vertaling van 'n bepaalde teks lewer insigte op ten opsigte van die veranderende norme wat vir vertalings in verskillende tydperke gegeld het. Wanneer 'n vertaler vertalings van die verlede ondersoek, en probeer vasstel watter probleme 'n gegewe vertaling wou oplos (Hermans 1999:38) en hoe vertaalnorme mettertyd verander het, verkry sy insig in die vertaalnorme van haar eie tyd. Met die oog hierop sal die geskiedenis van Kinderbybels kortliks in die volgende hoofstuk ondersoek word. Daar is ook 'n kort ondersoek na die manier waarop enkele Kinderbybelskrywers en -vertalers in Afrikaans sekere herhalende vertaalprobleme opgelos het en hoe hul vertaalkeuses en -strategieë mettertyd verander het.

Hoofstuk 4

'n Historiese perspektief

4.1 Inleiding

Die deskriptiewe benadering tot vertaalstudie, wat die Manipulasieskool insluit, beskou die werk van 'n bepaalde vertaler, groep vertalers of hele kultuur as veld van ondersoek (Shuttleworth & Cowie 1997:113), en bestudeer altyd 'n vertaling binne die kulturele konteks daarvan. Deel van hierdie kontekstualisering van vertaling is ook 'n ondersoek na vertalings van die verlede. Volgens hulle help dit die hedendaagse vertaler om eietydse denke oor vertaling te verstaan en te beoordeel. Volgens Hermans bestaan die geskiedenis van vertaling uit 'n reeks normkonflikte, omdat vertaalnorme voortdurend aangepas word by heersende sienings van wat gepas is (Hermans 1999:84).

Indien 'n mens dus hedendaagse Kinderbybels wil beoordeel of vertaal, is dit gepas om Kinderbybelvertalings in hul historiese konteks te ondersoek, te probeer vasstel hoe die proses ontwikkel het, watter patrone en tendense raakgesien kan word, en in watter mate die geskiedenis van Kinderbybels met die geskiedenis van kinderliteratuur en met opvoedkundige sienings ooreenstem of daarvan verskil. So 'n ondersoek sal ook vertaalprobleme wat herhaaldelik voorkom, uitwys. Die ondersoek behoort ook lig te werp op huidige tendense wanneer Kinderbybels vertaal word, en moontlik die vertaler in staat stel om in die voorbereidingsfase van die vertaalprojek reeds moontlike probleme en slaggate raak te sien.

In hierdie hoofstuk word die geskiedenis van die vertaling van Kinderbybels dus kortliks nagegaan en enkele algemene tendense en herhalende vraagstukke wat aan die lig kom, uitgewys.

4.2 Die ontstaan van Kinderbybels

Kinderbybels as genre het saam met die boekdrukkuns verskyn (Bottigheimer 1996:4). Dit het meestal bestaan uit verhale uit die Bybel, maar die keuse van verhale en gedeeltes van verhale is bepaal deur die skrywer se doel met die boek en sy siening van die lesers se ouderdom en intelligensie, asook deur die tyd waarin in die skrywer geleef het. Daar was byvoorbeeld

Kinderbybels wat slegs die tien gebooue bevat het, terwyl ander meestal 'n kategismus met vrae en antwoorde was (Bottigheimer 1996:5). In die sestiende en sewentiende eeu is kommentaar dikwels in die Bybelteks ingesluit, maar duidelik gemerk as kommentaar. Dieselfde het in Kinderbybels gebeur, maar sonder dat dit as kommentaar aangedui is. "Commentary steered children's comprehension of both God's and their parents' world" (Bottigheimer 1996:8). Daar was ook boeke met die geskiedenis van die Ou en Nuwe Testament (met die doel om Bybelkennis oor te dra), opsommings van die hoofstukke van die Bybel, Bybels in versvorm en prentboeke met kort berymde verduidelikings daarby, en selfs Bybelraaiselboeke en -inkleurboeke (Bottigheimer 1996:10-13).

In Nederland was daar in die Middeleeue 'Bybelse prentboeke' (met houtsneeprente), meestal oor die lyding van Christus, maar dit was waarskynlik nie spesiaal vir kinderlesers bedoel nie (Bekkering et. al. 1990:82). Na die uitvinding van die drukkuns het daar in Nederland verskeie boeke met verhale uit die Bybel verskyn, spesiaal bedoel vir gebruik in die skool, om kinders te help om te leer lees. Hierdie boeke was eeue lank in omloop (Bekkering et. al. 1990:87), en die verhale is nie aangepas by die kinderlesers se begripvlak of onskuld nie. In die sewentiende eeu het humanisme en die hervorming 'n invloed uitgeoefen op jeugliteratuur (Bekkering et. al. 1990:105). Die vorming van die jeug het belangrik geword, en vir die eerste keer het in Nederland boeke spesiaal gerig op kinderlesers verskyn. Wat godsdienstige leesstof betref, was daar aanvanklik meestal "geloofsboekjies" oftewel boeke met godsdienstige verhale en liedere (Bekkering et. al. 1990:111) en nie soseer boeke wat vandag as Kinderbybels sal deurgaan nie. Daar was verskillende boeke vir Protestantse en Rooms-Katolieke kinders.

Van die ontstaan van die genre is Kinderbybels dus klaarblyklik met 'n baie bepaalde doel geskryf, en is die inhoud ook op 'n sekere manier aangebied sodat kinders die verlangde boodskap sou kry. Teksmanipulasie het van meet af aan plaasgevind; dit is soms verklaar en verduidelik, maar is dikwels sonder enige kommentaar of verduideliking gedoen. Die uitgewers het egter van die begin af aan hierdie boeke Bybelse gesag verleen deur te verklaar dat dit gebaseer was op die Woord van God self, "Skrifgetrou" was en "die woorde van die almagtige God self" bevat (Bottigheimer 1996:4). 'n Mens vind hierdie verskynsel ook in sommige van die ouer Afrikaanse Kinderbybels wat ook onomwonde verklaar het dat hulle leerstellig suiwer en korrek is. In 1975 sê die uitgewers van *Die Bybel vir kinders* dat hierdie Kinderbybel "Skrifgetrou" is; "dit laat die aksent val waar dit hoort." Hulle voorspel dat die boek sal bydra "om die Bybel en sy boodskap vir die jong kind 'n werklikheid te maak" (Hadaway en Atcheson 1975: voorwoord). Groenewald sê in 1950 in sy "Voorberig" van *Die Bybel vir kinders vertel* (Vos 1950) die boek is "getrou aan die geskrewe Woord ... en leerstellig suiwer in sy vertolking". Conradie se *Afrikaanse Kinderbybel* is in 1940 hersien en in die nuwe uitgawe is die inhoud "op sommige plekke aangevul en nader in ooreenstemming met die Bybelse teks

gebring ... so het die boek slegs 'n suiwere weergawe van die feite geword en as sulks 'n handboek vir Bybelse Geskiedenis" (Conradie 1940:Voorwoord). Pieter Grobbelaar se *Groot nuwe Kinderbybel* (1973) voldoen volgens Van Wijk aan die vier vereistes vir Kinderbybels. Die eerste vereiste is: "dit moet getrou wees aan die gegewens van die Skrif" (Grobbelaar 1973: Voorwoord). Nuwer Kinderbybels in Afrikaans is meestal meer beskeie in hul aansprake. Mary Batchelor (1988: Inleiding) sê van haar *Kinderbybel in 365 verhale*: "Al die verhale in hierdie boek ... kom uit die Bybel."

4.2.1 Vroeë prototipes

Twee boeke wat volgens Bottigheimer (1996:14) 'n groot invloed op latere Kinderbybels sou hê en as basis vir baie latere Kinderbybels sou dien, is Peter Comestor se *Historica Scholastica* en Martin Luther se *Passional*.

Die *Historica Scholastica* is reeds in die twaalfde eeu geskryf en eeue lank gebruik as handboek in universiteite. In ooreenstemming met die destydse siening van die Bybel as 'n reeks verhale, het dit slegs die narratiewe gedeeltes uit die Vulgaat bevat. Hierdie boek het vir baie eeue die vorm van Kinderbybels bepaal. Dit is in 1289 in Frans vertaal, en die vertaler het sy lesers verseker dat dit as 'n Bybel kon funksioneer: Dit is vertaal "without adding anything except the pure truth as it appears in the Latin Bible", en sonder om iets uit te laat anders as dele wat glad nie vertaal behoort te word nie (Bottigheimer 1996:17).

Honderde kopieë van die *Historica Scholastica* is gemaak en oral in Europa versprei. Die inhoud van die kopieë het gewissel: Soms was dit net die Ou Testament, soms net die Nuwe Testament, soms albei. Dit het die basis gevorm van baie en wyd uiteenlopende publikasies, byvoorbeeld 'n Britse berymde Pentateug en 'n Hollandse *Rijmbijbel* van 1280 en 'n *Eerste Historiebijbel* van 1359. Kinderbybels het dus 'n lang geskiedenis van die herskryf van dieselfde bronteks.

Die verskillende taal- en kultuurgroepe het egter hulle eie interpretasies aan gebeure gegee: die Duitse Absalom het in 'n akkerboom gehang maar die Franse een in 'n kastaiingboom, terwyl die Franse illustreerder gewys het aan wie se kant God is deur 'n paar Franse lelies in sy stralekrans te teken. Hierdie voorlopers van ons Kinderbybel het dus toe al gebruik gemaak van domestisering, óf as manier om die tekste meer toeganklik vir hul lesers te maak, óf as moontlik onbewuste herskryf vanuit 'n bepaalde kulturele standpunt of wêreldbeskouing (sien 3.4.3 en 3.4.4).

Die *Historica Scholastica* was van die begin af 'n voorbeeld van vertaling as manipulasie van die teks (sien 2.2). Dit het sy lesers se siening van die Bybel beïnvloed eerstens deur sy narratiewe inhoud en tweedens deur die kommentaar wat geïntegreerd in die teks verskyn het. Deur die eeue het dit prosesse ondergaan wat vandag nog tipies is van Kinderbybels en van kinderliteratuur in die algemeen. Verwysings na seks en geweld is gaandeweg uit die teks verwyder toe dit vir 'n wyer leserspubliek voorberei is en besonderhede is bygevoeg om die teks te verlewendig, sommige in ander dele van die Bybel verkry en ander uitgedink.

Luther se *Passional* was aanvanklik 'n kort vertelling van Jesus se lewe, maar later is ander verhale bygevoeg. Die teks was 'n verkorte weergawe van sy Bybelvertaling, het illustrasies bevat en was bedoel vir kinders en eenvoudige mense. Waar die Rooms-Katolieke *Historica Scholastica* die geskiedenis van die Bybel vertel het (en dit beskou het as "Bybel") maak die *Passional* staat op die presiese woorde van die Bybel. Luther het later die *Passional* in sy Gebedeboek ingesluit, steeds bedoel vir kinders en eenvoudige mense.

Die *Passional* bevat geen oorgange tussen die verskillende verhale nie, omdat Luther geglo het dat 'n mens nie aan die Bybelteks mag verander nie. (Hy het wel deur teksreduksie aan die teks verander: dele wat hy beskou het as oortollig, aanstootlik of problematies het hy eenvoudig weggelaat.) Latere uitgewers wat die *Passional* wederregtelik uitgegee het, het nie gekroom om aan die teks self te verander nie, en daar was mettertyd heelwat veranderings wat mense se verstaan van die Bybel beïnvloed het, soos Jesus se Joodse identiteit wat uitgehaal is en die Jode se boosheid wat beklemtoon is. Teen 1561 was die *Passional* 'n veel gladder teks en is baie van die stories uitgebrei en verleng; tog het die voorwoord steeds aanspraak gemaak op Bybelse gesag vir die teks.

Luther se *Passional* is later selde as basis vir Kinderbybels erken, en die rede is moontlik omdat Luther sy tyd vooruit was wat betref die gebruik van die Bybelteks alleen. Alhoewel die meeste Protestantse uitgewers klem lê op die gesag van die Skrif en op die Woord as bron van hul tekste, bevat min Kinderbybels werklik die Bybelteks.

4.3 Grepe uit die geskiedenis van Kinderbybels

4.3.1 Kinderbybels in Duitsland

Die *Passional* was die begin van 'n Protestantse tradisie om Kinderbybels in die spreektaal van hul lesers uit te gee.

Baie van die verhale wat in die 16de eeu ingesluit is in Bybels wat vir kinders bedoel is, sal vandag heeltemal onaanvaarbaar wees, maar die aanvanklike doel daarvan was skynbaar om as teenvoeter te dien vir gewilde sekulêre verhale van aanvegbare moraliteit wat destyds algemeen in omloop was (Bottigheimer 1996:40). Die Bybelse verhale was ten minste waarskuwings teen sulke gedrag, al het dit die gedrag in besonderhede beskryf, het die Frankfurtse predikant Hartmann Beyer besluit en 'n aantal verhale uit Luther se Bybel gehaal en uitgegee. Toe dit nie eintlik die mas teen sekulêre leesstof kon opkom nie, is dit as Kinderbybel verkoop en ook as skoolhandboek gebruik. Dit was die boek wat die sewentiende-eeuse skrywers van Kinderbybels die meeste as hulle bron aangedui het.

In Duitsland was daar na 1750 'n opbloeï in die verkoop van Kinderbybels, met Johann Hübner se *Zweymahl zwey und funffzig Auserlesene Biblische Historien* (*Tweemaal twee-en-vyftig Bybelse geskiedenis*) een van die gewildstes (Bottigheimer 1996: 40). Dit is lank in skole gebruik en het vroeë, voorskrifte en vroom gedagtes ingesluit. Protestante het ook begin om alles uit te haal wat hulle as ongeskik vir kinderoë beskou het, en die fokus het verskuif na Nuwe Testamentiese verhale van verlossing. Sedert die einde van die agtiende eeu was daar ook heelwat Katolieke Kinderbybels in Duitsland.

Teen die begin van die twintigste eeu het sommige opvoedkundiges gemeen Bybelverhale is glad nie geskikte leesstof vir kinders nie, maar sedert die tweede helfte van daardie eeu is meer Kinderbybels as ooit in Duitsland publiseer.

4.3.2 Kinderbybels in Frankryk

In Frankryk was daar nooit so 'n groot verskeidenheid Kinderbybels soos in ander Europese lande nie. Tot die middel van die neëntiende eeu het skoolkinders hoofsaaklik 'n verkorte weergawe van 'n boek gebruik wat in 1670 deur Nicolas Fontaine uitgegee is, *Histoire du Vieux et du Nouveau Testament* (*Die Geskiedenis van die Ou en Nuwe Testament*). Hierdie boek was die basis vir die meeste ander Kinderbybels wat tot in die neëntiende eeu in Frankryk verskyn het. Aan die begin van die neëntiende eeu het die *Gesinsbybel*, 'n vrye vertaling van 'n Duitse Kinderbybel deur Christoph von Schmid, Fontaine se boek vir tuisgebruik begin vervang. Die uitgewer het later geswyg oor die boek se Duitse oorsprong, en dit verkoop as "a work adopted by die University and approved by His Eminence the Cardinal Bishop of Arras" (Bottigheimer 1996:42). Von Schmid se boek is sedert die middel van die neëntiende eeu ook in die plek van Fontaine se boek in skole gebruik.

In die twintigste eeu was daar ook in Frankryk 'n dramatiese opbloei in die beskikbaarheid van Kinderbybels, nou ook "heilige geskiedenis" genoem, en nie meer "verhale" nie.

4.3.3 Kinderbybels in Nederland

Kinders in Nederland het sedert die vyftiende eeu religieuse onderrig in skole gekry, en hiervoor is die Kategismus gebruik. Sedert die middel van die sestende eeu is gedeeltes uit die Bybel in klein formaat uitgegee en tydens onderwys gebruik vir oefening in lees en ook vir religieuse vorming. Van die bekendstes hiervan is *De historie van den conincklycken propheet David*, *De historie van den vromen en godvruchtigen jongeling Joseph*, *Die historie van den ouden Tobias ende van synen sone den jonghen Tobias* (dit verskyn in een boek saam met verhale van Judith, Susanna en Ester) (Bekkering *et al.* 1990:80). Hierdie tekste is geensins aangepas by die begrips- of emosionele vlak van die kinderlesers nie, en volgens Bekkering en sy medeskrywers (1990:87) is "de meest losbandigen tooneelen" (*sic*) uit byvoorbeeld die geskiedenis van Dawid en sy seuns vir kinderlesers aangebied.

Protestante het baie aandag aan die religieuse vorming van hul kinders gegee, en sedert die sewentiende eeu is tekste wat spesifiek vir kinders geskryf is hiervoor gebruik. Hierdie boeke word deur Bekkering en sy medeskrywers (1990:106) as die heel eerste Nederlandse kinderboeke beskou. Dit was nie soseer Kinderbybels nie; eerder liedere en aandoenlike bekeringsverhale. Die kategismus (wat Protestante gebruik het om gelowiges in die Protestantse leer te onderrig) is ook spoedig vir kinders herskryf; die eerste een hiervan was *Kort begrip der christelike religie* en het in 1608 verskyn (Bekkering *et al.* 1990:143). Vir Protestante was dit belangrik om kinders van jongs af by godsdiensbeoefening te betrek (Bekkering *et al.* 1990:144), maar in die middel van die sewentiende eeu het die opvatting ontstaan dat die heel jong kind nog nie ryp was vir geestelike stof nie, en dat hulle godsdiensonderrig derhalwe baie eenvoudig moes wees. Met die oog hierop het Franciscus Ridderus in 1657 'n *Dagelyksche huys-katechisatien* uitgegee met "huysgesangen voor kinderzens" en katkisasieoefeninge, Christelike geloofsartikels, pligte van 'n Christen, en Bybelse geskiedenis vir oggend- middag- en aand oefeninge. Die kinders was veronderstel om elke aand te vertel wat hulle deur die dag geleer het, en hul "oefeninge" het daaglik een uur in beslag geneem (Bekkering *et al.* 1990:144). Die boek is tot in die agtiende eeu herdruk. Ook in die middel van die sewentiende eeu publiseer Jacobus Borstius sy *Kort Begryp der christelyke leere*, met kort vrae vir klein kindertjies. Die boek was baie gewild en is tot in die agtiende eeu sowel afsonderlik uitgegee as opgeneem in kategeseboeke en skoolhandboeke (Bekkering *et al.* 1990:147). Daar was verskeie soortgelyke boeke, gewoonlik met 'n afsonderlike afdeling vir

kleiner kinders. Laasgenoemde was meestal 'n verkorte (maar nie 'n vereenvoudigde nie) weergawe van die volwasse afdeling.

Heelwat kinderboeke het in die agtiende eeu verskyn, onder andere verhale van martelare en kinderbiografieë met die klem op die bekering, voorbeeldige lewe en vroeë afsterwe van die protagoniste. Bybelse verhale was egter steeds die gewildste kinderleesstof. En voor aan was *De historie van den conincklycken propheet David*. In die agtiende eeu het 22 weergawes by 15 verskillende uitgewers verskyn. Die teks was meestal gedeeltes wat woordeliks uit die Bybelse teks geneem is (Bekkering *et al.* 1990:181). Ander boeke in dieselfde kategorie was die geskiedenis van Adam, Noag, Abraham, Lot en Isak, die geskiedenis van Josef, Simson en Jona, die geskiedenis van die verlore seun, en spreuke van koning Salomo (Bekkering *et al.* 1990:181).

Kennis van die Bybel is as belangrik vir godsdienstige vorming beskou, maar in die sewentiende eeu het opvoedkundiges ook begin rekening hou met die dubbele eis van kinderlektuur, naamlik lering én vermaak. Laasgenoemde is verskaf deur prente, en een voorbeeld van so 'n prenteboek is *De kleine Print-Bybel* wat in 1720 verskyn het. Dit was 'n verwerking van die Duitse *Courieuse, oder so-genannte Kleine Bilder-Bibel* (Hamburg), wat weer 'n verwerking was van die *Geistliche Herzens-Einbildungen* deur Melchior Mattsperger (1687-1699). Hierdie boek is 'n eeu lank herdruk. Die Print-Bybel was 'n rebus-Bybel met 150 bladsye Bybelteks waarvan sommige woorde met prente vervang is (Bekkering *et al.* 1990:186). Illustrasies het al hoe belangriker geword, en sedert die agtiende eeu is die meeste kinderboeke in Nederland ook prenteboeke (Bekkering *et al.* 1990:227).

In die neëntiende eeu het moralisering hoogty gevier in kinderliteratuur, en dieselfde tendense is ook in Kinderbybels gevind (Bekkering *et al.* 1990:237).

4.3.4 Kinderbybels in Engeland

Alhoewel daar in die sewentiende eeu geïllustreerde Latynse Bybels in Engeland was (byvoorbeeld John Weever se *Agnus Dei* (1601), en John Taylor se *Verbum sempiternum* (1614)), het Engelstalige Bybels wat spesifiek op kinders gemik was, eers teen die einde van die sewentiende eeu begin verskyn. Een van die eerstes was Elisha Cole se *Youth's Visible Bible, with 24 illustrations* (1675) (Jackson 1989:26). In 1690 het *The History of Genesis* verskyn, spesiaal vir kinders geskryf en gebaseer op Fontaine se verhale. Drie jaar later het John Locke aanbeveel dat 'n "good history of the Bible for young people to read" uitgegee moet word, en dat dit die verhale van Josef, Dawid en Goliath, en Dawid en Jonatan behoort te bevat.

'n Gewilde tipe Bybel in Engeland was die Gesinsbybels, wat bedoel was om in die gesin voorgelees te word. Dié wat in die agtiende eeu verskyn het, was almal verkorte weergawes van die Bybel, en die verhale is swaar geredigeer en van morele lesse voorsien. Hierdie Bybels het 'n groot invloed op die verhale van latere Kinderbybels gehad.

In die agtiende eeu is volwasse romans soos *Pilgrim's Progress*, *Robinson Crusoe*, *Gulliver's Travels*, *Don Quixote*, *Moll Flanders* en *Pamela* dikwels vir kinderlesers aangepas. In almal is die seksuele elemente weggelaat en die avontuurlike, opwindende gedeeltes beklemtoon. Dieselfde prosedure is met Bybelverhale gevolg (Jackson 1989: 66).

Die eerste "volledige" Kinderbybel het in 1726 verskyn: *A Compendious History of the Old and New Testament*. Dit was gebaseer op Blome se Gesinsbybel, wat weer op Fontaine se Bybel gebaseer was. Later het daar ook verskeie Miniatuurbybeltjies of sogenaamde "Thumb Bibles" vir kinders verskyn. Die eerste een was R. Wilkin se *Biblia; or, A Practical Summary of Ye Old and New Testaments* (1727). Dit was vier vierkante sentimeter groot, en het 278 bladsye en illustrasies gehad. Hierdie klein Bybeltjies was baie gewild en verskeie uitgewers het daarvan uitgegee. Hulle is later "Newbery Bibles" na die uitgewer Newbery genoem.

Sedert 1780 was daar ook Kinderbybels spesifiek vir Katolieke kinders, meestal vertalings van of gebaseer op Fontaine se *Histoire*.

Daar was heelwat verkorte weergawes van die Bybel, soos *The Bible in miniature* en John Newbery se *Holy Bible Abridged* (1757) (Bottigheimer 1996:44). Bybelverhale het ook in opvoedkundige kinderboeke verskyn. Josef se verhaal is byvoorbeeld in Newbery se legendariese *A Little Pretty Pocket-Book* (1744) oorvertel (Jackson 1989:74). Daarin was, benewens die Bybelverhaal, ook fabels, liedjies, spreekwoorde, en stories.

Die teenpool van hierdie kort boeke was Sarah Kirby Trimmer se *Sacred History* in ses volumes. Dit is later verkort tot twee volumes: *Abridgement of Old Testament History* en *Abridgement of New Testament History*. Hulle was minstens 77 jaar beskikbaar en 750 000 eksemplare daarvan is verkoop.

Daar is gewoonlik vir verskillende ouderdomsgroepe geskryf. Die heel jong kinders het slegs verhale uit die Nuwe Testament gekry, ouer kinders kon ook verhale uit die Ou Testament lees, terwyl meer komplekse stories slegs in handboeke ter voorbereiding vir die toegangseksamens vir Oxford en Cambridge ingesluit is.

In die neëntiende en twintigste eeu het Kinderbybels in Engeland steeds heersende sosiale waardes weerspieël (Bottigheimer 1996:45). Teen die middel van die twintigste eeu het

ekumenisme en die uitgewersbedryf wat internasionaal geword het ook veroorsaak dat verskille tussen Katolieke en Protestantse Kinderbybels heeltemal verdwyn het.

4.3.5 Kinderbybels in die VSA

Aanvanklik was dit veral die Britse Versbybels wat in Amerika versprei is, maar teen die einde van die agtiende eeu het uitgewers begin om Engelse Kinderbybels in te voer en uit te gee (sonder inagneming van kopiereg). Weens die grootskaalse immigrasie uit Europa was daar ook in die neëntiende eeu heelwat Duitse, Sweedse en Noorse vertalings beskikbaar. Dit was ook die tyd van die opbloei van verskillende sektes en kerkgenootskappe, en bykans elkeen het sy eie kindermateriaal gepubliseer. Daar was dus 'n baie groot verskeidenheid materiaal beskikbaar, maar die meeste daarvan het slegs 'n beperkte lesersgroep bereik. Toe kopieregwette later strenger toegepas is, was daar vele gelyktydige uitgawes van Britse Kinderbybel (Bottigheimer 1996:45-48).

Sedert die middel van die twintigste eeu het internasionale oorgeneem, en het al meer internasionale publikasies van Kinderbybels die lig gesien. Die teks word onmiddellik vertaal en verskyn gelyktydig in meer as een land, meestal met dieselfde illustrasies. Leerstellige verskille tussen verskillende Kinderbybels bestaan derhalwe nie meer nie (Bottigheimer 1996:48).

4.4 Die geskiedenis van Afrikaanse Kinderbybels

4.4.1 Afrikaanse Kinderbybels in die neëntiende en twintigste eeu

Aanvanklik was ouers in Suid-Afrika op Nederlandse Kinderbybels aangewese. Volgens Roux (1984:8) is S. Ulfers se *De Bijbelsche Geschiedenis aan kinderen verhaald*, wat in 1898 deur D. Bolle in Rotterdam uitgegee is, byvoorbeeld in Suid-Afrika gebruik. Boeke, ook kinderboeke, was egter skaars, veral in die binneland.

In 1853 is *De Kinder-Bijbel* deur "een leeraar der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika" in Kaapstad deur N.H. Marais uitgegee. Hierdie Kinderbybel was baie gewild; teen 1884 was daar reeds 40 000 eksemplare in omloop. Daar word vandag aanvaar dat die skrywer ds. John Murray was. Hy is getref deur die onkunde oor die Bybel wat op die platteland bestaan het, en het die Kinderbybel geskryf om ouers te help om Bybelkennis op 'n geskikte wyse aan hul kinders oor te dra en ook om kinders "op te lei" om self die Bybel te lees – sy boek was slegs 'n handleiding en nie bedoel as plaasvervanger van die Skrif nie. 'n Verbeterde uitgawe het in

1898 verskyn (Roux 1984:12). Elke verhaal sluit 'n teks uit die Nuwe Testament of Psalms in, en daar is ook illustrasies en vrae oor die verhaal (Murray g.d.).

C.P. Hoogenhout het in 1873 'n Bybelverhaal in Afrikaans oorvertel, *Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en Huisouwens* (bediendes). Dit is waarskynlik die eerste Bybelverhaal wat in Afrikaans gepubliseer is (Roux 1984:12). In 1907 verskyn die *Afrikaansche Kinderbijbel – Bijbelse geskiedenis voor die jeugd met gekleurde plate* deur ds. A. McGregor. Dit was 'n uitbreiding en oorskryf van 'n katekisasieboek wat ds. McGregor ook geskryf het.

In 1912 verskyn 'n Kinderbybel in Afrikaans: ds. W.J. Conradie se *Bijbelgeskiedenis vir ons Volk*. Die skrywer wou 'n boek skryf vir jong mense en ander wat min skoolgegaan het, en die teks moes dus maklik lees. Hy het Engelse Kinderbybels en ander materiaal as bronne vir sy boek gebruik. Die Kinderbybel was baie gewild, en die vyftiende herdruk, nou met die titel *Die Afrikaanse Kinderbybel*, het in 1940 verskyn. In sy voorwoord noem ds Conradie sy boek 'n "handboek vir Bybelse geskiedenis" (Roux 1984:13).

In 1924 verskyn H.A. Steyn se *Bybelse Geskiedenis in Afrikaans*. Hy rig hom "nie alleen tot die verstand nie, maar ook tot die hart" (Roux 1984:14). Catherine F. Vos se *The child's story Bible* (1934) is vertaal en verwerk deur Gertruida Groenewald en het in Afrikaans as *Die Bybel vir kinders vertel* verskyn. 'n Tweede, verbeterde druk het in 1952 verskyn. *Die Bybel vir kinders in kleur* deur Johannes de Beer, 'n vertaalde werk, het in 1943 verskyn. Die verhale is in chronologiese volgorde aangebied (Roux 1984:15). Murray se *Kinder-Bijbel* het in 1946 verskyn as *Die Kaapse Kinderbybel*. Dit is in Afrikaans vertaal deur ds. F.J. Liebenberg (1946). Hierdie Kinderbybel is steeds in omloop: Dit kan tans via die internet bekom word (Murray, g.d.).

Sedertdien het Kinderbybels gereeld verskyn. Kinderbybels wat vir ouer kinders geskryf is, is onder andere *Ons Groot Kinderbybel* deur A. de Vries en S.J. Latsky (s.j.); *En daar is lig* deur Hester Heese (1971); en *Die groot nuwe Kinderbybel met toeligting* deur Pieter W. Grobbelaar (1973). Daar het algaande ook al hoe meer Kinderbybels vir jonger kinders verskyn, soos byvoorbeeld die *Afrikaanse Kleuterbybel* deur J.A. van Wijk met illustrasies van A. Jagtenberg (1964), *Ons eie Kleuterbybel* deur Juliana Nothnagel (1981) en *Die Bybel vir kleuters* deur Louise Smit (1982).

Daar is nou bykans elke jaar 'n paar nuwe Kinderbybels op die mark, maar die meeste is vertaalde en verwerkte tekste. In 1996 het daar wel by Struik 'n Kinderbybel verskyn wat oorspronklik in Afrikaans geskryf is: *Die geïllustreerde Kinderbybel* deur Maretha Maartens. Die agterblad verduidelik dat die Kinderbybel bedoel is vir voorlees en later vir selflees, en verklaar

ook die doel met die boek: “Dit is ’n boek wat die kind ’n keuse laat doen – om vir God, die ware God, te leef.” Die Kinderbybel is geïllustreer deur Rassie Erasmus.

4.4.2 Afrikaanse Kinderbybels in die begin van die 21ste eeu

Du Toit en Beard (2007) het ondersoek ingestel na die huidige toedrag van sake met betrekking tot die publikasie van Kinderbybels in Suid-Afrika. Volgens die navorsers sê uitgewers dat hulle Kinderbybels sien as ’n manier om die Bybel vir kinders toeganklik te maak. Die Kinderbybel moet die kind aan die Bybel voorstel, en hulle na die Bybel lei op ’n tydstip wanneer die Bybel self linguisties en konseptueel bo hulle vuurmaakplek is.

Kinderbybels word meestal in Engels en Afrikaans gepubliseer, en daar bestaan min motivering om in die ander amptelike tale te publiseer. Volgens die skrywers is die markaandeel van Kinderbybels en Bybelstorieboeke 5% van die totale jeugboekemark. Alle uitgewers van Kinderbybels word gebind deur markkragte, behalwe die Bybelgenootskap, wat ook gemotiveer word deur die bestaan van ’n “behoefte” (Du Toit & Beard 2007:305). LuxVerbi.BM, wat meer as veertig Kinderbybels publiseer het, sê dat hulle staatmaak op marknavorsing, behoeftes uitgespreek deur die Christelike gemeenskap en spesiale komitees wanneer hulle besluite ten opsigte van die publikasie van Kinderbybels neem. Die Bybelgenootskap is op die oomblik besig met ’n projek waar ’n Amerikaanse Kinderbybel in sommige inheemse tale vertaal word.

Uitgewers probeer meestal om ’n kwaliteitprodukt teen lae koste te voorsien. Du Toit en Beard (2007:308) het bevind dat die meeste Kinderbybels wat in Suid-Afrika gepubliseer word, koproduksies is, waar die Kinderbybel ’n bepaalde uitleg en illustrasies het, en nuwe teks in verskillende tale eenvoudig in die plek van die bronteks in die boek geplaas word. Daar is dus geen sprake daarvan dat illustrasies aangepas word nie – nóg by die doeltteks, nóg by die doelkultuur.

Die profiel van die Suid-Afrikaanse boek koper is ’n persoon wat ouer as 30 is, ten minste matriek het, toegang tot letterkundige werke het, Engels of Afrikaans, en wit en vroulik is. Dit is skynbaar ook waar van Kinderbybelkopers, want hierdie boeke word meestal deur ma’s en oumas uitgesoek en gekoop. Die uitgewers kies dus beslis hul Kinderbybels met die oog op hierdie kopers: Dit moet in die eerste plek vir die ma en ouma aantreklik wees. Sua du Plessis (2004) meen egter dat kinders tussen agt en twaalf ook ’n groot invloed as kopers uitoefen deur druk op hul ma’s te plaas wanneer boeke gekies word.

Du Plessis (2004) verklaar dat van die 20.1 miljard boeke wat in 2003 in die VSA verkoop is, 11,4% godsdienstige boeke was, en dat 89% hiervan Christelike boeke was. In dieselfde jaar

was vier Kinderbybels onder die tien topverkooperkinderboeke. Wat Suid-Afrika betref, was 16,2% van alle verkope deur CUM en CAP tussen 2001 en 2003 kinderboeke (Du Plessis 2004). Kinderbybels was die gewildste, en boeke soos *My eerste Boodskap / God's message for children*, Anne de Graaf se *Kinderbybel*, *My Goeienagbybel*, *My Slaapydbybel*, en *Die Bybel vir jong lesers* was topverkopers in die kinderboekafdeling. *My eerste Boodskap* deur Jan van der Watt en Stephan Joubert, redakteurs van *Die Boodskap*, is vertaal in Engels, Nederlands en Noors. Aktiwiteitsboekies soos die Bybelstudie-reeks *!WOW!* was ook gewild by ouers, onderwysers en Sondagskoolpersoneel. Kinderbybels met 'n opvoedkundige strekking is ook gewild, soos *My Goeienag Bybel / My Goodnight Bible*, waar die kind se visuele persepsie ontwikkel word terwyl Christelike waarhede oorgedra word.

Stander tref 'n onderskeid tussen Kinderbybels en Bybels wat vir 'n spesifieke teikengroep (soos kinders) vertaal word. Laasgenoemde is volgens hom een van die jongste ontwikkelinge in die veld van Bybelvertaling (Stander 2003:475). *DieBybel@kinders.co.za* is 'n weergawe van *Die Boodskap* deur Jan van der Watt en Stephan Joubert deur dieselfde twee skrywers. Volgens hulle het hulle dit van nuuts af uit Grieks en Hebreeus vertaal, met die oog op 'n baie spesifieke mark, naamlik laerskool- en jonger kinders. Stander beskou dit as 'n volwaardige vertaling en sê dat dit jammer is dat mense nie beseft "dat kinderboeke ook op 'n wetenskaplike basis geskoei kan wees, en dikwels intense navorsing vereis nie." Hy verduidelik die skrywers se vertaalstrategieë in 'n artikel in *VERBUM ET ECCLESIA* (Stander 2003:474-492). Die skrywers het ook 'n empiriese ondersoek gedoen om te bepaal watter tipe Bybels kinders verkies en hulle voorstelle in hierdie vertaling ingewerk. Kinders lees meestal sonder ouerhulp, en daarom het die skrywers probeer om die taal op hulle begripvlak te hou. Daar is ook 'n woordelys wat moeilike woorde verduidelik.

Die radikale Jeugboodskap, ook deur Van der Watt en Joubert, bestaan uit die teks van *Die Boodskap* (slegs die Nuwe Testament) maar met versnommers bygevoeg. Daar is 'n inleiding by elke boek en oral in die teks rubrieke wat spesiaal op jongmense gerig is.

Die Tamar Campaign, 'n projek van die Ujamaa-sentrum van die Universiteit van KwaZulu-Natal, lewer insiggewende kommentaar op die Suid-Afrikaanse samelewing. James (2007:312–322) beskryf hoe die verhaal van Tamar se verkragting (2 Samuel 13) met groot sukses gebruik word om kinders te bemagtig teen die aanslag van seksuele geweld. Die skrywer meen dat die verhaal in Kinderbybels ingesluit behoort te word as 'n "awareness tool about issues concerning gender violence and rape" (James 2007:313). Sy (*ibid.*) vind verder dat Kinderbybels meestal morele lesse en positiewe rolmodelle bevat, en kinders probeer beskerm teen die aakligheid van verkragting, geweld en moord. Kinders in Suid-Afrika kry egter byna daaglik daarmee te doen, en sy meen dat verhale soos dié van Tamar kinders kan bemagtig om hulle persoonlike trauma te verwerk en te bowe te kom en daarom in Kinderbybels ingesluit

behoort te word. Sy is dus heeltemal teen die heersende opvoedkundige siening van die kind as onskuldige wese wat teen die harde werklikheid beskerm moet word.

4.5 Voorbeelde van teksmanipulasie

Die verhale in die Ou Testament word al sedert die begin van die Christelike era oorvertel. Dit het vermaak verskaf, daar was baie aksie, en die goddelose is meestal gestraf en die goeie beloon. Tot ongeveer die agtiende eeu het kinders presies dieselfde verhale gehoor (en in opvoerings gesien) as volwassenes, maar van toe af is tekste spesifiek vir kinders geskryf. Die verskil tussen tekste vir kinders en dié vir volwassenes was nie in die taalvlak geleë nie, maar in die keuse van materiaal. In kinderliteratuur is alles wat as immoreel beskou is, uit die stories geskryf, en die skrywers het meestal hul besluite geregtig deur te sê dat die verandering “absoluut noodsaaklik” was en dat hulle daarmee juis die betekenis van die oorspronklike wou uitbring (Bottigheimer 1996:54). Aanvanklik het herskrywing dus veral op die vlak van reduksie gelê (sien ook Luther se uitgangspunt, 4.2.1).

Bottigheimer gaan van die standpunt af uit dat kinderliteratuur en Kinderbybels die ideale van die samelewing uitbeeld, en dat dit aandui hoe die volwassenes van ’n samelewing of kultuur wil hê die samelewing moet lyk. “The notions expressed in children’s bibles have generally incorporated not divisive religious polemic but shared social values, and these bibles are thus an important part of the transmission of cultural norms and values from one generation to the next” (Bottigheimer 1996:xi). Dit wys ook die donker kant van ’n samelewing uit – die vooroordele en aannames wat die norme en gedrag van ’n gegewe kultuur bepaal (Du Toit & Beard 2007:291).

Die skrywers van Kinderbybels beskryf die kultuurnorme en gedrag wat hulle in die kinders gevestig wil sien. “Socially stabilizing messages return, in ever renewed form, in generation after generation of children’s bibles” (Bottigheimer 1996:57).

Bottigheimer toon aan dat daar dikwels spanning is tussen die kanon en beskouinge van ’n spesifieke tyd, en dat die kontemporêre beskouing dan gewoonlik in die Kinderbybels seëvier (Bottigheimer 1996:65). Sy meen dat God se karakter byvoorbeeld groot veranderinge deur die eeue ondergaan het. In die sewentiende eeu is sy woede en wraak veral deur Protestantse Kinderbybelskrywers beklemtoon (Bottigheimer 1996:60). In die loop van die agtiende eeu, grootliks as gevolg van die sienings van Locke oor opvoeding en onderwys, is hierdie aspek van God se karakter gaandeweg “uitgeskryf” uit Kinderbybels. Sienings oor wat gepas was vir kinders se leesstof het verander; kinderlike onskuld moes bewaar word. Die dinge wat God se

wraak en straf veroorsaak het, soos verkragting, moord, bloedskande en verraad, is uitgehaal uit die verhale, en daarmee saam het God in die meeste Kinderbybels verander na 'n goeie en liefdevolle Vader-figuur.

Vervolgens word enkele voorbeelde van hierdie sosiale manipulasie van die Bybelteks in Kinderbybels kortliks bespreek (sien 2.2.3 vir 'n bespreking van hierdie teorie).

4.5.1 Gesag van die vader

Teen die neëntiende eeu is alles wat ouerlike gesag kon uitdaag of ondermyn (soos die aartsvaders en konings se sondes en tekortkominge) geleidelik uitgelaat of afgewater, en daar is gaandeweg meer klem gelê op die Nuwe Testament. Jesus het die fokuspunt van baie Kinderbybels van die neëntiende eeu geword, waar dit voorheen die Ou Testamentiese verhale was. Die posisie van vaders en ouers, en die rol wat kinders in die Bybel speel, het ook gaandeweg verander. En hierdie posisies en rolle kan, volgens Bottigheimer, meer as enige iets anders die sosiale en politieke bedoelings van die skrywer blootlê.

In die eerste twee eeue van Gesins- en Kinderbybels (1550-1750) kom daar baie geweld in die verhale voor. Vir Bottigheimer is God se gewelddadige optrede opvallend – Hy vernietig Israel se vyande en soms tref Hy ook vir Israel met sy woede en wraak. Vir Bottigheimer is die feit dat God sy eie Seun oorgee om gekruisig te word, ook 'n “problematic model for parenthood.” Daar is ook baie geweld teen kinders, soos Faraó wat seunsbabas in die Nyl laat gooi en Herodes wat Betlehem se kinders vermoor. Sommige skrywers het selfs groot, sterk, kwaai krokodille met skerp tande in die Nyl bygevoeg. Daar is ook die verhaal van die seuns wat nie respek teenoor Elisa betoon het nie en derhalwe deur bere verskeur is. Hierdie verhaal is tot die neëntiende eeu dikwels in Kinderbybels ingesluit, meestal om kinders te leer om respek teenoor volwassenes te betoon. Namate geweld uit Kinderbybels geskryf is, het stories oor geweld teenoor kinders egter ook verdwyn.

4.5.1.1 Abraham, die vader wat sy seun offer

Die verhaal van die offer van Isak is steeds problematies. Teologies word dit deur Christene gesien as 'n vooruitskouing van Christus se kruisdood, en in die Joodse tradisie is dit die begin van die siening van die Jode as seuns van Abraham (Bottigheimer 1996:74). Volgens Bottigheimer word die teologiese implikasies egter in Kinderbybels op die agtergrond geskuif, en is die verhaal merendeels 'n uitbeelding van 'n vader-seun verhouding. Beide Rooms-

Katolieke en Protestantse skrywers bring Romeine 4:16 in verband met die verhaal en beklemtoon Abraham se gehoorsaamheid wanneer hulle die verhaal oortel. Sommige beklemtoon ook sy geloof na aanleiding van Hebreërs 11. Om die gebeure te versag en miskien te verklaar, het neëntiende-eeuse Protestantse skrywers van Engeland, Duitsland en Switserland Isak se gehoorsaamheid aan sy pa in die verhaal ingeskryf. Baie noem Abraham se liefde vir God en min noem sy liefde vir sy seun, alhoewel dit wel uitdruklik in die Bybelteks genoem word. Baie skrywers het ook Isak se hulpeloosheid beklemtoon. Die illustrasies van vorige eeue het gewoonlik die offer uitgebeeld, die mes prominent gewys, en Isak vasgebind op die altaar. Moderne illustrasies wys meestal die ram baie prominent, of wys 'n minder angswekkende oomblik in die verhaal.

Kinderbybelskrywers deur die eeue het hierdie verhaal óf onveranderd weergegee óf verander óf heeltemal uitgelaat en daarmee hul sienings oor geskikte leesstof vir kinders openbaar. Bottigheimer vind dat die Switserse skrywers meestal die verhaal uitgelaat het of heelwat versag het. Ook die internasionale Kinderbybels van die laat twintigste eeu laat die verhaal uit. Voorbeelde hiervan is *My Picture Bible* van die International Bible Society, Golden Books se *Children's Bible*, en 'n uitgawe van Rand McNally wat sy Kinderbybel met Jakob se ontmoeting met die engel begin. Die Christelike tradisie kon hierdie verhale ietwat versag met 'n vooruitkyk na Christus se kruisdood, maar die Kinderbybels wat vir 'n internasionale (insluitend Joodse) mark bedoel is, hanteer die probleem deur dit eenvoudig uit te laat (Bottigheimer 1996:75-80).

Drie ouer Afrikaanse Kinderbybels (dié van Conradie, Vos en De Vries) vertel die verhaal volledig as 'n toets vir Abraham se gehoorsaamheid. Conradie verbind die plek van die offer aan Jerusalem, die plek waar Salomo die tempel gebou het en waar God sy verbond met Abraham gesluit het en belowe het dat Hy sy kinders tot in verre geslagte sou seën. Hy verbind ook die verhaal aan Christus se kruisdood (Conradie 1940:39). Vos beklemtoon Isak se gehoorsaamheid aan sy vader: "Maar hy het ook geweet dat hy aan God gehoorsaam moet wees; en in sy hart het hy seker vertrou dat God vir hom sou sorg" (Vos 1950:76). Sy eindig ook die verhaal deur die gebeure aan Christus se dood te verbind. De Vries (g.d.:35) plaas die klem op Abraham se dilemma en wroeging. Von Staden (1970:44) maak Isak 15 jaar oud, maar stel glad nie sy kant van die saak nie. Grobbelaar (1973:56-58) noem Isak se gehoorsaamheid aan sy pa. Hadaway en Atcheson (1975:38) vertel bloot die verhaal tot waar Abraham verklaar dat God vir die brandoffer gesorg het, noem nie God se seën en beloftes nie en trek ook nie die verband na Christus toe nie. Robertson (1976:24) verkort Abraham se verhaal heelwat, maar bring die kwessie van kinderooffers te berde: Sarai is bly dat hulle nie soos die heidene hul oudste seun aan die gode hoef te offer nie. Abraham sê vir Isak: "Ons God is groter as die gode wat die heidene dien. Ons mense sal nooit weer menslike offerandes aan die Here bring nie. Hy wil dit nie hê nie". Louise Smit (1982) laat die verhaal heeltemal uit, maar ander

Kinderbybels van die tagtiger- en neëntigerjare vertel die verhaal meestal as 'n toets vir Abraham se gehoorsaamheid. Slegs Maartens verbind die verhaal aan Christus se kruisdood.

4.5.1.2 Dawid, die onbevredigende ouer

Nog 'n verhaal oor gesinsverhoudings wat met verloop van tyd verander is om heersende sosiale waardes te weerspieël, is dié van Dawid en sy kinders se skades en skandes. In die sestende en sewentiende eeue is die verhale veral gebruik om aan te toon dat sonde gestraf word: Dawid se owerspel en moord deurdat sy en Batseba se baba sterf, Amnon se verkragting van sy halfsuster Tamar deurdat hy vermoor word, en Absalom se rebellie deur sy dood (en so word vaderlike gesag ook sommer bevestig). Namate skrywers die redes vir die kinders se optredes begin uitlaat het (sien Genesis 11, 13, en 15), word die verhale meer ongenueanseerd en die sondes groter: Absalom word byvoorbeeld die verpersoonliking van 'n ongehoorsame, opstandige seun. Bottigheimer vind in Protestantse (veral Lutherse) Kinderbybels 'n neiging om alles uit te laat wat vaders as gesagsfigure kan ondermyn. Lutherse Kinderbybels het byvoorbeeld Dawid se aandeel aan al die gebeure uitgeskryf, en al die skuld op Absalom laat neerkom. Veral in die neëntiende eeu was dit ondenkbaar dat 'n vader of koning enigiets verkeerd sou doen, en enige sonde van Dawid se kant af is dus eenvoudig vermy. Die les was duidelik: Ongehoorsaamheid aan ouers is met die dood gestraf.

Van die ouer Afrikaanse Kinderbybels van Conradie, Vos en De Vries vertel slegs Conradie (1940:193) van Tamar, maar wat Amnon presies gedoen het, bly vaag (Amnon het hom “sleg gedra”). Absalom word as die skurk in die verhaal geteken. Hy het “moeilikheid gestook” en was 'n “deugniet” (Vos 1950:323), 'n “ydele, trotse prins”, “vals in sy hart” en het “selfs moord nie ontsien nie” (De Vries g.d.:188). Almal beskryf Absalom se dood in besonderhede, en De Vries (g.d.:192) voeg 'n waarskuwing by: “En hy (Dawid) het aan niks anders gedag nie as dat Absalom in sy groot sonde gesterwe het, en onbekeerd was toe hy na die Here moes gaan.” Von Staden (1970:217) beskryf wel Amnon se oortreding, maar verbind nie Absalom se latere opstand teen sy pa daaraan of aan Dawid se versuim om teen Amnon op te tree nie. Absalom was bloot 'n “bose, ondankbare en wrede man”. Latere Kinderbybels sien die kinders se onmin wel soms as Dawid se straf as gevolg van sy sonde met Batseba (Grobelaar 1973, Hadaway en Atcheson 1975), en slegs Batchelor (1988:163) vertel van Amnon en Tamar. Die meeste vertel bloot dat Absalom teen sy pa in opstand gekom het omdat hy koning wou wees. Smit (1982) en Hunt (1981) laat die verhaal heeltemal uit. Batchelor (1988:163) is die enigste skrywer wat krities teenoor Dawid is: hy was te sag met sy kinders en het hulle nie geleer om gehoorsaam te wees nie. Maar ook hier word dit duidelik gestel dat kinders bo alles gehoorsaam aan hul vaders moet wees.

4.5.1.3 Vaders en dogters

Kinderbybels deur die eeue toon ook aan hoe die verhouding tussen vaders en dogters in verskillende tydperke gesien is. Die verhaal van Lot se bloedskande met sy twee dogters kom vandag nêrens meer voor nie. In die sestiende en sewentiende eeue is die verhaal gewoonlik volledig vertel, maar die vereiste om die aartsvader en vader as blaamloos voor te stel (Bottigheimer 1996:88) het mettertyd wysigings teweeg gebring. In die sewentiende eeu se Franse Katolieke Gesinsbybel is daar nie meer bloedskande nie, maar bied Lot nog sy dogters in die plek van sy twee manlike gaste vir die mans van die stad aan. Fontaine se Bybel het ook na 1700 die bloedskande ingesluit. Protestantse Kinderbybels het gewoonlik die verhaal afgesluit met Lot se vrou wat in 'n soutpilaar verander, en so vrouens se ongehoorsaamheid en/of nuuskierigheid (en die dodelike gevolge daarvan) beklemtoon. Gesinsbybels was toenemend bedag op Lot se goeie naam; teen 1768 bied hy glad nie meer sy dogters aan om verkrag te word nie. Die bloedskande word nog oorvertel, maar gebruik om sy dogters se boosheid uit te wys, en teen 1772 word dit ook uitgelaat. Bottigheimer sien hierin 'n geneidheid om die vader ten koste van die vrou en kind te regverdig (1996:88). Vir haar dui dit ook op die hiërargiese struktuur van die samelewing van destyds: Die mindere is absolute gehoorsaamheid aan die meerdere verskuldig. Toe Noag se dronkenskap nog ingesluit is, is dit gebruik om sy seun Gam se gespot te veroordeel, en toe dit uitgelaat is, moes Eva en Absalom voorbeelde wees van die gevolge van ongehoorsaamheid aan hul meerdere, en is hulle verhale ook so aangebied.

Conradie (1940:33) laat Lot wel sê: "Vriende, moet tog nie so ru wees om my gaste te molesteer nie; ek wil liever dat julle my eie kinders sal mishandel as die vreemdelinge wat onder my dak is", maar geen ander Afrikaanse Kinderbybelskrywer noem Lot se aanbod van sy dogters nie, alhoewel 'n hele paar beskryf hoe die mense van die stad wou hê Lot moet die vreemdelinge aan hulle uitlewer. Nie een beskryf Lot se bloedskande met sy dogters nie – in die twintigste eeu word dit na my wete nêrens meer in Kinderbybels oorvertel nie. Lot se vrou se lot word nog beskryf, volgens Vos (1950:70) omdat sy ongehoorsaam was, en volgens De Vries (g.d.:31) omdat sy gierig was en nie lief vir die Here nie. Grobbelaar (1973:50) sê haar hart was nog by haar aardse besittings. Von Staden (1970:39) laat hom nie uit oor waarom sy omgekyk het nie, Batchelor (1988:29) sê sy het "verlangend" teruggekyk en Maartens (1996:31) skryf haar omkyk aan ongehoorsaamheid toe.

4.5.1.4 Respek vir vaders

Kinderbybelskrywers het nog altyd gepoog om hul boeke relevant vir kinders te maak, en die kwessie van gehoorsaamheid aan ouers is, soos genoem, dikwels beklemtoon. Isak se offer en Absalom se rebellie was gereeld voorbeelde van kinders se gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid. Kinders het gesien dat vaders se gesag te alle tye aanvaar moet word. Noag se dronkenskap was 'n probleem, en Comestor (in 1170) het dit opgelos (en 'n tradisie begin) deur 'n enkele woord by die verhaal te voeg: Gam het *laggend* vir sy broers vertel van hul pa se dronkenskap. 'n Kind se gebrek aan respek vir sy pa is dus by die verhaal gevoeg, en kon nou die fokus daarvan word. Franse Kinderbybelskrywers het oor die algemeen nie Noag se dronkenskap verdoes nie, Lutherane het dit teen 1700 begin uitlaat en die Engelse verhale het dit gebruik om dronkenskap ('n groot sosiale probleem in Engeland) te veroordeel. Teen die laat neëntiende eeu het al drie tradisies egter die storie so vertel dat die oortreder Gam, wat gekyk en gelag het, was. Hulle het selfs allerhande verskonings vir Noag aangevoer.

In Engeland en Frankryk was Noag se dronkenskap dus 'n uitsondering op die gebruik om vaders se gesag te beskerm. Moontlik was die probleem van alkoholisme so groot dat skrywers gevoel het dit moet hanteer word; geheelonthouding was 'n belangrike element van die herlewing in Engeland. Deur uit te brei op Gam se gelag, het die skrywer die klem verskuif na sy swak gedrag, en is die vloek wat Noag oor hom uitgespreek het ook daarmee regverdig. 'n Duitse Kinderbybel het selfs 'n vers uit Spreuke bygevoeg om die erns van die saak te onderstreep: “Die oë van 'n man wat met sy vader spot en vir wie dit benede hom is om sy moeder te gehoorsaam, sal uitgepik word deur die kraaie, opgevreet word deur die roofvoëls” (Spreuke 30:17). In Switserland was die waardes van die verligting en filantropie al goed gevestig toe die navolgers van die Switserse Hervormer Zwingli begin het om Kinderbybels uit te gee. Altdorfer se Kinderbybel het byvoorbeeld net vertel dat Noag die eerste mens was wat wyn uit druiwe gemaak het, en eindig sy verhaal daarmee. Rooms-Katolieke Kinderbybels behou Noag se dronkenskap veel langer as die Protestantse Kinderbybels en skryf selfs positief oor wyn. Fontaine sê dat Noag “per ongeluk” dronk geword het, en Schmid sê wyn is 'n “divine blessing, especially for the infirm, the sad, and the old” (Bottigheimer 1996:111). Noag het dronk geword omdat hy nie beseft het hoe sterk sy wyn is nie, en Schmid voeg dan 'n vermaning oor oormatige wynverbruik in. Ook hy voel, soos die meeste ander neëntiende-eeuse skrywers, dat kinders gewaarsku moet word teen disrespek teenoor ouers, en doen dit met behulp van Spreuke 30:17.

Dit is interessant dat Gam se gelag en gebrek aan respek vir sy pa steeds voorkom in al die Afrikaanse Kinderbybels wat wel die verhaal van Noag se dronkenskap vertel. De Vries (g.d.:16) vertel dat Gam hard gelag het en sy pa gespot het en onderstreep dan die les van die

verhaal: “Gam, die slegte Gam, is nie geseën nie, maar vervloek, omdat hy oneerbiedig teenoor sy vader was.” Conradie (1940:25) sê: “Gam was ’n slegte man. In plaas van te huil dat sy vader so skande maak, spot en lag hy daarvoor. Ja, hy gaan dit as ’n lekker grap aan sy twee broers, Sem en Jafet, vertel...” Von Staden (1970:25) verswyg die dronkenskap, maar sluit die vloek oor Gam in, “omdat hy hom kwaad aangedoen het”. Grobbelaar (1973:40) sluit hierdie episode in, maar in die Kinderbybels wat hierna die lig sien, eindig die verhaal deurgaans met die uitgaan uit die ark, die teken van die reënboog en God se belofte aan Noag. Batchelor (1988:22) is die enigste een wat na die wyn verwys, as inleiding tot die verhaal van Babel, en slegs deur te sê dat Noag en sy seuns geboer het en ’n wingerd geplant het.

4.5.2 Veranderende sosiale norme

Die Bybel beskryf die mens en sy dade op ’n saaklike en dikwels eksplisiete wyse. Die houding van Kinderbybelskrywers ten opsigte van die rapportering van mense se seksuele dade het egter mettertyd verskillende veranderinge ondergaan wat tekenend is van veranderende sosiale norme en ’n veranderende kindbeeld. Protestantse Kinderbybels het verhale met seksuele inhoud tydens die agtiende eeu begin uitlaat, terwyl hul Rooms-Katolieke eweknieë dit tot in die neëntiende eeu ingesluit het. Joodse Kinderbybels het in die begin van die neëntiende eeu in die spreektaal begin verskyn, en hulle het aanvanklik ook die volle verhale vertel.

Twee verhale wat hierdie verandering illustreer, is dié van Josef in Potifar se huis en van Dawid en Batseba.

4.5.2.1 Josef en Potifar se vrou

Die verhaal van Josef en Potifar se vrou vertel van ’n vrou se seksuele begeerte. Amerikaanse en Britse Kinderbybels veroordeel meestal haar dade, terwyl Duitse skrywers die vrou self veroordeel, en haar as sleg, wellustig en sedeloos voorstel (Bottigheimer 1996:120). Sy word gekontrasteer met Josef se vroom karakter. In die neëntiende eeu het die skrywers gekonsentreer op die vrou se slegte gedrag, wat hulle in staat gestel het om die seksuele komponent daarvan uit te laat. Soos sy slegter geword het, het Josef al hoe vromer geword, en het sy fisieke aantreklikheid ook vervaag. Sommige skrywers het dubbelsinnige en vae taal gebruik en sodoende twee gehore (kinders en volwasse lesers) aangespreek: “Potiphar’s wife began to hate him, because she was perverse; she accused him of her own crimes” (Bottigheimer 1996:121). As haar gefrustreerde seksuele begeertes egter uitgelaat word, is

daar min motivering vir haar beskuldigings, en daarom laat baie skrywers die hele episode eenvoudig uit. Die proses het in Engeland en Duitsland in die neëntiende eeu begin en aangehou tot vroeg in die twintigste eeu in Duitsland en tot in die 1970's in Engeland. In Louise Smit se oorvertelling van 1982 is daar ook geen Potifar nie; Josef word in Egipte eenvoudig in die tronk aangetref.

Die ouer Afrikaanse Kinderbybels skilder Potifar se vrou as 'n "bose vrou" (Vos 1950:110) wat Josef wou ompraat om "sonde te doen". Conradie (1940:53) sê: "Ongelukkig het die vrou van Potifar so verlief op hom geraak dat sy hom tot groot sonde wou verlei." De Vries (g.d.:54-55) sê Josef was "so verstandig en gehoorsaam soos niemand anders nie" en Potifar se vrou "het 'n vals en lelike hart gehad ... sy het nie van haar man gehou nie. En toe kry sy skielik 'n plan, so sleg, so gemeen, dat Josef gebloos het van skaamte en skrik." Sy vra Josef om "haar man" te wees, en stel voor dat hulle Potifar doodmaak. Volgens Von Staden (1970:57) was sy 'n slegte mens wat Josef "iets baie verkeerd" wou laat doen. Grobbelaar (1973:83) sê dat haar hart sleg was en dat sy Josef "vir haarself" wou hê, "asof hy haar eie man is." Hadaway en Atcheson (1975:41) is meer uitdruklik: sy was verlief op Josef en wou hê Josef moet haar "liefkoos". Robertson (1976:35) begin die verhaal by die vrou se beskuldigings; Josef het in haar kamer gekom en haar "beledig." In Hunt (1981:30) se Kinderbybel is sy nie 'n goeie mens nie; sy vertel leuens oor Josef.

In die tagtigerjare word die skrywers meer eksplisiet oor die vrou se voorstelle. Batchelor (1988:49) sê sy het Josef probeer oorreed om 'n verhouding met haar aan te knoop. Uiteindelik omhels sy hom, sodat hy weghardloop. Volgens Alexander (1991:31) raak die vrou verlief op Josef, maar Josef weier om haar lief te hê. Maartens (1996:46) skryf dat die vrou Josef vra: "Kom slaap by my." Sy wou Josef "verlei". Sy lewer ook kommentaar oor Josef se besluit: "Dit was 'n moeilike ding om te sê. Maar dit was rég. Net mense wat met mekaar getroud is, mag bymekaar slaap." Ook Watts (2003:61) gebruik duidelike taal: die vrou het 'n "ogie" op Josef, sy "skuur" met opset verby hom en vra oplaas: "Kom slaap by my." Sy probeer Josef "verlei met al haar vroulike lis en bekoring".

4.5.2.2 Dawid en Batseba

Dawid en Batseba is weer 'n verhaal van manlike seksuele begeerte en die lyding wat hy daardeur kan veroorsaak. Aanvanklik het die verhaal in Kinder- en Gesinsbybels verskyn soos dit in die Bybel te vinde is. Teen die einde van die agtiende eeu het Protestantse Kinderbybels egter begin om Dawid se owerspel te verdoesel. Bottigheimer sien die oorsaak hiervan as deel van die neiging om gesagsfigure, leiers en vaders sonder sonde te skilder, maar 'n mens sou

dit ook kon sien as uitkoms van Locke se sienings oor die kind as verpersoonliking van onskuld. Sommige skrywers het selfs die verloop van die gebeure verander: Dawid het eers vir Uria laat vermoor, en daarna met Batseba getrou; hy was dus nie meer 'n egbreker nie. 'n Mens sien hierdie strategie ook in Vos (1950:318), Von Staden (1970:214) en Grobbelaar (1973:160). Von Staden sê uitdruklik: "Dawid het haar laat haal en was lief vir haar, maar sy kon nie sy vrou word nie omdat sy reeds getroud was. Dawid kry toe 'n vreeslike gedagte: as Batseba 'n weduwee was, sou hy haar as vrou kon neem." Rooms-Katolieke Kinderbybels in Frankryk het hierdie verhaallyn in die neëntiende eeu begin volg. In die agtiende en neëntiende eeu het Kinderbybelskrywers (eers Protestante en later ook Rooms-Katolieke) in ooreenstemming met nuwe sienings oor die onskuld van kinders geleidelik begin om die seksuele uit hulle verhale te haal. Die ouer Afrikaanse Kinderbybels doen dit ook, terwyl dié wat na 1990 verskyn het, weer baie meer eksplisiet is. De Vries (g.d.:185) sê byvoorbeeld bloot: "Dawid het Batseba laat haal en met haar gepraat." Batseba is daarna huis toe en het Dawid laat weet "dat hulle geheim ontdek sou word."

In Europese Kinderbybels was daar 'n neiging om die blaam te verskuif – dit was Batseba wat Dawid verlei het om te sondig – wat veral uit die illustrasies duidelik geblyk het. Die Afrikaanse Kinderbybels beskryf Batseba egter meestal as 'n passiewe agent wat amper willoos doen wat Dawid vra. Een skrywer verduidelik dat mense in daardie tyd nie 'n koning se bevel durf verontagsaam nie (Watts 2003:143). Dawid word deurgaans beskryf as skuldige persoon wat willens en wetens oortree. Conradie (1940:191) trek 'n verband tussen Dawid se ledigheid en verveeldheid en sy sonde.

4.5.3 'n Kindbeeld van onskuld

In die sewentiende eeu is kinders saam met "eenvoudige mense" gegroepeer en blootgestel aan dieselfde verhale uit die Bybel as die volwassenes. Daar is onderskei tussen geleerde en ongeleerde mense, en kinders het in laasgenoemde groep geval.

Locke en sy idees oor die kinderjare het egter 'n beskouing van kinderlike onkunde en gepaardgaande kinderlike onskuld gevestig. Die verskil tussen 'n kind en volwassene is gesien as seksuele ervaring en dit het die proses van deseksualisering van Kinderbybels begin wat 'n hoogtepunt in die neëntiende eeu bereik het. 'n Onderwyser van Zürich het in daardie tyd 'n lys woorde (waaronder nakend, kaal, swanger, verwek, en besny) gemaak wat ten alle koste vermy moes word. En in 1911 het Robinson Smith 'n Kinderbybel uitgegee wat bedoel was vir ouers wat gevoel het daar is sekere hoofstukke in die Bybel wat hulle kinders nie behoort te lees nie (Bottigheimer 1996:138). Hierdie proses het gelyktydig plaasgevind met 'n proses in

Protestantse Kinderbybels om die aartsvaders sondeloos voor te stel. Die Rooms-Katolieke het nog vir 'n hele tyd voortgegaan om hul tekortkominge te beskryf, as bewys dat alle mense sondig is.

Toe daar 'n groter klem op die onfeilbaarheid van die Woord geplaas is, en die verhale gevolglik nie meer so maklik gewysig kon word nie, is die verhale oor die aartsvaders liewer vervang deur verhale oor die profete.

4.6 Gevolgtrekking

Uit hierdie kort bespreking blyk dit dat alhoewel Protestante toenemend klem gelê het op die juiste woorde van die kanon, veral sedert die neëntiende eeu, Kinderbybelskrywers van die begin af selde by hierdie beginsel gebly het, al het hul titels dit meestal impliseer. Bottigheimer meen dat die aandrang van die uitgewers dat Kinderbybels "heilige skrif" is, of dat dit ten minste die goedkeuring van gesaghebbende teoloë wegdra, juis daaruit spruit dat die Kinderbybels oorvertel is met sosialiseringdoelwitte en dus heel dikwels gewysig is om by heersende sosiale en kulturele norme aan te pas.

Uit die bespreking blyk dit ook dat die bronteks van Kinderbybels selde die Hebreuse of Griekse tekste was, en dat nuwe Kinderbybels meestal maar bekende Kinderbybels was wat vir 'n nuwe funksie of doelleser herskryf is. Hierdie herskrywing het deurgaans heersende sosiokulturele norme weerspieël.

Weens die kursoriese aard van die oorsig van Afrikaanse Kinderbybels is dit bykans onmoontlik om tendense te identifiseer, maar uit die aangehaalde voorbeelde blyk dit tog dat Afrikaanse Kinderbybelskrywers en -vertalers meestal ook heersende sosiokulturele sienings navolg. In watter mate hulle dit doelbewus doen, en in watter mate hulle persoonlike kulturele oortuigings verskil van algemene kulturele konvensies, is moeilik om te sê. Hoe dit ook al sy, by Afrikaanse Kinderbybels is die teks gemanipuleer om heersende sosiokulturele en opvoedkundige doelwitte te bereik.

Met die insigte van die Manipulasieskool van vertaalteoretici en teoretici wat spesifiek oor die vertaling van kinderliteratuur geskryf het, asook die historiese perspektief hier bo in gedagte, word daar dus vervolgens 'n gevallestudie gedoen van twee Kinderbybels, die *Read and Learn Bible* en die *Lees-en-Leer Bybel*, om vas te stel in watter mate persoonlike en algemene sosiokulturele sienings die teks beïnvloed het, en dan of kennis van vertaalteorieë soos dié van die manipulistiese vertalers van Kinderbybels in staat kan stel om 'n beter produk te lewer. Die *Read and Learn Bible* wat as bronteks vir die *Lees-en-Leer Bybel* gedien het, word in hoofstuk

5 analiseer. Die insigte wat uit die analise duidelik word, sal dan gebruik word om 'n vertaalstrategie vir die vertaling van die Afrikaanse doeltteks, die *Lees-en-Leer Bybel*, te formuleer, en in hoofstuk 6 word aangetoon hoe hierdie strategie toegepas is.

Hoofstuk 5

Die voorbereidingsfase van 'n vertaalprojek

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die voorbereidingsfase van 'n vertaalprojek beskryf, met die klem op die effek wat kennis van vertaalteorieë op die vertaler se breë vertaalstrategie het. Eerstens word die vertaalopdrag bestudeer, en die afleidings wat hieruit gemaak is, word beskryf. Daar word aangetoon hoe vertaalteorieë die interpretasie van die vertaalopdrag vergemaklik en verruim. Die funksie van die bronteks word daarna bepaal, en daar word ondersoek ingestel na maniere waarop die skrywer haar doelwitte deur middel van die teks verwesenlik.

Paratekstuele elemente soos die voorblad, voorwoord en agterblad-opmerkings word met die oog hierop ondersoek. Op makrostrukturele gebied word gekyk na die keuse van temas en verhale, en daar word ondersoek ingestel na die mate van uitbreiding, reduksie, herformulering en transposisie in die teks, na die invloed van ideologie op die keuses wat die skrywer maak, en op die mate van vervreemding en domestikering wat plaasvind.

In hoofstuk 6 word daar dan aangetoon hoe die kennis wat in die voorbereidingsfase opgedoen is, in die vertaling toegepas is deur die doelteks (die *Lees-en-Leer Bybel*) te analiseer. Daar word beskryf in watter mate die funksie van bron- en doelteks ooreenkom of verskil, en op watter maniere die funksie van die doelteks die herskryf van die teks bepaal het. Besluite ten opsigte van verskillende aspekte van die vertaling wat deur vertaalteorieë bepaal is, word beskryf en met voorbeelde toegelig.

Die bronteks wat ondersoek word, is die *Read and Learn Bible* deur Eva Moore (2005, 2008a). Volgens die voorwoord is die *Read and Learn Bible* gebaseer op die *Contemporary English Version* en die *King James Version* van die Bybel¹. Eersgenoemde Bybelvertaling is 'n vereenvoudigde vertaling vir kinders en volwassenes met leesvaardigheid op 'n graad 4-vlak. Dit is onder leiding van die Bybelvertaler Barclay Newman en volgens Eugene Nida se beginsels van dinamiese ekwivalensie gedoen, en is in 1995 deur die Amerikaanse Bybelgenootskap uitgegee (Marlowe 2005). Die *King James*-vertaling is reeds in die

¹ In hoofstuk 5 en 6 word die woord "Bybel" gebruik vir enige van die Afrikaanse en/of Engelse vertalings van die Bybel wat vir volwassenes bedoel is.

sewentiende eeu gedoen, maar word vandag nog deur baie lesers as die standaard-vertaling beskou. Daar is ingrypende verskille tussen hierdie twee Bybelvertalings.

Die Read and Learn Bible is deel van 'n hele reeks deur Moore, waaronder *Read And Learn Life Of Jesus, Time Of Miracles (Read and Learn Bible Story: Level 2)*, en *Read and Learn Family Faith Treasury: Year of Inspirational Stories (Read and Learn Family Treasury)*, almal uitgegee deur Scholastic, 'n uitgewer van kinderboeke en onderwys hulpmiddels. Moore het ook 'n reeks wetenskapboeke vir vier- tot agtjarige, die Magic School Bus-reeks, boeke oor die Amerikaanse geskiedenis vir nege- tot twaalfjarige en kartonboeke vir kleuters geskryf.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die kopiereg van die *Read and Learn Bible* bekom en die teks in 2008 in Suid-Afrika onder dieselfde titel uitgegee. In opdrag van die Bybelgenootskap is die teks in Afrikaans, Xhosa, Suid-Sotho en Zulu vertaal. Die vertalings het ook in 2008 verskyn. 'n Kartonboek, *My eerste Lees-en-Leer Bybel*, gebaseer op die Afrikaanse teks van die *Lees-en-Leer Bybel* en intern deur die Bybelgenootskap gereed gemaak vir publikasie, het eweneens in 2008 verskyn.

5.2 Die vertaalopdrag

'n Teks bestaan nie in 'n lugleegte nie; dit het altyd 'n bepaalde funksie. Hierdie funksie word volgens Vermeer in die opdrag uitgespel. Volgens hom bestaan 'n opdrag altyd uit gedetailleerde inligting, eerstens oor die doel van die teks oftewel "a specification of the aim of the commission" (Vermeer 1989:235) en tweedens oor die "conditions under which the intended goal should be attained" (Vermeer 1989:235). Die vertaler besluit volgens Vermeer of die doel bereik kan word, en ook op watter manier. Dit is dus belangrik dat die opdrag baie spesifiek moet wees, want dit stel die vertaler in staat om te besluit "how to translate optimally" (Vermeer 1989:236). Vermeer meen dat dit veral die makrostrategie is wat op hierdie stadium bepaal word (Vermeer 1989:237). Die groot voordeel van 'n spesifieke opdrag en *skopos* is die vryheid wat dit die vertaler bied: "the skopos, which is (or should be) defined in the commission, expands the possibilities of translation, increases the range of possible translation strategies, and releases the translator from the corset of enforced – and hence often meaningless – literalness" (Vermeer 1989:237). 'n Belangrike stap in die voorbereidingsfase van enige vertaalopdrag is dus die bestudering van die vertaalopdrag.

Die Bybelgenootskap het my die opdrag gegee om die *Read and Learn Bible* in Afrikaans te vertaal. Die vertaalopdrag (sien bylae 1) het slegs die volgende duidelike vereistes bevat:

- Die doellesers is kinders tussen ses en twaalf

- Die doel van die vertaling is om die lesers van die Bybel te leer deur middel van die eenvoudige vertel van stories
- Die spelling en woordeskat van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) moet gebruik word.

Die opdrag vereis dus dat die vertaling van die teks die lesers meer omtrent die Bybel moet leer deur middel van verhale, vereenvoudig volgens die begripvlak van die lesers. Die teks moet die Bybelvertaling wat as die “amptelike” Afrikaanse vertaling bekend staan, volg met betrekking tot spelling en woordeskat. Daar moet ’n sterk band tussen die doeltteks en die Bybel wees, wat ’n aanduiding is dat die eis van Skrifgetrouheid vir die uitgewers belangrik is. Verdere navrae kon slegs aan die lig bring dat die Bybelgenootskap geen leerstellige uitgangspunte het nie, en dat die doel van die vertaling is om kinders van die Bybel te leer. Die projekbestuurder het later toegegee dat die ouderdomsgroep van die doellesers verklein moet word, aangesien daar so ’n groot verskil tussen sesjarige en twaalfjarige is dat ’n mens nie werklik een teks vir albei ouderdomme kan skryf nie (sien Bylae 2 oor die ontwikkelingsfases van kinders). Sy het egter voet by stuk gehou dat die teks vir ses- tot twaalfjarige geskryf moet word.

Daar is ’n vaagheid omtrent die doellesers wat die vertaler se taak bemoeilik, en ek het besluit om my deur die styl en woordeskat van die bronteks te laat lei wat die ouderdom van die doellesers betref. Daar is verder sprake van die nou reeds bekende aanspraak van Kinderbybels om eintlik in wese die Bybel self te wees. Getrouheid aan die Afrikaanse Bybelteks is belangriker as getrouheid aan die bronteks, die *Read and Learn Bible*. Die doeltteks moet dus so herskryf word dat dit in ooreenstemming met die Afrikaanse Bybelteks toon, en dit kan gemotiveer word deur die teorieë van al drie Bybelvertalers wat bestudeer is (sien 2.5).

5.3 Analise van die bronteks op makrovlak

Volgens Lambert en Van Gorp (1985:47) verskaf die vertaalstrategieë in die doeltteks die mees eksplisiete inligting oor die verhoudings tussen bron- en doelsisteme, en oor die vertaler se posisie in en tussen die twee sisteme. Die doeltteks verskaf ook inligting omtrent konflikte en parallele ten opsigte van vertaalteorie en -praktyk. Omdat die *Read and Learn Bible* ’n vertaling is, het ek besluit om dit as vertaling te analiseer, om sodoende te probeer vasstel watter beginsels en vertaalteorieë die skrywer toegepas het. Moontlik sou dit my weer help in my besluite oor my eie vertaalstrategieë.

Die inligting wat die paratekstuele elemente van die teks (voorblad, agterblad, voorwoord, voetnote) gee, sal bepaalde verwagtings by die leser skep, en 'n analise van die teks op makro-vlak behoort dan hierdie verwagtings te bevestig of te weerspreek. Omdat 'n Kinderbybel 'n herskryf is van 'n antieke teks wat vir volwassenes geskryf is en deur verskillende godsdienstige groeperinge as heilige skrif beskou word, bring 'n ondersoek na die manipulasie van die bronteks allerhande kwessies omtrent kinderliteratuur en die plek daarvan in die literêre, godsdienstige en opvoedkundige polisteme van die doelkultuur aan die lig. Dit kan weer belangrike riglyne gee aan die vertaler ten opsigte van die mate van herskryf wat sy as noodsaaklik of ten minste gewens sien. Die manipulasie van die bronteks (in hierdie geval Engelse vertalings van die Bybel) word veral ten opsigte van die keuse van materiaal uit die bronteks en die vereenvoudiging, reduksie en uitbreiding van die teks ondersoek. Die wyse waarop die teks in afsonderlike gedeeltes verdeel word, word ook ondersoek.

Uit hierdie analise op makro-vlak sal sekere afleidings gemaak kan word ten opsigte van vertaalstrategieë vir die vertaling van die teks in Afrikaans, en hierdie strategieë word in hoofstuk 6 bespreek.

5.4 Paratekstuele elemente in die bronteks

5.4.1 Inleiding

Alhoewel 'n Kinderbybel 'n tipe Bybel is, is dit natuurlik nie 'n woordelike oorskryf van die Hebreeuse en Griekse brontekste of selfs van die Engelse of Afrikaanse brontekste nie. Ook in die geval van *Read and Learn Bible* het die vertaler/oorverteller, Eva Moore, besluite geneem oor die gedeeltes van die Bybel wat sy wou insluit en uitsluit en oor die manier waarop sy die Bybelgebeure wou oordra. Haar benadering en uitgangspunte word nie eksplisiet beskryf of gemotiveer nie, maar verskeie gevolgtrekkings kan gemaak word wanneer die paratekstuele elemente in haar teks ondersoek word.

5.4.2 Voorblad

Die naam van die skrywer verskyn nie op die voorblad van die Engelse teks nie (sien Bylae 3.1); in die voorwerk word wel gemeld dat die verhale deur Eva Moore oortel ("retold") is (sien Bylae 3.2) . Haar naam verskyn nêrens anders in die Kinderbybel nie.

Die feit dat die skrywer se naam onderbeklemtoon word, kan daarmee te doen hê dat kinderliteratuur op die periferie van die literêre sisteem is (sien 3.4.1 en 3.4.2), maar het waarskynlik in meerdere mate te doen met die uitgewers se wens om aan die getrouheidseis van Kinderbybels te voldoen en in ooreenstemming te bly met Christene se siening van die Bybel, die bronteks van beide Kinderbybels, as “Woord van God”, hulle heilige skrif waaraan nie verander mag word nie (sien 3.7.3.1). Vir Protestante met hul uitgangspunt van *sola scriptura* is dit belangrik dat enige Bybelvertaling ’n “getroue weergawe” van die bronteks moet wees. In ’n artikel wat moderne Bybelvertalings bespreek, sê Joubert (2002:30): “The Bible is the gateway to faith – it is considered by millions of believers world-wide as a direct window to God’s heart! Therefore any translation of the Bible touches the religious nerve system of the communities for whom it is intended.” As ’n spesifieke tipe Bybelvertaling sal ’n Kinderbybel ook as ’n venster na God se hart gesien word, en vir die volwasse doellesers sal dit belangrik wees dat die Kinderbybel die waarheid omtrent God oordra, oftewel getrou aan die bronteks sal wees. Uitgewers verkies dus om te verswyg dat daar bemiddelaars is tussen die bronteks en die teks wat die kinders sal lees – hulle noem dit immers in soveel woorde ’n Bybel, waarmee hulle impliseer dat dit die heilige skrif self is.

Die voorblad van die *Read and Learn Bible* (sien Bylae 3.1) bevestig ’n gebruik om Kinderbybels anoniem te publiseer en daarmee by implikasie die gesag van die teks gelyk te stel aan die Bybel self (Du Toit & Beard 2005b:567; Bottigheimer 1996:51). Hierdie gebruik, wat gebaseer is op die Protestantse siening dat die Bybel eintlik in die eerste instansie deur God self geskryf is (sien 2 Timoteus 3:16), verskil van dié van die Jode in die VSA wat in die begin van die twintigste eeu die Tanakh (min of meer ooreenstemmend met die Christene se Ou Testament) ingrypend verander het vir hulle kinderlesers ter wille van die teks se opvoedkundige funksie. Hulle het die teks nooit gelyk gestel aan die Skrif self nie (sien 3.7.2).

Die titel van die Kinderbybel, *Read and Learn Bible*, hou verband met ’n tendens om Kinderbybels ook ’n opvoedkundige strekking te gee (Du Plessis 2004; sien ook 3.5 en 4.4.2).

In hierdie tesis word die illustrasies nie in besonderhede bespreek nie, maar aangesien die illustrasie op die titelblad duidelike leidrade verskaf oor die inhoud van die Kinderbybel, enkele opmerkings: Jesus staan met uitgestrekte arms terwyl ’n duif bokant sy kop hang. Hy kan uitgeken word aan sy wit klere. Effens agter hom staan verskeie mense onder wie vier kinders, almal met vriendelike gesigte. Die styl van die illustrasie dui aan dat die teks op jong kinders gerig word: die kleure is helder, die illustrasie eenvoudig en vriendelik, daar is kinders in die prent. Die diere word amper antropomorfies uitgebeeld – almal behalwe die duif het vriendelike, menslike gesigte. Die mense is ook polities korrek – Jesus is nie blond (soos Noord-Europese Kinderbybels Hom voorheen deurgaans uitgebeeld het) nie, maar het ’n donker gelaatskleur en hare (soos die mense van die Midde-Ooste), en die kinders se gelaatskleur wissel van lig tot

redelik donker. Niemand is baie blond of baie donker nie; die illustreerder bly op die veilige middelgrond. Hulle kleredrag lyk soos die klere wat ons algemeen as “Bybels” beskou. Die illustrasie beeld waarskynlik die geleentheid uit toe die Heilige Gees soos ’n duif op Jesus neergedaal het net nadat Hy gedoop is. Die mense lyk glad nie verskrik of verbaas nie; trouens dit lyk nie asof hulle enigiets bonatuurliks beleef nie. Hulle staan (of sit of lê) rustig en kyk na Jesus, wat met sy rug na hulle toe staan. Hierdie buitengewone gebeurtenis word op die voorblad na die kinderlesers gedomestikeer, en dit word ’n alledaagse, rustige toneeltjie. Hier is reeds ’n aanduiding dat die teks volgens heersende opvoedkundige sienings geskryf is – alles wat enigsins skrikwekkend of vreemd kan wees, sal moontlik uit die teks geskryf word (sien 3.5.1).

Volgens die leidrade op die buiteblad van die *Read and Learn Bible* het die leser te doen met ’n Bybel (oftewel outentieke Woord van God) met ’n opvoedkundige strekking wat bedoel is vir jong lesers, geskryf volgens heersende opvoedkundige sienings.

5.4.3 Agterblad

Die agterblad (sien Bylae 3.5) bevestig die leidrade wat die voorblad gegee het. Die opskrif kondig aan dat die lesers met ’n Bybel te doen het. Volgens die agterblad wil die *Read and Learn Bible*:

- kinders aanmoedig om self te lees;
- hulle voorsien van waardevolle opvoedkundige feite sodat hulle die “ware betekenis” van die Skrif kan ontdek; en
- ouers in ’n spesiale afdeling agter in die boek help om geloofsverwante onderwerpe met hul kinders te bespreek.

Die opvoedkundige strekking van die teks word weer onderstreep: Die boek help kinders met een van hul belangrike take, naamlik om te leer lees. Dit gee ook “opvoedkundige” feite wat hulle moet help om die “ware betekenis” van die Bybel te ontdek. Hierdie ware betekenis word egter nêrens van nader beskryf nie – die aanname is dat daar slegs een ware betekenis is, en dat hierdie betrokke teks dit sal oordra. Ouers word ook gehelp in hul opvoedingstaak deurdat daar ’n ekstra afdeling is waar hulle wenke kan kry oor “thoughtful discussion about faith-related topics” met hulle kinders wanneer hulle die verhale lees. Volgens die agterblad het die leser dus in die eerste plek met ’n opvoedkundige boek te doen wat sowel die leser as die leser se ouer sal inlig en opvoed ten opsigte van die “ware betekenis” van die Bybel.

Hierdie indruk word versterk in die kolparagraaf wat die agterblad afsluit. Daar word melding gemaak van “educational notes that support the text and enhance the meaning of the stories”. Hierdie aansprake word hier onder in meer besonderhede bespreek (sien 5.4.5).

Die beoogde doellesers word nie op die agterblad duidelik onderskei nie, maar ’n mens kan aflei dat dit jong kinders is omdat die teks die kinders sal aanmoedig “to read on their own”. Die agterblad sinspeel ook op jong lesers met sy aanspraak van ’n “easy-to-read text and easy-to-understand storylines”. Die ouderdom van die lesers word waarskynlik om kommersiële redes doelbewus vaag gehou om die verkope nie daardeur te beperk nie. Hier is ’n voorbeeld van die wyse waarop verskillende persone en instellings ’n teks beïnvloed: ekonomiese eise veroorsaak dat die uitgewers van die teks hier die laaste sê het (Lefevere 1985:223; sien 2.2.3.7).

5.4.4 Voorwoord

Die voorwoord is die plek waar die skrywer en vertaler die funksie van die teks kan verduidelik, en waar hulle hul keuses kan motiveer. In die *Read and Learn Bible* word hierdie spasie anoniem deur die uitgewer benut en as bemarkingskopie aangebied (sien Bylae 3.2). Wat die voorwoord nie sê nie, dui op ’n aantal kwessies en probleme wat baie spesifiek met hierdie tipe vertaling te make het.

Die spesifieke vertaling is, soos heelwat tekste wat as klassieke kinderliteratuur bekend staan (byvoorbeeld die verhale van Gulliver, Robinson Crusoe en Don Quichote), ’n herskryf van ’n bronteks wat aanvanklik vir volwasse lesers bedoel was om ’n nuwe funksie in ’n nuwe kultuur en/of vir nuwe lesers te vervul (sien 2.2.3). Die bronteks van die Kinderbybel was ook oorspronklik vir volwasse lesers bedoel. Lojaliteit aan die bronteks (sien 2.5.2.3) sou dus vereis dat die skrywer/vertaler van die Kinderbybel verduidelik hoe sy die bronteks herskryf het om ’n nuwe teks vir nuwe lesers te skep.

Die eis van getrouheid aan die Bybel is egter so groot dat die voorwoord net daarop fokus, en glad nie op die wyses waarop die teks van die bronteks verskil nie.

Volgens die voorwoord is die *Read and Learn Bible* ’n versameling van die “favourite stories” uit die Bybel, maar dit meld glad nie die kriteria wat gebruik is om die verhale te kies nie.

Volgens Bottigheimer (1996:4) en Du Toit en Beard (2007:301; sien 3.7.3) val

Kinderbybelskrywers se keuse gewoonlik op narratiewe gedeeltes van die Bybel, maar word spesifieke keuses selde gemotiveer. Bottigheimer voer aan dat die verhale meestal so gekies word dat hulle die sosiale norme van die doelkultuur bevestig en versterk (1996:4), alhoewel dit

nooit in soveel woorde gesê word nie. Volgens Gold (2004:94) is die verhale wat in die begin van die twintigste eeu vir Joodse kinders uit die Bybel oorgeskryf is, pertinent gekies om die lesers (immigrantekinders) morele waardes te leer en in die Amerikaanse kultuur te laat assimileer. Hierdie boeke was uitgesproke oor hulle doelwitte en het nie voorgegee om steeds “heilige skrif” te wees nie.

Die skrywers van die voorwoord van die *Read and Learn Bible* doen egter moeite om die teks “Bybel” te noem, en daardeur te impliseer dat die lesers met die heilige skrif self besig is: “favourite stories from the Old and New Testaments”, “This is a unique Bible for young readers...”, “... illustrating the Bible ...”, “We trust that this Bible will ...”. In hierdie opsig stem die *Read and Learn Bible* ooreen met die meeste Kinderbybels wat die indruk probeer wek dat die kind met die Bybel self te doen het. Bottigheimer (1996:4) stel dit sterk: “Titles and illustrations unwaveringly affirm their biblicity; their forewords assure readers that their pages are sacred or that they contain ‘no less than the words of GOD ALMIGHTY himself.’” Volgens haar verskil Kinderbybels van ander kinderliteratuur omdat die uitgewers hulle beroep op goddelike wysheid en gesag deur die boeke “Bybels” te noem.

Die *Read and Learn Bible* erken wel twee brontekste (sien Bylae 3.2), naamlik twee Engelse vertalings van die Bybel, die *Contemporary English Version* en die *King James Version*. ’n Mens sou kon spekuleer oor die redes waarom die twee uiteenlopende tekste gekies is: die *Contemporary English Version* waarskynlik om sy eenvoudige taal en die *King James Version* om sy status as gesaghebbende of dan “die beste” vertaling.

Die voorwoord sê duidelik dat die boeke bedoel is vir jong lesers (vyf- tot agtjariges) en dat die teks daarom spesiaal vereenvoudig is. Daarmee erken die uitgewers dat die teks herskryf is om die doellesers se begripsvermoë en taalvaardigheid in ag te neem, maar brei nie uit oor die wyse waarop dit gedoen is nie.

Laastens beklemtoon die voorwoord ook die opvoedkundige funksie van die teks, iets wat ook in die titel (sien Bylae 3.1) impliseer en op die agterblad (sien Bylae 3.5) genoem word. Die uitgewers wil die lesers op veral twee maniere opvoed. In die teks is daar voetnote en die doel daarvan word verduidelik: “... highlighted information throughout the text adds depth to the stories.” Dan is daar ook hulp aan die ouers in die vorm van spesiale inligting agter in die boek, “to help parents in exploring certain biblical truths and Christian values with their children”.

Ter opsomming gee die voorwoord nie inligting oor die wyse waarop die bronteks herskryf is, of die motivering vir teks- en vertaalkeuses nie. Die rede hiervoor is waarskynlik die drang van die uitgewers om die Kinderbybel as gesaghebbende teks oftewel Bybel self aan te bied. Die

voorwoord erken wel die brontekste van die Kinderbybel, en beklemtoon ook die opvoedkundige doelwitte van die teks.

5.4.5 Voetnote

Daar is byna 100 voetnote wat bykomende inligting bied wat die skrywer of uitgewer as noodsaaklik sien vir die korrekte verstaan van die Bybel – dit bied “valuable educational facts that help explain the true meaning of the Scriptures”. Die feit dat dit in voetnote (in ’n helderkleurige raampie onder die teks en in ’n heelwat kleiner lettergrootte as die res van die teks) aangebied word, is ’n aanduiding dat dit bykomende inligting is en nie deel van die bronteks nie. Omdat die bronteks ’n moeilike teks en vreemd vir die doellesers is (meer as 2000 jaar gelede geskryf in ’n vreemde geografiese gebied en kultuur, en daarby vir volwasse lesers), wou die skrywer en uitgewers die lesers help om die kultuuragtergrond van die bronteks beter te verstaan. Daar is egter ook verduidelikings van ’n meer leerstellige aard, wat betrekking het op moderne sienings. En dan is daar die aanspraak dat die ware betekenis van die Bybel daarmee verduidelik word, asof daar slegs een ware betekenis sou wees.

Sommige voetnote gee geografiese inligting:

Shechem, in the land of Canaan. A town in central Palestine that is now called Tell Balatan. Canaan (also called ancient Palestine) was located between the river Jordan, The Dead Sea, and the Mediterranean (Moore 2008a:63).

The longest river in the world, the Nile flows about 6,677 km (4,150 mi) through eastern Africa from its most remote source in Burundi to a delta on the Mediterranean Sea in northeast Egypt (Moore 2008a:78).

[Philippi is] a city in Macedonia, it was located about 8 miles from the Aegean coast, near what is now the Greek city of Kavalla (Moore 2008a:478).

Patmos is a rocky, mountainous island in the Aegean Sea. The Romans sometimes sent people who criticised the emperor to Patmos (Moore 2008a:486).

Hierdie inligting word aangebied vir vier- tot agtjarige, wat volgens sommige skrywers oor kinders se kognitiewe ontwikkeling nog nie in staat is om hierdie tipe inligting sinvol te verwerk nie (sien Bylae 2). Hulle het meestal nog nie ’n begrip vir windrigtings nie en ken selde die name van onbekende lande en streke soos Burundi en die Egeïese See. Die inligting is dus ’n aanduiding van die hoë dunk wat die skryfster van haar lesers se kognitiewe vermoëns het. Deur huidige name te noem en geografiese ligging te verduidelik, dui sy ook aan dat die plekke waarvan die verhale vertel, werklike plekke is wat vandag nog bestaan. Dit bevestig dus die waarheid van die verhale. Die toon is meestal wetenskaplik, maar soms is daar ’n onverwagte aanduiding dat die skrywer tog meen die leser het moontlik ’n beperkte begrip van die wêreld

van volwassenes (mense van wie die keiser ontslae wou raak, word “people who criticised the emperor” in die laaste voorbeeld hier bo).

Die inligting oor Sigem demonstreer ook die probleme wat plekname in die Midde-Ooste kan oplewer. Tell Balatan is geleë in die gebied wat bekend staan as die Wesower, en is in die middel van een van die mees plofbare gebiede in die Midde-Ooste. Dit is ook waar van Silo, die onderwerp van ’n ander voetnoot (Moore 2008a:142). Moore noem die gebied waarin hierdie twee stede geleë is, “central Palestine”. Moore verduidelik die gebied “Canaan” as synde “ancient Palestine” in die voetnoot, en het die woord “Palestine” dus moontlik as ’n generiese naam vir die gebied gebruik, maar haar gebruik van die woord kan ook dui op ’n politieke posisie ten gunste van ’n Palestynse staat. Sy gebruik wel ook die woord “Israel” om die moderne staat Israel aan te dui (Moore 2008a:274); haar politieke sienings is glad nie duidelik nie en enigsins verwarrend. Sy vestig egter sekere benamings by haar klein lesertjies wat moontlik later hulle persepsies op ’n onbewuste wyse kan beïnvloed.

Voetnote wat kultuurgebruike van die Bybelse tyd verduidelik, is klaarblyklik tot die kind gerig: Die taal sowel as die verduideliking is eenvoudiger as dié van die geografiese besonderhede.

Abraham lived in a tent instead of a house. Many people lived like this so that they could move their herds of animals from one grazing land to the next (Moore 2008a:33).

Young women came to the town's well every evening with their water jugs. They drew water and took it back home (Moore 2008a:46).

In Jesus' day, teachers sat down when they taught. The people sat down in a semicircle facing the teacher (Moore 2008a: 290).

Eating was a sign that someone was alive since ghosts don't need food to survive (Moore 2008a: 316).

Sommige Joodse feeste word ook verduidelik, en Moore toon weer eens die verband van die verhale met die teenwoordige tyd (en die kind se leefwêreld) deur aan te dui dat hierdie feeste steeds gevier word:

Lasting 7 days (8 days outside of Israel), it commemorates the Exodus – the deliverance of Israel from slavery in Egypt. During a special meal called a seder, the story of the Exodus is retold (Moore 2008a: 406 – oor die Paasfees).

Purim is the name of the festival that is held every year to remember this event. On Purim, the story of Esther is read aloud and every time Haman's name is said, children use noisemakers to drown out the sound (Moore 2008a:226).

Moeilike woorde of begrippe word verklaar:

The twins did not look like each other. Jacob and Isaac were fraternal twins. This means that they were born at the same time, but they did not look alike. Identical twins look very similar, even alike (Moore 2008a:51).

A famine is a drastic, wide-reaching food shortage in which there is not enough food to keep people alive. It is often the result of bad weather (Moore 2008a:73).

These sayings are known as beatitudes. The best-known of these come from the Sermon on the Mount (Moore 2008a:293).

Van die inligting wat in voetnote gegee word, word wel in die bronteks gevind, maar word tog as bykomende inligting aangebied:

An ark is a large boat. Noah's was 450 feet long, 75 feet wide, and 45 feet high – about the length of one-and-a-half American football fields. It was 3 stories high, had a door on one side, a roof, and rooms inside. The entire ark was covered with tar (Moore 2008a: 22).

Deborah was one of the few women to lead the Israelites. She was also a prophet (Moore 2008a: 126).

Jerusalem is sometimes called King David's city (Moore 2008a:163).

Die skrywer gee erkenning aan ander gelowe, en oor sake waaroor mense kan verskil, sê sy meestal "People believe" of "Christians believe".

Plagues are diseases or disasters of some kind. People believed that God sent plagues to punish evildoers (Moore 2008a:89).

Also called the Ten Commandments, these laws have an important place in the ethical systems of Judaism, Christianity, and Islam. The commandments are divided into duties toward God, one's neighbours, and society (Moore 2008a:111).

Abraham means "father of many nations." Both the Jewish and Muslim people believe that they are descendants of Abraham (Moore 2008a:34).

Christians believe that in God there are three Divine Persons. These are the Father, the Son, and the Holy Spirit (or Holy Ghost). This is called the Trinity, and the idea is based on various passages in the New Testament (Moore 2008a:278).

Alhoewel Moore met die voetnote hier bo wil aandui dat sy leerstellig neutraal bly, gee sy soms tog leerstellige interpretasies van gebeurtenisse. Wanneer Jesus met die vrou by die put in Samaria oor "life-giving water" praat, verduidelik Moore sy woorde: "Jesus is talking about a trust or faith in God as the one who gives eternal life" (Moore 2008a:334). Sy gee 'n baie verskraalde betekenis aan die nagmaal as 'n sakrament wat Jesus se laaste ete saam met sy dissipels herdenk: "Communion is the sacrament (holy ceremony) remembering the Last Supper" (Moore 2008a:429). Tydens die ete sê Jesus net dat die brood en wyn die dissipels aan Hom moet herinner. Dit is in ooreenstemming met die gebruik om alle negatiewe gebeure (byvoorbeeld Jesus se wrede kruisdood) so ver moontlik te vermy (sien 3.5.1), maar dit maak van die nagmaal niks meer as 'n herinnering aan 'n persoon nie. Omdat Moore nie skroom om 'n wreedaardige gebeurtenis soos die kindermoord in haar Kinderbybel in te sluit nie, het sy hier moontlik net probeer om 'n leerstellige verklaring en nie die kruisdood nie te vermy. Moore

het wel 'n bepaalde leerstellige siening van die betekenis van die doop: “A symbolic washing with water as a religious practice; it symbolises the washing away of sins and the start of a renewed life” (Moore 2008a:458).

Alhoewel dit enige skrywer natuurlik vry staan om 'n leerstellige standpunt in te neem, is die implikasie van die voorwoord dat dit nie in die teks gedoen word nie, en dat die lesers slegs met “biblical truths” (Moore 2008a:Foreword) en die “true meaning of the Scriptures” (Moore 2008a:agterblad) te doen het. Daar is ook nêrens enige aanduiding van haar of die uitgewer se leerstellige uitgangspunte nie, wat in ooreenstemming is met die huidige uitgewersbeleid om Kinderbybels internasionaal en vir die grootste moontlike lesertal uit te gee, en oor leerstellige, kerklike en selfs geloofsgrense te beweeg (sien 3.7.3.7). Volgens die manipulasieteorie is dit onmoontlik om nie te herskryf as 'n teks vertaal word nie, en herskryf impliseer manipulerings van die bronteks (sien 2.2.3.7). Van die vertaler/herskrywer word nie vereis om geen leerstellige standpunt in te neem nie, maar om die feit te erken (sien 2.2.3.7. en 2.5.2.3)

5.4.6 Wenke vir ouers

Agter in die Kinderbybel is daar twintig “Parent Pages” (“Wenke vir ouers” in die Afrikaanse teks) (sien Bylae 3.4). Die doel daarvan word in die kort inleidende paragraaf gegee: “... to help you ... to be equipped and motivated to share your faith through reading the Bible and discussing its stories in a friendly and informal manner” (Moore 2008a:492). Elke bladsy bestaan uit 'n bespreking van 'n sekere Skrifgedeelte asook aktiwiteite vir die kinders. Die besprekings wil ouers help om oor geloofsake met hulle kinders te gesels; “your faith” is dadelik 'n aanduiding dat dit hier om 'n persoonlike saak gaan, 'n bepaalde ideologie. Moore verduidelik egter nie wat sy presies met hierdie gelade term bedoel nie; sy verduidelik nie haar eie geloofsoortuigings nie.

Die ouer moet eers die betrokke verhaal saam met hulle kinders lees. Die opdrag aan die ouer word egter in vae taal gestel, sodat die leser onseker is of die verhaal in die Kinderbybel of in die Bybel gelees moet word. Die indruk word gelaat dat om die verhaal in die Kinderbybel te lees, dieselfde is as om die betrokke hoofstukke in die Bybel te lees – die Kinderbybelteks is Bybelteks:

After reading the Genesis 31-33 story ... (Parent Page #1)

Reread Matthew 28 (Parent Page #2)

Read Matthew 19 with your family (Parent Page #3)

Een van die illustrasies by die verhale word ook by die wenke herhaal, en dien as skakel tussen die wenk en die verhaal. Daar word veral op twee aspekte van die geloofslewe gekonsentreer: Christelike deugde (soos vergifnis, liefde, vriendskap, mededeelsaamheid, dankbaarheid) en die Christelike leer, waar kwessies soos Jesus se opstanding, God se liefde en vergewensgesindheid en verlossing bespreek word². Dit word in baie algemene terme gedoen, en daar word glad nie op probleemkwessies ingegaan nie. Soos met die meeste hedendaagse Kinderbybels word die kwessie van sonde skaars genoem, selfs in die gedeelte oor verlossing. Hier val die klem op die kind se gevoelens oor Jesus se dood, liefde en vergifnis, en die feit dat Jesus gesterf het “so that we could live forever, now and in Heaven” (Moore 2005, Parent Page #11). Dit is in ooreenstemming met sommige skrywers oor kinders se geloofsontwikkeling wat meen dat kinders onder agt nog nie ’n sogenaamde sondebeseft het nie en nie die kwessie van die sondigheid van die mens verstaan nie³, alhoewel ander skrywers⁴ van hierdie mening verskil. Dit stem egter ook met huidige opvoedkundige tendense ooreen, wat kinders se selfbeeld wil bou en hulle wil aanmoedig om hulle “volle potensiaal” te bereik. Dit lyk dus asof hierdie Kinderbybel ’n getroue weerspieëling is van die huidige algemeen aanvaarde westerse kindbeskouing (Bottigheimer 1996:xi en Shavit 1986:30) eerder as van die sienings van ’n bepaalde geloofsgroepering.

Kontroversiële sake word versigtig vermy. Die kwessie van Jesus se genesingswonders word bespreek (Moore 2008a: Parent Page #5) en kinders moet gesels oor die vraag “How does Jesus heal people?” Volgens die skrywer doen Jesus dit vandag nog deur ander mense wat mekaar versorg. Hedendaagse genesingswonders word glad nie genoem nie – ’n veilige besluit vir ’n teks wat baie verskillende groepe tevrede wil stel. Die klem val ook op geestesgesondheid, en dat dit belangriker is om God se vergifnis te ken as om ’n gesonde liggaam te hê. Wanneer die skepping bespreek word (Moore 2008a: Parent Page #15), word die kwessie van skeppingsdae sonder bespreking aanvaar, maar die klem val deurgaans op wat God gemaak het en nie op hoe of wanneer nie.⁵ Noag se verhaal, wat vir skrywers soos Gold (2004:ix) en Spangenberg (2004:5) nie werklik geskik is as kinderverhaal nie weens die aanduidings van God se oordeel daarin, word in hierdie Kinderbybel sonder meer vertel en ook

² Moore verduidelik nie haar eie leerstellige uitgangspunt nie, en die opdraggewer van die vertaling, die Bybelgenootskap, staan daarop dat hulle leerstellig neutraal is. My uitgangspunt is Gereformeerd, en met betrekking tot leerstellige kwessies gebruik ek die Heidelbergse Kategismus – een van die geloofsbelydenisse van die Gereformeerde groepering van Christene – as bron.

³ Sien byvoorbeeld Theunissen (1983:7) en Van Zyl (2007:47). Alhoewel die skrywers dit eens is dat godsdiensoopvoeding van kleins af moet begin, meen hulle ook dat ’n voorskoolse kind nie ’n abstrakte begrip soos “sonde” verstaan nie.

⁴ Haneekom (2000:28) wys op navorsing wat daarop dui dat ’n kind reeds op ’n vroeë ouderdom ’n religieuse ervaring kan hê, en meen ’n mens moet nie kinders se religieuse potensiaal onderskat nie. Dobson (2001:187), stigter van Focus on the Family en invloedryk veral in konserwatiewe Christelike groeperinge in die VSA, sê dat ’n kind in die eerste sewe jaar van sy lewe, maar veral in die vyfde jaar (2001:186) die vatbaarste is vir geestelike opvoeding.

⁵ Sommige van die heel nuwe Kinderbybels, byvoorbeeld Lloyd-Jones (2007) en Helm (2004), vermy die kontroversie deur die sewe skeppingsdae heeltemal uit te laat.

in die afdeling met wenke vir ouers bespreek. Volgens “Parent Page #14” is dit ’n verhaal van God se beloftes en getrouheid. Hy kom altyd sy beloftes van troue versorging, liefde en vergifnis na: “The story of Noah and the flood is all about God’s promise to us. God has promised us that He will love us and be faithful to us all the time.” Die insluiting van die verhaal is in ooreenstemming met Shavit se bevinding dat kinderliteratuur neig om by die bekende aan te sluit (3.3.2), alhoewel hier ook in ooreenstemming met heersende sosiokulturele sienings ’n klemverskuiwing is (3.6).

Soos baie hedendaagse opvoedkundige materiaal (sien onder andere Steyn, De Klerk & Du Plessis 1999; Parker 1997; Cotton 1995) dit wil hê, begin die gesprek gewoonlik deur by die kind se leefwêreld aan te sluit. Hulle deel hulle gevoelens of vertel insidente uit hulle lewe. Daar is ook soms een of ander aktiwiteit wat die kind kan gaan doen om die waarheid wat hy/sy geleer het, te gaan toepas. By die wenke oor die skepping (Moore 2008a: Parent Page #15) moet die kinders byvoorbeeld sê watter dag van die skepping hulle sou wou beleef het. Hulle moet dink aan verskillende dinge wat God gemaak het. Hulle moet hierdie aktiwiteit deur die dag voortsit deur dinge raak te sien wat Hy gemaak het, en Hom daarvoor te dank. In die gedeelte oor vriendskap (Moore 2008a: Parent Page #13) moet hulle aan dinge dink om vir hulle beste maats te doen om hulp en ondersteuning te betoon. Ook hier sluit Moore aan by hedendaagse denke oor die kind en sy vermoëns, en weerspieël sy weer eens huidige opvoedkundige praktyk.

Die wenke vir ouers is ’n poging om die bronteks, wat in ’n antieke tyd en kultuur vir volwassenes geskryf is, nader aan die kind se leefwêreld te bring, en hom/haar te wys dat die inligting daarin steeds vandag relevant is. Die wenke is op die ouer gerig, maar steeds in redelik eenvoudige taal, waarskynlik omdat die ouer die inhoud met kinders moet deel. Dit is ’n bevestiging van Lathey se stelling dat kinderliteratuur steeds ten doel het om kinders op te voed en te leer (Lathey 2006a:6, sien ook 3.5).

5.4.7. Funksie van die teks

Uit die paratekstuele elemente van die *Read and Learn Bible* kan die volgende afleidings oor die doelwitte van die uitgewers en dus die funksie van die teks gemaak word:

- Die teks is op kinders tussen vyf en agt jaar gerig.
- Dit is ’n poging om ’n antieke bronteks vir hedendaagse kinders verstaanbaar en relevant te maak.

- Die uitgewers volg die meeste uitgewers van Kinderbybels na deur te impliseer dat die teks van die Kinderbybels steeds “Bybel” is, alhoewel dit vereenvoudig is om vir die kinderleser verstaanbaar te wees.
- Die teks het ook ’n opvoedkundige doelstelling, en wil inligting oor die historiese konteks van die verhale gee, maar ook (volgens die agterblad) die kinders help om selfstandig te lees. Dit is ’n Bybel vir lees én leer.

Vervolgens sal die teks van die *Read and Learn Bible* op makro-vlak ondersoek word, om vas te stel wat die skrywer gedoen het om hierdie doelwitte te verwesenlik.

5.5 Analise van die teks van die *Read and Learn Bible*

5.5.1 Inleiding

Die inligting wat die paratekstuele elemente van die *Read and Learn Bible* (die voorblad, agterblad, voorwoord, voetnote en aktiwiteite agter in die Kinderbybel – sien Bylae 3) gee, skep bepaalde verwagtings by die leser, soos uiteengesit in 5.4.7 hier bo. ’n Analise van die teks op makro-vlak behoort hierdie verwagtings te bevestig of te weerspreek. In hierdie analise sal daar kortliks gelet word op die verwagte doellesers van die teks en die moontlike kindbeskouing van die skrywer. Die verhale wat die skrywer gekies het om in die Kinderbybel oor te vertel en moontlike redes daarvoor (gebaseer op vertaalteorieë wat die herskryf van tekste impliseer) kom daarna aan bod. Reduksie en uitbreiding van die bronteks dui op sekere uitgangspunte van die skrywer, en dit sal vervolgens ondersoek word, met spesiale verwysing na die klem op die positiewe in die verhale, die skrywer se beskrywing van sonde en van God se wese, en op die kinderkaraktars in die doeltteks. Dit blyk dat die skrywer se sosiokulturele konteks dikwels sterker na vore kom as die eis van Skrifgetrouheid. Afleidings sal dan gemaak word ten opsigte van die kultuur en veral die geloofskultuur waarbinne die teks funksioneer, asook oor die mate van domestikering wat plaasgevind het. Laastens sal bepaal kan word of daar aan die doelwitte of funksie van die teks, soos uiteengesit in die parateks, voldoen is.

5.5.2 Doellessers

Volgens die voorwoord van die *Read and Learn Bible* is die doellessers van hierdie teks kinders tussen vyf en agt. Die taal van die teks is dus eenvoudig en die sinne kort. Genesis 31-33 (ongeveer 4 bladsye in die Bybel) word byvoorbeeld soos volg opgesom:

Esau Forgives

GENESIS 31-33

Jacob lived among his mother's people for many, many years. He had a large family. He had herds of sheep, goats, cattle, donkeys, and camels.

One day, God came to Jacob again and told him to return to the land of his father, Isaac. Jacob's mother, Rebekah, had died. Jacob had not seen his father in twenty years. He wanted to go back to his old home. But he was afraid to meet his brother. What if Esau was still angry with him? Jacob had an idea. He called his servants and asked them to take some animals to Esau as a **gift**. There were 220 sheep and 220 goats; there were 30 mother camels and their young; there were 50 cattle and 30 donkeys. Then Jacob went to meet Esau.

What would happen? Would Esau want to fight? When Esau saw Jacob, he ran to him and put his arms around him. The brothers wept tears of joy. "Why did you send all these animals?" Esau asked. "I already have plenty." Each had gone his own way just as God had meant them to. Now God had brought them together again.

Footnote: Animals were used as money and often given as gifts because they were so important. Without animals, families had no way to feed themselves.

Die inligting wat Moore in haar vertellings insluit, gee 'n beeld van haar kindbeskouing en haar siening oor die kognitiewe vermoëns van haar lesers. Sy gebruik baie ruimte om te verduidelik waar die verhaal in die geheel inpas, en aanvaar dus dat kinders tussen vyf en agt jaar 'n baie goeie konsep van tyd het, en die verband tussen die verskillende verhale kan verstaan. Noag se verhaal (Moore 2008a:20) begin byvoorbeeld so:

After Adam and Eve left the Garden of Eden, they had many children. And their children had children. And so it went on for hundreds of years. There came a time when people of the earth did not know about God.

Sy meen ook dat haar lesertjies noukeurige geografiese verduidelikings moet kry, en dat hulle moet weet wat Bybelse plekke vandag genoem word. Sigem is byvoorbeeld "a town in central Palestine that is now called Tell Balatan" (Moore 2008a:63).

In die beskrywing van die ark as synde so lank soos een en 'n halwe voetbalvelde (Moore 2008a:22) word die mate netjies gekonkretiseer op 'n manier wat elke Amerikaanse kind sekerlik kan verstaan.

Die meeste van die verhale in Moore se teks word baie eenvoudig vertel. Om ooreenstemming met Gutt se relevansieteorie (2.5.3, sien ook Gutt 2006) doen sy moeite om 'n verband met die

kind se leefwêreld te lê. Die verhaal van Jakob se terugkeer na sy geboorteland laat byvoorbeeld die onenigheid met Laban oor sy rykdom en teelmetodes, en ook oor die afgodsbeeldjies wat sy vrou gesteel het, uit, en konsentreer op gesinsverhoudings waarmee die jong lesers kan identifiseer – Jakob se vrees vir sy broer, sy plan om vrede te maak en hul uiteindelijke versoening (sien verhaal hier bo aangehaal). Hierdie aansluiting by die kind se leefwêreld is ook in ooreenstemming met huidige opvoedkundige praktyk.

5.5.3 Keuse van verhale

In kinderliteratuur word die keuse van die inhoud van 'n teks bepaal deur die rolspelers se kindbeskouing (Shavit 1986:30). Voorheen is kinders blootgestel aan alles waaraan volwassenes blootgestel is, maar sedert die kindertyd as aparte lewensfase ontstaan het, was daar toenemend pogings om kinders te beskerm teen dinge wat vir hulle as sleg beskou is en hulle slegs bloot te stel aan wat opvoedkundig van aard en goed vir hulle sou wees (sien 3.5 vir 'n volledige bespreking). Laasgenoemde lewer interessante kommentaar op wat volwassenes meen kinders moet lees sodat hulle as volwassenes suksesvol in hulle kultuur kan funksioneer.

Kinders het 'n beperkte kennis van die wêreld waarin in hulle leef, en ook dit bepaal dikwels watter inligting hulle deur middel van 'n teks kry, en ook wat uitgelaat, ingesluit of bygevoeg word (Oittinen 2006:42). In die neëntiende eeu was dit belangrik dat kinders uit elke verhaal of teks 'n les moes leer (Shavit 1986:22, 26). Bottigheimer wys daarop dat gesagsfigure gewoonlik bo verdenking moes wees (1996:65), terwyl Gold (2004:142) weer aandui hoe die Joodse Kinderbybels van die begin van die twintigste eeu ter wille van hulle doelwit van karakteropvoeding die karakters óf goed óf boos gemaak het.

Sommige skrywers soos Kingston (1974), Winch (1987), Saxby (1987a) en Cech (1992) is egter van mening dat boeke 'n kind juis kan help om die negatiewe, die tragiese en boosheid te verwerk en die sin daarin te vind (sien 3.5.1). Omdat die Bybel vir Christene die antwoorde op die groot lewensvrae gee, sou 'n mens dus kon aanvoer dat Kinderbybels juis gebruik kan word om kinders te help om die negatiewe en die tragiese wat hulle beleef, te verwerk. Noag se verhaal, wat vir Gold (2004:ix) sowel as Spangenberg (2004:5) problematies is, kan dus volgens hierdie skrywers gebruik word om kinders sekere waarhede te leer, soos Moore in die *Read and Learn Bible* gedoen het. Die verhaal erken dat rampe (en kinders in Afrika is sekerlik van kleins af bewus van natuurrampe) gebeur, maar Moore beklemtoon God se troue sorg te midde van die rampe van die lewe (Moore 2008a: Parent Page #14). In die verhaal plaas sy die klem ook op die feit dat Noag en sy familie te midde van die verwoestende water veilig in die ark was. Dit is in ooreenstemming met Protestantse sieninge wat in die ark 'n simbool van die

doop (God se belofte van redding) sien, alhoewel dit nie as sodanig uitgespel word nie. Ouers van die Wes-Kaap sou selfs die verhaal kon gebruik om met hulle kinders te gesels oor Christene se plig wanneer hul medemens in die Kaapse winter dakloos gelaat word as gevolg van oorstromings.

5.5.3.1 Verhale uit die Ou Testament

In Moore se Kinderbybel is daar verhale uit 13 van die 33 boeke van die Ou Testament (sien Bylae 3.3). Verreweg die meeste verhale (15 uit 52) kom uit Genesis. Die skepping word in drie afsonderlike verhale vertel en verhale oor die aartsvaders in sewe verhale. Josef kry vier verhale, Dawid vier, Salomo drie, en Daniël vier. Verder is daar verhale oor Noag, die toring van Babel, die Israeliete se uittoeg uit Egipte (nege verhale), en oor Josua, Gideon, Simson, Rut, Saul en Ester. Daar is slegs twee verhale uit die tyd van die konings, naamlik een oor Josia, en een oor die ballingskap. Benewens die vier verhale oor Daniël is daar nog vier verhale oor ander profete.

Moore maak baie tradisionele keuses ten opsigte van die verhale wat sy insluit, en al die welbekende Kinderbybelverhale is daar: die skepping, tuin van Eden, sondeval, Noag, toring van Babel, Abraham wat trek, geboorte van Isak, Isak en Rebekka, Jakob en Esau, Jakob se droom, Josef se drome, Josef se broers se verraad, Josef as onderkoning en sy versoening met sy broers, Moses in die mandjie, Moses en die brandende bos, die plae, die eerste Paasfees, die deurtog deur die Rietsee en die verblyf in die woestyn, die goue kalf, die twaalf verspieters, Josua en die val van Jerigo, Gideon en die Midianiete, Simson en Delila, Naomi en Rut, Samuel se geboorte en roeping, Saul, Dawid, Goliat en Jonatan, die wyse Salomo, Elia en die Baäl-aanbidders, Elisa se wonderwerke, Daniël in die leeukuil, Ester, en Jona in die vis. Moore se verhaalkeuse is meestal in ooreenstemming met Shavit se siening dat kinderliteratuur meestal by bestaande norme en konvensies aansluit (Shavit 1986:63).

Sy laat die meeste gewelddadige verhale uit, soos die moord op Abel, Abraham wat Hagar en Ismael wegjaag, die einde van Sodom en Gomorra, die bevel om Isak te offer, die oorloë tussen Dawid en Saul. Al die oorlogsverhale word trouens uitgelaat. Gewelddadige gebeurtenisse in verhale word ook meestal uitgelaat of net in die verbygaan genoem. Dawid kap nie Goliat se kop af nie, Elia en die Israeliete maak nie die Baäl-priesters dood nie, Gideon en sy bende maak nie die Midianiete dood nie want hulle hardloop almal weg. Baie van Moore se keuses bevestig Bottigheimer se bewering dat gesagsfigure deurgaans in 'n goeie lig gesien word, want verhale van Abraham se morele swakheid, Moses wat sy humeur verloor (sy moord op 'n Egiptenaar word wel genoem as rede vir sy vlug na die woestyn), Dawid se bedrog en

ander sondes, sy kinders se wandade, Saul se swak leierskap, en Salomo se afgodediens word byvoorbeeld uitgelaat.

Kontroversiële kwessies en moeilik verstaanbare verhale word uitgelaat, soos Abel en Kain se offers, Abraham se optrede teenoor sy byvrou Hagar en hul seun Ismael, God se opdrag aan Abraham om Isak te offer, Jefta se gelofte, die koperslang. Verhale oor die verhoudings tussen mans en vroue (veral waar die seksuele ter sprake is) word ook uitgelaat. Daar is maar min voorbeelde van God se toorn en straf.

Verhoudings word meestal baie eenvoudig geteken, en mense is óf goed óf boos (wat ooreenstem met Gold se beskrywing van Joodse Bybelverhale waar dit doelbewus gedoen is om waardes ondubbelsinnig oor te dra). Dit word moontlik gedoen in aansluiting by Bottigheimer se stelling dat veral gesagsfigure onkreukbaar moet wees, maar dit kan deel wees van die vereenvoudiging van die teks as gevolg van die skrywer se moontlike siening dat haar jong lesers slegs beperkte lewenservaring het en nie in staat is om ingewikkelde kwessies en komplekse karakters of verhoudings te verstaan nie.

Alhoewel baie Kinderbybels deesdae in die skeppingsverhaal die klem laat val op God wat skep en nie op die tyd wat Hy daarvoor gebruik het nie, neem Moore 'n kreasionistiese standpunt in en vertel wat God elke dag geskep het. Sy noem die verhaal selfs “Die eerste sewe dae.” Sy vertel ook die verhaal van Noag, wat moderne skrywers nie altyd insluit nie. Sommige skrywers begin selfs hul Kinderbybels by die verhaal van Abraham omdat die eerste gedeelte van Genesis in moderne, “wetenskaplike” konteks so moeilik te verklaar is. Soos by baie ander moderne skrywers val die klem deurgaans op God se liefde en versorging en nie op sy oordeel en toorn nie, alhoewel Moore interessante verhale van God se toorn insluit, soos dié oor toring van Babel en die kindermoord in Betlehem.

Sommige Kinderbybels vir jong lesers vertel minder verhale en gee baie besonderhede, ander vertel baie maar kort verhale (een per bladsy) met een groot illustrasie by elke verhaal. Moore se verhale is baie kort, en meer spasie word aan groot illustrasies as aan teks afgestaan. Elke verhaal strek dus oor 'n paar bladsye. Die verhouding tussen teks en illustrasies is 'n verdere aanduiding dat die teks vir kinders jonger as agt geskryf is, en nie vir ses- tot twaalfjariges soos die vertaalopdrag dit wil hê nie. Die skryfster verkies om lang verhale op te som liewer as om detail te gee (sien die verhaal van Jakob en Esau se versoening, aangehaal in 5.3.2). Sy gebruik ook baie teksruimte om die verhale in tyd en ruimte te plaas, en die verband met vorige of volgende verhale te lê, soos by die begin van haar vertelling van Noag gebeur (Moore 2008a:20). 'n Uitsondering op hierdie gebruik is die verhale van die profete Daniël, Jona en Miga. Dit word nie in die korrekte chronologiese volgorde in die verhale van die Ou Testament geplaas nie, maar reg aan die einde. Daarom word Miga se voorspellings van Israel se

ballingskap en terugkeer vertel (Moore 2008a:233-237) nadat die verhaal van die ballingskap reeds in 'n vorige verhaal vertel is (Moore 2008a:200-203).

In aansluiting by tradisie gebruik Moore meestal narratiewe gedeeltes uit die Ou Testament, maar sy sluit tog 'n paar Psalms en Spreuke in. Sy wy ook 'n bladsy aan 'n beskrywing van die tabernakel. Dit is ook teenstrydig met die aanspraak van die voorwoord dat die boek verhale uit die Bybel bevat (sien Bylae 3.2).

5.5.3.2 Verhale uit die Nuwe Testament

Die verhale uit die Ou Testament beslaan 235 bladsye, en dié uit die Nuwe Testament 248 bladsye (sien Bylae 3.3). Elke afdeling kry dus ewe veel ruimte, alhoewel die Nuwe Testament heelwat korter as die Ou Testament in die bronteks is. Agt-en-veertig verhale gaan oor Jesus; vyf gaan oor die tydperk na sy hemelvaart en die totstandkoming van die kerk. Jesus se lewensverhaal word dus in besonderhede vertel. Die eerste agt verhale gaan oor sy geboorte. Ten minste dertien wonderwerke word oorvertel. Die bergpredikasie en ook gelykenisse kry heelwat aandag (weer eens teenstrydig met die voorwoord – sien Bylae 3.2). Moore sluit die volgende gelykenisse in: die saaiër, koninkryk van die hemel, barmhartige Samaritaan, verlore skaap, en verlore seun. Jesus se gesprekke met die vrou by Samaria en met Marta is ook ingesluit. Die laaste week van Jesus se lewe word in 24 bladsye vertel; daarna volg 16 bladsye van sy kruisiging en opstanding. Die Nuwe Testament word afgesluit met Johannes se openbaring, met die klem op wat met Johannes gebeur het, en nie op sy visioene nie. Moore sluit haar Kinderbybel af met Jesus se beloftes oor sy wederkoms en die ewige lewe.

Moore laat die klem veral val op Jesus se geboorte en wonderwerke, maar sy lering kry ook aandag. Volgens Bottigheimer vind baie moderne Kinderbybelskrywers Jesus se wonderwerke problematies en word dit nie beklemtoon nie. Hier word hulle eenvoudig en sonder enige verduideliking aangebied, net soos die Bybel dit doen.

5.5.4 Opskrifte van hoofstukke

Die verhale in die bronteks het geen opskrifte nie. Verhale word ook nie afsonderlik aangebied nie. Die teks in Engelse en Afrikaanse Bybels is wel later verdeel in hoofstukke en van opskrifte voorsien.

Kinderbybels volg selde die indeling van die Bybel. Die teks van die *Read and Learn Bible* word ook as afsonderlike verhale aangebied, elkeen met 'n eie opskrif (sien Bylae 3.3). In sommige Kinderbybels is die opskrif 'n opsomming van die verhaal wat volg (byvoorbeeld "God maak die wêreld", "Noag bou 'n groot boot"). Ander plaas die hoofkarakter deurgaans in die opskrif ("Simson die sterke", "Josia se ontdekking"). Moore gebruik ook soms sulke opsommende opskrifte ("The snake in the garden", "The tenth plague") en soms is haar opskrifte meer kreatief maar nie so duidelik oor die inhoud nie ("Three visitors", "Sold!", "A big mistake", "A future king", "A lost book is found").

Sy verdeel meestal nie die verhale in klein segmente (byvoorbeeld 'n nuwe verhaal op elke bladsy), elk met 'n opskrif nie. Wanneer sy egter baie ruimte aan 'n gebeurtenis afstaan (soos Jesus se geboorte) is daar tog afsonderlike verhale, elk met 'n eie opskrif: "Good news from the angel Gabriel", "A message for Mary", "A son for Elizabeth", "Jesus is born", "The shepherds", "Jesus is blessed", "Wise men from the east", "The escape to Egypt". Een verhaal is tussen vier en tien bladsye lank.

5.5.5 Reduksie

Wanneer 'n teks vir volwassenes as teks vir kinders herskryf word, word alles uitgehaal wat die vertaler/herskrywer meen die kinderleser nie sal verstaan nie of wat as onvanpas vir kinders beskou word. Volgens Shavit (1986:78, sien 3.4.2) is meervlakkigheid een van die eerste elemente wat verdwyn. Vir Gutt (2006:11) is dit 'n toelaatbare strategie om relevansie vir die doellesers te verseker.

Die eerste bronteks van die Kinderbybels is 'n antieke dokument in 'n kort en bondige styl. Gebeurtenisse word meestal sonder enige kommentaar aangebied, en die leser moet sy/haar eie afleidings maak. Die gegewe in die bronteks kan op verskillende maniere en vlakke interpreteer word. Kinderbybelskrywers (soos die meeste skrywers van kinderliteratuur) voel gewoonlik dat hulle die teks vir die kinderleser moet vereenvoudig en boonop interpreteer, en bied dan die gebeure op so 'n manier aan dat 'n spesifieke betekenis (oftewel die skrywer se persoonlike interpretasie) na vore kom. Een van die maniere waarop hulle 'n sekere betekenis aan 'n verhaal gee, is deur elemente van die bronteks uit te haal. (Hierdie proses kan bewus en gemotiveerd gebeur, maar is dikwels die gevolg van kulturele keuses wat die skrywer onbewus maak – sien 2.2.3.7.) 'n Voorbeeld hiervan is die verhaal van Dawid se seuns se vyandskap. Omdat die verhaal van Tamar se verkragting deur haar halfbroer Amnon (en Dawid se apatie daarvoor) (2 Samuel 13) as onvanpas beskou word en dus uitgelaat word, kan Tamar se broer Absalom se opstand teen sy pa moeilik gemotiveer word. Hy word dan bloot 'n opstandige

seun wat teen 'n goeie pa in opstand kom en die prys daarvoor – die dood – moet betaal. Dawid se aandadigheid aan al die gebeure word eenvoudig uit die verhaal geskryf, en hy bly 'n gesagsfiguur wat respek en bewondering afdwing, terwyl Absalom 'n sprekende voorbeeld is van wat met ongehoorsame en opstandige kinders gebeur. Moore vertel niks van die gebeure uit Dawid se latere lewe nie, en eindig haar verhaal waar Dawid 'n suksesvolle koning in sy nuwe hoofstad, Jerusalem, is en gereeld liedere tot lof van God skryf. En al wat van Dawid se vroeër lewe vertel word, is sy salwing as koning, hoe hy Goliat doodgemaak het, en sy vriendskap met Jonatan. Van sy ongelukkige gesinslewe en die vyandskap tussen sy kinders en amptenare word daar niks gemeld nie; sy jarelange ballingskap en vervolging, sy oorloë en oorwinnings word eweneens verswyg.

5.5.5.1 Die Bybel as Amerikaanse suksesverhaal

Moore laat groot dele van Josef se verhaal uit in haar vertelling. Sy vertel van sy pa wat hom die liefste het, van sy drome en sy broers se jaloesie. Sy laat egter sy aandeel in die onmin uit (Gen 37:2). Sy vertel hoe Josef se broers hom verkoop en hulle pa bedrieg. Moderne Kinderbybelskrywers laat gewoonlik Josef se hele verblyf by Potifar uit, en plaas hom doodeenvoudig in die tronk aan die begin van die vertelling oor sy verblyf in Egipte (sien 4.5.2.1 vir 'n beskrywing van die veranderende interpretasie van hierdie verhaal in Kinderbybels). Moore laat selfs ook die gedeelte in die tronk uit: Josef beland in Egipte en word sonder meer baie suksesvol omdat God met hom is. Sy verander dus Josef se verhaal van iemand wat in voor- en teenspoed op God vertrou het in 'n verhaal van 'n jong man wat sy broers se onverklaarbare haat oorkom en op wonderbaarlike wyse die hoogste sport van sukses behaal – 'n ware Amerikaanse suksesverhaal.

Hierdie soort herskryf is kenmerkend van Moore se verhale in die *Read and Learn Bible*, en oplaas is die teks bowenal 'n weerspieëling van die “American dream” oftewel Amerikaanse sosiokulturele waardes: Enige een kan sukses behaal, en 'n mens se waarde word dan gemeet aan die mate van sukses wat hy of sy behaal. In Moore se verhale is al die positiewe karakters sulke suksesverhale. Hiermee ontnem sy egter ook 'n geleentheid tot die soort psigologiese ontwikkeling wat skrywers soos Saxby (1987a) en Cech (1992) sien as 'n belangrike funksie van kinderliteratuur wat mites oorvertel – omdat die lesers slegs die positiewe kant van die karakters sien, ontdek hulle niks van die oorwinning van vrees en die konfrontasie met die skadukant van die mens nie (sien 3.5.1). Die verhaal gee oplaas 'n vals beeld van die Bybel en van die werklikheid.

Selfs die opwindende maar moeilike uittog uit Egipte word 'n avontuurverhaal waar net goeie dinge gebeur. Moses se onwilligheid om God te gehoorsaam (Eksodus 4:1, 10-17) en sy stryd om die Israeliete te oortuig van sy saak (Eksodus 4:17-31, 5:1-24 en 6:1-12) word uitgelaat. Daar word niks vertel van sy moeilike ontwikkeling tot die groot leier wat hy uiteindelik, na baie jare, was nie. Die Israeliete se omswerwing deur die woestyn was ook meestal volgens hierdie Kinderbybel sonder probleme. Daar word min gesê oor hulle ontevredenheid en klaery (en dus van God se geduld met hulle), en ook oor die rampe wat hulle getref het en die oorloë wat hulle in die woestyn gevoer het. Moore vertel optimistiese verhale en haal net positiewe elemente uit die Bybelverhale, in ooreenstemming met die gebruik om kinders van alles wat negatief is te beskerm.

Die hooffigure in hierdie Kinderbybel behaal verstommend maklik sukses. Iets van hul jong dae word gemeld, en die volgende oomblik is hulle as't ware suksesvolle leiersfigure. Hulle swaarkry en moeilike omstandighede word hoogstens tot een episode gereduseer. Moore herskryf die bronteks tot verhale van maklike sukses en rykdom, sodat dit 'n weerspieëling word van Amerikaanse waardes van sukses, pragmatisme, en daadkrag, en min te sê het oor dinge waaroor die bronteks skryf: menslike swakhede, mislukkings of lyding en die rol wat geloof en vertroue op God in mense se lewens speel. Haar norm van sukses is ook 'n weerspieëling van hedendaagse westerse norme: rykdom, status en oorwinning.

'n Mens sou wel kon vra of hierdie suksesverhale 'n realistiese uitbeelding van die werklikheid van Suid-Afrika is, en daarmee saam moet die debat oor die didaktiese funksie van kinderliteratuur en die kwessie van die insluit van negatiewe kwessies daarin weer onder die loep kom (sien 3.5). James (2007), wat die verhaal van Tamar se verkragting suksesvol gebruik in haar werk met gemolesteerde kinders in KwaZulu-Natal, wys daarop dat kinders vandag nie in 'n geïdealiseerde en mooi wêreld grootword nie. Vir baie is die werklikheid veel erger as dié waarvan die Bybel vertel, en sy vra die vraag of Bybelse gebeure nie juis geskik is om sulke kinders te help nie. Die konvensie in die middelklaskultuur van Suid-Afrika, volgens uitgewers feitlik die enigste groep mense wat boeke koop (sien 4.4.2), is skynbaar egter steeds om jong kinders teen negatiewe aspekte van die werklikheid te beskerm. Kinderbybels haal in elk geval byna deurgaans die meeste negatiewe aspekte van Bybelse verhale uit.

Vervolgens word nog 'n paar voorbeelde van reduksie in die *Read and Learn Bible* bespreek.

5.5.5.2 Seksuele elemente

Die voorbeelde van Josef en Dawid wat hierbo genoem is, is ook voorbeelde van hoe die seksuele uit Kinderbybelverhale gehaal word. Dit word deurgaans in hierdie Kinderbybel

gedoen. Daar is byvoorbeeld geen melding van Jakob se vier vroue en hoe hy hulle gekry het nie – hy het bloot “a large family” nadat hy vir ’n lang tyd by sy oom gebly het (Moore 2008a:59, 63, 64). Dawid se verhoudings met sy vroue en gesinslewe word heeltemal uitgeskryf, en Salomo het skynbaar nie ’n enkele vroue nie en word dus ook nie deur vroue oorreed om afgodstempels te bou nie. Alhoewel Delila se rol in Simson se lewe nie heeltemal uitgeskryf word nie, is sy bloot iemand wat maak asof sy Simson se vriend is (Moore 2008a:136). ’n Mens sou egter ’n saak daarvoor kon uitmaak dat jong kinders in elk geval geen erg het aan die seksuele aspekte van die verhale nie, en dat dit dus daarom gerus uitgelaat kan word sodat ander gebeurtenisse en aspekte wat vir hulle meer tersaaklik is, wel ingesluit kan word. Dit sluit aan by Gutt se relevansieteorie (sien 2.5.3).

Die liefdesverhaal van Rut word wel vertel, en in ’n konvensionele westerse liefdesverhaalvorm aangebied (Moore 2008a:141). Moontlik het hierdie verhaal wel vir die skryfster ’n opvoedkundige nut: Die brandarm meisie uit ’n vreemde land se (westerse) vroulike deugde van opoffering en goedheid word beloon met ’n huwelik en ’n baba. Boonop word sy die voormoeder van koning Dawid.

A farmer, Boaz, noticed Ruth. He thought she was brave to leave her own people and kind to look after her mother-in-law. He grew to love her, even though she was not an Israelite. Ruth and Boaz got married. They had a baby boy whom they named Obed.

Weer eens: deur en deur ’n Amerikaanse suksesverhaal.

5.5.5.3 God se wese

In aansluiting by die meeste moderne Kinderbybels (Bottigheimer 1996:59-65) beklemtoon Moore sekere van God se karaktertrekke, terwyl ander slegs terloops genoem of heeltemal uitgelaat word. Moore teken God as ’n liefdevolle maar streng Vaderfiguur en sy emosies word telkens verduidelik: Hy is hartseer omdat Adam en Eva ongehoorsaam was en kwaad vir die slang (Moore 2008a:17). Hy gee Adam en Eva klere om aan te trek, en straf hulle deur hulle uit die tuin te verban. In die tyd van Noag is Hy jammer dat Hy mense gemaak het toe Hy hulle sonde sien (Moore 2008a:20). Toe die mense ’n toring begin bou, gaan Hy kyk wat hulle doen: “God came down to see the city and the tower the people were building. It was a grand tower, but something was wrong. The people were working only for themselves. God had to show them that they would always need His help to succeed” (Moore 2008a:30). (Is dit toevallig dat selfs hierdie mense ook uiteindelik moet “succeed”?)

Na die vertelling van die toring van Babel is daar verder byna geen sprake van sy woede of straf nie. Sy majesteit kry ook min aandag. Die verhaal van Sodom en Gomorra se verdelging

weens hulle sonde word uitgelaat, en ook God se opdrag aan Abraham om Isak te offer. Die moeilike saak van die farao se hardkoppigheid (sien Eksodus 4:21) word (soos deurgaans in Kinderbybels) glad nie genoem nie. Die plaë word in die verbygaan genoem. Op die ou end verdelg God wel die Egiptenare maar red daardeur die Israeliete (die “helde” van die verhaal). Die reiniging van die volk by Sinai en die waarskuwing dat elkeen wat aan die berg raak, gestenig moes word (wat God se heiligheid beklemtoon) word uitgelaat (Eksodus 19:10-15), en so ook die bloedbad nadat Moses die volk se afgodsdienste ontdek (Eksodus 32:25-28). Volgens Moore het God die Israeliete sonder meer vergewe, nuwe kliptafels gegee en sy belofte van ’n land van melk en heuning hernu (Moore 2008a:112). Hierdie vertelling is nog ’n sprekende voorbeeld van hoe betekenis verander kan word bloot deur sekere gebeurtenisse uit te laat. Daar is geen sprake van die krisis waarin God, Moses en die volk gedompel is omdat laasgenoemde hulle verbond met God verontagsaam het nie. Wanneer die Israeliete die land Kanaän inneem, is daar geen sprake van God se opdrag dat mens en dier uitgewis moet word nie (Josua 6:21, 24) of van sy straf wanneer hierdie opdrag nie uitgevoer word nie (Josua 7:11-12, 20-26). Die straf wat God deur die profete oor Israel self en oor sy vyande aankondig, is nie in die Kinderbybel ingesluit nie. Die enigste verhale uit die Profete is dié van Daniël, Jona en Miga. In die verhaal van Jona vergewe God die volk van Nineve wanneer hulle berou toon. Die verhaal van Miga vertel dat die Israeliete wel om hul ongehoorsaamheid gestraf word (hulle word in ballingskap weggevoer en Jerusalem word vernietig), maar sluit met die volgende hoopvolle belofte die verhale uit die Ou Testament af: “But God had a message of hope for Micah, too. He promised that one day the fighting would end. All the weapons of war would be turned into rakes and shovels. People would never again make war or attack one another” (Moore 2008a:235). Dan volg die belofte van die koms van die Messias: “Like a shepherd taking care of his sheep, this leader will care for his people by the power of the Lord, his God. The whole earth will know his true greatness because he will bring peace” (Moore 2008a:236).

Natuurlik is God se liefde en vergewensgesindheid belangrike aspekte van sy wese, maar nie die enigste nie. Moore sluit by moderne Kinderbybelskrywers aan deur hierdie kenmerke te beklemtoon; Marlowe (2005) voer byvoorbeeld onomwonde aan dat sekere aspekte van God se wese nie geskik is vir kinderore nie. Na aanleiding van Johannes se visioen van Christus (Openbaring 1:12-17) sê hy:

John's vision of the risen Lord is so terrifying that he faints. He sees Jesus as the Lord of Lords coming to judge the living and the dead. Here we are very far from that “gentle Jesus, meek and mild” portrayed in children's storybooks. But there is a good reason why children are shown only the mild and benevolent side of God in their books, and are not presented with pictures of Jesus with his eyes flaming and a sword of retribution coming from his mouth. This picture is not suitable for children.

God is 'n liefdevolle, vergewende Vaderfiguur, en die probleem van die mens se boosheid (in Bybelse terme sy sondigheid), wat God se toorn en straf veroorsaak, word derhalwe skaars genoem. Daar is min sprake van sonde, die gevolge van sonde en die Bybelse eis om verantwoordelikheid vir jou daade te aanvaar.

5.5.5.4 Sonde

Die Bybel beskryf die mens saaklik en nugter, en elke karakter wat daarin verskyn se goedheid én boosheid word beskryf. God word gesien as iemand wat die mens geskep het, hom baie lief het, maar hom die vryheid gee om te kies én die gevolge van sy keuses te dra. Soos elke ouer wat sy kinders tot volwassenheid wil sien ontwikkel, vergewe én straf God (roep Hy hom tot verantwoording en laat Hy hom die gevolge van sy daade dra). Hierdie aspek van God se wese word beskryf in gedeeltes soos Esegïel 16 en Hosea 11.

Die westerse kultuur verkondig vandag dat elke kind (persoon) 'n ster is, iemand wat toegelaat moet word om tot sy of haar volle potensiaal te ontwikkel: Wees die beste jy wat jy kan wees! As jy dit kan droom, kan jy dit bereik! Selfbeeldontwikkeling staan voorop in opvoedkundige boeke oor kinders en tieners⁶. Wat voorheen oortredings of sonde genoem is, is nou hoogstens foute maar liefs groeigeleenthede.

Moore begin haar Kinderbybel met die sondeval, en sy vertel ook die verhaal van Noag, waar God die hele mensdom weens hulle sondigheid uitwis. God gee aan Adam en Eva 'n opdrag, en die "sneaky" slang impliseer dat God vir hulle gelieg het: "'But it is the best fruit of all,' he said. 'It will make you wise. It won't hurt you'" (Moore 2008a:14). Eva eet dan omdat die vrugte mooi en lekker lyk en omdat sy wys wil wees. Hulle is dus ongehoorsaam aan God se bevel. Die woord "sonde" word nie genoem nie, maar nadat hulle geëet het, voel hulle skuldig: "All at once, Adam and Eve felt ashamed. They hid from God" (Moore 2008a:16). En God is hartseer omdat hulle Hom nie gehoorsaam het nie en straf hulle daarvoor.

God se straf kom ook ter sprake in Noag se verhaal (Moore 2008a:20):

There came a time when people of the earth did not know about God. But God could see them. He did not like what He saw. The people were selfish and evil. They fought and did bad things to one another. God was sorry He had ever made men and women to live on the earth. Now He would put an end to all people.

⁶ Sien Dobson (2001:147, 153, 309-324) as een voorbeeld hiervan. As konserwatiewe opvoeder beklemtoon hy egter ook dissipline, verantwoordelikhede en pligte, iets wat nie alle hedendaagse opvoedkundiges doen nie.

Die verhaal spring egter dadelik na Noag, die “good man” (Moore 2008a:21) wat God wil red, en sy vertel dan verder hoe Hy dit doen. Die realiteit van die vernietiging van alles op aarde word onomwonde gestel, maar daar is dadelik die kontras van die veilige ark: “The earth was flooded, and every living thing was destroyed. But Noah’s ark was well built and floated on the waters. Inside it was dry and warm” (Moore 2008a:24). Die verhaal eindig op die positiewe noot van die reënboog en God se belofte om nooit weer die aarde met ’n vloed te verdelg nie. “Parent Page #14” verduidelik ook dat dit nie ’n verhaal oor straf is nie, maar oor God se belofte van getrouheid: “The story of Noah and the flood is all about God’s promise to us. God has promised us that He will love us and be faithful to us all the time.”

In die meeste ander verhale uit die Ou Testament word die positiewe elemente beklemtoon en negatiewe gedrag liewer uitgeskryf of hoogstens terloops genoem. Daar is min sprake van die gevolge van dade of keuses. Sodoende word die verhale optimisties, met gelukkige eindes. Die Amerikaanse droom seëvier op bykans elke bladsy.

’n Interessante kontras hiermee is die vertelling van die ballingskap (Moore 2008a:200-202). Hier word slegs vertel hoe die Israeliete weens hulle sonde oorwin en weggevoer word na Babel, en Jerusalem verwoes word. Daar is geen belofte van terugkeer nie, alhoewel die belofte deurgaans in die Bybel by elke uitspraak van oordeel gegee word, en die terugkeer in besonderhede beskryf word. Moore vertel wel in die laaste verhaal uit die Ou Testament van ’n belofte van ’n tyd van vrede, dit dui eerder op Jesus se koms as die Israeliete se terugkeer na hulle land (Moore 2008a:235-236). Hierdie verhaal kan ’n aanduiding wees dat Moore se kultuur-gedrewe verhaalkeuses en aksente onbewus gedoen is, en nie ’n bewuste besluit was nie. Hier is skielik en onverklaarbaar (want die Bybelse verhaal beklemtoon die terugkeer na die beloofde land) nie ’n gelukkige einde vir die verhaal nie, ongemotiveerde afwyking van haar gewone patroon.

In die verhale uit die Nuwe Testament is daar ’n paar verwysings na sonde, maar elke keer met die klem op vergifnis.

John said to the people, “Turn back to God. Come into the river with me. Your sins will be washed away and you will be forgiven.” (Moore 2008a:276)

“My friend, your sins are forgiven.” (Moore 2008a:306)

He welcomed everybody, even the sinners who did not obey the laws of God (Moore 2008a:377)

Wanneer die doop verduidelik word, is die klem ook op die toekoms, nie die (sondige) verlede nie: “A symbolic washing with water as a religious practice; it symbolises the washing away of sins and the start of a renewed life” (Moore 2008a:458, voetnoot). Jesus se kruisdood word in “Parent Page #11” bespreek:

Sharing with your family the fact that Jesus had to die to redeem each of us is a powerful message of love and forgiveness. Because of our sins, God sent Jesus into the world to give up his life so that we could have new life! Ask your children how they feel about Jesus having to die for us.

Die klem val volledig op Jesus se liefde en kinders word glad nie gevra om oor hul eie sonde te dink nie. (Die klem op die kinders se gevoelens oor die gebeurtenis is ook kenmerkend van die huidige klem op ervaringsleer in skole se kurrikula.)

5.5.5.5 Kinderkarakters

'n Ander interessante voorbeeld van reduksie is die kinderkarakters in die Kinderbybels. Kinderbybelskrywers gebruik graag die verhale van kinders in die Bybel, en maak sommige karakters self jonger om daarmee karakters te kan beskryf waarmee die kinderlesers kan identifiseer. Kinderkarakters wat dikwels in verhale uit die Ou Testament voorkom is Kain en Abel (die klem val daarop dat hulle Adam en Eva se kinders is, en die feit dat hulle volwassenes is wanneer hulle hul offers bring, word meestal verswyg), Isak wat geoffer word, die jong Josef wat ontvoer word, die baba Moses in die biesiemandjie en sy sussie Miriam, die kind Samuel wat God se stem hoor, die jong skaapwagter Dawid wat 'n leeu en 'n beer doodmaak, as koning gesalf word en die reus Goliat oorwin, die dogtertjie wat Naäman help, die jong koning Josia. Die verhale van Jonatan se seun Mefiboset wat kreupel was omdat hy geval het toe hy moes vlug nadat Saul verslaan is (2 Samuel 4:4) en die seuns wat deur bere doodgemaak is nadat hulle die profeet gespot het (2 Konings 2:23-24) word selde in moderne Kinderbybels genoem. Mefiboset se verhaal is 'n voorbeeld van Dawid se lojaliteit teenoor sy vriend Jonatan en barmhartigheid teenoor Saul se familie en kan dus dien om hierdie deugde te demonstreer; tog word die verhaal selde vertel. Die ongevraagde wreedheid van die profeet Elisa se optrede teenoor die seuns word vandag as onaanvaarbaar beskou, maar voorheen is hierdie verhaal ingesluit om kinders te leer om volwassenes te respekteer (2.6.1). Die rigter Jefta se verhaal (Rigters 11:30-40) is voorheen in Kinderbybels ingesluit om die les oor te dra dat dogters gehoorsaam moet wees, selfs tot die dood toe. Hierdie verhaal word deesdae selde ingesluit, en ook nie in hierdie twee Kinderbybels nie. Isak se offer word ook uitgelaat, in ooreenstemming met die moderne neiging om alle gebeurtenisse uit te laat wat kinders kan ontstel of bang maak. Daar word niks van Kain en Abel gemeld nie, waarskynlik omdat dit so problematies is vir moderne mense om te verduidelik waarom Kain se offerande nie vir God aanneemlik was nie. Voorheen was hier gewoonlik 'n verduideliking van Kain se sonde of swak karakter, maar die Bybel self is glad nie duidelik oor redes en oorsake nie (sien Genesis 4:3-8), en aangesien die verhaal boonop in broedermoord eindig, word die verhaal meestal uitgelaat.

Moore los die probleem van God se onverstaanbare bevel aan Abraham om sy seun te offer, op dieselfde manier op: sy laat die verhaal uit.

Die verhaal van die jong meisie Rebekka wat gewillig is om saam met Abraham se slaaf te gaan om met 'n onbekende man te trou, skilder 'n baie aantreklike prentjie van haar: Sy is pragtig en hulpvaardig en doen selfs meer as wat van haar gevra word (Moore 2008a:46). Sy is een van die min vrouekarakters in die Kinderbybel en is moontlik ingesluit omdat sy eienskappe illustreer wat die westerse kultuur in dogtertjies wil sien: skoonheid, hulpvaardigheid en gehoorsaamheid. Haar latere manipulerings van Isak en haar seuns (Genesis 27 en 28) word verswyg, en as rede vir haar bedrog word gesê dat God vir haar gesê het Jakob sal "die leier" ('n tipiese Amerikaanse maatstaf van sukses) word. Dit is natuurlik waar (Genesis 25:23) maar soos Moore (2005:52-53) dit vertel, is Rebekka eintlik glad nie oneerlik nie: sy is net besig om God se opdragte uit te voer:

Isaac grew old. He could hardly see anymore. He wanted to give his blessing to his older son. Esau would then become the leader of the people when Isaac died. But God had told Rebekah that the younger son would be the leader. So she made Jacob dress in Esau's best clothes. Then she put hairy goat skins on Jacob's arms and hands to make them feel like Esau's. When Isaac called for Esau, Rebekah sent Jacob into the tent instead.

Hierdie voorbeeld van reduksie en van 'n gedeelte van die bronteks wat op 'n ander plek in die doelteksverhaal geplaas word, illustreer weer eens hoe herskryf 'n nuwe betekenis aan die doelteks kan gee. Die Bybel verswyg nooit mense se selfsugtige of bose motiewe nie, maar in die betrokke Kinderbybelverhaal word Rebekka se negatiewe karaktereienskappe verswyg sodat sy 'n waardige rolmodel kan bly. Jakob bly ook 'n waardige gesagsfiguur en rolmodel (hy is aanvanklik 'n brandarm vlugteling en afhanklik van sy oom, maar uiteindelik 'n skatryk man), en sy onderduimse en skelm karaktertrekke word uit die verhaal geskryf. Hy is 'n beskaafde, ordentlike seun: "Jacob had smooth skin. He was a quiet man who stayed home and farmed the land" (Moore 2008a:51). Daar word ook niks genoem van die maniere waarop hy en sy skoonpa mekaar bedrieg het nie (sien Eksodus 30-32).

In die verhaal van Josef word die probleem van broedertwis en jaloesie (wat seker vir alle kinders 'n werklikheid is) kortliks genoem. Jakob het sy seun Josef die liefste en trek hom voor. Toe hy vir Josef lang klere met moue maak, is sy broers jaloers (Moore 2008a:66). Josef vertel sy drome waarin sy broers voor hom buig, en dit maak hulle nog kwater en meer verbitterd (Moore 2008a:67, 68). Hulle jaloesie en gevolglike mishandeling van hulle broer word duidelik beskryf, maar Josef word in 'n baie positiewe lig geteken, en daar word nie gemeld dat hy stories oor sy broers aangedra het nie (sien Genesis 37:2).

Die verhaal van Moses in die mandjie word vertel (die verhaal kom seker sonder uitsondering in Kinderbybels voor), en sy suster Miriam se rol word ook verduidelik. Hier is dus 'n verhaal met 'n meisie as belangrike figuur, en een wat haar rol getrou vertolk: Sy is die sorgsame ouer suster wat haar bababoetie oppas en wie se dapper optrede veroorsaak dat hy by sy ma kan bly (Moore 2008a:78-79).

Samuel se verhaal word vertel, en sy ma, Hanna, se belofte aan God dat sy haar baba aan Hom sou teruggee, word oorvertel. Samuel se verblyf by Eli word in 'n positiewe lig gesien, en daar word liggies beweeg oor die feit dat Samuel op 'n jong ouderdom van sy ma geskei is. Sy gehoorsaamheid aan God se stem word vertel, maar die boodskap wat hy moes oordra (1 Samuel 3:11-14), word verswyg. Eli en sy seuns se dood (1 Samuel 4:12-18) word ook heeltemal uitgelaat – trouens, die seuns kom glad nie in die verhaal voor nie. Voorheen was die seuns van Eli dikwels voorbeelde van bose en ongehoorsame seuns wat hulle verdiende straf gekry het, maar vandag is Kinderbybelskrywers lugtig om te vertel hoe “stout” kinders (of mense) met die dood gestraf word. Die klem val immers op God se liefde en vergewensgesindheid.

Dawid word duidelik as 'n seun geteken wanneer hy Goliat doodmaak. “‘But you are only a boy,’ King Saul said. ‘How can you fight such a giant?’” (Moore 2008a:157). Die illustrasie bevestig dat Dawid 'n jong kind is. Volgens 1 Samuel 17:33 sê koning Saul egter net dat Dawid jonk is en nie 'n ervare vegter soos Goliat nie. Hierdie verhaal is geliefd by kinders, en hulle identifiseer met die jong Dawid wat teen alle verwagtinge in die reus doodmaak (of ten minste, volgens Moore, hom net voor die kop tref sodat hy dood neerval). Die verhaal van die jong, onervare persoon wat die ervare, sterk en bombastiese reus oorwin, is 'n belangrike mite in die westerse kultuur, en dit word dikwels in verskillende vorms in sprokies en volksverhale gevind. Selfs Harry Potter is 'n Dawid-figuur in sy stryd teen die bose (volwasse) towenaar.

Moore vertel die verhaal van Naäman, die heidense generaal wat genesing vind by 'n Joodse profeet en in 'n Joodse rivier, maar laat die rol wat die Joodse slawe-dogtertjie speel, heeltemal uit. Dis 'n interessante weglating, want hier is 'n verhaal van 'n dogtertjie wat as oorlogslagoffer 'n swaar lewe ly, maar nogtans bo haar omstandighede uitstyg en haar medemens help. Sy illustreer Christelike medemenslikheid by uitstek. Tog verswyg Moore (2005:193) haar rol in die verhaal, moontlik omdat sy nie 'n suksesverhaal is nie, want sy bly 'n slaaf in 'n vreemde land ten spyte van haar goeie daad.

Moore vertel ook die verhaal van die jong prins Josia wat op agtjarige ouderdom koning word (2 Konings 22 en 2 Kronieke 34). Alhoewel hy eers as ses-en-twintigjarige die tempel laat herstel het, kan kinders tog identifiseer met die jong kind (net so oud soos hulle) wat koning word.

Daniël en sy vriende se wedervarings in die koning se paleis is baie opwindend, des te meer as 'n mens in gedagte hou dat hulle baie jonk was, moontlik selfs nog tieners. Hierdie feit word egter nie in die *Read and Learn Bible* genoem nie.

Dit is duidelik dat sommige karakters ook in die *Read and Learn Bible* jonger gemaak word sodat die kind met hulle kan identifiseer. Hulle verhale word dan herskryf deur sekere gebeurtenisse te verswyg en ander effens te wysig. Volgens Gold (2004:95) is dit 'n geldige besluit indien die *skopos* van die vertelling die oordrag van waardes aan 'n jong kind is. Dit word egter nie deurgaans gedoen nie, en 'n mens kan hierin ook moontlik 'n aanduiding sien dat Moore dit nie deurdag en doelbewus gedoen het nie, maar soms onbewus sekere kultuur-gedrewe keuses gemaak het.

Beskou 'n mens hierdie verhale as geheel, is dit duidelik dat elke kinder karakter in 'n Amerikaanse rolmodel van sukses verander is. Sommiges kry moontlik 'n bietjie swaar in hul kinderdae, maar almal bereik maklik en gou die boonste sport van die suksesleer. Die meeste mislukkings en foute op die pad word nie gemeld nie. Daar is ook geen sprake van die probleme en mislukkings wat later in hul lewens voorgekom het, die oordeelsfoute wat hulle later gemaak het, of van ernstige oortredings wat hulle begaan het nie. Moore herskryf haar bronteks sodat dit die morele waardes van haar doeltekskultuur (rykdom, status en sukses is die hoogste goed en binne elkeen se bereik) weerspieël.

Volgens die parateks van Moore se *Read and Learn Bible* is die funksie van die Kinderbybel om die doellesers in staat te stel om die "true meaning" (Moore 2008a: agterblad) van die Bybel te ontdek. Die skrywers van die voorwoord maak daarop aanspraak dat die kind eintlik besig is om die Bybel self te lees (sien 5.2), maar op die ou end het die kind te doen met 'n teks wat herskryf is ter wille van die oordrag van sekere Amerikaanse waardes en dus met sekere sosialiseringsdoelwitte. In Bottigheimer se woorde (1996:51):

The pages of children's Bibles communicated more than a simple redaction of Bible stories; they also incorporated class-specific social values in a godly context that rendered them virtually unassailable. Children's Bibles are powerfully persuasive handbooks for inculcating social responses. Unlike the explicit directions of worldly manuals of courtesy, the social directives of children's Bibles are, and have long been, embedded in holy language from, as their editors assure the child reader, the Holy Penman himself.

Die teks van hierdie Kinderbybel is 'n sprekende voorbeeld van die hegemonie van Amerikaanse waardes en kultuur (sien ook 2.2.3.7).

5.5.6 Uitbreiding van die bronteks

Wanneer 'n bronteks wat meestal drasties verkort moet word op sommige plekke uitgebrei word, kan dit belangrike inligting oordra oor die dinge wat die vertaler/herskrywer as onontbeerlike inligting vir die kinderleser beskou.

Stander (2003:479) voer in sy bespreking van die Bybelvertaling *DieBybel@kinders.co.za* ('n Bybelvertaling met laerskoolkinders as doellesers) aan dat dit geregverdig is as die doelteks daardeur meer verstaanbaar gemaak word. Hy meen dit kan veral gedoen word om plek- en eiename ("die dorp Silo", "die god Dagon") en kultuurgebruike te verduidelik. (Hy brei byvoorbeeld 1 Samuel 1:25 se "Elkana-hulle het die bul geslag ..." uit met "... om vir God dankie te sê.") Stander meen dat hierdie tipe byvoegings geregverdig kan word omdat dit waardevolle inligting verskaf, die doelteks duideliker maak, en dit in elk geval nie werklik byvoegings is nie, omdat die inligting "in elk geval implisiet teenwoordig is in die oorspronklike teks" (Stander 2003:480). Hiermee sluit hy aan by die funksionaliste, wat van mening is dat die behoeftes van die doellesers bepalend is vir die wyses waarop die doelteks daar uitsien (sien 2.5.2), en by Gutt (2006) wat ook 'n saak uitmaak vir implisiete inligting wat eksplisiet gemaak word ter wille van die doelleser (sien 2.5.3). Moore voeg hierdie tipe inligting meestal in die vorm van voetnote by, en verseker daarmee dat dit erken word as ekstra inligting wat nie in die bronteks voorkom nie. Dit verleen selfs 'n kwasi-wetenskaplike toon aan die teks (baie belangrik vir 'n opvoedkundige teks).

Fernández Lopéz (2006:48) het gevind dat uitbreiding plaasvind wanneer vertalers/herskrywers voel hulle moet implisiete inligting eksplisiet maak in die doelteks. Dit gebeur meestal wanneer die bronteks vir jonger lesers oorgeskryf word, en kom heel dikwels in Moore se teks voor. Sy gee byvoorbeeld 'n verklaring van die taalverwarring by Babel (Moore 2008a:30) wat nie in die Bybel (Genesis 11:5-7) staan nie:

God came down to see the city and the tower the people were building. It was a grand tower, but something was wrong. The people were working only for themselves. God had to show them that they would always need His help to succeed.

Die rede vir God se ingryping wat in die Bybel aangegee word, is volgens Genesis 11:5-6 in die *Contemporary English Version*: "But when the LORD came down to look at the city and the tower, he said: These people are working together because they all speak the same language. This is just the beginning. Soon they will be able to do anything they want" of volgens die *King James Version*: "And the LORD came down to see the city and the tower, which the children of men builded. And the LORD said, Behold, the people is one, and they have all one language; and this they begin to do: and now nothing will be restrained from them, which they have imagined to do." Dit lyk dus eerder asof God wou verhoed dat die mens te magtig word; die

klem val effens anders as wat Moore dit laat doen. Sy brei egter die teks uit om haar eie interpretasie van die woorde eksplisiet te stel.

Moore (2005:40) verduidelik ook dat Abraham se besoekers eintlik die Here self en twee engele is, iets wat nie in soveel woorde in die Bybelteks staan nie. Sy verduidelik ook waarvoor Abraham verkies is: "God had chosen Abraham to be the father of a people who would obey God by doing what is right and fair" (Moore 2008a:40). God het die Israeliete egter gekies om 'n volk te wees wat Hom dien, maar hulle het dit juis nié gedoen nie. Hier brei Moore weer die teks uit om haar interpretasie van die teks eksplisiet te maak.

Die voorbeeld van Rebekka se motivering om haar man en oudste seun te bedrieg, is reeds genoem (5.5.5.5). Moore verplaas 'n gedeelte uit die bronteks na 'n nuwe posisie; sy brei die inligting van haar verhaal (uit Genesis 27) uit deur 'n gedeelte uit Genesis 25 daar by te voeg. God se woorde wat sy voor die seuns se geboorte gehoor het (Genesis 25:23), word in die Kinderbybel geplaas op die plek waar Isak sy oudste seun wil seën (Genesis 27:1-5), en dus volgens die doeltteks nou teen God se wil wil optree. Haar bedrog daarna is dus eintlik net optrede om God se wil uit te voer.

Moore wil ook seker maak dat die lesers die karakters se emosies en reaksies verstaan, en verduidelik dit dikwels eksplisiet aan die lesers. Nadat Adam en Eva gesondig het, is God hartseer. Hy is ook kwaad vir die slang. Die farao lag wanneer Moses en Aäron hom vra om die Israeliete te laat trek (Moore 2008a:86), iets wat hy nóg in die CEV nóg in die KJV doen. Volgens Eksodus 5:2 en 7:13 het hy bloot geweier om aan hulle versoek te voldoen. Die KJV berig ook nie dat die farao na sy oudste seun se dood "broken and sad" was soos Moore (2005:94) vertel nie, maar net "there was a great cry in Egypt" (Eksodus 12:30). Die CEV maak hierdie teks meer eksplisiet deur te verduidelik: "That night the king, his officials, and everyone else in Egypt got up and started crying bitterly. In every Egyptian home, someone was dead." 'n Mens moet egter toegee dat die CEV – en Moore – waarskynlik hier slegs implisiete inligting wat reeds in die teks verskuil is, aan die lig bring, iets wat volgens Gutt dikwels in indirekte gebeur (sien 2.5.3).

Gold (2004:103) het gevind dat die styl van die Bybel ("laconic and ambiguous") veroorsaak dat Kinderbybelskrywers dikwels uitbrei op die gegewe in die bronteks om te verseker dat die doelleser "the appropriate ethical message" sal kry. Moore doen dit, maar nie deurgaans nie. Sy kies wel soms 'n bepaalde interpretasiemoontlikheid, en stel dit dan eksplisiet aan die orde, soos bogenoemde voorbeelde aantoon. In hierdie opsig strew sy dus na Nida se funksionele ekwivalensie (2.5.1). Sy kies ook die interpretasiemoontlikheid wat volgens haar vir haar lesers relevant is, en hierin onderskryf sy Gutt (2006:3) se siening omtrent die eksplisiete en implisiete

betekenis van 'n teks (sien 2.5.3). Sy neem besluite ten opsigte van die inligting wat sy meen doeltekslesers nodig het om die betekenis van die bronteks te kan ontsluit.

Du Toit (2008:2) het gevind dat Kinderbybels dikwels gebeur in die vorm van dialoog, wat nie in die bronteks is nie, oorvertel, maar Moore gebruik nie baie dialoog nie. Haar werkswyse is eerder om lang gedeeltes in die Bybel op te som en as verslag aan te bied (sien die verhaal van Jakob, 5.3.2).

Daar is nie grootskaalse uitbreiding van die teks in Moore se Kinderbybel nie. Waar dit wel in die vorm van woorde of frases voorkom, is dit meestal net om die betekenis van die Skrifgedeelte eksplisiet te stel, maar soms veroorsaak hierdie herskryf dat die doelteks 'n nuwe betekenis kry.

5.5.7 Verskillende tekstipes in die bronteks

Die Bybel bestaan uit 66 verskillende boeke, wat deur verskillende mense in verskillende tydperke geskryf is. Daar is ook 'n verskeidenheid genres, onder andere geskiedskrywing, poësie, briewe, wette, profesieë, wysheidsliteratuur en gelykenisse (Alexander 1980:79).

Kinderbybels vertel gewoonlik slegs narratiewe gedeeltes van die verhalende dele uit die Bybel oor. Moore doen dit ook, maar sluit enkele kort uittreksels uit die wette, poësie, wysheidsliteratuur, profesieë en gelykenisse by haar Kinderbybel in.

Van al die wette wat in Eksodus, Levitikus en Numeri gegee word, gee Moore slegs vier van die Tien Gebooie: "I am the Lord your God, who brought you out of Egypt, out of the land of slavery. You shall have no other gods before Me", "Honour your father and your mother", "You shall not murder", "You shall not steal" (Moore 2008a:108). Om die wette uit te laat, is in ooreenstemming met bestaande Kinderbybels. Die meeste sluit trouens nie eers die Tien Gebooie in nie.

Moore (2005:166-167) het vier Psalms gekies wat elkeen 'n ander tema behandel, en gee kort uittreksels uit elkeen. Dit kan gesien word as inleiding tot die poëtiese gedeeltes van die Bybel. Sy gee ook 'n paar kort Spreuke (Moore 2008a:174-175) sonder teksverwysings, maar met die betrokke hoofstukke bo aan die bladsy. Die gedeelte begin met 'n spesiale spreuk oor verstandige kinders. Daar is etlike spreuke oor die deug van "kindness" of goedheid en verstandigheid. Kinders word ook gemaan om nie te veel te praat nie (twee keer), om reg te doen, om eerlik te wees (twee keer), om geweld af te sweer en om die voorbeeld te volg van

mense wat reg lewe. Een spreuk herinner kinders daaraan dat sig en gehoor gawes van God is.

Die profesie wat Moore kies om te vertel, kom uit Miga 4-5. Moore vertel kortliks van die profesie van oordeel oor Israel weens hulle sonde, en dat dit waar geword het toe hulle oorwin en in ballingskap weggevoer is. Daarna vertel sy van 'n profesie van hoop en herstel, nie van Israel se letterlike terugkeer na hulle land nie, maar 'n vooruitsien na 'n tyd van vrede waar mense “nooit weer” oorlog sal maak nie (Moore 2008a:235), en wanneer hulle 'n nuwe leier (Christus) sal hê (Moore 2008a:236). Moore gebruik hierdie profesie as skakel met die verhale van die Nuwe Testament, en volg ook die siening dat baie profesieë in die Ou Testament met Christus verbind kan word. Sy wyk hier af van haar gewone werkwyse deur nie te konsentreer op die positiewe en gelukkige einde (die volk se terugkeer na Jerusalem) nie.

In haar uittreksels uit Spreuke en die profete sluit Moore aan by kinders se leefwêreld, iets wat sy nie doen wanneer sy uittreksels uit die Bergpredikasie gee nie. Sy gebruik vier bladsye vir laasgenoemde, en gee selfs die Saligspreekinge volledig in die woorde van die CEV weer (Moore 2008a:292-293), wat 'n ongewone besluit is omdat hulle gewoonlik as te abstrak vir kinders beskou word. Sy kies dan vier verdere voorbeelde uit Jesus se Bergpredikasie (Moore 2008a:294). Sy gee die sogenaamde “golden rule” (“Treat others as you want them to treat you”) wat baie gewild in sowel Amerikaanse as Britse Kinderbybels is, en sê dan dat kinders nie vir almal moet vertel van hul goeie dade nie. Sy gee ook Jesus se bekende uitspraak omtrent vra en ontvang: “Ask, and you will receive. Search, and you will find. Knock, and the door will be opened for you. Everyone who asks will receive. Everyone who searches will find. And the door will be opened for everyone who knocks” (Moore 2008a:294). Die meeste jong lesers interpreteer hierdie woorde heel letterlik, en maak dit van toepassing op hulle speelgoed wat wegdraak. Daarop volg die uitspraak oor die gevaar van vals profete, en die beeld van die lig op 'n staander. Die idee van vals profete is waarskynlik nie vir kinderlesers relevant nie en behoort dus volgens Gutt se relevansieteorie (sien 2.5.3) liever uitgelaat te word. Die beeld van die lig is baie bekend, alhoewel kinders (ook die ouer groep) meestal nie weet hoe hulle nou eintlik hulle “liggie” moet laat skyn nie. Moore sluit die uittreksels uit die Bergpredikasie af met die Onse Vader-gebed. In hierdie hele gedeelte gebruik sy die woorde van die CEV.

Moore gee ook sommige van Jesus se gesprekke en redenasies weer. Sy vertel van Jesus se gesprek met Marta nadat Marta ontevrede was omdat Maria nie wou help met die kosvoorbereiding nie (Lukas 10:38–41). Sy vertel hoe Jesus 'n man op die Sabbatdag gesond gemaak het en die gesprek met die Skrifgeleerdes daarna (Lukas 13:10–7). In hierdie gedeeltes word kwessies opgehaal waarvoor volwassenes baie debatteer; of dit jong lesers sal interesseer, is 'n vraag. Moore sluit besprekings in oor kwessies wat nie werklik vir die jong kind van belang is nie, maar sy skryf in 'n styl wat tot hulle gerig is (kort sinne en eenvoudige

woorde). Hierdie teenstrydigheid kom op verskeie plekke in haar Kinderbybel voor. Na my mening sou nadenke oor vertaalteorieë oor die herskryf van tekste en ook die teorieë van Nida, Nord en Gutt oor die behoeftes van die doelleser moontlik tot ander besluite gelei het.

Laastens vertel sy ook heelwat gelykenisse van Jesus oor. Daar is die gelykenis van die saaiër met sy betekenis, die koninkryk van die hemel, die barmhartige Samaritaan, die verlore skaap, en die verlore seun. Sy gee geen interpretasie nie, behalwe waar Jesus dit self gedoen het. Die meeste kinders onder agt sal nie die simboliese betekenis van die gelykenisse self kan uitwerk nie, maar Moore is klaarblyklik van mening dat hulle die gelykenis self moet leer ken. Dit sluit aan by die doel van die Kinderbybel, naamlik om die Bybel te leer ken, maar sy is nie oral konsekwent ten opsigte van die kinderleser se vermoëns nie. Soms weerspieël sy heersende opvoedkundige opinies daaroor en sluit aan by die leser se leefwêreld, maar soms roer sy onderwerpe aan wat vreemd is aan hul leefwêreld en hulle dus nie werklik interesseer nie.

5.5.8 Doeltekstkultuur

Volgens ds. Lambert Jacobs⁷, boekredakteur van Lux Verbi, word Kinderbybels uitgegee met die kopers (die ouers, meestal ma's) in gedagte. Hulle moet van die boek hou, en hulle laat hulle veral lei deur die illustrasies wanneer hulle 'n Kinderbybel uitsoek. Die illustrasies moet "mooi" wees en bekend lyk, soos die prente in die Kinderbybels wat die kopers geken het en waarvoor hulle lief was. Kinderbybels wat te realisties – en dus nie "mooi" nie – of te "kunstig" is, verkoop volgens hom nie goed nie. Die uitbeelding van Jesus moet beslis ooreenstem met die ouer se beeld van Hom. Dit sluit aan by die feit dat alle Bybelvertalings met emosie beoordeel word. Dit is 'n deel van 'n mens se geloofservaring, en dit is belangrik dat dit aan die leser se verwagtings moet voldoen. Sy woorde bevestig ook Shavit (1986:63) se mening dat vertalings geneig is om ooreen te kom met reeds bekende vorms in die doelkultuur.

Moore se Kinderbybel sluit aan by bestaande, Amerikaanse konvensies ten opsigte van Kinderbybels wat betref die keuse van verhale, en die manier waarop die hoofkarakters van die verhale, gesagsfigure, vroue en kinders geteken word. Die wyse waarop sy die verhale vertel en die aksente wat sy plaas, is weer byna deurgaans in ooreenstemming met die Amerikaanse kultuursiening dat 'n mens gemeet word aan die mate van sukses wat jy behaal en dat sukses binne elkeen se bereik is. Dat daar inkonsekwentheid te bespeur is, dui moontlik daarop dat haar keuses onbewus gedoen is, en sy nie die kwessie van die doeltekstkultuur beredeneer en gemotiveerde besluite daaroor geneem het nie. Sy het bloot binne haar spesifieke kultuur

⁷ Tydens 'n persoonlike onderhoud gevoer in Mei 2007 in sy kantoor in Wellington.

opgetree en onbewuste kultuurkeuses gemaak, wat gelei het tot onbewuste maar sigbare manipulasie van haar teks.

5.5.9 Geloofskultuur

'n Belangrike aspek van die kultuur van die voornemende lesers (en voorlesers) van die Kinderbybel is die geloofskultuur waarbinne hulle funksioneer of wat die voorlesers aan hulle deur middel van die Kinderbybel wil oordra. Die paratekstuele gedeeltes van die *Read and Learn Bible* maak hoegenaamd geen dogmatiese of leerstellige uitsprake nie, behalwe om aan te voer dat die teks die “ware betekenis” van die Bybel aan die lesers sal verduidelik. Die vertaalteoretici van die Manipulasieskool wys egter by herhaling daarop dat geen vertaling die “ware” betekenis van 'n bronteks kan weergee nie (sien 2.2.3). Elke vertaling is 'n interpretasie wat in 'n spesifieke kulturele konteks ingebed is. En selfs voor hierdie sienings algemeen bekend geword het, het Nida al gesê dat 'n mens verskillende vertalings van een bronteks kan maak, en dat dit vir 'n vertaler bykans onmoontlik is om nie 'n vertaling te manipuleer om dit met sy eie kultuur of ideologie te laat ooreenstem nie (sien 2.5.1).

Die aannames van die parateks van die *Read and Learn Bible* is egter in ooreenstemming met die beleid van die Amerikaanse Bybelgenootskap (Marlowe 2005):

The purpose of the American Bible Society is to provide the Holy Scriptures to every man, woman and child in a language and form each can readily understand, and at a price each can easily afford. This purpose, undertaken without doctrinal note or comment, and without profit, is a cause which all Christians and all churches are urged to support. The Society is a member of the United Bible Societies, a partnership of Bible Societies throughout the world cooperating to make Scriptures available to people everywhere in their own language.

Die doel van die CEV, een van die verklaarde brontekste van die *Read and Learn Bible*, is egter juis om die bronteks te interpreteer en weer te gee sodat kinders en mense met 'n lae geletterdheidsvlak dit kan verstaan. Dit is, in Marlowe se woorde, “a highly interpretive Bible version” (2005). Volgens hom kan sulke vertalings dit hoegenaamd nie vermy om leerstellig te wees nie, aangesien hulle juis hulle lesers wil help om die Bybel “reg” te verstaan. Hy sê: “There is no use pretending that such help can be provided while avoiding any theological bias” (Marlowe 2005), en voer aan dat hulle liever die leser moet inlig dat hulle dit wel gedoen het. Ek is van mening dat die *Read and Learn Bible* ook noodwendig 'n bepaalde leerstellige uitgangspunt het omdat die skrywer die bronteks (Bybelteks) vir klein kindertjies interpreteer. Indien die skrywer en uitgewers kennis geneem het van die kwessie van lojaliteit, soos Nord

(sien 2.5.2.3) dit beskryf, sou hulle waarskynlik meer openlik oor hulle leerstellige uitgangspunte gewees het.

Geen interpretasie van die Bybel (ook nie die *Read and Learn Bible* nie) kan ondogmaties wees nie. Die skrywer van die verhale is deel van 'n bepaalde kultuur, waaronder 'n geloofskultuur. Nóg die Amerikaanse uitgewers nóg Eva Moore gee enige aanduiding van hierdie geloofskultuur waarbinne hulle funksioneer. Moore probeer onsigbaar wees (of die uitgewer probeer haar onsigbaar maak), iets wat volgens al die teoretici wat oor die kulturele wendings in vertaalstudie skryf, onmoontlik en ook ongewens is. Die vertaler speel 'n belangrike rol en moet bereid wees om verantwoordelikheid vir haar werk, interpretasie en uitgangspunt te aanvaar deur dit eksplisiet te beskryf en te motiveer. Indien die skrywer of uitgewer dit doen, weet ouers wat die basiese uitgangspunt van die betrokke Kinderbybel is, en kan hulle oordeel of dit by hulle geloofskultuur sal aansluit.

Die blote feit dat keuses uit die inhoud van die Bybel gemaak is, is 'n aanduiding dat 'n vertaler nie neutraal kan wees nie. Dat sekere gegewens uit 'n verhaal gekies word, beteken ook dat die Kinderbybel streng gesproke nie “korrek volgens die Bybel” is nie. Soos al die teoretici wat vertaling in die konteks van kultuur bestudeer, by herhaling sê: alle vertaling is herskrywe. Moore (2007:924–296) kies byvoorbeeld sekere aspekte van die Bergpredikasie om oor te vertel – die “goue reël”, hoe goeie dade gedoen moet word, die gelowige as lig, die vals profete, gebed. Waarom hierdie aspekte en nie ander nie? Wat wil sy hiermee te kenne gee? Waarom het sy byvoorbeeld die gedeelte uitgelaat dat die hemelse Vader vir mense sorg soos Hy vir diere en plante sorg? Dit is tog 'n aspek wat sy self in “Wenke vir ouers” sê vir kinders belangrik is. Waarom sê sy niks van naasteliefde, waaraan 'n groot gedeelte van die Bergpredikasie gewy word, nie?

Kyk 'n mens na die manier waarop Moore (2007:429) die instelling van die Nagmaal beskryf, is dit duidelik dat sy sekere keuses gemaak het. Sy vertel eers van Jesus se voorspelling dat Judas Hom sal verrai (wat die meeste ander Kinderbybels uitlaat), dan hoe Hy verduidelik dat Hy sal sterf, en hoe Hy die Nagmaal instel:

Jesus took some bread in his hands and blessed it. He picked up a cup of wine and gave thanks to God. He shared the bread and wine with the disciples. “This bread and wine are part of me. Take them as a way of remembering me.” Afterward, they sang a hymn and went out to the Mount of Olives.

Moore verbind glad nie die wyn en brood aan Jesus se dood nie. Volgens haar is dit 'n manier vir die dissipels om Jesus te onthou. Sy vermy dus alle leerstellige konsepte; 'n mens sou ook kon sê dat alhoewel sy dinge vermy wat verdeeldheid kan veroorsaak, sy ook die hele begrip van die sakrament verskraal deur die vermyding van 'n verband met Jesus se dood.

Jesus se opstanding word in meer detail as die kruisiging en Jesus se lyding vertel (Moore 2008a:430–446), en hierdie klem is in ooreenstemming met die Protestantse klem op die opstanding as Jesus se oorwinning oor die dood. Bloot deur haar keuse van materiaal verrai Moore hier wel 'n leerstellige houding.

Moore (2007:488–490) beskryf Johannes se visioen van die wederkoms van Jesus as volg:

John saw Jesus. He was wearing a long robe with a gold cloth wrapped around his chest. He was shining bright as the sun.

John fell at his feet. But Jesus put his right hand on John and told him, "Don't be afraid. I am the living one. I died, but now I live forevermore. I am coming soon! And when I come, I will reward everyone for what they have done. God will bless all who have done right. For them there will be no more death, suffering, crying, or pain. But those who have done evil will be thrown into a lake of burning fire."

Jesus showed John many visions of the future. Later, John wrote everything down in a book. At the end of the book he wrote, "So, Lord Jesus, please come soon! I pray that the Lord Jesus will be kind to all of you."

Johannes se visioen van Jesus is juis die een wat volgens Marlowe (2005:4) vir kinders te vreesaanjaend is. Moore se beskrywing is egter nie vreesaanjaend nie – sy laat daardie aspekte heeltemal uit. Dit is interessant dat sy hier ook niks van God se oordeel noem nie. In die res van die Kinderbybel is daar wel hier en daar sprake van God se straf (Adam en Eva word gestraf, God verdelg almal op aarde in die groot vloed en die Israeliete word in ballingskap weggevoer), maar die weglaat van sy finale oordeel is in ooreenstemming met haar keuse om meestal op die positiewe en optimistiese in die Bybelgegewe te konsentreer, en ook om slegs God se liefde en genade te beskryf en ander aspekte van sy wese uit te laat.

Die Bybelkarakters (met die uitsondering van enkeles soos Judas Iskariot) het geen negatiewe karaktereienskappe nie. As gevolg hiervan kan die kinderlesers die indruk kry dat gelowiges perfekte mense is. Dit is glad nie die Bybel se uitgangspunt nie. Josef se aandeel in sy broers se haatdraendheid kan gebruik word in 'n bespreking oor wedywing tussen broers en susters, maar dit word nie gedoen nie, om maar een voorbeeld te noem. Ander Bybelkarakters se sondes en oortredings kan gebruik word om God se genade te illustreer, en dit word ook nie gedoen nie.

Moore slaag dus nie daarin om haar Kinderbybel sonder enige leerstellige kommentaar of inhoud aan te bied nie. Alhoewel sy Bybelse gegewens dikwels sonder kommentaar weergee, is haar keuse van materiaal en die manier waarop sy dit aanbied reeds 'n ideologiese standpunt, en dikwels ook 'n Christelik-leerstellige een.

5.5.10 Domestikering

Die Bybel is geskryf in 'n kultuur wat baie ver verwyderd is van dié van sy moderne lesers. Nida was oortuig daarvan dat die Bybel met sy vreemde kultuur na die lesers gebring moet word; terwyl die meeste vertaalteoretici vandag van mening is dat die skopos van die doeltteks die mate van domestikering van die teks moet bepaal.

Wanneer die Bybel met kinders moet kommunikeer, is dit dus belangrik om te besluit wat die funksie van die doeltteks is, en in watter mate die Bybelverhale dus gedomestikeer moet word. Moore se vertaling vertel die verhale in eenvoudige, bekende taal en probeer glad nie om die vreemdheid van die Bybelse kultuur te onderstreep nie. Soos die meeste Kinderbybels is hierdie een egter 'n vermenging van domestikering en vervreemding, maar ongelukkig verduidelik nog die skrywer nog die uitgewer die manier waarop dit gedoen is of die redes waarom dit gedoen is. Die *Read and Learn Bible* verklaar glad nie enige kulturele of ideologiese uitgangspunt nie; 'n mens moet dit uit die teks en illustrasies aflei.

Moore domestikeer na die leefwêreld van die Amerikaanse kind deur byvoorbeeld haar karakters jonger te maak en deur negatiewe elemente van die gekose verhale uit te laat, sodat haar verhale in aansluiting by heersende opinies oor kinderliteratuur en kinderopvoeding optimisties is. Sy beklemtoon ook tipiese Amerikaanse waardes, soos in die verhaal van Rut (haar goeie karaktertrekke word met 'n huwelik beloon), en Josef en vele ander protagoniste van verhale (sukses is binne elkeen se bereik) en haar keuse van Spreuke (gehoorsaamheid aan ouers word beklemtoon).

Moore moderniseer geen gegewens in haar verhale nie. Die enigste moderne verwysings word in die voetnote gevind, waar die ark se lengte met 'n voetbalveld vergelyk word, en waar sy ook moderne name vir Bybelse plekke gee of aandui dat Joodse feeste steeds gevier word. Omdat die volwasse lesers weet en kinderlesers gou leer (veral uit die illustrasies) dat hulle met 'n kultuur van lank gelede te doen het, kom enige modernisering meestal steurend voor.

5.6 Gevolgtrekking

Fernández Lopéz (2006:44) se bevinding dat kinderliteratuurtekste “onstabiel” is en in vertaalde vorm algaande verander, is volgens haar meestal 'n ideologies gedrewe proses (sien 4.4.4). Wanneer 'n mens die teks van die *Read and Learn Bible* analiseer ter voorbereiding van die vertaalproses word dit duidelik dat daar ook hier 'n vormverandering plaasvind, en dat die herskrywer/oorverteller se keuses meestal ideologies begrond kan word.

Lefevere (1985:237) voer egter aan dat vertalers dikwels minder invloed het op die voorkoms van die doelteks as die uitgewers en projekbestuurders, wie se besluite hoofsaaklik deur markkragte bepaal word (sien 2.2.3.7). En dit is hierdie markkragte wat dikwels daartoe lei dat die teks herskryf word om by die heersende kultuur aansluiting te vind. Dollerop (2003:90-92) sluit hierby aan, en sê dat sodanige herskryf nie beteken dat die vertaler dislojaal teenoor die bronteksskrywer is nie, maar bloot dat die “cultural incompatibility” van die bronteks verbeter word. Vir hom is dit “the adjustment to new target cultures and target epochs in which some of the morals and beliefs in old stories would be incomprehensible and perhaps even considered reprehensible” (Dollerop 2003:91). Dit is presies wat Bottigheimer (2005) beweer deur die eeue in alle Kinderbybels gedoen word, en wat ’n mens ook in Moore se Kinderbybel bespeur. Vir Dollerop word dit weens ekonomiese redes gedoen, en daarom hoofsaaklik deur uitgewers vereis; vir Bottigheimer het dit meer te doen met die heersende kindbeskouing en wat opvoeders meen kinders moet leer.

Oittinen (2006:40) sien hierdie tipe herskryf as beide positief en negatief. Dit is positief as die doelteks daardeur optimaal funksioneel sal wees, maar negatief wanneer die vertaalde teks ’n sekere opvoedkundige of politieke doel moet dien. Aangesien Kinderbybels meestal ’n uitgesproke opvoedkundige doel of funksie het (soos ook die geval is in Moore se Kinderbybel), en ’n mens selfs kan sê dat dit hul vernaamste funksie is, sou ’n mens die herskryf van die bronteks in ’n negatiewe of positiewe lig kon beoordeel. Moore het in elk geval haar teks herskryf met sekere opvoedkundige doelwitte van die uitgewers (uiteengesit in die voorwoord en op die agterblad) in gedagte.

Daarby is Moore se herskryf van die bronteks ook uiteindelik beïnvloed deur haar kindbeskouing en heersende opvoedkundige gebruike (sien 3.6). Heersende konvensies vir Kinderbybels het ook ’n rol gespeel in Moore se keuses, en haar keuses is meestal presies volgens daardie konvensies. Sy het dit moontlik gedoen omdat Kinderbybels ’n sekondêre posisie in die literêre polisteesem inneem (dit word as nóg kinderliteratuur nóg teologie nóg onderwysmateriaal gesien), maar die keuses volgens die vorm en inhoud wat reeds in die doelkultuur (die Amerikaanse kultuur in die geval van die *Read and Learn Bible*) aanvaarbaar bewys is, het waarskynlik ook veel te doen met markkragte en die uitgewer se besluite oor hoe ’n Kinderbybel moet lyk wat goed sal verkoop.

Kinderliteratuur word vandag steeds deur die meeste volwassenes beskou as ’n manier om kinders te onderrig en op te voed, en godsdienstige en morele waardes oor te dra (Lathey 2006a:6, sien ook 3.5). Kulturele sienings oor wat kinders moet en/of mag leer, lei tot sensurering van die bronteks, en omdat Kinderbybels so ’n belangrike draer van godsdienstige waardes is, kies die herskrywers/vertalers die materiaal uit die bronteks wat die waardes kan oordra wat hulle as belangrik ag. Moore se keuse van materiaal is dus ook waardegedrewe, en

die wyse waarop die elemente wat sy gekies het, gerangskik en oorgedra word, weerspieël die spesifieke waardes wat sy wil oordra.

Shavit vind dat spesifieke sienings oor opvoeding tot die herskryf van kinderliteratuur lei. “The basis for the textual revisions are assumptions held by the editors about childhood, especially about *the child’s capacity to understand and the themes to which he should be exposed*” (Shavit 1986:28; kursivering deur die skrywer). Die herskryf vind dan veral plaas met betrekking tot karakterisering, onvanpaste gebeure en die sosiale norme wat die teks veronderstel. Sosiale norme in die bronteks word ook herskryf om by dié van die doelkultuur te pas en gebeure wat as onvanpas gesien word, word eenvoudig verander of selfs uitgelaat (Shavit 1986:29). Soos in hierdie hoofstuk aangedui is, is dit presies wat Moore gedoen het toe sy haar *Read and Learn Bible* geskryf het.

Herskrywing is “the adaptation of a work of literature to a different audience, with the intention of influencing the way in which that audience reads the work” (Hermans 1999:127). Alhoewel Moore haar bronteks herskryf het, kry sy nêrens die geleentheid om haar keuses te verduidelik of te motiveer nie. Die manier waarop die teks die lesers beïnvloed, word verberg, en dit is juis teen hierdie soort “oneerlikheid” wat Lefevere (sien 2.2.3.7) dit het en waarom hy meen dat ’n vertaling eksplisiet moet sê wat dit wil doen.

So ’n “koverte” domestikerende vertaling word gekritiseer “for the exclusionary impact it can have on source culture values” (Hatim 2001:46). Stereotipes en spesifieke persepsies van die bronkultuur word dikwels deur so ’n vertaling bevestig en versterk. Dit kan ongelukkig maklik in hierdie vertaling gebeur.

Toe ek die *Read and Learn Bible* in Afrikaans moes vertaal, het ek geen vryheid gehad om die teks op makro-vlak te herskryf nie, aangesien die twee tekste ’n koproduksie was, en die Afrikaanse teks presies net so lank as die bronteks moes wees, en in dieselfde vorm geset sou word. Die illustrasies het ook dieselfde gebly.

Na aanleiding van die vertaalopdrag, my analise van die bronteks en ook nadenke oor die insigte van vertaalteoretici wat hulle besig hou met die manipulering van die bronteks, het ek egter die bronteks in verskeie opsigte manipuleer, sodat dit kon aansluit by die eise van die vertaalopdrag (soos ek dit na aanleiding van my analise geformuleer het). Na aanleiding van die kulturele konteks waarin die doelteks sal funksioneer, het ek ook bepaalde besluite ten opsigte van die manipulering van die bronteks gemaak.

In hoofstuk 6 word die doelteks, die *Lees-en-Leer Bybel*, ondersoek om te beskryf in watter mate ek die teks manipuleer het om ’n funksionele vertaling te verskaf wat hopelik optimaal in sy gegewe doelkultuur en vir sy doellesers sal funksioneer.

Hoofstuk 6

Die herskryf van die doelteks

6.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die voorbereidingsfase van die vertaalprojek beskryf, en daar is aangetoon hoe vertaalteorieë die interpretasie van die vertaalopdrag sowel as die analise van die bronteks verruim. Eerstens is die vertaalopdrag bestudeer, en sekere afleidings ten opsigte van die vertaalproses is hieruit gemaak. Die funksie van die bronteks is daarna bepaal, en die wyses waarop die skrywer¹ haar doelwitte verwesenlik het, is ondersoek. Paratekstuele elemente soos die voorblad, voorwoord en agterblad-opmerkings is noukeurig ondersoek. Die keuse van temas en verhale, die mate van uitbreiding, reduksie, herformulering en transposisie, die invloed van ideologie op die skrywer se keuses, en die mate van vervreemding en domestikering wat plaasvind, het onder die loep gekom. Met behulp van vertaalteorieë wat vertaling as herskrywing beskryf, is aangetoon hoe die skrywer van die bronteks haar teks gemanipuleer het en hoe haar kulturele konteks haar keuses en strategieë bepaal het, alhoewel sy dit nêrens beskryf of motiveer het nie.

In hoofstuk 6 word daar aangetoon hoe die kennis wat in die voorbereidingsfase opgedoen is, toegepas is deur 'n volledige vertaalopdrag te skryf en dan hoe dit tot sekere vertaalkeuses en -strategieë gelei het. Daar word beskryf in watter mate die funksie van bron- en doelteks ooreenkom of verskil, en op watter maniere die funksie van die doelteks die herskryf van die teks bepaal het. Besluite ten opsigte van verskillende aspekte van die vertaling wat deur vertaalteorieë bepaal is, word beskryf en met voorbeelde toegelig.

¹ Alhoewel Moore volgens manipulasieteorieë die vertaler of dan herskrywer en nie die skrywer van die Engelse Kinderbybel was nie, word sy die skrywer genoem om verwarring met die vertaler van haar teks te voorkom.

6.2 Vertaalopdrag

Die vertaalopdrag van die Bybelgenootskap (sien Bylae 1) was kort en bondig:

- target audience: children (6-12 years)
- purpose: teach them about the Bible through simple story-telling
- please use the same spelling of names and vocab as in the NAV Bybel 1983

Na 'n analise van die bronteks waartydens die manipulasieteorie van vertaling en ook die insigte van skrywers oor Bybelvertaling in ag geneem is (die proses is beskryf in hoofstuk 5), is die vertaalopdrag soos volg geformuleer:

1. Maak 'n antieke bronteks vir hedendaagse kinders verstaanbaar en relevant. Gebruik 'n bestaande Kinderbybel as intermediêre bronteks.
2. Vertaal die teks vir ses- tot agtjarige Afrikaanse kinders. Taal en styl moet dus eenvoudig wees.
3. Die teks moet geskik vir sowel voorlees as selflees wees. Gebruik kort woorde en eenvoudige sinne, maar hou die teks vloeiend sodat dit maklik hardop geles kan word. Wissel sinsvorme af; oppas vir verveling.
4. Gebruik die *Read and Learn Bible* as bronteks, maar kontroleer alles met die teks van die NAV, en volg laasgenoemde in gevalle waar die twee tekste verskil.
5. Die eis van Skrifgetrouheid is vir die uitgewers belangrik.
6. Die verskillende vertalings is 'n koproduksie; die doelteks moet dus so min moontlik afwyk van die bronteks en so ver moontlik dieselfde lengte hê. Motiveer elke geval van herskryf uit die teorie.
7. Sien die skrywer se kulturele konteks raak en herskryf die teks vir 'n nuwe kulturele konteks waar nodig.
8. Wees bedag op leerstellige kwessies, vermy kontroversiële sake, maar herskryf (waar nodig) vanuit 'n Protestantse, spesifiek gereformeerde oogpunt. Erken en motiveer dit.
9. Die teks moet by die illustrasies pas, en kan dus nie te ingrypend herskryf word nie. (Ek het nie die illustrasies ter insae gehad nie, en moes my dus op die bronteks alleen verlaat.)
10. Een van die opvoedkundige doelstellings van die teks is inligting oor die historiese konteks van die verhale. Kontroleer dus dat feite korrek is, maar ook relevant vir die kinderleser (waar moontlik).

Die analise van die bronteks na aanleiding van verskillende teoretiese insigte het my in staat gestel om die aanvanklike vertaalopdrag uit te brei en my te vergewis van die eise en spesiale

uitdagings van die projek. Die teorieë van die manipuliste en Bybelvertalers het my egter ook in staat gestel om oplossings vir sommige probleme te vind, om gemotiveerde vertaalstrategieë uit te werk, en 'n mate van insig te verkry in die prosesse wat plaasgevind het by die skryf van die bronteks en wat moontlik sou plaasvind by die herskryf/vertaal van die teks. Dit het my ook bedag gemaak op die onbewuste invloed wat my eie kulturele en ideologiese konteks op die vertaal van die bronteks sou uitoefen.

Die grootste beperkings waaronder ek moes werk, was die eis van Skrifgetrouheid en die eis om tegelyk na aan die bronteks te bly, die doelteks in die bestaande ruimte te laat inpas en ook die teks by die illustrasies te laat pas. Hierdie twee beperkings moes deurentyd teenoor mekaar gebalanseer word.

6.3 Paratekstuele elemente van die doelteks

6.3.1 Voorblad, agterblad en voorwoord

Toe ek die vertaling gedoen het, het ek nie die voorblad, agterblad of voorwoord van die doelteks ter insae gehad nie. Ek het aangeneem dat dit min of meer dieselfde as dié van die Engelse teks sou wees (omdat die twee 'n koproduksie is), en het my dus op daardie teks verlaat om 'n nuwe vertaalopdrag te skryf.

Uit die oorspronklike vertaalopdrag kon ek aflei dat die eis van getrouheid aan die Bybel so belangrik sou wees dat ek waarskynlik nie die herskryf van die teks in die doelteks sou kon motiveer nie. Indien die algemene gebruik by Kinderbybels gevolg sou word, sou die klem val op die Bybelse bron van die teks en sou die menslike herskrywers en teksmanipuleerders so ver moontlik op die agtergrond geskuif word, en dit het in der waarheid gebeur.

6.3.2 Voetnote

In die bronteks is voetnote in 'n kassie onder aan die bladsy geplaas. Die vertalings moes dus telkens in hierdie ruimte pas, en voetnote kon nie uitgelaat of bygevoeg word nie. Die doel van die voetnote is om lesers te help om die vreemde, antieke kultuur van die bronteks te verstaan en sodoende die teks beter te begryp. Dit moet "diepte" by die stories voeg (Moore 2008a:Voorwoord), en belangrike opvoedkundige inligting gee wat die "ware betekenis" van die Bybel sal verduidelik (Moore 2008a:Agterblad). Aangesien 'n mens kan debatteer oor die ware betekenis van die Bybel, het ek die voetnote behandel as bykomende inligting en probeer om

dit, gegewe die beperkings wat op my gelê is, so relevant moontlik vir die doellesers te maak (sien 2.5.3).

Ek het byvoorbeeld die taal vereenvoudig waar moontlik. Vir 'n agtjarige is dit tog nie nodig om te sê 'n dorp "is geleë" in 'n land nie, en daarom word "The ancient city of Babylon was located in the country now called Iraq" (p. 28) net "Die ou stad, Babilon, was in die land wat ons vandag Irak noem." Die volgende sin het ook 'n onnodig moeilike konstruksie: "A town in the Roman province of Galilee, it was Jesus' home during his early youth" (p. 267). Ek het dit dus vertaal met: "Nasaret was die dorpie in die provinsie Galilea waar Jesus grootgeword het." Ook die woord "food shortage" of "voedseltekort" is na my mening onnodig moeilik vir 'n agtjarige kind wat pas begin lees het. "A famine is a drastic, wide-reaching food shortage" (p. 73) is dus vertaal met "As daar 'n hongersnood is, is daar oral heeltemal te min kos."

Die volgende geografiese inligting is na my mening ook bo 'n agtjarige se vuurmaakplek. Hoeveel volwassenes weet immers waar Burundi is, al woon hulle in Afrika? Hierdie sinskonstruksie, wat Moore by herhaling in voetnote gebruik, is ook moeilik vir 'n agtjarige: "The longest river in the world, the Nile flows about 6,677 km (4,150 mi) through eastern Africa from its most remote source in Burundi to a delta on the Mediterranean Sea in northeast Egypt" (p. 78). Ek het die sin probeer vereenvoudig en ekstra inligting ingevoeg om Burundi se ligging te verklaar: "Die Nyl is die langste rivier in die wêreld. Van sy bron in Burundi in Midde-Afrika loop die Nyl vir ongeveer 6 677 km deur Oos-Afrika tot by 'n delta in die noordooste van Egipte. Daar loop dit uit in die Middellandse See." By nabetraging sou ek die inligting egter nog meer vereenvoudig het vir die jong lesers van die teks (sien bylae 2 vir 'n opsomming van kinders se kognitiewe ontwikkeling): "Die Nyl is die langste rivier in die wêreld. Dit begin baie ver van Egipte af in 'n oerwoud in die middel van Afrika. Dit loop duisende kilometer tot in Egipte, en dan loop dit deur die hele land tot by die see. Die meeste mense van Egipte woon langs die Nyl, want die res van die land is 'n woestyn." Hierdie herskryf kan baie maklik gemotiveer word deur Nord se sienings omtrent die nuwe funksie van die teks (2.5.2), Venuti se insigte oor domestikering (sien 2.3), manipulasieteorieë oor herskryf vir 'n nuwe kulturele konteks en doellesers (sien 2.2.3.7), en ook Gutt se relevansieteorie (2.5.3). Die uitgewers en opdraggewers het egter geensins met so 'n mate van herskryf akkoord gegaan nie.

Die bronteks verduidelik die Tien Gebooie as deel van 'n etiese stelsel, iets wat vir agtjariges heeltemal te abstrak is om te verstaan. Ek het dus weer eens vereenvoudig. "Also called the Ten Commandments, these laws have an important place in the ethical systems of Judaism, Christianity, and Islam" (p. 111) word bloot "God se wette word ook die Tien Gebooie genoem. Die wette verduidelik hoe 'n mens behoort te lewe."

Moore gebruik graag die passiefkonstruksie, maar vir agtjarige wat pas begin lees het, is dit baie moeilik. Moore se voetnoot oor Dawid se slingervel lui: “A sling was a band of leather used as a weapon. To use it, a rock was put on the band, and it was then swung overhead. When one strap was released, the rock would fly out” (p. 158). Ek het hier die aktiewe vorm vir die doeltteks gekies: “’n Slingervel is ’n leerstrook wat die wagters gebruik het om wilde diere weg te jaag. ’n Mens sit ’n klip in die vel en swaai die vel vinnig bokant jou kop aan sy twee punte in die rondte. As jy een punt laat los, vlieg die klip deur die lug.”

Moore verduidelik soms begrippe en woorde wat eintlik in Afrikaans geen verduideliking nodig het nie. In die Suid-Afrikaanse kultuur is boerderybegrippe byvoorbeeld nog redelik bekend, en ’n Suid-Afrikaanse lesertjie het waarskynlik nie ’n verduideliking nodig van wat ’n skaapwagter of ’n ram is nie. In die eerste geval het ek dus slegs verduidelik hoe die skaapwagters hulle skape versorg het, en in die tweede geval die verwysing na manlike skape bloot uitgelaat: “People who cared for flocks of sheep or goats. They often wandered from place to place, living in tents, and, sometimes, in villages” (p. 254) word “Die skaapwagters van daardie tyd het baie keer saam met hulle diere van plek tot plek getrek. Hulle het in tente en partykeer in dorpie gewoon.” en “The Israelites used the horns of rams (male sheep) as trumpets” (p. 123) word “Die Israeliete het ramme se horings vir trompette gebruik.”

Soms was dit nodig om die teks te domestikeer sodat die inligting daarin vir Suid-Afrikaanse lesers relevant kan wees. Moore verduidelik dat die lengte van Noag se ark “about the length of one-and-a-half American football fields” (p. 22) is. Navorsing op die internet het aan die lig gebring dat ’n Suid-Afrikaanse rugbyveld omtrent dieselfde lengte het as die Amerikaanse veld, en dus was dit maklik om die doeltteks te verander na ’n meer bekende vergelyking: “Die ark was omtrent so lank soos een en ’n halwe rugbyveld.”

In een geval het ek ’n ekstra Afrikaanse idioom ingevoeg wat streng gesproke nie nodig was nie, maar die teks daarmee ’n spesifiek Suid-Afrikaanse kleur gegee. Die voetnoot oor die naam “Babel” lui in die bronteks so: “The word “Babel” comes from the Hebrew word for “confused” (balal). In English, “babble” means to talk too much or to make meaningless sound” (p. 32). Ek het die voetnoot so vertaal: “Die naam ‘Babel’ klink amper soos die Hebreeuse woord ‘balal’ wat ‘deurmekaar’ beteken. En ons woord ‘babbel’ beteken om aanmekaar te praat, meestal oor onbelangrike dinge. ’n Babelse lawaai is ’n deurmekaar, harde geraas.” Alhoewel die teks langer as die Engelse voetnoot is, het die redigeerder dit so aanvaar. Ek sou die verduideliking van “babbel” uitgelaat het, maar dit was weer eens te ver van die bronteks vir die redigeerder.

In sommige voetnote word terme gebruik waarvoor daar nie bekende Afrikaanse ekwivalente is nie, soos “clan” (p. 48), “fraternal twins” (p. 51), en “magi” (p. 261) as alternatiewe naam vir

“wise men”. Hier het ek die begrip omskryf met ander woorde, soos “familiegroep” vir “clan”, deur te sê Jakob en Esau was “nie ’n identiese tweeling nie”, en deur bloot van sterrekykers te praat. Wanneer Moore die Purim-fees verduidelik, vertel sy dat die kinders vandag “noisemakers” (p. 226) gebruik, en daar het ek net verduidelik dat kinders “’n groot geraas” maak.

Sommige uitdrukkings wat Moore gebruik, is deel van die algemene Amerikaanse kultuur, maar bestaan nie as sodanig in die Afrikaanse konteks nie. In die verhaal van Jakob se droom by Bet-El verduidelik Moore dat die leer wat Jakob sien, “Jacob’s Ladder” (p. 57) genoem word. Hierdie begrip bestaan glad nie in die Afrikaanse kultuurkonteks nie, en daarom het ek die voetnoot uitgelaat. Dit is so aanvaar, en die kassie het uit die teks verdwyn. Sy noem die gebod van naasteliefde die “Golden Rule” (p.360). Volgens *Brewer’s Dictionary of Phrase and Fable* is die goue reël egter “Do as you would be done by” (dit het ook ’n Bybelse oorsprong, naamlik Matteus 7:12), en daarom het ek die Afrikaanse teks hier heeltemal herskryf na “Ons noem hierdie wet [oor die naasteliefde] ook die ‘tweede gebod.’”

Moore raak verskeie leerstellige kwessies in die voetnote aan wat later in die hoofstuk bespreek word. Deur dit in voetnote te plaas, dui sy egter aan dat sy inligting gee wat nie eksplisiet in die bronteks voorkom nie.

Alhoewel ek moes werk volgens die beperkings wat die formaat van die boek op my gelê het, het ek nogtans probeer om die inligting in die voetnote so relevant moontlik vir die lesers te maak, eerstens deur die taal te vereenvoudig en tweedens deur die verduidelikings waar nodig ’n Suid-Afrikaanse konteks te gee. My besluite word gemotiveer deur vertaalteoretici wat meen ’n vertaling moet altyd vir sy nuwe sosiokulturele konteks herskryf word.

6.4 Herskryf van die doeltteks

Die beperkings wat die professionele persone betrokke by die projek (sien 2.2.3.7) op my gelê het, het beteken dat die doeltteks presies net so lank soos die bronteks moes wees, en dat dit ook moes pas by die (ongesiene) illustrasies.

Die funksie van die doeltteks, soos ek dit in die vertaalopdrag geformuleer het, het egter vereis dat ’n mate van herskryf plaasvind. Vervolgens dan ’n bespreking van die vernaamste vorms van herskryf, saam met ’n motivering vanuit die vertaalteorie daarvoor.

6.4.1 Taalvlak van die lesers

Die taal van die doeltteks moet eenvoudig en die sinne kort wees sodat beginnerlesers dit kan lees. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die teks ook vir voorlees geskik moet wees en dus 'n vloeiende ritme moet hê. Daarom het ek besluit om nie deurgaans van baie kort sinne gebruik te maak nie, maar ook eenvoudige voegwoorde te gebruik. Ter wille van die Afrikaanse kulturele en godsdienstige konteks het ek besluit om die gebruiklike Afrikaanse “godsdienstaal” te gebruik en tipiese Amerikaanse godsdiensterme vermy.

6.4.1.1 Idiomatiese Afrikaans

My doel was om idiomatiese maar eenvoudige Afrikaans te gebruik, 'n redelik voor die hand liggende taak. Ek gee enkele voorbeelde ter illustrasie. “The clouds came and the rain started to fall” (p. 24) word “Dit het bewolk geword en begin reën”. “The earth was flooded” (p. 24) word “Die hele aarde was onder water”. “God told him to take his brother, Aaron, with him to speak for him” (p. 84) is vertaal as “Die Here sê toe hy moet sy broer, Aäron, saamneem om die praatwerk te doen”, en “Martha was running around preparing a meal” (p. 369) met “Martha was baie besig, want sy moes die kos klaarmaak.”

6.4.1.2 'n Teks vir voorlees

Sommige van die kort sinne van die bronteks het 'n baie *staccato*-agtige ritme. Omdat die doeltteks waarskynlik dikwels voorgelees sou word, het ek probeer om dit 'n meer vloeiende ritme te gee (Dollerop 2003:88, sien ook 3.7.3.5).

Soms is die invoeg van een woord soos “natuurlik” of “toe” voldoende: “Die vrou was natuurlik die baba se eie ma, Jochebed” (p. 79) vir “The woman was her mother, Jochebed” en “Toe hoor hy 'n stem wat uit die bos kom” (p. 82) vir “A voice came out of the fire.”

In ander gevalle is 'n paragraaf herskryf en sinne bymekaargevoeg. “The king could see them walking around in the flames. He saw another shape in the fire, too. The king knew that this must be an angel. He called to them, ‘You servants of the Most High God, come out at once!’” (p. 214) word dus “Die koning kon sien hoe hulle daar in die vlamme rondloop. Hy sien ook nog iemand by hulle in die vuur, en hy het besef dat dit 'n engel is. Hy roep toe: ‘Kom uit, julle dienaars van die allerhoogste God!’”

Nog 'n voorbeeld kom in die verhaal van Daniël voor. Die bronteks lui: "The new king, Darius, divided the country into many states. Each state had a governor. Darius needed someone to rule over all of the governors. He needed a person who was wise and honest. He chose Daniel" (p. 217). Die doeltteks se sinne is effens langer: "Darius, die nuwe koning, het die land in 'n klomp provinsies verdeel, en in elkeen 'n goewerneur aangestel. Toe wou hy 'n wyse en eerlike persoon oor al die goewerneurs aanstel. Die man wat hy vir hierdie werk gekies het, was Daniël."

6.4.1.3 Die volgorde van gebeure

In enkele gevalle het ek ter wille van die begripvlak van die jong doellesers die volgorde van die gegewens in die bronteks verander na 'n chronologiese volgorde. Een voorbeeld uit Josef se verhaal illustreer die beginsel. In die verhaal in die doeltteks spring die vertelling rond in die tyd. Die broers lewer kommentaar oor Josef, en dan word vertel waar hulle is en dat Josef in aantog is. Daar word eers vertel dat die broers Josef verkoop en dan dat hulle op 'n vroeër stadium sy klere uitgetrek het. Die tydsverloop verskil ook in die bronteks en in die NAV. In die doeltteks is die gebeure chronologies (en soos in die NAV) gerangskik.

"Here comes that dreamer!" Joseph's brothers were out in the fields, looking after the goats and sheep. They saw Joseph coming. "It's time we taught him a lesson," his brother Levi said. When Joseph reached the camp, the brothers grabbed him. They threw him into a deep pit.

"What should we do with him?" Judah asked. Just then, some traders came along. They were on their way to Egypt. The brothers sold Joseph to the traders for twenty pieces of silver. But first they tore off Joseph's fancy coat. The traders took him away in chains to be a slave" (p. 69-70).

Josef se broers was eenkeer in die veld besig om bokke en skape op te pas toe hulle Josef sien aankom. "Hier kom daardie dromer!" sê hulle.

"Dis tyd dat ons hom 'n les leer." Toe Josef by hulle kom, gryp hulle hom. Hulle trek sy mooi klere uit en gooi hom in 'n diep, droë put.

"Wat sal ons nou met hom doen?" vra Juda. Net toe kom daar handelaars verby, op pad Egipte toe. Die broers verkoop Josef toe vir twintig stukke silwer aan hulle. Die handelaars het hom saam met hulle na Egipte toe geneem.

Die detail omtrent die kettings waarmee Josef vasgebind word, het ek uitgelaat omdat dit nie in die betrokke hoofstuk in die NAV voorkom nie.

6.4.1.4 Woordspeling en beeldspraak

Woordspeling wat in die bronteks goed werk, werk nie noodwendig in die doeltteks nie. Moore gebruik die woord “Passover” om die betekenis van die Paasfees in ’n voetnoot te verduidelik: “The name Passover refers to the fact that God passed over the houses of the Israelites in killing the firstborn of Egypt” (p. 92). Hier het ek eenvoudig die betekenis verduidelik: “Die Paasfees is een van die belangrikste feeste van die Joodse mense. Dan dink hulle aan die dag toe die Here hulle gespaar het toe al die oudste seuns van Egipte dood is.” Ongelukkig het die verbintenis van die fees met die verlossing uit Egipte met hierdie verduideliking verlore gegaan. Alhoewel ek voorgestel het dat dit in die voetnoot bygevoeg word, is dit nie gedoen nie.

In die gedeelte met wenke vir ouers agter in die boek word die verhaal van Rut gebruik om die beginsel van lojaliteit te bespreek. Moore noem die gedeelte “Stick together” (Parent page #20) en verduidelik die beginsel na aanleiding van die eienskappe van magnete en Velcro. Die uitdrukking “saamstaan” het goed gewerk om lojaliteit te verduidelik, en het slegs in die paragraaf oor magnete en Velcro effens geforseerd voorgekom. Moore het by ’n paar geleenthede “stick together” in aanhalingstekens gebruik om aan te dui dat sy met ’n beeld werk. “Saamstaan” kon daar sonder aanhalingstekens gebruik word, en ek het toe magnete en Velcro se eienskap om aan mekaar vas te klou met “saamstaan” in aanhalingstekens vertaal.

It’s fun to “stick together” through good times and bad times [...] That is one of the key lessons in Ruth 1-4, as Naomi and Ruth “stick together” in good times and bad times. Discuss how other things stick together, like magnets, or Velcro.

Dit is goed om deur goeie en slegte tye saam te staan [...] Dit is een van die vernaamste lesse van die boek Rut. Rut en Naomi het deur dik en dun saamgestaan. Bespreek hoe party dinge soos magnete en Velcro “saamstaan”.

Ek kon die beeld ook na die einde toe deurtrek, en daarmee moeilike en abstrakte begrippe in die bronteks vereenvoudig:

To close, think of people in your family’s life who have stuck together and who have supported your family. Promise each family member that you will stick with him or her through the coming week. Remember to thank Naomi and Ruth for being great models of friendship and hope for each of us.

Sluit af deur te dink aan mense wat saamgestaan het om julle gesin te help. Belowe mekaar dat julle in die komende week sal saamstaan. Onthou om die Here te dank vir die voorbeeld van Naomi en Rut wat ons wys hoe om mekaar te help en saam te staan.

Hierdie voorbeeld illustreer ook ’n teologiese (en kulturele) verskil tussen die Amerikaanse en Afrikaanse lesers. Die Amerikaanse lesers word aangesê om Rut en Naomi te bedank omdat hulle ’n goeie voorbeeld stel, maar in die Suid-Afrikaanse konteks sal ons die lesers aansê om God te dank vir die voorbeeld van die twee vroue.

6.4.1.5 Godsdiensttaal

Elke geloofsgroepering het 'n eie taal, met kenmerkende uitdrukkings en segswyses. Juis omdat die Amerikaanse godsdiensttaal baie bekend is in Suid-Afrika (en dikwels onveranderd hier gebruik word), moet 'n vertaler na my mening daarop bedag wees om liever tipies Afrikaanse godsdienstige segswyses te kies. Moore gee byvoorbeeld Jesus se woorde soos volg weer: "I will teach you how to bring in people instead of fish" (p. 280). Sy sê ook oor die Israeliete: "As time went by, they forgot their duty to God" (p. 126) en: "At last, they cried out to God for help" (p. 126). In al die gevalle het ek 'n meer tipies Afrikaanse segswyse gekies: "Ek sal julle leer hoe om mense *te vang*, nie vis nie" (in aansluiting by "vissers van mense", 'n welbekende uitdrukking in kinderbediening in die Afrikaanse konteks), "Hulle het stadigaan ook vergeet *hoe God wil hê hulle moet lewe*" en "Eindelik het hulle die Here *gevra* om hulle te help."

6.4.1.6 Moderne taal

Volgens Nida en De Waard is dit belangrik om die kulturele konteks van Bybelse tye korrek weer te gee. As die Bybel skryf dat die son stilstaan, moet die vertaler dit net so oordra en nie die teks verander na "die aarde het ophou draai" of iets dergeliks nie (De Waard en Nida, 1986:25). Moore het egter soms haar teks op verrassende maniere gemoderniseer. Omdat dit nie dikwels voorkom nie, is dit waarskynlik onbewus gedoen. In elke geval het ek die teks van die NAV gevolg, en die anachronisme uitgehaal. Twee voorbeelde van maniere hoe Moore terme gebruik wat in die Bybelse tyd onbekend was, met die Afrikaanse teks daarna, is:

Jesus was in the back of the boat with his head on a pillow. He was asleep (p. 304).
Jesus het agter in die boot gelê en slaap.

"Sir," she answered, "I have only one small bottle of olive oil" (p. 191). "Meneer," sê die vrou, "ek het net 'n klein kannetjie olyfolie."

Alhoewel die "kannetjie olyfolie" streng gesproke 'n "kruikie vol olie" moet wees, het die vrou volgens die NAV (2 Konings 4:2) 'n erdekannetjie vol olie gehad, en daarom het ek die woord "kannetjie" gebruik al kom dit vir my ook anachronisties voor.

Moore verander die slawe van die Bybel in bediendes: "He had servants" (p. 44). In die verhaal oor Jesus se wonderwerk in Kana word daar ook van "servants" (p. 285) gepraat. Hier het ek gemeen dat 'n mens liever by die feite moet bly, en ek het dus die bediendes slawe gemaak. In navorolging van die NAV het die "servants" by die troue egter "kelners" geword.

Tydens die intog in Jerusalem roep die mense uit: "Hooray! God bless the one who comes in the name of the Lord. God bless the king of Israel!" (p. 408). Ek het die moderne uitdrukking

daargelaat en die woorde van die NAV gebruik: “Jesus is die Seun van Dawid! Prys Hom wat in die Naam van die Here kom! Jesus is die Koning van Israel!” Op ’n ander plek gebruik Moore weer ’n geykte Bybelse term wat baie vreemd aandoen: “Moses did as he was told. And lo! the waters of the sea divided” (p. 99). Die Afrikaanse vertaling is eenvoudig: “Moses het dit gedoen, en daar kloof die Here die water oop!”

Hierdie aanhaling is ook ’n voorbeeld van die bronteks wat verwysings na God se handeling uitskryf, terwyl die doelteks dit doelbewus inskryf. ’n Bespreking hiervan volg hier onder (sien 6.4.5).

Die Amerikaanse bronteks het moderne Amerikaanse mate en gewigte gebruik. Die Engelse sowel as Afrikaanse teks wat in Suid-Afrika verskyn het, gebruik deurgaans Suid-Afrikaanse metrieke mate. Die gebruik van moderne mate en gewigte kom in verskeie moderne Bybelvertalings voor, onder andere in die *Nuwe Vertaling* (1983). Alhoewel die gebruik daarvan in ’n vertaling vir volwassenes soms bevraagteken word, maak dit sin in ’n vertaling vir jong kinders, omdat dit vir hulle hoeveelhede en afstande op ’n manier aanbied wat hulle ten minste min of meer kan begryp en wat dus vir hulle relevant is (sien 2.5.3). Goliat is dus nie nege voet lank nie, maar drie meter, en die kanne water op die bruilof in Kana het nie 30 gelling water gehou nie, maar 100 liter.

6.4.1.7. Die implisiete eksplisiet gemaak

Vertalers van kinderliteratuur swig dikwels voor die versoeking om implisiete inligting eksplisiet in die doelteks te stel. Fernández Lopéz beskou dit as een van die kenmerke van vertaalde kinderliteratuur (2006:46) en vind dat dit gewoonlik gedoen word wanneer die doelteks vir jonger lesers herskryf word. Gutt (sien 2.5.3) gaan akkoord daarmee, indien die ekstra inligting wel in die bronteks aanwesig is (al is dit dan soos ’n deel van ’n ysberg onsigbaar) en die teks daarmee vir die doellesers relevant gemaak word. In hierdie Kinderbybel het ek dit gedoen wanneer ek gemeen het vyf- tot agtjarige het ekstra inligting nodig om die teks te begryp. Vertalers onderskat dikwels hul kinderlesers; waarskynlik het ek dit ook gedoen. In die volgende voorbeeld het ek nie nuwe inligting bygevoeg nie, maar die gegewens so gerangskik dat die betekenis (na my mening) duideliker is:

Isaac knew the smell of Esau’s clothes. He touched Jacob’s hands and thought they were the hands of Esau. He gave Jacob his blessing and made him the leader of the people of Abraham (p. 54).

Die man voor Isak se klere ruik soos Esau s’n. Toe Isak aan sy hande raak, voel dit net soos Esau se hande. Isak dink Esau staan voor hom, maar dit is al die tyd Jakob. Toe seën Isak vir Jakob en maak hom die leier van Abraham se familie.

In die vertelling oor die farao se droom van sewe maer en sewe vet jare het die bronteks dit nie duidelik (genoeg) gemaak dat sewe jaar van oorvloed sewe jaar van hongersnood sal voorafgaan nie, en ek het dit dus in die doeltteks eksplisiet gestel:

Joseph said that in seven years, rain would not fall and crops would not grow. There would be a great famine. This meant that the people of Egypt had seven years to get ready (p. 73).

Daar sal vir sewe jaar groot oorvloed en baie kos wees. Dan sal dit vir sewe jaar lank glad nie reën nie en daar sal geen oeste wees nie. Daar sal 'n groot hongersnood wees. Maar die mense van Egipte het sewe jaar om reg te maak vir die hongersnood.

Soms het ek tog wel die versoeking weerstaan om alles haarfyn te verklaar, en in die verhaal oor Salomo se wysheid laat ek (soos die skryfster) die lesertjies toe om self Salomo se antwoord te interpreteer. 'n Mens wonder nogtans of 'n jong kind sal verstaan dat Salomo die vroue getoets het en nie regtig van plan was om die baba middeldeer te sny nie.

One of the women said yes; then neither one would have the baby. But the other woman cried out, "Give the baby to her! Do not kill him!" Solomon knew that this woman was the real mother. And so he gave the baby back to her. When people heard the story, they knew their king was the wisest man in the world (p. 171).

Een vrou was heeltemal gewillig, want dan sal nie een mos 'n baba hê nie. Maar die ander een roep uit: "Gee dan liever die baba vir haar! Moet hom nie doodmaak nie!" Toe weet Salomo sy is die regte ma, en hy gee haar die baba. Toe die mense hierdie storie hoor, het hulle geweet hulle koning het by God wysheid gekry.

Die laaste sin van die vertaling verskil van die bronteks, maar gebruik die woorde van die NAV. En God is weer in die bronteks ingeskryf as bron van Salomo se wysheid.

In die gedeelte met wenke vir ouers gee ek in een geval die antwoord op 'n vraag omdat die inligting nie in die ooreenstemmende verhaal in die Kinderbybel (p 172-173) gegee word nie.

Read the majestic story of King Solomon's Temple. Can you imagine a building taking so long to complete? (Parent Page #16)

Lees hoe koning Salomo 'n fantastiese tempel laat bou het. Hoe lank dink julle het die bouers aan die tempel gebou? Sewe jaar lank (1 Kon 6:38).

6.4.2 Die eis van Skrifgetrouheid

6.4.2.1 Herskryf volgens die NAV

Die mees algemene vorm van herskryf wat plaasgevind het, is 'n wysiging van die bronteks volgens die teks van die Afrikaanse Bybelvertaling van 1983. Dit het deurgaans gebeur wanneer die bronteks van dié van die teks van die *Nuwe Vertaling* (1983) verskil, en is gedoen

in opdrag van die uitgewers, maar ook weens lojaliteit aan die primêre bronteks en aan die lesers. Alhoewel ek beseft dat die Afrikaanse bronteks ook 'n vertaling is, en nie noodwendig oral die primêre bronteks korrek weergee nie, is die verskillende Afrikaanse Bybeltekste die tekste wat Afrikaanse lesers as gesaghebbende bronne ken (vir die meeste van ons is dit "die" Bybel), en daarom wou ek probeer om dit ten minste nie te weerspreek nie. Die Engelse bronteks is dus deurlopend met die verskillende Afrikaanse Bybelvertalings vergelyk.

Die verhaal van die toring van Babel illustreer verskeie aspekte wat ook in die makro-analise na vore gekom het.

Eerstens wys die opskrif "Die toring van Babel" of "The tower of Babel" op die invloed van kulturele konteks op die teks. Ons beskou almal die naam "Babel" as die naam van die toring. Vir Moore is die toring dan ook 'n alleenstaande konstruksie op 'n vlakte: "The half-built tower stood alone on the empty land. It became known as the Tower of Babel" (p. 32). Die mense het egter 'n stad met 'n toring daarin gebou, en volgens Genesis 11:9 is dit die stad wat na die taalverwarring Babel genoem is.

Hierdie verhaal illustreer verder ook in hoe 'n mate daar dikwels op agtelosige wyse met die bronteks omgegaan word. Dit bevestig navorsers soos Shavit en ander se mening dat vertalers van kinderliteratuur oor die algemeen vry met die bronteks omgaan en maklik herskryf. Moore skryf: "The people went east to the land of Babylon" en later: "Babylon was the place where God mixed up the languages of the peoples of the earth (p. 32). Babilon en Babel word as wisselvorme van dieselfde plek gebruik. Babilon het waarskynlik op die ruïnes van Babel ontstaan, maar die gebruik van al twee name in een storie is verwarrend. Myns insiens moet die teks liever net die woord Babel gebruik, en dan in 'n voetnoot verduidelik dat Babel (miskien) op die plek was waar Babilon later ontstaan het.

Volgens die Afrikaanse Bybelteks is die stad op 'n vlakte in die landstreek Sinar gebou. Die stad self is later Babel genoem. Ek het dus "The people went east to the land of Babylon" volgens Genesis 11:2 vertaal met "Hulle het op 'n vlakte in Sinar gaan woon." Die redigeerder van die teks het dit egter verander na "hulle het op 'n vlakte in Babel gaan woon", waarskynlik sodat die woord Babel behou kon word omdat die ligging daarvan in 'n voetnoot verduidelik word. Babel is egter nie 'n landstreek nie, en die naam het eers later ontstaan. Dit toon hoe maklik (maar onbewus) 'n vertaler kan vasval wanneer daar met 'n bronteks gewerk word wat in die verre verlede en in 'n ou en vreemde kultuur geskryf is. Ons het hier te doen met ou mites waarvan die juiste betekenis en die werklikheid waarop dit gebaseer is, glad nie meer aan die huidige lesers bekend is nie, maar sekere persepsies omtrent daardie gebeure in die algemene kultuur skynbaar onuitwisbaar gevestig geraak het.

Die verhaal van Abraham (Moore 2008a:33-45) toon aan hoe enkele woorde 'n betekenisverandering kan veroorsaak. Moore skryf van Abraham: "He was a simple man. He lived in a tent and tended sheep and cattle." Abraham se hele verhaal weerspreek egter hierdie aanspraak. Hy het weliswaar in 'n tent gebly en was 'n veeboer, maar eenvoudig was hy beslis nie, nie in die sin van arm nie (volgens Genesis 13:2 was hy skatryk), en nie in die sin van ongeleerd of arm van gees nie (in 'n deurgaans politeïstiese gemeenskap het hy die idee van monoteïsme ontwikkel). Ek het Abraham se eenvoud dus uit die vertaling gehaal: "Hy het nie in 'n huis nie, maar 'n tent gewoon." Die redigeerder wou die kwessie dat hy 'n veeboer was, insluit, en het toe bygevoeg: "... en het sy vee opgepas." Dit is 'n ondeurdagte byvoeging, aangesien Abraham beslis nie self sy vee opgepas het nie. Dit was die taak van sy slawe (sien byvoorbeeld Genesis 13:7 waar daar sprake is van Abraham se veewagters).

In die Engelse teks is die Here se belofte aan Abraham: "Leave your country and go to the land I will show you. I will make your name great. All peoples on the earth will be blessed through you" (p. 34). In die Afrikaanse teks word die belofte so vertaal: "Trek uit jou land uit en gaan na die land wat Ek jou sal wys. Ek sal jou 'n belangrike man en die vader van 'n groot volk maak, en Ek sal al die mense op aarde deur jou seën." In die Afrikaanse godsdienstradisie is die feit dat Abraham die vader van 'n groot nasie was, welbekend en belangrik, en dit word dus in die vertaling bygevoeg.

Wanneer Abraham se slaaf Isak se toekomstige bruid ontmoet (Moore 2008a:46), is daar interessante verskille tussen die twee tekste.

The servant came to a small town in Abraham's homeland. He led the camels to the well in the middle of the town. They were thirsty and tired after the long trip. At the well, the servant saw a beautiful girl carrying a water jar.

Na 'n lang reis kom die slaaf by 'n stad in Abraham se geboorteland. Hy neem die kamele na 'n fontein buite die stad. Hulle was moeg en dors. By die fontein sien die slaaf 'n pragtige meisie wat kom water skep ...

Ek het die NAV-tekste gevolg, sodat die slaaf by 'n stad (nie 'n klein stadjie nie) gekom het. Die fontein is in Engels in die middel van die stad, maar in Afrikaans buite die stad. Die mooi meisie wat hy sien, dra in Engels 'n waterkruik, maar in die Afrikaanse teks kom sy water skep. Alhoewel die doelteks oënskynlik nie 'n korrekte vertaling is nie, stem dit ooreen met wat in die Afrikaanse Bybel staan, en dit is in ooreenstemming met die eis van getrouheid aan die Bybeltekste en die opdrag van die uitgewer.

In die verhaal van Moses (Moore 2008a:77-115) is daar eweneens verskille tussen die teks van die Engelse Kinderbybel en die teks van die *Nuwe Vertaling*. Ek het deurgaans die weergawe van die Afrikaanse Bybel gekies vir die doelteks. Voorbeelde uit hierdie verhaal is die volgende:

So she placed him in a basket and set the basket in the river Nile. The basket floated like a boat down the Nile. Miriam followed it onshore to see where it would go (p. 78).

Toe die baba te groot word om langer weg te steek, het sy hom in 'n mandjie gesit en die mandjie tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit. Die baba se sussie, Miriam, het daar naby weggekrui om te sien wat gebeur (sien Eksodus 2:1-4).

“What if Pharaoh does not believe You have sent us?” (p. 84).

“Sê nou die Israeliete glo nie dat U ons gestuur het nie?” vra Moses (sien Eksodus 4:1).

Die beskrywing van die verskyning van manna verskil ook in die twee Kinderbybels; die verskille word in skuinsdruk aangetoon.

The next morning, there was a *layer of dew* around the camp. When it was gone, thin flakes like frost were left behind on the sand. Moses told the people, “This is bread that God has given you to eat.” They called the bread “manna.” Manna was white and tasted like *wafers made with honey*. Every morning, manna *rained down from the sky*, so the people always had enough to eat (p. 103).

Die volgende oggend was daar 'n *wolk* om die kamp. Toe die wolk wegtrek, was daar fyn vlokies soos ryp op die grond. Moses sê vir die mense: “Dit is die brood wat die Here julle gee om te eet.” Hulle het die brood “manna” genoem. Dit was wit en het soos *heuningkoekies* gesmaak. Die manna het vroeg elke oggend *op die grond gelê*, en almal het altyd genoeg kos gehad.

Wanneer die Israeliete uiteindelik gereed is om die beloofde land binne te gaan (p. 124), kry hulle nie meer elke oggend manna nie, maar om verskillende redes. In die Engelse Kinderbybel lyk dit asof die kos in die beloofde land eenvoudig sal verskyn, terwyl die Afrikaanse teks dit duidelik stel dat hulle vir die kos sal moet werk. (Moontlik is dit 'n verwysing na die Calvinistiese werksetiek van die Afrikaanse gemeenskap en 'n onbewuste kultuurkeuse van die vertaler.)

The Israelites had come to the end of their long journey. No more did manna fall from the sky. The people could now eat food from their own land.

Die Israeliete het nou aan die einde van hulle lang reis gekom. Daar was nie meer elke oggend manna op die grond nie, want hulle kon nou self kos plant en oes.

Die voorbeelde hier bo is waarskynlik nie wesenlik vir die verstaan van die teks nie, maar dra tog by om die verband met die Afrikaanse Bybelteks, wat volgens die uitgewers immers die “ware” bronteks is, vas te lê. Hopelik sal die kinderlesers later, wanneer hulle die Bybel self lees, gedeeltes daaruit herken, en sal die teks vir hulle bekend wees. Dan het die Kinderbybel sy funksie vervul om die kinders aan die Bybel bekend te stel. En hopelik voorkom die korrekte feite uit die Afrikaanse Bybelteks dat wanpersepsies omtrent die Bybelse geskiedenis vasgelê word.

In die verhaal van Jakob en Esau het Moore sekere gegewens uit 'n ander teksgedeelte by haar vertelling ingevoeg, en daarmee 'n betekenisverandering teweeg gebring. Wanneer sy

vertel hoe Rebekka Jakob help om Isak te bedrieg, sê sy: “But God had told Rebekah that the younger son would be the leader. So she made Jacob dress in Esau’s best clothes” (p. 53). Voor die seuns gebore is, het sy ’n voorspelling gehoor dat die jongste die oudste sou dien (Genesis 25:23), maar deur die inligting hier te gee, word die indruk geskep dat God in die betrokke situasie met Rebekka praat en dat sy dus net besig is om sy wil uit te voer. Haar bedrog word daarmee verdoesel. Om dit te vermy, het ek dus die teks effens herskryf: “Die Here het *lank gelede* vir Rebekka gesê dat haar jongste seun die leier sou word.” Ek sou die hele verhaal anders wou skryf, want eintlik is sy in die doelteks nog steeds net besig om te doen wat die Here gevra het. Weens die beperkings wat die uitgewers op my gelê het, kon ek dit nie doen nie en het volstaan met hierdie geringe herskryf.

Soms het die verskil tussen bron- en doelteks ook implikasies vir die teologiese interpretasie van die gebeure. Wanneer die Gees van God in Saul gaan woon, voel hy volgens Moore soos ’n ander mens (“... he felt like a different person”, p. 150). Die *Nuwe Vertaling* stel dit heelwat sterker: Sy gesindheid verander. Hierdie twee sinne dui op ’n groot verskil in sienings omtrent die rol van die Heilige Gees in die gelowige se lewe (laat Hy jou net anders voel, of verander Hy jou wese?) wat implikasies het vir die teologiese uitgangspunt van die twee tekste. Die NAV se woorde is “Dan sal die Gees van die Here kragtig in jou werk” (1 Samuel 10:6), “... het God Saul se gesindheid verander” (1 Samuel 10:9) en “Die Gees van God het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profete opgetree (1 Samuel 10:10). Sy kennis was ook verbaas oor die verandering in hom (1 Samuel 10:11). Volgens my – en ek meen ook die gereformeerde – interpretasie van verskeie van Paulus se uitsprake (sien byvoorbeeld 2 Korintiërs 4:16, 5:17; Efesiërs 2:10, Kolossense 3:10), is die verandering wanneer die Gees van God in ’n mens werk, baie meer ingrypend as om anders te voel, en ek het dus die teks herskryf: “Saul kon nie glo dat hy gekies is om die koning te wees nie. Hy het nie gedink hy kan dit doen nie. Maar die Gees van God het in hom gaan woon, en toe was hy ’n ander mens” (p. 150). Dit is egter belangrik om te onthou dat my interpretasie net soos dié van Moore ideologies gedrewe is, en daarom het ek die uitgewers gewys op hierdie en ander teologiese verskille tussen bron- en doelteks. Daarom is dit ook ’n groot leemte in die doelteks dat daar volgehou is met die fiksie van die “ware” betekenis van die Bybel en daar nêrens enige aanduiding van teologiese uitgangspunt gegee word nie.

Die teologiese implikasies wat sommige keuses ten opsigte van die herskryf van die teks inhou, moet nou in meer besonderhede bespreek word.

6.4.2.2 Keuses met leerstellige implikasies

In Moore se teks staan daar: “But God wanted to save Noah, because he was a good man” (p. 22). Op die oog af is dit ’n eenvoudige stelling, maklik om te vertaal. Hierdie sin hou egter ’n wêreld van betekenis in ten opsigte van die skrywer se siening van die mens en van God se rol in ’n mens se lewe. Volgens die Protestantse siening is geen mens goed nie, en red God die mens uit genade *met die doel om* hom goed te maak. By kinders wat met die Christelike leer grootword, is daar ’n vry algemene siening van “As ek soet is, is ek ’n kind van Jesus, maar as ek stout is, is ek ’n kind van die duiwel”, wat teologiese onsin is, maar deur opvoeders gebruik word om kinders in hulle spoor te laat trap. Na my mening versterk ’n sin soos bogenoemde hierdie wanpersepsies, en daarom wou ek dit vertaal met “Die Here wou Noag red, want hy het die Here gedien.” Die NAV stel die saak so: “Maar Noag is deur die Here begenadig. Hier volg die verhaal van Noag. Noag was ’n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef” (Genesis 6:8-9). Die Here red Noag nie omdat hy goed was nie, maar omdat Hy naby aan God geleef het, oftewel God in sy lewe erken het (volgens die gereformeerde siening van die saak). God kon dus sy wil aan Noag bekend maak, en Noag het God gehoor. ’n Mens sou die saak vir kinders waarskynlik die heel beste kon verduidelik deur te sê: “Noag het die Here geken en gelewe soos Hy wou hê. Die Here het toe vir Noag vertel wat Hy van plan was om te doen.” Dit sal die verband van “Noag is goed, daarom red die Here hom” uitskakel. Ek het nie so ver gegaan nie, en dit was ’n fout, want die redigeerder kon klaarblyklik nie die sin van my vertaling insien nie (alhoewel ek dit in ’n nota probeer verduidelik het), en het dit verander na: “Die Here wou Noag red, want hy was ’n goeie man.” ’n Tweede fout was die woordkeuse van my vertaling – om die Here te dien is baie outyds, en alhoewel ’n ouer geslag daarmee grootgeword het, is die woorde vir jonger mense (nie net kinders nie) waarskynlik sonder betekenis en dus irrelevant. Versuim van vertaler sowel as redigeerder om die Hebreeuse, Amerikaanse en Afrikaanse kulturele konteks behoorlik in ag te neem, lei dus in hierdie geval tot ’n misleidende doelteks. En dit dui weer op die belangrikheid van vertaalteorieë en die implikasies wat die verontagsaming daarvan inhou.

In hierdie geval het die versuim om te herskryf of dan die keuse om die bronteksskrywer se vorm van herskryf na te volg, gelei tot die stel van ’n sekere teologiese standpunt.

Soms lei ’n bepaalde uitgangspunt weer bewus of onbewus tot die herskryf van die teks. Dit word illustreer deur die gedeeltes oor die doop en nagmaal. Moore (2008a:277) beskryf Johannes se doop deur onderdompeling baie duidelik: “John took one person after another into the river. He held their hands and dipped them under the water. While he was baptising people this way ...” Dit het ek vertaal met “Johannes het die mense in die rivier gedoop. Hy het hulle hande vasgehou en hulle onder die water gedruk”, maar die redigeerder het die laaste woord

met “gedoop” vervang, moontlik om die handeling van onderdompeling ’n klein bietjie vaer te stel, en so die groepering wat doop deur besprinkeling voorstaan, ’n bietjie te paai. Wanneer Johannes die mense oproep om hulle te laat doop, is die verband met bekering en sondevergifnis duidelik: “Turn back to God. Come into the river with me. Your sins will be washed away and you will be forgiven” (p. 276). In die doelteks wou ek die kinders die Bybelse term “bekeer” leer (en het my opvoedkundige onderrok uitgehang), het ek die verband met die doop eksplisiet gestel, en het ek ook beklemtoon dat dit God is (en nie die water nie) wat sonde wegwas en mense vergewe, ’n feit wat in Moore se teks ook net impliseer word: “Johannes het gesê: ‘Bekeer julle. Draai terug na die Here toe. Kom na die rivier toe en laat julle doop. Dan sal die Here julle sonde wegwas en julle vergewe.’” By ’n later geleentheid lê Moore ’n verband tussen die doop en die Heilige Gees, en het ek die verband met sondevergifnis in die teks bygevoeg, alhoewel dit wel in die voetnoot genoem word.

“Turn back to God. Be baptised in the name of Jesus Christ. Then you will be given the Holy Spirit” (p. 458).

“Gaan terug na God toe. Laat julle doop in die naam van Jesus Christus. Dan sal julle sonde vergewe word en julle sal ook die Heilige Gees ontvang.”

Moontlike verskillende sienings van ’n leerstellige saak, die doop, lei dus tot die herskryf van die teks. En by nabetraging is dit duidelik dat nóg die skrywer nóg die vertaler haar kon losmaak van ’n bepaalde teologiese uitgangspunt. Dit het ook gebeur by die beskrywing van die nagmaal. Die manier waarop Moore die teks aanbied, dui op sekere teologiese of leerstellige keuses.

Jesus took some bread in his hands and blessed it. He picked up a cup of wine and gave thanks to God. He shared the bread and wine with the disciples. “This bread and wine are part of me. Take them as a way of remembering me.” Afterward, they sang a hymn and went out to the Mount of Olives (p. 429).

Omdat die Nagmaal na my mening in die eerste plek oor die betekenis van Jesus se kruisdood gaan, wou ek dit in die doelteks probeer inbring, en het soos volg herskryf:

Jesus het ’n stukkie brood geneem en ’n dankgebed gedoen. Hy het ook ’n beker wyn opgetel en ’n dankgebed gedoen. Toe deel hy die brood en wyn aan sy dissipels uit. “Julle moet altyd saam brood eet en wyn drink. Dit moet julle laat dink aan My en aan wat Ek vir julle gedoen het.” Hulle sing toe die lofsang en daarna gaan hulle na die Olyfberg toe.

In die voetnoot stel ek die saak dan nog meer eksplisiet: “Die nagmaal is die sakrament (godsdienstige seremonie) waar ons brood eet en wyn drink en aan Jesus se dood aan die kruis dink” (p.429), terwyl Moore volstaan met: “Communion is the sacrament (holy ceremony) remembering the Last Supper.”

Daar was 'n soortgelyke herskryf in die gedeelte met wenke vir ouers (Parent Page #11):

Ask if anyone knows why we call the day Jesus died Good Friday. Share the fact that we call the day Jesus died "Good" because we know that after three days Jesus rose from death and the grave, and that is such "good" news for all of us.

Vra of iemand weet waarom ons die dag van Jesus se dood "goeie Vrydag" noem. Die dag is goed, want op daardie dag het Hy ons almal nuwe lewe gegee. En Hy het drie dae later weer opgestaan uit die dood, en dit is baie goeie nuus.

Live this day knowing that the life Jesus lived and the death he died qualify us to receive the life he lived. And the best thing parents can do for their children is to know and then to share the fact that we all have been redeemed by Jesus' death on the cross.

Onthou vandag dat Jesus se lewe en dood dit vir ons moontlik maak om die ewige lewe te ontvang. Die beste ding wat ouers vir hul kinders kan doen, is om self te weet en dan vir hul kinders te vertel dat ons gered word deur Jesus se dood aan die kruis.

Die teks is doelbewus herskryf om in ooreenstemming met Afrikaanse gereformeerde teologie te wees. My verweer is dat die teks in 'n nuwe geloofskulturele konteks gelees gaan word, en dit vir daardie kultuur relevant moet wees. Dit is, weer eens, 'n leemte dat die spesifieke geloofskonteks nie in die doelteks uitgespel word nie, maar die opdraggewer, die Bybelgenootskap, gaan van die standpunt af uit dat hulle leerstellig neutraal is. Dat hulle hulle teks ook aan 'n breë leserspubliek wou verkoop, en hulle dus nie tot 'n bepaalde siening wou beperk nie, is – gegewe die grootte van die Afrikaanse boekemark – ook te verstane. Hierdie besluit is 'n bevestiging van die beperkings wat professionele persone (in hierdie geval die opdraggewer en uitgewer) sowel as die patronaat (in hierdie geval die mag van ideologie en van die ekonomie) op 'n vertaler lê (sien 2.2.3.7).

6.4.3 Die rol van tradisie

Hermans (1999:96) het gesê dat 'n vertaling dikwels die bronteks vervang. Dit skep 'n skeefgetrekte beeld van die bronteks, maar word in die oë van die lesers daarvan die oorspronklike teks (Lefevere 1982:252, sien ook 2.2.3.7). Dit is interessant dat Kinderbybels sekere wanpersepsies oor die bronteks geskep het wat selfs oor eeue heen gedurig in nuwe Kinderbybels herhaal word. Bekende voorbeelde hiervan is dat die vrug wat Eva geëet het, 'n appel was, dat Gam vir sy beskonke pa gelag het, en dat daar drie wyse manne was. In die *Lees-en-Leer Bybel* is daar helaas ook voorbeelde van tradisie wat swaarder weeg as die Afrikaanse Bybelteks.

'n Voorbeeld wat in die *Read and Learn Bible* voorkom, is die kleed wat Josef se pa vir hom laat maak het. Moore vertel: "When Joseph was seventeen, Jacob made a fancy coat for him – a coat of many colours" (p. 66). Sy gebruik hier die bekende vertaling van die *King James* (sien

Gen 37:2). Die betekenis van die woorde in die Hebraëuse bronteks is egter onduidelik, en verskillende vertalings vertaal dit op verskillende maniere. Alhoewel die Nederlandse *Statenbijbel* (1637) die woorde met “een veelervigen rok” vertaal, het die 1933-vertaling van die Bybel dit met “’n lang rok met moue” vertaal. Die NAV hou by hierdie interpretasie: “lang klere met moue”. *Die Boodskap* is inklusief: “’n kleed met lang moue en baie kleure”, terwyl die *Lewende Bybel* dit ’n “deftige bont kleed” en die *Nuwe Lewende Vertaling* ’n “besondere geskenk, ’n pragtige kleed” noem. Getrou aan my opdrag het ek Josef se kleed “lang klere met moue” gemaak en gehoop die illustrasie het wel lang moue. Die redigeerder was nie beïndruk nie, en het besluit Josef moet “’n kleurvolle jas” kry. Die Engelse bronteks is doodeenvoudig vertaal, en al die betekenismoontlikhede van die verskillende Afrikaanse Bybelvertalings is nie in ag geneem nie. Die persoon het dus nie alleen sonder inagneming van vertaalteorieë te werk gegaan nie, maar boonop die uitdruklike opdrag van die uitgewers verontagsaam. (Die illustrasie gee Josef ’n bont laslappiejas, met lang moue, en laat dus die verskillende interpretasie-moontlikhede toe.)

Getrou aan Amerikaanse tradisie sien Jakob volgens Moore (2008a:57) in sy droom ’n trap wat tot aan die hemel strek, engele wat op en af op die trap beweeg, en God wat heel bo staan en vandaar met Jakob praat. In die illustrasie is daar ook ’n trap en swewende engele. Daar is geen afbeelding van God nie. In die *King James* klim die engele teen ’n leer op, en staan God wel bo aan die leer. In die NAV is daar ’n leer, maar God kom staan by Jakob (Genesis 28:13). Volgens Du Toit en Beard (2005a:9) het ons in die KJV met ’n foutiewe vertaling te doen; hoe dit ook al sy, die tradisie van die trap en God heel bo is goed gevestig, en Moore het dit net so behou. Die Afrikaanse teks volg weer eens die NAV:

Jacob went to sleep and had a dream. He saw a great stairway that went all the way up to Heaven. He saw angels climbing up and down the stairway. And there above them, he saw God. ... (p. 57).

In die nag droom Jakob. Hy sien ’n leer wat tot by die hemel strek, en engele wat op en af klim. *Toe kom staan die Here by Jakob ...*

Nog ’n diepgewortelde konvensie is die baba Jesus se bed. Moore beskryf dit so: “and there in a barn in Bethlehem, Jesus was born. Mary laid him on a bed of hay in a manger.” Niemand is seker hoe Jesus se geboorteplek gelyk het nie, maar ’n groot rooi Amerikaanse skuur was dit beslis nie. Die Afrikaanse Bybeltekste maak almal melding van doeke en ’n krip, maar nie van hooi nie. Die woorde van die bekende Kersliedjie “Away in a manger, / No crib for his bed, / the little Lord Jesus / laid down his sweet head. // The stars in the bright sky / looked down where He lay, / the little Lord Jesus / asleep in the hay” draai natuurlik in ons koppe en so ook vele Kerskaartjieprente van ’n baba aan die slaap in ’n krip vol hooi. Nogtans kom hierdie inligting nie uit die Afrikaanse Bybelteks nie, en daarom het ek die woorde van die NAV gebruik: “Daar

in die stal in Betlehem is Jesus gebore. Maria het hom in doeke toegedraai en in die krip neergelê.”

Die voorbeelde hier bo toon aan hoe maklik Britse en Amerikaanse kultuurkennis en tradisie in 'n bronteks kan insluip. Indien 'n vertaler nie bewus is van die manier waarop 'n teks onbewus herskryf kan word volgens die vertaler se kulturele konteks nie, sou dit maklik en onnadenkend net so op die doelteks oorgedra kon word.

6.4.4 Amerikaanse geloofskultuur

Moore se uitgangspunt kom ooreen met die Amerikaanse houding dat sukses, roem en rykdom binne elke mens se bereik is (sien 5.3.5.5), en 'n mens kan ook aanduidings van welvaartsteologie daarin sien. Sy fokus verder op die positiewe, en negatiewe dinge word tot die minimum beperk en liefs heeltemal uitgelaat. Mense se mislukkings en foute (in Bybelse terme hul sonde) word onderbeklemtoon, en net genoem waar dit werklik noodsaaklik vir die verhaal is. My uitgangspunt is egter dat die Bybel primêr oor God en dan sy handeling met die mens gaan. Sy raad aan die mens is om “na sy wil te vra”, want alleen dan is hulle lewe sinvol. Die Bybel lewer verder verslag van die mens se reaksie op God se oproep, en vertel van sekere mense se wandel met God, 'n lewenslange proses wat sukses en mislukking, val en opstaan insluit, maar bowenal 'n getuigenis is van God se getrouheid. Omdat ek reken dat Moore nie die volle verhaal vertel nie, het ek die teks plek-plek doelbewus herskryf, maar wel ooreenkomstig die teks van die NAV en op so 'n manier dat dit steeds vir die jong lesers relevant is. Ek moes natuurlik ook binne die beperkings wat my opgelê is, werk. Die voorbereidingsproses, wat denke oor vertaalteorieë ingesluit het, het my in staat gestel om hierdie herskryf te motiveer, maar ongelukkig het ek nie die geleentheid gehad om dit in die doelteks te doen nie.

In kort kom dit daarop neer dat ek God se rol in die Bybelse verhale wou terugskryf. Waar Moore haar teks so geskryf het dat dit lyk asof die karakters in die verhale vanself, uit eie krag, vermoëns of talente, sekere prestasies behaal het, wou ek dit herskryf sodat die (na my mening Bybelse) rol wat God daarin gespeel het, duideliker blyk.

Soms het dit beteken dat hele sinne bygevoeg is, soos in die verhaal van Dawid en Goliath (p.60).

David reached into his bag and took out his sling and a stone. He took aim and shot the stone at Goliath. The stone sank into Goliath's forehead, and he fell facedown on the ground, dead. When the Philistine army saw that their hero was dead, they turned and ran. David had saved the Israelites with a sling and a stone.

Dawid haal 'n klippie uit sy sak en sit dit in sy slingervel. Toe mik hy mooi en gooi met sy slingervel. Die klippie tref Goliat op die voorkop, en hy val vooroor op die grond. Toe die Filistyne sien hulle baasvegter is dood, het hulle weggevlug. Met God se hulp het Dawid die Israeliete met 'n slingervel en 'n klippie gered.

Vir my is die feit dat Dawid sy oorwinning oor die reus met God se hulp behaal het, die kern van die verhaal, en moet dit daarom bygevoeg word.

Daar is verskeie ander geleenthede waar Moore God as't ware uit die verhaal skryf, en ek sy optrede weer probeer inskryf:

And so it happened. In time, Hannah had a baby boy. She named him Samuel (p. 144).

Die Here het Hanna se gebed verhoor. Sy het 'n babaseuntjie gekry en hom Samuel genoem.

Moses did as he was told. And lo! the waters of the sea divided (p. 99).

Moses het dit gedoen, en daar kloof die Here die water oop!

In die verhaal van Simson plaas sy laasgenoemde se gebed op 'n ander tydstip in die verhaal as wat die NAV dit doen, sodat 'n leser maklik kan vergeet dat dit (volgens die teks van die NAV) eintlik God was wat hom in staat gestel het om die pilare van die tempel om te trek. Ek het die klem anders probeer plaas deur die teks van die NAV na te volg en byvoorbeeld sy gebed te plaas net voordat God hom weer sterk gemaak het as direkte antwoord daarop.

Now Samson was like any other man. It was easy to tie him up and drag him off to jail. Samson prayed to God to make him strong again.

At last, Samson had a chance to get back at his enemies. The Philistine leaders took him outside to show him off to their people. Thousands were standing on the roof of a building. Samson pushed the pillars that held up the building. The roof came crashing down. Many Philistines died. So did Samson. He was remembered always as a hero to God's people (p. 136-138).

Toe was Simson net soos ander mense en dit was maklik om hom vas te bind en tronk toe te sleep.

Op die ou end het Simson tog 'n kans gekry om wraak te neem. Die Filistynse leiers het hom na hulle tempel laat kom sodat almal hulle ou vyand kon sien. Daar was baie mense, en duisende mense het op die dak na Simson staan en kyk. Simson vra toe die Here om hom nog een keer sterk te maak. Hy het twee van die pilare waarop die tempel gerus het, vasgevat en omgetrek, en die tempel het ingeval op al die mense. Baie is dood. Simson is ook dood, maar hy het altyd vir sy mense 'n groot held gebly.

Die keuse om van Simson te vertel strook nie met Moore se ander verhaalkeuses nie – hy is nie juis 'n toonbeeld van sukses soos haar ander karakters nie. Sy posisie in Kinderbybels is egter bykans ononderhandelbaar en min Kinderbybelskrywers laat sy hele verhaal uit. Moore vertel dus sy storie, maar op so 'n manier dat die leser gelaat word met die gedagte dat hy

eintlik 'n held was, ten spyte van sy ongelukkige einde. Van die tragiese aspekte van sy verhaal kom daar weinig tereg.

Alhoewel ek in die breë die bronteks moes volg en hoofsaaklik van positiewe gebeure moes vertel, het ek tog probeer om die Amerikaanse geloof dat “ek is tot alles in staat” te temper deur die mens uit die middelpunt te haal en 'n korrektief by te voeg: “...deur Christus wat my krag gee.”

6.4.5 Die Afrikaanse kulturomgewing

In die gedeelte met wenke vir ouers is daar verskeie voorbeelde van Amerikaanse kultuurgebruike. Omdat ons hier te doen het met 'n kontemporêre situasie en nie in die eerste plek met die Bybelse kultuur nie, het ek dit gerade geag om die teks te herskryf vir die doellesers se kulturele konteks. Amerikaanse liedere en gebede is in Afrikaanses verander wat min of meer dieselfde betekenis weergee. Ek het byvoorbeeld 'n Engelse lied vervang met lied 551 van die Liedboek van die NG Kerk. Die liedjie is egter bekend onder kinders van verskillende Afrikaanse kerke. Die Amerikaanse tafelgebed is vervang met 'n gebed wat tradisioneel by Christelike kampe as tafelgebed gesing word.

Sing or say together, “Jesus loves the little children, all the children in the world; red and yellow, black and white, they are precious in his sight; Jesus loves the little children of the world” (Parent Page #3).

Sing saam, of sê saam: “Jesus nooi die kindertjies: ‘Almal kom na My.’ Elkeen wat na Hom toe kom, ontvang en seën Hy.”

You may also want to say the following prayer as a family before meals or at any time: “Come, Lord Jesus, be our guest, and let these gifts to us be blessed. And may there be a goodly share on every table everywhere. Amen” (Parent Page #17).

Miskien wil julle ook die volgende gebed aan die etenstafel of op ander tye bid of sing: “Vir spys en drank sê ons U dank, ons loof u Naam, o Heer. Alle goeie gawes daal van die hemel neer. Ons dank U Heer, en wil u liefde eer. Amen.”

Voorbeelde en aktiwiteite is ook herskryf om meer relevant vir die Afrikaanse kultuurkonteks van die lesers te wees.

Have fun sharing these words (T is for trumpets, tigers; H is for hamburgers, happiness; A is for alleluias, angels, etc.) (Parent Page #19).

Dink aan prettige dinge, soos duisendpote en drukkies, asem en aartappelskyfies en allemintige roomyse, kussings en komberse en klapsoene.

Decide as a family to do something helpful for someone in your neighbourhood or anywhere in the whole world. Maybe you could bring a food basket to a poor family, or sponsor a child in South America, or go as a family to a homeless shelter and serve food for a weekend. (Parent Page #19).

Besluit as gesin om iets te doen om iemand in julle buurt (of op enige ander plek) te help. Julle kan kos na die Kindersorg neem vir arm gesinne, of 'n kind in Afrika borg, of gaan kos bedien by 'n skooling vir straatkinders of by die nagskooling.

6.5 Gevolgtrekking

Die makro-analise van die bronteks van die *Lees-en-Leer Bybel* het aangetoon dat die skrywer verskeie sosialiseringsdoelwitte gehad het en dat sy haar bronteks dienooreenkomstig gemanipuleer het, al was dit waarskynlik onbewus. Hierdie doelwitte het 'n bepaalde invloed gehad op die verhale (of dele van verhale) wat sy gekies het om te vertel, en ook op haar aanbiedingswyse en aksente. Weens die beperkings wat op my as vertaler gelê is, kon ek min hieraan doen. Tydens die voorbereidingsfase het 'n analise van die bronteks en kennis van vertaalteorieë my wel in staat gestel om hierdie sosialiseringsdoelwitte en die maniere waarop dit tot die herskryf van die bronteks gelei het, raak te sien. Die vertaalprojek was deel van 'n koproduksie en die uitgewers het baie duidelike beperkings op my gelê. Omdat ek egter bewus was daarvan dat ek op my beurt 'n nuwe teks vir 'n nuwe sosiokulturele konteks sou skep, kon ek die maniere waarop ek die teks wou manipuleer deurdink en probeer begrond. Dat ek egter nêrens die geleentheid gehad het om hierdie manipulasie van die bronteks te beskryf en te verdedig nie, bly een van die groot leemtes in die projek en uiteindelijke produk. Daarmee word die volwasse lesers ook in die lug gelaat wat betref die onbewuste teksmanipulasie wat sekerlik plaasgevind het, en maak die uitgewer dit vir hulle oplaas moeiliker om te besluit of die teks strook met hulle eie geloofsoortuigings en geloofskultuur. Een ding is seker, die *Lees-en-Leer Bybel* verduidelik nê die "ware betekenis van die Skrif" (Moore 2008b: agterblad) nie (en kan of wil dit ook nie doen nie).

Hoofstuk 7

Gevolgtrekking

7.1 Inleiding

In die inleiding van die tesis is die stelling gemaak dat voorbereiding vir 'n vertaalprojek meer as 'n analise van die bronteks vra. Teksanalise is noodsaaklik en onontbeerlik, maar moet gebaseer wees op teorieë oor die aard van vertaling as intertalige en interkulturele kommunikasie, kommunikasie wat noodwendig ideologies gedrewe is.

Die analise van die bronteks op makro-vlak (hoofstuk 5) en die analise van die vertaalproses van die doelteks (hoofstuk 5) het aangetoon dat vertaalteorieë 'n belangrike rol kan speel in die voorbereidingsfase van 'n vertaling. Die volgende insigte het byvoorbeeld na vore gekom.

7.2 Die rol van vertaalteorie in die voorbereiding van 'n vertaalprojek

7.2.1 Die kulturele konteks van tekste

Vertaling is herskryf binne 'n sekere kulturele konteks. In die geval van die twee Kinderbybels wat ondersoek is, is die bron- sowel as doelteks herskrywe tekste, en elkeen is gemanipuleer volgens die skrywer/herskrywer/vertaler se teologiese en ideologiese vertrekpunt. Dit het in die ondersoek aan die lig gekom dat die twee tekste albei 'n nuwe teks geword het, en dat skrywer sowel as vertaler volgens hul persoonlike kindbeskouing en ideologiese vertrekpunt gewerk het (sien Oittinen 2006:43). Die wyses waarop dit gebeur het, is ondersoek in die lig van die teoretiese kennis van byvoorbeeld die Manipulasieskool van vertaalteoretici.

Vertaling hou altyd verband met norme – sienings oor korrekte vertaling is nie neutraal nie, maar word deur die kultuur bepaal. Vertalers projekteer die onderliggende waardestelsel van hul kultuur op hulle weergawe van die bronteks. Hierdie ondersoek het dan ook aan die lig gebring dat dit belangrik is dat vertalers bewus moet wees van hierdie aspek van vertalings, eerstens om dit in die bronteks te identifiseer en tweedens om dit in hul eie werk raak te sien

en te hanteer (Hermans 1999:97). Die analise op makro-vlak van die Engelse Kinderbybel het byvoorbeeld konflikterende norme geïdentifiseer, wat 'n bepaalde invloed op die teks gehad het. Daar was 'n eis om sogenaamde Skrifgetrouheid wat duidelik geblyk het uit die teks op die voorwoord en agterblad en ook in die voorwoord (Bylae 3.1, 3.2 en 3.5), maar die skrywer het ook haar teks manipuleer volgens haar Amerikaanse wêreldbeskouing dat sukses, roem en rykdom die doel van die lewe is. Dit was belangrik om die norme te identifiseer en om dan te besluit of hierdie norme funksioneel vir 'n Suid-Afrikaanse konteks sou wees, en, indien nie, wat wel funksionele norme vir die teks sou wees (sien 2.2.3.5).

Bogenoemde soort besluite kan alleen geneem word binne 'n raamwerk van kennis van die konteks waarin die bronteks vertaal/herskryf is en die een waarin die doelteks vertaal moet word. Deur dit in die voorbereiding te verreken, kan verskille en diskrepancies geïdentifiseer en besluite geneem word oor 'n konsekwente manier om die spesifieke vertaalprobleme wat daaruit voortspruit, te hanteer.

Kennis van vertaalteorie stel 'n vertaler in staat om wyer as die teks voor hande te kyk, en die bekende vrae van die manipulist te vra: Wie vertaal wat, wanneer, hoe, vir wie en in watter konteks? (Lambert 1995:100). Met die lig wat navorsers soos Lefevere en Bassnet gewerp het op die kulturele omgewing waarin 'n teks funksioneer, kon daar gelet word op die maniere waarop kultuur 'n vertaling beïnvloed en beperk, en kon seker gemaak word dat die doelteks uiteindelik vir lesers in 'n ander kulturele konteks relevant sou wees. Die sosiokulturele doelwitte van skrywer sowel as herskrywer kon verreken (en in die geval van die vertaler van die doelteks ook doelbewus verdedig) word.

Kennis van die beperkings wat verskillende groepe op 'n vertaling lê (Lefevere 1985:234) stel die vertaler ook in staat om hierdie aspek in die vertaalprojek te verreken. In die projek wat bespreek is, is die kwessie bewus geïdentifiseer en hanteer. Daar kon so ver moontlik gehoor gegee word aan die uitgewer se eis van getrouheid aan die bronteks, en 'n besluit oor die relatiewe belangrikheid van die twee brontekste (die Engelse Kinderbybel en die Afrikaanse Bybelteks) kon geneem word. Die kwessie van die onsigbaarheid van die vertaler is vanuit Venuti (1995) se siening oor 'n deursigtige teks bestudeer, en daar is vasgestel dat alhoewel die uitgewer 'n illusie wil skep dat die leser die oorspronklike bronteks lees, dit uiteraard onmoontlik is (en waarom dit onmoontlik is). Alhoewel die vertaler en selfs die skrywer van die bronteks (die Engelse Kinderbybel) in die hele proses onsigbaar gemaak is, kon die vertaler met behulp van kennis van vertaalteorieë wel haar besluite doelbewus vanuit 'n sekere ideologiese vertrekpunt neem, en vertaalstrategieë vanuit vertaalteorie motiveer.

In aansluiting by Lefevere (1985:217) is Du Toit en Beard (2005a) ook van mening dat die godsdienstige of kulturele oortuigings van die betrokke rolspelers nie op sigself 'n probleem is

nie. Wat wel problematies is, is die feit dat hierdie ideologiese of sosiokulturele dryfvere selde aan die lig gebring word wanneer Kinderbybels gepubliseer word. Hierdie kwessie moet dus aandag kry wanneer die vertaalopdrag bespreek word, en oplossings gevind word.

In Suid-Afrika, waar Kinderbybels 'n perifere posisie in die literêre en teologiese sisteme inneem, sou 'n mens reken dat die vertaler redelik vry van beperkings kan werk. Die ekonomiese beperking is egter 'n werklikheid. Omdat Kinderbybels 'n belangrike bron van inkomste vir uitgewers is, is hulle ook voorskriftelik ten opsigte daarvan. Kinderbybels word gekies en vertaal met die oog op die mark en op die uiteindelijke verkoopbaarheid van die boek. Dit is dus te verstane dat hulle geneig sal wees om Kinderbybels te kies wat in die buiteland goed verkoop het en wat hulle reken hier te lande eweneens suksesvol sal wees. Kennis van vertaalteorieë sou uitgewers egter in staat kon stel om die kulturele en ideologiese implikasies van hul keuses beter te verreken. Die vertaler moet meestal saamleef met die keuses van uitgewers, maar kennis van vertaalteorieë sal moontlik kan lei tot 'n beter versoening tussen al die konflikterende norme waarmee sy te doen kry.

Uiteindelik het kennis van vertaalteorieë die vertaler in staat gestel om vas te stel dat, alhoewel die *Read and Learn Bible* sowel as die *Lees-en-Leer Bybel* aanspraak daarop maak om eintlik die Bybel self te wees, daar 'n groot mate van herskrywing met sosiokulturele doelwitte plaasgevind het. Die Kinderbybels is gebruik as middel om sekere sosiokulturele waardes aan die lesers oor te dra, en daar is vasgestel dat die Amerikaanse waardes van die bronteks soms indruis teen Bybelse norme, en nie noodwendig die norme is wat die vertaler as geskik vir Suid-Afrikaanse kinders in hul unieke kulturele konteks beskou het nie.

Sien 'n mens vertaling as 'n proses waartydens besluite wat mekaar onderling beïnvloed, gedurig geneem word, kan 'n mens ook aanneem dat indien die besluite deur vertaalteorieë gesteun word, dit sal lei tot 'n meer funksionele sowel as koherente vertaling. Besluite kan gefundeer word en omdat sekere beginsels neergelê word, is elke besluit nie 'n lukraak gryp na die maklikste uitweg nie. 'n Mens sou byvoorbeeld kon besluit wanneer om te domestikeer en wanneer om liewer te vervreem, en dit sal dan hopelik lei tot 'n koherente teks waar modernisering en geykte Bybelse taal of moderne westerse en antieke oosterse kultuurgebruike nie naas mekaar tereg hoef te kom nie¹ (sien Tabbert 2002:323).

Dit is kennis van vertaalteorieë wat die vertaler in staat stel om al die verskillende aspekte en probleme van die vertaalprojek raak te sien en betyds oplossings te vind. Vertaalteorie verbreed en verdiep 'n vertaler se voorbereidingsproses.

¹ In hierdie verband is die gebruik van moderne woorde in die *DieBybel@kinders.co.za* 'n sprekende voorbeeld (Stander 2003:482).

7.2.2 Kinderbybels as veld van ondersoek

'n Kinderbybel as vertaling van 'n vertaling (wat soms eweneens 'n vertaling van 'n vertaling is), wat tussen meer as twee kulturele kontekste moet beweeg, is die ideale veld van ondersoek vir teoretici wat juis hierdie aspek van vertaling wil ondersoek. Daarby word daar in die geval van 'n Kinderbybel 'n poging aangewend om 'n bronteks wat duisende eeue gelede vir 'n ander lesersgroep – volwassenes – geskryf is, te herskryf vir jong kinders van die een-en-twintigste eeu. Daardie bronteks is verder nie enige teks nie, maar vir miljoene mense 'n heilige skrif; dit het dus 'n baie spesiale kulturele, ideologiese en sosiale posisie in die betrokke kulture.

So 'n taak kan beslis nie sonder meer aangepak word nie, en daarom is kennis van vertaalteorie, veral soos van toepassing op kinderliteratuur en die Bybel, noodsaaklik om die vertaler te help om 'n weg deur hierdie mynfeld te vind. Die vertaalprobleme wat in die ondersoek in hoofstuk 5 en 6 aan die lig gekom het, is voldoende om hierdie stelling te bevestig.

'n Verdere kwessie wat verreken moet word, maar uit die aard van die vertaalopdrag nie gedoen is nie (omdat die bronteks reeds vasgelê was), is die manier waarop 'n Kinderbybel ingespan kan word om sleutelkonsepte van die Christelike geloof oor te dra, en die groot vrae van die mensdom te beantwoord. Mense vind die sin van die lewe dikwels in die mites wat in hulle kultuur bestaan, en die vraag is watter mites 'n Kinderbybel aan sy lesers oordra. Mites kan mense (en kinders) help om die donker kant van die lewe te verstaan en te verwerk, en vir kinders skep mites (of stories) 'n veilige ruimte waar moeilike vraagstukke hanteer kan word voordat die kind in die werklike lewe daarmee gekonfronteer word. Stories, en veral tragiese stories, help die jong leser om die lewe se donker ervarings die hoof te bied deur protagoniste te skets wat vrese, verlies en dood met innerlike krag te bowe kom. So kan stories kinders help om vrese te konfronteer en geestelike krag te ontdek wat ingespan kan word wanneer hulle hul eie lewenstragedies die hoof moet bied. Die Bybel is by uitstek hiervoor geskik, maar Moore se Kinderbybel, met sy klem op die positiewe en maklike lewe, het hierdie geleentheid verbeur. Die spesifieke vertaalprojek is 'n uitstekende voorbeeld van Amerikaanse literêre hegemonie, maar 'n verlies vir Suid-Afrikaanse kinders, wat waarskynlik van 'n vroeër ouderdom as Amerikaanse kinders met die donker kant van die lewe kennis maak (sien 3.5.1).

Die aannames en veronderstellings van die paragraaf hier bo verdien na my mening verdere wetenskaplike ondersoek.

7.2.3 Die vertaling van kinderliteratuur

Kinderliteratuur is 'n aparte sisteem in die literêre polisteem, en die vertaling daarvan het unieke eise en probleme. Ook hier kan kennis van die verskillende teorieë en insigte oor die vertaling van kinderliteratuur die vertaler in haar taak help. Die volgende kwessies was byvoorbeeld van belang tydens die voorbereidingsfase van die vertaling van die Kinderbybel:

Van Coillie en Verschueren (2006:i–ix) het gevind dat die vertaling van kinderliteratuur 'n groter mate van teksmanipulasie toelaat as wat by vertaling vir volwassenes toelaatbaar is. Hulle sien die vertaler as 'n bemiddelaar wat die sosiale kragte wat op hulle inwerk (norme van die uitgewersbedryf en verwagtings van volwasse rolspelers), hulle eie interpretasie van die bronteks en hulle siening oor die doellesers (hul kognitiewe en emosionele vermoëns, hulle behoeftes en belangstellings) balanseer. Dit is juis die kindbeskouing van die vertaler en die kultuur waarbinne sy funksioneer wat die toelaatbare mate van manipulasie bepaal. En hierdie manipulasie kan deurdag en gemotiveerd gedoen word indien die vertaler bewus is van al die prosesse wat haar teksmanipulasie bepaal.

Volgens Oittinen (2006:37) ontbloom 'n vertaalde teks altyd die vertaler se bedoeling, gevoelens en morele waardes, en is 'n vertaling dus inherent 'n etiese kwessie. Des te meer is dit dan belangrik dat sy bewuste en teoreties gefundeerde keuses sal maak.

Manipulasie van 'n teks kan volgens Oittinen (2006:40) positief of negatief wees; positief as die manipulasie plaasvind om die teks funksioneel te maak, en negatief as dit ter wille van pedagogiese of ideologiese doelwitte gedoen word. Die Manipulasieskool is egter van mening dat die vertaler en uitgewer in elk geval sekere pedagogiese of ideologiese doelwitte sal hê, maar dat hulle dit ten minste op 'n verantwoorde manier sal doen indien hulle daarvan bewus is. Dit is juis kennis van vertaalteorieë wat sorg dat die proses nie onbewus plaasvind nie.

Lathey (2006b:11) wys op die moontlikheid dat 'n vertaler wat 'n vreemde kultuur aan kinderlesers wil verduidelik, in stereotipering kan verval of anders die vreemde kultuur as ondergeskik aan die doelkultuur voorstel. Dit is bepaald 'n potensiële probleem waarvan 'n vertaler bewus moet wees.

Fernández Lopéz (2006:48) noem die gebruik van vertalers/herskrywers om implisiete inligting eksplisiet te maak in die doeltteks, hoofsaaklik wanneer die doeltteks vir jonger lesers as die bronteks geskryf word. Dit het inderdaad verskeie kere voorgekom in die vertaalprojek wat ondersoek is.

By 'n vertaling word kultuurmerkers in die bronteks in die doeltteks behou, geneutraliseer of gewysig, en volgens Tabbert word dit in vertaalde kinderliteratuur selde so konsekwent gedoen

dat die vertaling 'n koherente teks is (Tabbert 2002:323). Indien die vertaler bewus is van die teorieë hieroor en haar vertaalopdrag duidelik verwoord en konsekwent uitvoer, sal haar keuses tussen domestikering en vervreemding ook konsekwent wees (Tabbert 2002:327).

Venuti meen lesers moet bewus wees dat hulle 'n vertaling lees, maar Lathey (2006a:11) voer aan dat vertalers vir kinders selde die geleentheid kry om hulle vertaalstrategieë vir hul lesers te verduidelik of te motiveer. Venuti se siening van vervreemding neem nie die jong, onervare leser in ag nie, en daar is behoefte aan navorsing om vas te stel hoeveel "vreemdheid" jong lesers kan verdra. Die skopos van die doeltteks speel 'n belangrike rol in die besluite ten opsigte van domestikering en vervreemding (Van Coillie 2006:133). Die funksie van die boek kan wees om die lesers in aanraking met 'n vreemde kultuur te bring; dan sal daar meer gevalle van vervreemding in die teks wees (Van Coillie 2006:134). Die ouderdom van die doellesers speel ook 'n rol (Van Coillie 2006:135).

7.2.4 Kindbeskouing

Shavit (1986:30) meen dat een van die belangrikste redes vir die herskryf van 'n kinderteks die kultuur se veranderende kindbeskouing is. 'n Veranderende kindbeskouing beïnvloed tekste vir kinders op twee maniere. Wanneer sienings omtrent die vermoë van die kind om 'n teks te verstaan, verander, verander tekste. Wanneer sienings omtrent die appèl wat die teks rig (Wat moet die kind daaruit kry? Wat is die opvoedkundige doelwitte daarvan?) verander, verander tekste eweneens (Shavit 1986:17). Hierdie wysigings kom veral tot uiting in die toon van die teks (byvoorbeeld ironies of naïef), die einde van die verhaal (gelukkig, hartseer of oop) en die standpunt waaruit die teks geskryf word (dié van die kind of lerende volwassene) (Shavit 1986:17-18).

Die ondersoek van die Kinderbybels het aan die lig gebring hoe belangrik die kindbeskouing van die vertaler sowel as doelkultuur is, en watter invloed dit op die teks kan hê. En dit is nog 'n rede waarom kennis van vertaalteorieë belangrik is.

7.2.5 Samevatting

Om 'n vertaalprojek suksesvol aan te pak, het 'n vertaler dus onder andere kennis van verskillende vertaalteoretiese uitgangspunte nodig. Wanneer sy (soos in die huidige geval) byvoorbeeld 'n Kinderbybel moet vertaal, kan sy nou na die bron- en doeltteks in hul onderskeie kontekste kyk, bewus wees van die beperkings wat haar opgelê word en die redes daarvoor,

ingeligte en gemotiveerde besluite neem oor die mate van herskryf wat sy noodwendig moet doen, en ook die kwessie van domestikering en vervreemding in konteks ondersoek en ten minste probeer om konsekwente besluite hieroor te neem. Les bes is sy bewus daarvan dat sy haar besluite aan die uitgewer en uiteindelik aan haar lesers moet kan verantwoord, en kan sy dus openhartig oor haar eie kulturele konteks (en gepaardgaande uitgangspunte en/of vooroordele) wees.

Indien sy 'n goeie produk wil lewer, moet 'n vertaler reeds in die voorbereidingsfase van die projek bewus wees daarvan dat haar keuses kultuurgedrewe is. Deur sowel die bron- as doeltteks in die konteks van hul onderskeie kulture te plaas, kan sy tog 'n mate van afstand van haar werkwyse kry, en kan sy haar keuses en strategieë aan die lig bring en motiveer as deel van die openheid teenoor die doelttekslesers wat beide Venuti en Lefevere voorstaan. Sodoende vermy sy nie alleen 'n ondeurdagte en onkritiese etnosentriese reduksie van die vreemde teks tot haar eie kulturele waardes nie, maar in die geval van die Kinderbybelvertaling ook 'n ewe onkritiese oordra van die kulturele waardes van die intermediêre bronteks.

Die hipotese wat in die Inleiding gestel is, word dus as geldig bewys. Kennis van vertaalteorie is inderdaad noodsaaklik tydens die voorbereidingsfase van 'n vertaalprojek.

Wat kennis van vertaalteorieë baie duidelik uitlig, is dat die kulturele aspek van die vertaalproses in ag geneem moet word wanneer Kinderbybels vertaal/herskryf word, en die stem van die vertaler hoorbaar gemaak word sodat sy haar uitgangspunt en teologiese standpunte kan verduidelik. Dan word lesers nie mislei nie, en weet die lesers – kinders sowel as volwassenes – wat hulle lees en wat die teks kan doen en nie kan doen nie.

Hierdie insig bring egter verskeie vrae na vore, wat kan lei tot verdere studie-onderwerpe.

7.3 Verdere navorsingsmoontlikhede

'n Kinderbybel is nooit 'n primêre teks nie; dit is óf 'n vertaling van 'n anderstalige Kinderbybel, óf 'n herskryf van 'n volwasse bronteks in dieselfde taal, óf 'n herskryf van die oorspronklike bronteks (wat natuurlik nog nie die heel eerste teks is nie). Voeg hierby die aanspraak van navorsers dat die teks van die Bybel aanvanklik 'n mondelinge teks was, en die bronteks gaan nog verder terug in die newels van die verlede en die onbekende. Die manier waarop hierdie teks dus vir hedendaagse kinders aangebied word, bied insiggewende kommentaar oor hedendaagse kultuur, oor die kindbeskouing van die vertaler en die kultuur waarin die vertaler funksioneer, oor die opvoedkundige beskouings van die dag, en les bes oor die geloofskultuur waarin die teks moet funksioneer. Baie van die manipulistiese teorieë kan dus aan

Kinderbybels getoets word, maar hulle teorieë kan andersyds ook insig gee aan die vertaler/herskrywer oor die verskillende prosesse wat hier ter sprake is.

Die kwessie van die sogenaamde “toelaatbaarheid” van Kinderbybels word van tyd tot tyd geopper. Baie geleerdes en leke voel dat omdat ’n Kinderbybel die heilige woorde van die heilige Skrif verander, dit neerkom op verdraaiing van die Skrif en dus op heiligsennis. Dit is waarskynlik die gevolg van uitgewers se gebruik om daarop aan te dring dat die boek wat hulle uitgee, die Bybel self is. In die geval van die *Lees-en-Leer Bybel* het die uitgewers byvoorbeeld die titel van die teks net so uit die Engels oorgeneem, en omdat die woord “Bybel” prominent ten toon gestel moes word, is korrekte spelling selfs opgeoffer. ’n Ondersoek na die effek van hierdie slenter en van ’n eerlike erkenning en motivering van die maniere waarop die Bybel se teks herskryf is om ’n boek vir kinderlesers te skep, behoort interessante insigte in hierdie problematiek op te lewer.

Met die vertaling van die *Lees-en-Leer Bybel* het ek telkens my vertaalstrategieë aan die uitgewer aangetoon en gemotiveer. Ongelukkig is hierdie strategieë op ’n baie ongemotiveerde manier aanvaar en verwerp, soveel so dat ek geen patroon daarin kon agterkom nie. Die wyse waarop redigeerders met ’n vertaler se teks omgaan, en die maniere waarop hulle skynbaar geen ag slaan op vertaalteorieë nie, is ’n veld van ondersoek wat heelwat moontlikhede bied. Watter mag het ’n vertaler byvoorbeeld om die redigeerder se besluite te beïnvloed? Watter mag het sy om aan te dring op haar vertaalkeuses? En wat is die invloed van die gebrek aan kennis oor vertaalteorieë aan die kant van die redigeerder? Dit behoort interessant te wees om hierdie kwessies te ondersoek in die lig van Lefevere se insigte omtrent die beperkings wat op al die rolspelers in ’n vertaalprojek gelê word deur professionele persone binne die literêre sisteem, patronaat buite die sisteem en die heersende poëtika (“poetics”) (sien 2.2.3.7.).

’n Belangrike hedendaagse beginsel in kinderopvoeding is om nuwe inhoud bekend te stel deur by die kind se leefwêreld aan te sluit. By die vertaling van kinderliteratuur word die teks ook meestal gedomestikeer om die teks by die doelleser se konteks aan te pas en dit relevant vir die doelleser te maak. Sommige skrywers is egter oortuig daarvan dat ons kinders se vermoë om die vreemde in ’n teks te assimileer, onderskat. Wat nog ontbreek, is empiriese navorsing om vas te stel hoeveel “vreemdheid” ’n kinderleser in ’n vertaalde teks kan en sal aanvaar. So ’n tipe navorsing sal moontlik antwoorde gee op sommige van die vrae ten opsigte van die vervreemding en domestikering van vertaalde tekste vir kinderlesers.

Klingberg (1986, aangehaal in Lathey 2006a:15) het jare gelede potensiële areas vir navorsing oor kinderliteratuur identifiseer, en sommige van hierdie onderwerpe, vir die Suid-Afrikaanse situasie gekontekstualiseer, is steeds relevante navorsingsonderwerpe. Navorsing kan byvoorbeeld met vrug gedoen word oor die bronkulture waaruit normaalweg vir Afrikaanse

kinderlesers vertaal word, die ekonomiese en tegniese probleme wat eie is aan die produksie van kinderliteratuur in Suid-Afrika, die manier waarop tekste gekies word vir vertalings en die ontvangs en invloed van daardie tekste in die Suid-Afrikaanse kulture. In Suid-Afrika is die vertaling van kinderliteratuur in al die amptelike tale van die land 'n veld van ondersoek waarin daar nog weinig gedoen is.

In aansluiting by die ondersoekvelde van die Manipulasieskool kan empiriese navorsing oor die aard en oorsprong van interkulturele invloede en uitruilings in vertaalde kinderliteratuur in Suid-Afrika moontlik interessante insigte oplewer.

In Suid-Afrika is daar sekere norme vir die skryf van kinderliteratuur, en dit behoort insiggewend te wees om te bepaal in watter mate vertaalde kinderliteratuurtekste hulle onderwerp aan hierdie norme, en wat die effek van die afwykings en/of nakoming daarvan op die ontvangs van die vertaalde teks het.

Kinderbybels lewer verskeie moontlikhede vir die navorser oor vertaling, veral as dit gedoen word in die lig van teorieë wat die herskryf van tekste veronderstel. 'n Kinderbybel of Kinderbybels kan byvoorbeeld analiseer word om antwoorde op vrae soos die volgende te probeer vind: Watter sosiokulturele norme word in die doelteks gepropageer? Wat is die eienskappe wat die vertaler beskou as noodsaaklik sodat die kinderleser as volwassene in sy sosiokulturele omgewing kan funksioneer? Op watter maniere verskil die sosiokulturele norme van die vertaler (soos dit in die doelteks tot uiting kom) van die norme van die Bybel?

'n Navorser kan ook die invloed van verskillende ideologieë op Suid-Afrikaanse Kinderbybels deur die jare ondersoek om vas te stel hoe dit algaande verander het.

Lefevere het vasgestel dat 'n vertaalde/herskrywe teks dikwels in die doelkultuur as dié teks (oftewel as 'n oorspronklike teks) funksioneer, en dat dit meermale gebeur wanneer 'n teks wat aanvanklik vir volwassenes geskryf is later vir kinderlesers herskryf word. Dit is presies wat met Kinderbybels gebeur, en daarom sou dit bepaald insiggewend wees om vas te stel in watter mate die Kinderbybel wat 'n persoon as kind gelees het, in sy volwasse jare bewus of onbewus as die teks van die Bybel optree. In watter mate word volwassenes se persepsie van wat in die Bybel staan dus beïnvloed deur die Kinderbybels wat hulle gelees het?

Du Toit het die kwessie van Suid-Afrika se elf tale en die implikasies daarvan vir Kinderbybels aangeroer. Die vertaling van 'n Kinderbybel in hierdie tale bring onmiddellik vrae oor domestikering en vervreemding na vore. Tot watter mate moet die teks van die Kinderbybel vir kinders van Suid-Afrika gekontekstualiseer word? Sy het vasgestel dat die Bybel reeds as deel van die inheemse kulture van Suid-Afrika beskou word, maar die vraag moet steeds gevra

word of 'n Kinderbybel uit 'n westerse kultuur as bronteks vir 'n swart Suid-Afrikaanse kind relevant sal wees, en indien nie, wat 'n vertaler/skrywer dan te doen staan.

'n Aspek wat volgens (Du Toit en Beard 2005a:3) by die vertaling/herskryf van Kinderbybels ter sprake is, is kinders se kognitiewe ontwikkeling, die vorming van 'n godsdienstige bewussyn en die vestiging van geloof in die jong kind. Hierdie aspekte het nie in hierdie tesis meer as oppervlakkige aandag gekry nie, en verdien 'n ondersoek op sigself.

Die kwessie van illustrasies by Kinderbybels is in hierdie tesis glad nie aangeraak nie, maar is 'n belangrike ondersoekveld en verdien om in diepte nagevors te word. Hier kom kwessies in verband met kulturele konteks, vervreemding en domestikering ter sprake. In internasionale koproduksies word die visuele materiaal van 'n boek deurgaans onveranderd gelaat, maar die vraag is of dit nie ook "vertaal" en relevant vir die doelkultuur gemaak moet word nie. Hier is ook vrae ter sprake omtrent die relatiewe gewig wat die bronteks, die Bybelteks en die inligting in die illustrasie dra. Wat gebeur wanneer daar teenstrydighede is?

Kinderbybels as vertalings wat in 'n bepaalde kulturele omgewing funksioneer, is 'n onderwerp wat nog lank nie uitgeput is nie.

Bronnelys

- Aksoy, B. 2001. Translation as rewriting: the concept and its implications on the emergence of a national literature. *Translation Journal* 5(3). Beskikbaar:
<http://www.accurapid.com/journal/17turkey.htm>. [6 Augustus 2007.]
- Alexander, P. (samesteller.) 1980. *Bybel-ensiklopedie vir die jeug*. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.
- Baker, M. 2006. Contextualization in translator- and interpreter-mediated events. *Journal of Pragmatics* 38 (2006) 321–337. Beskikbaar:
linkinghub.elsevier.com/retrieve/pii/S0378216605002055. [30 April 2009.]
- Baker, M. 1992. *In other words. A coursebook on translation*. Londen: Routledge. 3-79.
- Baker, M. en Malmkjaer, K. (reds.). 1998. *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge.
- Bassnett, S. 1991. *Translation studies. Revised edition*. Londen: Routledge.
- Bassnett, S. en Lefevere, A. (reds.). 1990. *Translation, history and culture*. Londen: Pinter Publishers.
- Bekkering, H., Buijnsters, P.J., Van Buul, T., et al (reds.). 1990. *De hele Bibelebontse berg. De geschiedenis van het kinderboek in Nederland en Vlaanderen van die middeleeuwen tot heden*. Amsterdam: EM. Querido's Uitgeverij B.V.
- Berman, L.C. 2004. Book Review: Penny Schine Gold, "Making the Bible Modern: Children's Bibles and Jewish Education in Twentieth-Century America". *In American Jewish Archives Journal* LVI, 1 en 2. Beskikbaar:
http://www.americanjewisharchives.org/aja/journal/PDF/LVI/AJA_LVI_14.pdf. [28 Julie 2008.]
- Bierma, N. 2005. *The Words of the Word. Two sharply contrasting perspectives on Bible translation*. [Intyds.] Beskikbaar:
<http://www.christianitytoday.com/books/features/bookwk/050418.htm>. [15 Julie 2008.]
- Bottigheimer, R.B. 1996. *The Bible for children from the age of Gutenberg to the present*. New Haven: Yale University Press.
- Bottigheimer, R.B. 1993. Bible Reading, "Bibles" and the Bible for Children in Early Modern Germany. *Past and Present*, No. 139. Mei. 66-89.
- Brink, V., Brink, T. en Du Toit, P. 2001. *Verhoudingsgerigte kinderbediening*. Wellington: Hugenate Kollege.
- Brisset, A. 1996. The search for a native language: Translation and cultural identity. In Venuti, L. 2004. *The Translation Studies Reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge. 337-369.
- Cech, J. 1992. Shadows in the classroom: Teaching children's literature from a Jungian perspective. In Sadler, G.E. (red.). *Teaching children's literature: issues, pedagogy, resources*. New York: The modern language association of America. 80-88.
- Chesterman, A. 2001. Proposal for a hieronymic oath. *The Translator* 7(2): 139–154.
- Chesterman, A. 1998. Reviews. *Target* 10(1): 155-159.
- Cloud, D.W. 2001. *Editors of the UBS Greek New Testament*. Beskikbaar:
<http://www.wayoflife.org/fbns/ubstrans.htm>. [15 Julie 2006.]
- De Waard, J. en Nida, E.A. 1986. *From one language to another. Functional equivalence in Bible translating*. Nashville: Thomas Nelson.

- Delabastita, D., D'hulst, L. en Meylaerts, R. (reds.). 2006. *Functional approaches to culture and translation. Selected papers by José Lambert*. Amsterdam: John Benjamins.
- Desmidt, I. 2006. A Prototypical approach within Descriptive Translation Studies? In Van Coillie, J. en Verschueren, W.P. *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome. 79-96.
- Dingwaney, A. en Maier, C. (reds.). 1995. *Between languages and cultures*. Pittsburgh: University of Pittsburgh Press.
- Dobson, J. 2001. *Fokus op meer as 400 vroe van gesinne wat mense die meeste pla*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Dollerop, C. 2003. Translation for reading aloud. *Meta*. 48(1/2): 81-103.
- Du Plessis, S. 2004. Die Christelike boekemark vir kinders. Lesing gelewer by die Seminaar: Godsdien, letterkunde en die kind, 2 Maart 2004. Aangebied deur Unisa se Eenheid vir Navorsing in Kinderliteratuur. Beskikbaar: <http://www.childlit.org.za/KonfGodsLesDuPlessis.htm>. [5 Mei 2008.]
- Du Toit, J.S. 2008. "Content follows context" The translation of the bible for children. In: *Translating the verbal and the visual in children's literature*. Gonzalez Davies, M. en Oittinen, R. (reds.). Cambridge: Scholars Press. (Ongepubliseerde manuskrip beskikbaar gestel deur die skrywer.)
- Du Toit, J.S. en Beard, L. 2007. The publication of children's Bibles in indigenous South African languages: an investigation into the current state of affairs. *Journal for Semitics* 16/2. 297-311.
- Du Toit, J.S. en Beard, L. 2005a. A proactive approach to the translation of bible stories for children. *Meta* 50/4. (Manuskrip elektronies beskikbaar gestel deur die skrywer.)
- Du Toit, J.S. en Beard, L. 2005b. "Room of Requirement": The interplay of visual and conceptual space in biblical literature for children. *Old Testament Essays* 18/3: 567-578.
- Du Toit, J.W. 1995. Resente Kleuter- en Kinderbybels in Afrikaans en Engels: 'n Kritiese-evaluerende ondersoek binne 'n literêr-semantiese raamwerk. Skripsie voorgelê vir die Graad DPhil in Lettere en Wysbegeerte. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Dynamic equivalence*. [Intyds.] Beskikbaar: http://www.geocities.com/bible_translation/glossd.htm. [15 Julie 2006.]
- Evans, I.H. (red.). 1970. *Brewer's dictionary of phrase and fable*. Londen: Cassell.
- Even-Zohar, I. 1990. Translated literature in the polysystem. In Venuti, L. 2004. *The Translation Studies Reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge. 199-204.
- Feinauer, A. 2007. Advanced Translation Studies: development of three approaches. Klaslesings aangebied in die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch.
- Fernández Lopéz, M. 2006. Translation studies in contemporary children's literature: a comparison of intercultural ideological factors. In Lathey, G. (red.). *The translation of children's literature. A reader*. Clevedon: Multilingual Matters. 41-53.
- Frank, H. 2007. *Cultural Encounters in Translated Children's Literature*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Gentzler, E. 2001. *Contemporary translation theories*. 2de uitgawe. Londen: Routledge. 43-73.
- Ghesquiere, R. 2006. Why does children's literature need translations? In Van Coillie, J. en Verschueren, W.P. *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome. 19-33.

- Gold, P.S. 2004. *Making the Bible Modern: Children's Bibles and Jewish Education in Twentieth-Century America*. Ithaca: Cornell University Press.
- González Cascallana, B. 2006. Translating cultural intertextuality in children's literature. In Van Coillie, J. en Verschueren, W.P. *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome. 97-110.
- Grzegorzewska, M. 2008. Paradise Lost: Caught in-between. John Milton's poem as a 'translated' version of heroic epic and a source text for modern translations. In Walawszewska, E., Kisieleska-Krysiuk, M., Korzeniowska, A. en Grzegorzewska, M. (reds.). *Relevant worlds: Current perspectives on language, translation and relevance theory*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing. 265-282.
- Gutt, E.A. 2006. Aspects of "cultural literacy" relevant to Bible translation. *Journal of Translation* 2:1. Besikbaar: <http://www.sil.org/siljot/2006/1/48000/siljot2006-1-01.pdf>. [30 April 2009.]
- Gutt, E.A. 2000. *Translation and relevance*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Hanekom, B. 2000. *Hoe leer ons kinders glo?* Wellington: Lux Verbi.BM.
- Harvey, K. 1998. Compensation and the brief in a non-literary translation: Theoretical implications and pedagogical applications. *Target* 10.2. 267–290.
- Hatim, B. 2001. *Teaching and researching translation*. Harlow, Engeland: Longman.
- Heidelbergse geloofsbelijdenis*. Besikbaar: http://www.dominee.co.za/belydenisskrifte/index_HK.htm. [15 Junie 2009.]
- Heltai, P. 2008. The performance of relevance theory in translation studies. In Walawszewska, E., Kisieleska-Krysiuk, M., Korzeniowska, A. en Grzegorzewska, M. (reds.). *Relevant worlds: Current perspectives on language, translation and relevance theory*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing. 156-170.
- Hermans, T. 1999. *Translation in systems. Descriptive and systemic approaches explained*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Hermans, T. 1994. Disciplinary Objectives: The shifting grounds of Translation Studies. In Nistal, P.F. en Gozalo, J.M.B. (reds.). *Perspectivas de la Traducción Inglés/Español. Tercer Curso Superior de Traducción*. Valladolid: Instituto de Ciencias de la Educación, Universidad de Valladolid. 9–23.
- Hermans, T. (red.) 1985. *The manipulation of literature. Studies in literary translation*. New York: St Martin's Press. 7–15.
- Hermanson, E.A. 2002. A brief overview of Bible translation in South Africa. *Acta Theologica Supplementum* 2. 6–18.
- Holmes, J.S. 1994. The name and nature of Translation Studies. In Venuti, L. 2004. *The Translation Studies Reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge. 180–192.
- Hunt, P. (red.). 1990. *Children's literature: the development of criticism*. Londen: Routledge.
- Jackson, M. 1989. *Engines of instruction, mischief and magic. Children's literature in England from its beginnings to 1839*. Lincoln: University of Nebraska Press.
- James, G.L. 2007. Tell it like it is! The case to include the story of the rape of Tamar in children's Bibles as an awareness tool. *Journal for Semitics* 16/2:312–322.
- John Murray Die Kinderbybel E-boek*. Besikbaar: <http://www.kinderbybel.co.za>. [9 Julie 2008.]
- Jordaan, G.J.C. 2002. Problems in the theoretical foundation of the functional-equivalent approach. *Acta Theologica Supplementum* 2. 19–29.
- Joubert, S.J. 2002. No culture shock? Addressing the Achilles heel of modern Bible translations. *Acta Theologica Supplementum* 2. 30–41.

- Kasprzak, W. 2008. 'Prime Eagle' and 'Poor Tit' in a quagmire of translation – on processing cost savers. In Walawszewska, E., Kisieleska-Krysiuk, M., Korzeniowska, A. en Grzegorzewska, M. (reds.). *Relevant worlds: Current perspectives on language, translation and relevance theory*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing. 171-187.
- Kingston, C.T. 1974. *The tragic mode in children's literature*. New York: Teachers College Press.
- Lambert, J. 1995. Literatures, Translation and (De)colonization. In Delabastita, D., D'hulst, L. en Meylaerts, R. (reds.). 2006. *Functional approaches to culture and translation. Selected papers by José Lambert*. Amsterdam: John Benjamins. 87–104.
- Lambert, J. 1988. Twenty years of research on literary translation at the Katholieke Universiteit Leuven. In Delabastita, D., D'hulst, L. en Meylaerts, R. (reds.). 2006. *Functional approaches to culture and translation. Selected papers by José Lambert*. Amsterdam: John Benjamins. 49–62.
- Lambert, J. en Van Gorp, H. 1985. On describing translations. In Delabastita, D., D'hulst, L. en Meylaerts, R. (reds.). 2006. *Functional approaches to culture and translation. Selected papers by José Lambert*. Amsterdam: John Benjamins. 37-48.
- Lathey, G. (red.). 2006a. *The translation of children's literature. A reader*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Lathey, G. 2006b. The translator revealed. In Van Coillie, J. en Verschueren, W.P. *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome.
- Lefevere, A. 1992. *Translation, rewriting and the manipulation of literary fame*. Londen: Routledge.
- Lefevere, A. 1985. Why waste our time on rewrites? In Hermans, T. (red.). *The manipulation of literature. Studies in literary translation*. New York: St Martin's Press. 215–243.
- Lefevere, A. 1982. Mother Courage's cucumbers: Text, system and refraction in a theory of literature. In Venuti, L. 2004. *The Translation Studies Reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge. 239–255.
- Leonardi, V. 2003. *Equivalence in Translation: Between Myth and Reality*. [Intyds.] Beskikbaar: <http://accurapid.com/journal/14equiv.htm>. [15 Julie 2006.]
- Lohann, C.A. 1972. Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Proefskrif ter verkryging van die graad DPhil (Bibl) aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Potchefstroom.
- Long, L. (red.). 2005. *Translation and religion. Holy untranslatable?* Clevedon: Multilingual Matters.
- MacLeod, A.S. 1994. *American Childhood: Essays on Children's Literature of the Nineteenth and Twentieth Centuries*. Athens: University of Georgia Press.
- Marlowe, M. 2005. *The Contemporary English Version*. Beskikbaar: <http://www.bible-researcher.com/cev.html>. [5 Junie 2009.]
- Munday, J. 2001. *Introducing Translation Studies. Theories and Applications*. Londen: Routledge.
- Neff, D. 2002. Meaning-Full Translations. *Christianity Today*, 7 Oktober 2002. Beskikbaar: <http://www.christianitytoday.com/ct/2002/011/2.46.html>. [7 Julie 2006.]
- Newman, B.M. (red.). 1996. *Creating and Crafting the Contemporary English Version: A New Approach to Bible Translation*. New York: American Bible Society. Bylae A, 80-82. Beskikbaar: <http://www.bible-researcher.com/cev.html>. [5 Junie 2009.]
- Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*. New York: Prentice Hall. 3-38.

- Nida, E. 1976. A framework for the analysis and evaluation of theories of translation. In Brislin R.W. *Translation: Applications and research*. New York: Gardner Press. 47-79.
- Nida, E. 1964. Principles of correspondence. In Venuti, L. 2004. *The Translation Studies reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge. 153-167.
- Nida, E.A. en Taber, C. 1969. *The theory and practice of translation*. Leiden: Brill
- Nord, C. 2001. Loyalty revisited. Bible translation as a case in point. *The Translator*. 7(2). 185-202.
- Nord, C. 1997. A functional typology of translations. In Trosberg, A. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.
- Nord, C. 1991. *Text analysis in translation. Theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Amsterdam: Rodopi.
- Norst, M. 1987. The international world of children's books. In Saxby, M. en Winch, G. (reds.). *Give them wings. The experience of children's literature*. Melbourne: Macmillan Company of Australia. 311-326.
- O'Connell, E. 2006. Translating for children. In Lathey, G. (red.). *The translation of children's literature. A reader*. Clevedon: Multilingual Matters. 15-24.
- Oittinen, R. 2006. No innocent act. On the ethics of translating for children. In Van Coillie, J. and Verschueren, W.P. (reds.). *Children's literature in translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome. 35-45.
- Oittinen, R. 2003. Where the Wild Things are: Translating picture books. *Meta*. 48(1/2): 128-141.
- Øster, A. 2006. Hans Christian Anderson's Fairy Tales in Translation. In Van Coillie, J. en Verschueren, W.P. (reds.). *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome. 149-155.
- Pinto, D. 2000. Power relations in the Portuguese translation of Alan Paton's "Life for a life". *Language Matters* 31(2000). 130-154.
- Puurtinen, T. 2006. Translating children's literature: theoretical approaches and empirical studies. In Lathey, G. (red.). *The translation of children's literature. A reader*. Clevedon: Multilingual Matters. 54-83.
- Pym, A. 2001. Introduction. The return to ethics in Translation Studies. *The Translator*. 7(2). 129-138.
- Roux, C.D. 1984. *Perspektiewe op aspekte van Afrikaanse Kinderbybels*. Skripsie gelewer vir die graad MA in Lettere en Wysbegeerte aan die US. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Rudvin, M. en Orlati, F. 2006. Dual readership and hidden subtexts in children's literature. In Van Coillie, J. en Verschueren, W.P. (reds.). *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome. 157-184.
- Sadler, G.E. (red.). 1992. *Teaching children's literature: issues, pedagogy, resources*. New York: The modern language association of America.
- Saxby, M. 1987a. The gift of wings: the value of literature to children. In Saxby, M. en Winch, G. (reds.). *Give them wings. The experience of children's literature*. Melbourne: Macmillan Company of Australia. 3-18.
- Saxby, M. 1987b. The wonder of myth and legend. In Saxby, M. en Winch, G. (reds.). *Give them wings. The experience of children's literature*. Melbourne: Macmillan Company of Australia. 115-124.
- Shavit, Z. 1986. *Poetics of children's literature*. Athene: University of Georgia Press.

- Shuttleworth, M. en Cowie, M. 1997. *Dictionary of Translation Studies*. Manchester: St Jerome.
- Smith, K. 2002. Translation as secondary communication. The relevance theory perspective of Ernst-August Gutt. *Acta Theologica Supplementum 2*. 107-117.
- Snell-Hornby, M. 2006. *The turns of Translation Studies. New paradigms or shifting viewpoints?* Amsterdam: John Benjamins.
- Snyman, L. 1983. *Die kind se literatuur*. Durbanville: Die Kinderpers.
- Spangenberg, S. 2004. Sonder verhale vaar niemand wel. Lesing gelewer by 'n seminaar oor Godsdienst, letterkunde en die kind, 2 Maart 2004, aangebied deur Unisa se Eenheid vir Navorsing in Kinderliteratuur. Beskikbaar: <http://www.childlit.org.za/konfGodsdienst.prog.htm>. [21 Julie 2008.]
- Stahl, J.D. 1992. Canon formation: a historical and psychological perspective. In Sadler, G.E. (red.). *Teaching children's literature. Issues, pedagogy, resources*. New York: The Modern Language Association of America. 12-21.
- Stander, H.F. 2003. Die wetenskaplike onderbou van *DieBybel@kinders.co.za*. *VERBUM ET ECCLESIA* Jrg 24(2). 474-492.
- Stolt, B. en Klingberg, G. 1980. *Het vertalen van kinderboeken*. Den Haag: Nederlands Bibliotheek en Lektuur Centrum.
- Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (10de Uitgawe). Kaapstad: Pharos.
- Tabbert, R. 2002. Approaches to the translation of children's literature. A review of critical studies since 1960. *Target* 14:2 (2002). 303-351.
- Theunissen, A. 1983. *Sodat my kind kan glo*. Kaapstad: Tafelberg.
- Tilley, T.W. 1985. *Story theology*. Wilmington: Michael Glazier.
- Toury, G. 1995. The nature and role of norms in translation. In Venuti, L. 2004. *The Translation Studies Reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge. 205-218.
- Ulrych, M. en Bosinelli, R.M.B. 1999. The state of the art in Translation Studies. An overview. *Textus. English studies in Italy*. XII(2). 219-242.
- Van Coillie, J. 2006. Character names in translation. In Van Coillie, J. en Verschuere, W.P. *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome. 130-139.
- Van Coillie, J. en Verschuere, W.P. 2006. *Children's Literature in Translation: Challenges and Strategies*. Manchester: St Jerome.
- Van der Merwe, C.H.J. 1999. 'n Konkordante vertaling van die Bybel in Afrikaans. Is dit hoegenaamd verantwoordbaar, en hoe sal dit lyk? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 40/3-4. 293-306.
- Van der Merwe, C.H.J. en Basson, C.S. 2003. 'n Nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans: 'n teoretiese en praktiese oriëntering. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 44/3-4. 550-567.
- Van Leuven-Zwart, K. 1992. *Vertaalwetenskap: ontwikkelings en perspektiewe*. Muiderberg: Dick Coutinho. 51-66.
- Van Zyl, L. 2007. *Die ontwikkelingsfases van jou kind*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Venuti, L. 2004. Translation, Community, Utopia. In Venuti, L. 2004. *The Translation Studies Reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge. 482-502.
- Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility. A history of translation*. Londen: Routledge.
- Vermeer, H. 1998. Starting to unask what Translatology is all about. *Target* 10(1). 41-68.

- Vermeer, H.A. 1989. Skopos and commission in translational action. In Venuti, L. (red.). 2004. *The Translation Studies Reader*. 2de uitgawe. New York: Routledge.
- Walawszewska, E., Kisieleska-Krysiuk, M., Korzeniowska, A. en Grzegorzewska, M. 2008. Current perspectives on language, translation and relevance theory. In Walawszewska, E., Kisieleska-Krysiuk, M., Korzeniowska, A. en Grzegorzewska, M. (reds.). *Relevant worlds: Current perspectives on language, translation and relevance theory*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing. 1-20.
- Walker, A.K., Kruger, A. en Andrews, I.C. 1995. Translation as transformation: A process of linguistic and cultural adaptation. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Suppl 26. 99-115.
- Williams, J. en Chesterman, A. 2002. *The Map*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Winch, G. 1987. The light in the eye: on good books for children. In Saxby, M. en Winch, G. (reds.). *Give them wings. The experience of children's literature*. Melbourne: Macmillan Company of Australia. 19-25.
- Winskowski, C. 2004. *Fascinated by Languages*. [Intyds.] Beskikbaar: <http://linguistlist.org/issues/15/15-495.html#1>. [7 Julie 2006.]
- Wybenga, G. en Snyman, M. (reds.). 2005. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom. 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA-uitgewers.

Bybelvertalings

- Barker, K. (red.). 1985. *The NIV Study Bible*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Die Bybel Nuwe Lewende Vertaling*. 2006. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel*. 1957. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Lewende Bybel*. 1982. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Holy Bible containing the Old and New Testaments, New King James Version*. 1982. Nashville: Thomas Nelson.
- Newman, B.M. (red.). 1995. *Holy Bible: Contemporary English Version*. New York: American Bible Society. Beskikbaar: <http://www.e-sword.net/bibles.html>. [1 Junie 2009.]
- Statenbijbel*. (1637). Beskikbaar: <http://www.statenvertaling.net/>. [20 Augustus 2009.]
- The Holy Bible containing the Old and New Testaments, Authorised King James Version*. [G.d.] Londen: Collins.
- Van der Watt, J. en Joubert, S. (reds.). 2002. *Die Boodskap. Ou en Nuwe Testament*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Kinderbybels

- Alexander, P. 1991. *My gunsteling Kinderbybel. Verhale uit die Ou en Nuwe Testament*. Vertaal deur Cilliers, A. en Cilliers, S. Kaapstad: Struik Christelike Boeke. (Oorspronklik *The Lion Children's Bible*, 1981.)
- Batchelor, M. 1988. *Die Kinderbybel in 365 verhale*. Vertaal deur Van Rooyen, R. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

- Conradie, W.J. 1940. *Die Afrikaanse Kinderbybel*. Verwerk deur Joubert, W.A. en nagesien deur Conradie, J.D. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- De Graaf, A. en Péres Montero, J. (illustreerder). 2004a. *My eerste doen-Bybel*. Wellington: LuxVerb.BM.
- De Graaf, A. en Péres Montero, J. (illustreerder). 2004b. *My first let's-do Bible*. Wellington: LuxVerb.BM.
- De Vries, A. [G.d.] *Ons groot Kinderbybel Die bybelgeskiedenis oorvertel*. Verwerk deur Latsky, S.J. Kaapstad: Naweekpos.
- Grobbelaar, P.W. in oorleg met Van Wijk, A.J. 1973. *Die groot nuwe Kinderbybel met toeligting*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Hadaway, B. en Atcheson, J. 1975. *Die Bybel vir kinders*. In Afrikaans vertaal en vryelik verwerk. Kaapstad: Lux Verbi.
- Heese, H. en Wildsmith, B. (illustreerder). 1971. *En daar is lig: verhale uit die Bybel*. Durbanville: Kinderpers.
- Helm, D. 2004. *The big picture story Bible*. Wheaton: Crossway Books.
- Hunt, P. 1981. *My eie Kinderbybel*. Vertaal deur De Villiers, R. 1984. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Joubert, S., Van der Watt, H. en Stander, H. 1999. *Die Nuwe Testament vir kinders*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.
- Kuijt, E. en De Jonge, R. (illustreerder). 1982. *Kleuterbybel*. CUM: Roodepoort.
- Lane, L. en Chapman, G. (illustreerder). 2005a. *My eerste Bybel*. Wellington: LuxVerb.BM.
- Lane, L. en Chapman, G. (illustreerder). 2005b. *My first Bible*. Berkhamsted: AD Publishing Services. Wellington: LuxVerb.BM.
- Lane, L. en Chapman, G. (illustreerder). 2003a. *Die Bybel vir kleingoes*. Wellington: LuxVerb.BM.
- Lane, L. en Chapman, G. (illustreerder). 2003b. *The Kidz Bible*. Berkhamsted: AD Publishing Services. Wellington: LuxVerb.BM.
- Liebenberg, F.J. 1946. *Die Kaapse Kinderbybel*. Kaapstad: H.A.U.M.
- Lloyd-Jones, S. 2007. *The Jesus Storybook Bible*. Grand Rapids: Zondervan.
- Maartens, M. 1996. *Die geïllustreerde Kinderbybel. Leer ken God van kleins af*. Kaapstad: Struik Christelike boeke.
- Moore, E. 2008a. *Read and Learn Bible*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Moore, E. 2008b. *Lees-en-Leer Bybel*. Vertaal deur Brink, T. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Moore, E. 2005. *Read and Learn Bible*. American Bible Society. New York: Scholastic.
- Murray, J. [G.d.] *Die Kinderbybel E-boek*. Beskikbaar: <http://www.kinderbybel.co.za> [9 Julie 2008].
- Nothnagel, J. en McBride, A. (illustreerder). 2002. 4de uitgawe. *Ons eie Kleuterbybel*. Wellington: LuxVerb.BM.
- Ridders, D., Syswerda, J. (reds.) en Jones, D. (illustreerder). 2001. *Read with me Bible*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke. Londen: Angus Hudson.
- Robertson, J. (oorverteller). 1976. *Bybelverhale wat lewe*. Vertaal deur Van der Westhuizen, I. Pretoria: JP van der Walt en seun. (Oorspronklike titel: *The encyclopedia of Bible stories*.)

- Smit, L. 1982. *Die Bybel vir kleuters oorvertel*. Kaapstad: Tafelberg.
- Stander, H. 2002. *DieBybel@kinders.co.za*. Vanderbijlpark: Carpe Diem.
- Van Wijk, J.A. en Jagtenberg, A (illustreerder). 1964. *Afrikaanse Kleuterbybel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Von Staden, P. 1970. *Die Nuwe Kinderbybel in kleur*. 8ste druk 1982. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Vos, C. 1950. *Die Bybel vir kinders vertel*. 2de druk 1952. Verwerk deur Groenewald, G. Pretoria: Van Schaik.
- Watts, M. (oorverteller). 2003. *Die Lion Bybel vir kinders*. Vertaal deur Van Zyl, H. Kaapstad: Struik Christelike boeke.
- Wilkinson, B. en McBride, A. (illustreerder). 2005a. *My 100 best-loved Bible stories*. Wellington: LuxVerb.BM.
- Wilkinson, B. en McBride, A. (illustreerder). 2005b. *My 100 goue Bybelverhale*. Wellington: LuxVerb.BM.
- Wright, S.A. en Ayres, H. (illustreerder). 2005a. *A child's Bible*. Berkhamsted: AD Publishing Services. Wellington: LuxVerb.BM.
- Wright, S.A. en Ayres, H. (illustreerder). 2005b. *Die Bybel vir kinders*. Wellington: LuxVerb.BM.

Bylae 1

Vertaalopdrag

Die vertaalopdrag vir die vertaling van die *Read and Learn Bible* in Afrikaans:

This is the text that needs to be translated into Afrikaans.

- target audience: children (6-12 years)
- purpose: teach them about the Bible through simple story-telling
- please use the same spelling of names and vocab as in the NAV Bybel 1983

We agree on R12 000 total payment (+- R33/ 100 words)

Deadline: 5 October 2007, 12pm

34 665 words

There are a lot of numbers between the text. This is the start of the page number as it appears in the original. Please maintain this in your translation. Please remember that your translation is going to be published!

Please contact me if you are unsure about anything. I will let you know if there are more things you need to know about the translation. Please keep me updated on the work progress.

Thank you for working with us to spread the Word of God. Have a good week!

Angelina Daniel

Language Practitioner

Dept of Translation and Text Processing

Tel: 021-910 8750

Fax: 021-910 8775

Bylae 2

Kinders se ontwikkeling tot volwassenheid

Al die betrokkenes by 'n vertaalprojek met kinders as doellesers het 'n bepaalde kindbeeld, wat 'n diepgaande invloed het op die manier waarop die teks herskryf of manipuleer word. Dit is dus gepas om 'n kort opsomming te gee van wat ek as vertaler as die vernaamste ontwikkelingstake van ses- tot agtjarige en nege- tot twaalfjarige kinders beskou. Baie van my vertaalkeuses is gemotiveer na aanleiding van hierdie inligting.

Ses- tot agtjariges

Intellektuele ontwikkeling

- Hulle vermoë om simbole en abstrakte dinge te verstaan is steeds beperk, tensy dit na konkrete situasies herlei word.
- Hulle konsep van tyd, ruimte en getal is beperk, dus ook hul begrip van geskiedenis en aardrykskunde. Groot getalle is onverstaanbaar.
- Hulle vermoë om logies te dink begin ontwikkel. Hulle begin dinge in konteks sien. Hulle kan klassifiseer, voorspel en raai.
- Hulle kan memoriseer met behulp van herhaling, die gebruik van hul sintuie, toepassings en herhaling in die alledaagse lewe.

Taalkundige ontwikkeling

- Hulle woordeskat vergroot. Hulle begin lees.
- Hulle kan hul gevoelens en ervarings meestal in woorde uitdruk.

Godsbegrip

- Hulle denke is konkreet, dus leer hulle God veral uit sy woorde en dae ken.
- Hulle begin onderskei tussen die drie persone van die Drie-eenheid, alhoewel hulle in gesprekke nie werklik onderskei tussen God en Jesus nie. Hulle kan verstaan dat die Heilige Gees gelowiges lei en krag gee.
- Sommige kan die verlossingsboodskap verstaan indien dit baie konkreet gestel word.

Bybel

- Hulle begin vra of die Bybel waar is.
- Hulle verkies verhale oor konkrete gebeure.
- Hulle Kinderbybels kan langer verhale en langer sinne bevat as dié vir voorskoolse kinders. Kleurvolle prente is nog belangrik, maar teks kan meer ruimte inneem as prente.
- Omdat hulle nog nie 'n goeie begrip van die Heilige Gees het nie, moet verhale op God en Jesus fokus, en dit moet gaan oor wat Hy in konkrete situasies sê en doen.
- Verhale oor God se liefde, teenwoordigheid en sorg is belangrik (hulle het baie vrese).
- Hulle hou van verhale met morele implikasies (hulle vra graag vrae en hul morele ontwikkeling vorder).
- Basiese Bybeltemas moet op elementêre en konkrete vlak behandel word.

Nege- tot twaalfjariges

Intellektuele ontwikkeling

- Hulle is ondersoekend, en wil weet hoe dinge inmekaarsteek en werk.
- Hulle is gestel op regverdigheid en die navolg van reëls. Hulle het gewoonlik 'n sterk sin vir regverdigheid en geregtigheid.

- Hulle het 'n goeie redenasievermoë.
- Hulle dink nog konkreet, alhoewel sommige abstrak begin dink. Simbole en abstraksies moet aan die hand van visuele hulpmiddels verklaar word.
- Hulle het 'n beter begrip van tyd, ruimte, plek, afstand en getal. Hulle stel belang in die gebeure van die dag.
- Hulle logika ontwikkel, asook hulle begrip van oorsaak en gevolg en die verband tussen gebeure. Hulle kan klassifiseer en kategoriseer en skat.
- Hulle aandagspan is langer, en hulle het gewoonlik 'n baie goeie geheue.

Taalkundige ontwikkeling

- Omdat hulle wêreld groter is en hulle baie lees, brei hulle woordeskat uit.
- Dit is die tyd wanneer kinders die meeste lees. Leesprobleme word gewoonlik in hierdie fase geïdentifiseer.

Godsbegrip

- Hulle verstaan die misterie van die Drie-eenheid beter, ken die verskil tussen God en Jesus, en verstaan die rol van die Heilige Gees beter.
- Hulle verstaan die verlossingsboodskap beter. Abstrakte terminologie is nie 'n groot probleem nie, veral as hulle dit van jongsaf gehoor het.
- Hulle kan 'n logiese aanbieding verstaan, asook oorsaak en gevolg.
- Dit is 'n tyd van heldeverering, dus sal verhale oor helde tot hulle spreek.


Bybel

- Hulle vra na die oorsprong van die Bybel, en sien verbande tussen Bybelfigure en Bybelverhale. Hulle redenasievermoë lei dikwels tot bevraagtekening.
- Hulle begin Kinderbybels ontgroei, en kan groot dele van die Bybel verstaan. Hulle kan ook op hul eie lees.
- Hulle kan oor leerstellige en etiese kwessies redeneer. Die klem kan dus geleidelik verskuif na hierdie aspekte van die Bybel en weg van konkrete verhale.
- Heldeverering is steeds belangrik.
- Verhale oor God se liefde, teenwoordigheid en sorg spreek tot hulle.
- Abstrakte kwessies moet steeds in verband met hulle leefwêreld gebring word.


Bronnelys

- Blazer, D.A. (red.). 1989. *Faith development in early childhood*. Kansas City: Sheed and Ward.
- Brink, V., Brink, T. en Du Toit, P. 2001. *Verhoudingsgerigte kinderbediening*. Wellington: Hugenote Kollege.
- Deist, F. 1991. *Verhinder hulle nie. Godsdiensoonderrig aan laerskoolkinders*. Pretoria: JL van Schaik.
- Dobson, J. 2001. *Fokus op meer as 400 vrae van gesinne wat mense die meeste pla*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Fowler, J.W. 1981. *Stages of Faith. The psychology of human development and the quest for meaning*. San Francisco: Harper & Row.
- Hanekom, B. 2000. *Hoe leer ons kinders glo? 'n Praktiese gids vir ouers, onderwysers en predikante*. Wellington: Lux Verbi.BM
- Miller, D.E. 1987. *Story and context. An introduction to Christian education*. Nashville: Abingdon Press.
- Pazmiño, R.W. 1988. *Foundational issues in Christian education*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Theunissen, A. 1983. *Sodat my kind kan glo*. Kaapstad: Tafelberg.
- Tilley, T.W. 1985. *Story theology*. Wilmington: Michael Glazier.
- Van Zyl, L. 2007. *Die ontwikkelingsfases van jou kind*. Wellington: Lux Verbi.BM

Bylae 3.1 Voorblad



Bylae 3.2 Voorwerk en Voorwoord



Bylae 3.3 Inhoudsopgawe

FOREWORD

The **Read and Learn Bible** is a collection of favourite stories from the Old and New Testaments, based on the Contemporary English Version (CEV) and the King James Version, written in simple language for young readers.

This is a unique Bible for young readers between the ages of five and eight years. Not only is the text easy to read and to understand, but highlighted information throughout the text adds depth to the stories. In addition there are supplemental Parent Pages at the back of the book designed to help parents in exploring certain biblical truths and Christian values with their children. A team of excellent artists and designers have succeeded in illustrating the Bible in a child friendly way.

We trust that this Bible will not only occupy an important place in your child's bookcase, but also in his or her heart.

CONTENTS Old Testament Stories

GENESIS	
The First Seven Days	3
God's Garden	9
The Snake in the Garden	14
The Flood and the Rainbow	20
The Tower of Babel	28
Abraham	33
Three Visitors	39
A Bride for Isaac	44
Esau and Jacob	50
God Comes to Jacob	55
Esau Forgives	59
A New Name for Jacob	63
Joseph the Dreamer	65
Sold!	69
Joseph and His Brothers	72
EXODUS	
The Baby in the Basket	77
The Burning Bush	80
Let the People Go	86
The Tenth Plague	92
Out of Egypt	96
Food in the Desert	102
God's Laws	106
God's Holy Place	112
NUMBERS	
A Big Mistake	116
JOSHUA	
Into the Promised Land	121
JUDGES	
A Brave New Leader	126
Gideon's Army	130
Samson	134

RUTH

Naomi and Ruth 139

1 SAMUEL

A Prayer Is Answered 142
Samuel the Prophet 145
The First King 149
A Future King 152
David and Goliath 154
David's Friend 161
King David's Songs (*from 2 Samuel and Psalms*) 164

1 KINGS

A Wise King 168
King Solomon's Temple 172
King Solomon's Wise Words (*from Proverbs*) 174
Elijah and the Bad King 176
Who Is the True God? 180

2 KINGS

Elijah Goes Away 186
Elisha's Miracles 190
A Lost Book Is Found 196
A Sad Ending 200

DANIEL

Daniel and the King's Dream 204
The King's Dream 208
The Angel in the Fire 212
Daniel and the Lions 217

ESTHER

Queen Esther 224

JONAH

Jonah and the Big Fish 228

MICAH

Peace Will Come 233

New Testament begins on page 239

CONTENTS

New Testament Stories

Good News from the Angel Gabriel 243
A Message for Mary 246
A Son for Elizabeth 250
Jesus Is Born 251
The Shepherds 254
Jesus Is Blessed 258
Wise Men from the East 261
The Escape to Egypt 265
Young Jesus in the Temple 268
Jesus and John the Baptist 273
Twelve Men 280
A Miracle in Cana 284
Jesus the Healer 288
Jesus the Teacher 290
Some Words of Jesus 294
The Lord's Prayer 297
Jesus and the Roman Soldier 298
A Storm 303
Jesus Heals a Crippled Man 306
Two Miracles in One Day 311
Women Helpers 317
A Very Important Story 319
The Kingdom of Heaven 328
The Woman at the Well 332
Special Work for the Disciples 338
Bread and Fish for Everyone 340
Jesus Walks on Water 346
The Glory of Jesus 351
The Blind Man Sees 356
The Real Neighbour 360
Martha and Mary 367
Healing on the Sabbath 371
The Lost Sheep 377
Two Sons 380

Bylae 3.4 Wenke vir ouers

Ten Men Are Healed	386
Jesus Blesses the Children	392
A Miracle in Jericho	394
A Sinner Is Saved	398
At Mary's House	402
Jesus Comes to Jerusalem	406
Paying Taxes	413
The Poor Woman's Fortune	417
Jesus the Servant	420
The Last Supper	425
A Dark Friday	430
A Joyful Sunday	435
Jesus Is Alive!	443
Jesus Is Taken to Heaven	447
The Holy Spirit	452
A Miracle at the Beautiful Gate	460
A New Apostle	466
Paul and Silas in Philippi	476
A New World	484

INTRODUCTION These Parent Pages Are for You!

Recent studies point out that parents are still the most influential people in their children's lives. These Parent Pages are intended to help you, the best role models for your children, to be equipped and motivated to share your faith through reading the Bible and discussing its stories in a friendly and informal way.

It will be an enjoyable experience for you and for them. It will be fun! It will bring you closer together. It will help you to laugh, learn and love together.

— Rich Bimler

Happy reading! Happy sharing!

PARENTS AND CHILDREN

1. Teaching Forgiveness • Genesis 31-33
2. Resurrection Resources • Matthew 28
3. We Are Blessed! • Matthew 19
4. Tell Jesus' Story • Luke 2:8-14
5. Making People Well • Luke 4
6. Serving Others • John 13
7. We Are Loved • Luke 15:11-32
8. Facing the Fears of Life • Luke 8
9. We Are Hope-filled! • Luke 2
10. Share Your Gifts • Matthew 2
11. Redeemed • Matthew 26-27
12. Love Others • Luke 10
13. Friends • I Samuel 18-19
14. Living by the Promise • Genesis 6-9
15. Wondering About Wonder • Genesis 1-2
16. Worship • I Kings 8
17. Pray • Matthew 6:9-13
18. Trust • Exodus 16-17
19. Give Thanks! • Luke 17
20. Stick Together • Ruth 1-4



Parent Page # 1

TEACHING FORGIVENESS

(Genesis 31-33)

Forgiveness is God's gift to all people. In the Bible story, Jacob was worried that Esau would not forgive him. He tried to do nice things for his brother so that he might forgive and like him again. But what a great feeling it was for Jacob to find out that Esau had already forgiven him. And that's just how forgiveness works with us. Jesus continues to forgive us, just the way we are, always ... and that's a long time!

After reading the Genesis 31-33 story about Jacob and Esau, share with your family a time when you were forgiven by one of your parents or other family members when you were young.

Ask your children to share a time when they were forgiven by you, and also a time when they felt they were not forgiven by you.

The key to our living and sharing forgiveness with others is that we do it not because we are nice or that the other person deserves it, but because God through Jesus has forgiven us, especially when we do not deserve it.

Tell your children, right now, that you need their forgiveness when you are not as loving or caring as you could be. Tell them of a time when you were sorry for your actions toward them, and ask them to say, "I forgive you, Dad (Mom)." Now ask them to say something like, "Mom (Dad), please forgive me for the time I ... (have them share a time when they did something wrong).

Life is for giving ... and forgiving!



A BIBLE FOR TODAY'S KIDS

This collection of favourite Read and Learn Bible stories will not only encourage young children to read on their own, but it will also provide them with valuable educational facts that help explain the true meaning of the Scriptures. In addition, the easy-to-use Parent Pages will help engage young readers in thoughtful discussion about faith-related topics while sharing these inspiring stories.


Inside the Read and Learn Bible

- 102 of the best-loved stories in the Bible
- Easy-to-read text and easy-to-understand storylines
- Educational notes that support the text and enhance the meaning of the stories
- Engaging full-colour illustrations
- Talk to Your Children Parent Pages

ISBN 978-0-7992-1580-2



Bylae 4.1 Voorblad



Bylae 4.2 Voorwerk en Voorwoord

LEES-en-LEER BYBEL
Oorspronklik uitgegee onder die titel
Read and Learn Bible
Kopiereg © 2005 Scholastic Inc.
Alle regte voorbehou
Uitgegeë met toestemming van
Scholastic Inc, 557 Broadway, New York, NY 10012, USA

Verhale oortel deur Eva Moore
Illustrasies deur Duendes del Sur en Walter Carzon
Eerste uitgawe 2008

Afrikaanse weergawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2008

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n
datasentrum geberg of vermenigvuldig word in enige vorm of deur enige medium –
elektronies, meganies, fotografies, fonografies of enige ander vorm van opname –
sonder die voorafgaande skriftelike verlof van die uitgewer nie.

Uitgegeë deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville
www.bybelgenootskap.co.za

Gedruk deur Tien Wah Press
4 Pandan Crescent, Singapore 128475
Lettertipe 20 pt Caslon Pro

Afrikaans – 5M – BSA – 2008
R&L(2)AF563P Hardeband, Volkteuillustrasies ISBN 978-0-7982-1559-6

Bylae 4.3 Inhoudsopgawe

VOORWOORD

Die **Lees-en-Leer Bybel** is 'n versameling van die mooiste verhale uit die Ou en Nuwe Testament wat in eenvoudige taal vir jong lesers geskryf is.

Dit is 'n unieke Bybel vir jong lesers tussen die ouderdom van vyf en ag jaar. Die teks is maklik om te lees en om te verstaan. Daarby word belangrike inligting uitgelig om die verhale in hulle historiese konteks te belig en om 'n dieper dimensie aan die verhale te verleen. Agterin die boek is daar spesiale inligting vir ouers wat hulle help om saam met hulle kinders sekere Bybelse waarhede en Christelike waardes te ondersoek. Ook het 'n span uitstekende kunstenaars en ontwerpers daarin geslaag om die Bybel op 'n kindervriendelike wyse te illustreer.

Ons vertrou dat die Bybel 'n belangrike plek nie net op u kind se boekrak nie maar ook in sy of haar hart sal inneem.

INHOUDSOPGAWE

Verhale uit die Ou Testament

GENESIS	
Die eerste sewe dae	3
God se tuin	9
Die slang in die tuin	14
Die vloed en die reënboog	20
Die toring van Babel	28
Abraham	33
Drie kuiergaste	39
'n Vrou vir Isak	44
Jakob en Esau	50
God verskyn aan Jakob	55
Esau vergewe Jakob	59
Jakob kry 'n nuwe naam	63
Josef die dromer	65
Verkoop!	69
Josef en sy broers	72
EKSODUS	
'n Baba in 'n mandjie	77
Die brandende bos	80
Laat my volk gaan	86
Die tiende plaag	92
Die uittoeg uit Egipte	96
Kos in die woestyn	102
God se wette	106
God se heilige plek	112
NUMERI	
'n Groot fout	116
JOSUA	
'n Na die beloofde land	121
RIGTERS	
'n Dapper leier	126
Gideon se leër	130
Simson	134

RUT	
Naomi en Rut	139
1 SAMUEL	
Die Here verhoor 'n gebed	142
Samuel word 'n profet	145
Die eerste koning	149
Die tweede koning	152
Dawid en Goliat	154
Dawid se beste vriend	161
Dawid sing vir die Here	164
1 KONINGS	
'n Wyse koning	168
Koning Salomo se tempel	172
Koning Salomo se wyse woorde	174
Elia en die slegte koning	176
Wie is die Here?	180
2 KONINGS	
Elia gaan weg	186
Elisa doen wonderwerke	190
'n Verlore boek word gevind	196
'n Hartseer einde	200
DANIËL	
Daniël in die paleis	204
Daniël en die koning se droom	208
Drie vriende bly gehoorsaam	212
Daniël in die leeuuil	217
ESTER	
Koningin Ester	224
JONA	
Jona en die groot vis	228
MIGA	
Daar sal vrede wees	233

Nuwe Testament begin op bladsy 239

INHOUDSOPGAWE

Verhale uit die Nuwe Testament

Die engel Gabriël bring goeie nuus	243
'n Boodskap vir Maria	246
Elisabet se babaseun	250
Jesus word gebore	251
Die skaapwagters	254
Jesus word geseën	258
Sterrekykers uit 'n ver land	261
Die vlug na Egipte	265
Jesus in die tempel	268
Jesus en Johannes die Doper	273
Twaalf dissipels	280
Die wonderwerk in Kana	284
Jesus maak mense gesond	288
Jesus leer die mense	290
Jesus se woorde	294
Jesus leer ons bid	297
Jesus en die Romeinse soldaat	298
'n Storm	303
Jesus maak 'n verlamde man gesond	306
Twee wonderwerke op een dag	311
Jesus se helpers	317
'n Baie belangrike storie	319
Die koninkryk van die hemel	328
Die vrou by die put	332
Die dissipels kry 'n spesiale werk	338
Brood en vis vir almal	340
Jesus loop op die water	346
Jesus word verheerlik	351
'n Blinde man kan sien	356
Die barmhartige Samaritaan	360
Marta en Maria	367
Jesus maak mense op die sabbat gesond	371
Die verlore skaap	377
Twee seuns	380

Bylae 4.4 Wenke vir ouers

INLEIDING

Die volgende bladsye is spesiaal vir ma's en pa's!

Onlangse navorsing wys daarop dat ouers nog steeds die invloedrykste mense in hulle kinders se lewens is. Jy is jou kinders se beste rolmodel. Hierdie Wenke vir ouers wil jou help om toegerus en gemotiveerd te wees om jou geloof met hulle te deel wanneer julle saam die Bybel lees en die verhaale daarin op 'n informele en vriendelike manier bespreek.

Dit sal vir jou en jou kinders 'n goeie en verrykende ervaring wees. Dit sal lekker wees! Dit sal julle nader aan mekaar bring. Dit sal julle help om saam te lag, te leer en lief te hê.

Lekker lees! Lekker saamgesels!

— *Rich Bimler*

WENKE VIR OUERS

1. Kom ons leer van vergifnis • Genesis 31–33
2. Jesus se opstanding • Matteus 28
3. Ons is gelukkig! • Matteus 19
4. Vertel Jesus se verhaal • Lukas 2:8–14
5. Jesus maak mense gesond • Lukas 4
6. Help ander mense • Johannes 13
7. Iemand het jou lief • Lukas 15:11–32
8. Is jy bang? • Lukas 8
9. Ons het goeie hoop! • Lukas 2
10. Deel jou gawes • Matteus 2
11. Gered • Matteus 26–27
12. Jy moet jou naaste liefhê • Lukas 10
13. Vriende • 1 Samuel 18–19
14. Onthou die Here se belofte • Genesis 6–9
15. 'n Wonderlike wêreld • Genesis 1–2
16. Aanbid die Here • 1 Konings 6–8
17. Gebed • Matteus 6:9–13
18. Vertroue • Eksodus 16–17
19. Sê dankie! • Lukas 17
20. Staan saam • Rut 1–4



Tien mans word gesond	386
Jesus seën die kindertjies	392
'n Wonderwerk in Jerigo	394
'n Sondaar word gered	398
In Maria se huis	402
Jesus in Jerusalem	406
Betaal belasting	413
Die arm vrou se sente	417
Jesus is 'n dienskneg	420
Die laaste ete	425
'n Hartseer Vrydag	430
'n Blye Sondag	435
Jesus leef!	443
Jesus vaar op na die hemel	447
Die Heilige Gees	452
'n Wonderwerk by die Mooiport	460
'n Nuwe apostel	466
Paulus en Silas in Filippi	476
'n Nuwe wêreld	484

Bylae 4.5 Agterblad

Wenke vir ouers #1

KOM ONS LEER VAN VERGIFNIS (Genesis 31–33)

Vergifnis is God se geskenk aan mense. Die Bybel vertel ons dat Jakob bang was dat Esau hom nie sou vergewe nie. Hy probeer toe sy broer se guns wen sodat dié hom sal vergewe en weer van hom sal hou. Maar toe vind hy uit Esau het hom reeds lank gelede vergewe. Wat 'n wonderlike gevoel! Dit is ook hoe vergifnis vir ons werk. Jesus vergewe ons steeds, net soos ons is, vir altyd ... en dit is 'n baie lang tyd!

As jy die verhaal van Genesis 31–33 vir jou kinders gelees het, kan jy gerus vir hulle vertel van 'n keer toe jy nog klein was en deur 'n ouer of ander gesinslid vergewe is. Vra jou kinders om te vertel van 'n keer toe jy hulle vergewe het, en ook van 'n keer toe hulle gevoel het jy het hulle nie vergewe nie.

Die sleutel tot 'n lewe waar ons vergifnis gee en ontvang, is dat ons dit nie doen omdat ons gaaf is of omdat die ander persoon dit verdien nie, maar omdat God ons deur Jesus vergewe, juis wanneer ons dit nie verdien nie.

Sé sommer nou vir jou kinders dat jy hulle vergifnis nodig het omdat jy nie so liefdevol en geduldig is soos jy moet wees nie. Vertel van 'n keer toe jy jammer was oor jou optrede teenoor hulle, en vra hulle om te sê: "Ek vergewe Mamma (of Pappa)." Laat hulle weer op hulle beurt vra: "Mamma (of Pappa), vergewe my omdat ek ..." (Laat hulle dan vertel van 'n keer toe hulle verkeerd opgetree het.)

Die lewe gaan oor gee ... en vergewe!



'N BYBEL VIR DIE KINDERS VAN VANDAG

Hierdie versameling gunstelingverhale in die Lees-en-Leer Bybel sal nie net kinders aanmoedig om self te lees nie maar bied ook waardevolle opvoedkundige inligting wat die ware betekenis van die Skrif aan hulle sal help verduidelik. Daarbenewens sal die nuttige wenke vir ouers jong lesers help om deel te neem aan sinvolle gesprekke oor geloofsverwante onderwerpe terwyl hulle na hierdie inspirerende verhale luister.

Die Lees-en-Leer Bybel bevat die volgende:

- 102 geliefkoosde Bybelverhale
- Maklik verstaanbare verhale in 'n lekkerlees-styl
- Opvoedkundige aantekeninge wat die teks ondersteun en die betekenis van die verhale verdiep
- Pragtige volkleurillustrasies
- Wenke vir ouers: Praat met jou kinders

ISBN 978-0-7982-1559-6

